



MOORD OP STELLENBOSCH



Twee dekades se
skokverhale

Julian Jansen

MOORD OP STELLENBOSCH

12 misdade wat die land geruk het

Julian Jansen

Tafelberg

Baie dankie aan elkeen wat goedgunstig inligting vir *Moord op Stellenbosch* gedeel het.

Hierdie boek word opgedra aan die families van elk van die slagoffers wie se storie vertel word.

INLEIDING

Wanneer die wynland bloedland word

Stellenbosch staan internasionaal bekend as 'n dorp van weelde en wyn, 'n plek van pragtige natuurskoon en mooi mense. Dit is die tuiste van Suid-Afrika se sake-adel, geleerde professore en studente wat vir groot dinge bestem is.

Maar die idilliese beeld wat in reisbrosjures en op sosiale media voorgehou word, versluier 'n skadukant. Tussen die ou eikebome, blou berge en geskiedkundige wynplase broei dieselfde boosheid wat Suid-Afrika een van die lande met die hoogste moordsyfer in die wêreld maak.

Wanneer Stellenbosch se masker afgeruk word, is dit vir die publiek moeilik om weg te kyk van die gru-gesig wat ontbloot word. Moorde in die dorp kry dikwels buitengewone mediadekking, veral wanneer die slagoffer 'n welgestelde persoon of 'n jong mens in die fleur van hul lewe is, want dit is juis dié moorde wat die kontras tussen Stellenbosch se openbare beeld en die werklikheid die helderste illustreer.

Selfs in 'n land wat vuisvoos en afgestomp is vir misdaad, vind dit wyd weerklink wanneer 'n belowende student se lewe wreed beëindig word nog voordat hulle die kans kon kry om hul potensiaal te verwesenlik. Daarom is name soos Inge Lotz en Hannah Cornelius in die nasionale bewussyn ingeprent.

“In Suid-Afrika lewe ons saam met misdaad, dis soos *white noise* – jy is altyd bewus daarvan. Daar is ook plekke waar 'n mens dink misdaad nooit sal gebeur nie. Daar is 'n persepsie dat koshuise op kampusse soos Stellenbosch, Potchefstroom en Grahamstad veilig is,” sê Tim du Plessis, hoof van aktualiteit by kykNET en voormalige *Rapport*-redakteur.

“Dan is daar die element van menslike tragedie as 'n student die slagoffer is. Dan dink jy: Hier is 'n belowende mens wat hulle voorberei het vir 'n blink toekoms, met verwagtinge. Die ouers het dalk swaargekry om die kind op universiteit te kry ... en dan word die kind in die fleur van hul lewe vermoor.”

Professor Lizette Rabe, voorsitter van die departement joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch, sê lesers het 'n “intense aptyt” vir hoëprofielmisdade in Stellenbosch. Sy noem die voorbeeld van die moord

op die welgestelde wynboer Stefan Smit. Soos baie van die opspraakwekkende moorde in Stellenbosch het die Smit-saak al die elemente van 'n boeiende misdaadroman. Smit se weduwee, Zurenah, word daarvan verdink dat sy 'n span huurmoordenaars gekry het om haar man te vermoor. Boonop veg Zurenah en Smit se dogters uit sy eerste huwelik oor sy erflating en daar is bewerings van 'n testament wat voor die moord vervals is ...

“Dit klink soos 'n Deon Meyer-storie, maar dis die werklikheid,” sê Rabe. “Die betrokkenes is almal akteurs in die storie, buiten dat dit die werklikheid is. Dis amper verslawend in 'n sekere sin, jy kan nie genoeg kry nie.”

Te midde van die intense fokus op die sensasionele aspekte van die Stellenbosch-moorde word ook groter kwessies in die Suid-Afrikaanse samelewing belig.

“Wat navorsing wys – en baie mense wil dit nie aanvaar nie – is dat waar jy soos in Suid-Afrika hoë vlakke van werkloosheid en armoede het, loop dit hand aan hand met misdaad, veral eiendomsgerigte misdaad uit desperaatheid, byvoorbeeld diefstal, huisbraak en later rooftogte,” sê dr. Johan Burger, navorser aan die Instituut vir Sekerheidstudies.

Die mediadekking lei ook daartoe dat Suid-Afrika se dikwels gesiglose misdaadstatistieke tasbaarder gemaak word.

“Ons as Suid-Afrikaners leef met hierdie beelde van marteling, van ernstige geweldsmisdade en uiteindelik moord en verkragting en dan word iets in die media gerapporteer, soos die Inge Lotz-geval. Hier is 'n meisie, 'n pragtige blondkop, jonk, op universiteit, 'n mooi toekoms voor haar, op foto's is sy stralend van geluk. Dan word sy wreed vermoor. Skielik kry hierdie syfers waarmee ons gekonfronteer word 'n gesig, dié van 'n mooi jong meisie,” sê Burger.

Wanneer die wynland bloedland word, soos in die geval van die De Zalze-moorde waar die jong Henri van Breda sy skatryk gesin met 'n byl uitgewis het, kring die mediadekking dikwels veel wyer as Suid-Afrika uit. *Triple axe murderer Henri Van Breda SMILES in court as he awaits sentencing for killing his parents and brother in gruesome attack – as judge considers showing MERCY despite his horrific crimes*, het die Britse *Daily Mail* uitasem in een van sy vele opskrifte oor die saak aangekondig.

Maar hierdie boek gaan ook oor Stellenbosch se minder bekende

slagoffers, dié wat nie die BBC se nuusbuletins gehaal het nie – en trouens selfs in Suid-Afrika maar afskeep-dekking gekry het. Die arm plaaswerker Felicity Cilliers was 'n vrou van wie die wêreld vergeet het. Haar moord het 11 jaar lank onopgelos gebly, maar daar was een man wat nooit ophou veg het vir geregtigheid nie. Dit het die groot verskil gemaak.

'n Uiteenlopende verskeidenheid slagoffers en moordenaars tree in die blaaie van dié boek na vore. Elke hoofstuk is 'n herinnering dat Stellenbosch, ten spyte van al sy glans en glorie, baie van die oersondes nie kan vryspring nie. Wat hier volg, is 12 verhale van jaloesie, wellus, woede, luiheid en gierigheid.

DIE FRANSCHHOEKPAS-MOORDE:

Die dag toe die hemel hel geword het

Dit is 'n heerlike wintersdag in Julie 1999 by Jan Joubertgat, 'n gewilde uitkykpunt in die Franschhoekpas. Die son skyn helder en drie jong Stellenbossers – 'n man en twee vroue – geniet die Woensdagmiddag. Hulle dans liggies op die maat van musiek en die reuk van dagga hang in die lug.

Die man is die 25-jarige Dorian van Rensburg, 'n oudleerling van Paul Roos Gimnasium en die enigste kind van prof. Boeta van Rensburg en sy vrou, Elizabeth. Sy pa was 'n chirurg en vroeër 'n dosent aan die mediese skool van die Universiteit Stellenbosch. Dorian werk op die gesin se stoetplaas. Sy metgeselle is twee 21-jarige boesemvriendinne, Marisa du Toit en Audrey Myburg. Hulle is onderskeidelik van Pinetown en Durban en het die vorige jaar van KwaZulu-Natal na Stellenbosch verhuis omdat die Boland vir hulle 'n groot bekoring ingehou het. Hulle is kelnerinne by Café Latinos en loseer in Paradyskloof.

Die swart tweedeur-Golf waarin die drie vriende na die uitkykpunt gery het, staan daar naby. Sy sondak is oop en hul dansmusiek kom van die motor se CD-speler af. Die drie jong mense is salig onbewus daarvan dat hulle dopgehou word – soos 'n prooi deur 'n roofdier.

Vroeër dieselfde dag het 'n groep van vyf mans in 'n blou Ford Sierra uit die Kaap na die Franschhoekpas vertrek. Hul plan was om te kyk of hulle nie “'n karretjie kan afvat nie”.

Iewers ná 15:00 het hulle die swart Golf en die drie jong mense by die uitkykpunt gewaar. Sommige van die mans het van die “Golfie” gehou, maar gesê 'n tweedeurmotor sou nie geskik wees vir ander misdaad nie. Hulle het aangery.

Een van die mans – die een wat aanvanklik in die Kaap met die plan vorendag gekom het – het ná 'n rukkie gesê dat die swart Golf sy “hart breek”, dat hy lankal so 'n kar begeer. Hulle het toe besluit om wel by die

uitkykpunt waar die Golf en die drie jong mense is te gaan stilhou.

'n Paarlse onderwyser wat daardie middag saam met vier vriende by Jan Joubertgat was, het gesien hoe die Ford Sierra na die uitkykpunt afdraai, net toe hy en sy vriende begin terugry Franschhoek toe.

Een van sy medepassasiers het later vertel sy was onmiddellik bekommerd toe sy die eerste keer die jong mense by die uitkykpunt sien. “Ek het eintlik vies geraak vir die kinders omdat ek gevoel het dat dit nie eintlik veilig is op hul eie nie.”

Haar kommer was nie ongegrond nie. Minder as 'n maand tevore is 'n man van Moorreesburg, Mark Rabe, in dieselfde pas doodgeskiet, skaars 2 km van waar die drie jong mense besig was om uit te span. Hy is van sy bakkie beroof.

Die onderwyser het gesê iets omtrent die insittendes van die Ford Sierra het hom ongemaaklik gestem. Hy het nog 'n opmerking gemaak: “Oh oh, these people are in trouble.”

Maar hy het nie omgedraai nie.

* * *

Audrey Myburg sukkel teen die steilte by Jan Joubertgat uit, haar gesig vertrek van pyn. 'n Helderrooi kol aan haar linkersy wys daar is groot fout. Sy kom kreunend by die parkeerplek uit en strompel na die teerpad. Die bestuurder van 'n Volkswagen-minibus met toeriste van Alaska sien die vrou met die swaaiende arms en slaan haastig remme aan. Audrey bewe van die skok en 'n passasier vou 'n baadjie oor haar skouer. Nog 'n voertuig hou stil, laai Audrey op en jaag met haar na Franschhoek vir mediese hulp.

Onder in die berg lê Audrey se twee vriende, Dorian en Marisa. Sy vertel stamelend aan die polisie wat gebeur het: Mans in 'n blou kar het haar en haar vriende geskiet. Sy gee 'n beskrywing van die swart Golf waarin hulle vroeër die dag by die uitkykpunt stilgehou het. So ook van hul aanvallers se blou Ford Sierra met sy CY-nommerplaat.

Audrey word na die Stellenbosch-hospitaal geneem, terwyl polisievoertuie met loeiende sirenes hulle na die uitkykpunt haas. Daar aangekom, spring polisiebeamptes en lede van die Off Road Rescue Unit, 'n vrywilligergroep van viertrekvoertuig-eienaars, aan die werk. Met toue

wat aan 4×4-voertuie geanker is, sak hulle teen die afgrond af. Sersant Ashley Malgas tref Dorian se liggaam in 'n sit-lê-posisie aan. 'n Paar meter verder lê Marisa met haar gesig teen die grond. Albei het skietwonde in die kop en was reeds dood toe die polisie op die toneel kom. Gruwelik soos wat die toneel is, vertel dit net die helfte van die verhaal van wat die drie jong mense daardie Woensdagmiddag deurgemaak het. Dit sou die polisie 'n rukkie neem om al die legkaartstukke te laat pas.

Verskeie items is op die toneel gevind: 'n .38-koeël, 'n .44 Magnum-koeël, 'n swart pet, 'n sonbril, ligbruin sandale, 'n bietjie dagga in 'n kartonhouer en 'n blikkie lemoensap.

Die Volkswagen Golf met sy CL-nommerplaat was skoonveld. Bolandse en Kaapse polisiestasies is gevra om uit te kyk vir dié motor, asook vir die blou Ford Sierra waarin die aanvallers was.

Toe die nuus van die moorde bekend word, het polisieledes wat die middag op 'n stapoefening was onthou dat 'n blou Ford Sierra en 'n swart Golf teen 'n hoë spoed by hulle verbygejaag het. Omdat hulle te voet was, kon hulle nie die motors agternasit nie.

Die polisie het dieselfde middag twee fietsryers wat waarskynlik die laaste was om die drie vriende lewend te sien in die Groendal-buurt in Franschhoek opgespoor. Sarel Botha en Henry Pietersen het waardevolle inligting verskaf. Botha het vertel dat hy en vyf ander “Rastas” omstreeks 15:00 by die uitkykpunt aangekom het.

Dis toe dat die swart Volkswagen Golf by die uitkykpunt opdaag. Botha en sy vriende het vir die drie jong mense in die Golf gewaai. Audrey en Marisa het op die muurtjie gaan sit en die fietsryers nader geroep. Die vroue het vertel dat hulle van KwaZulu-Natal is.

“Die een dame het toe die ander dame 'n stop dagga gegee en sy het 'n zol gemaak wat hulle beurtelings gerook. Die man het nie gerook nie. Hulle wou toe vir ons ook 'n skyf gee, maar ons wou nie,” het Botha vertel.

Kort hierna het die blou Ford Sierra opgedaag en stadig verby die groepie gery en toe weer die uitkykpunt verlaat. Die fietsryers het gegroet en weer na Franschhoek vertrek.

Terwyl hulle tydens die terugtog 'n blaaskans in die pas gevat het, het die blou Ford Sierra en die swart Golf verbygejaag gekom. “Hulle het baie vinnig om die draai beweeg, sodat mens die *tyres* hoor skree het.”

Botha het twee van die mans wat vroeër in die Ford Sierra was, in die

Golf herken. Die fietsryers het verder gery en aan die voet van die pas het hulle die polisievoertuie gesien wat teen die pas op gejaag het.

Hoewel die moordenaars die middag weggekom het, was hul tyd min – danksy outydse donkiewerk van die polisie en 'n sonderlinge geluiskoot.

* * *

Dit is kort voor middernag op die moorddag, sowat twee uur nadat die eerste berig oor die vermiste swart Golf en die blou Ford Sierra op die polisie radio uitgestuur is. Inspekteur Roland Gabriels is reeds twee uur lank aan't soek na die twee motors en in daardie stadium ry hy die strate van Athlone plat. Toe kom die deurbraak wat die polisie nodig het: Vanuit sy patroliemotor sien Gabriels dat die blou Sierra 2.0LX oop en bloot voor 'n smokkelhuis in Laer Klipfonteinweg, Silvertown, geparkeer is.

Hy laat dadelik die polisie se radiobeheer weet en insp. Herman Beckmann van die moord-en-roofeenheid in Bellville word na die toneel uitgestuur. In die huis tref Beckmann en sy kollegas drie mans aan wat op 'n bed sit. Twee van hulle sou uiteindelik positief met die Franschhoek-moorde verbind word: David Williams (23) van Eersterivier en Patrick van Schalkwyk (22) van Springbok. In die Sierra vind die polisie lede Marisa se identiteitsboekie toegedraai in koerantpapier, 'n beursie, 'n .45-pistool en 'n betaalstrokie vir R80 vir 13,65 liter brandstof. Die brandstof is met 'n petrolkaart van "D.C. van Rensburg" by 'n motorhawe in Klipfonteinweg gekoop.

Die mans word gearresteer en die Ford Sierra word na die Bellville-Suid-polisiekantoor geneem sodat vingerafdrukke geneem kan word.

Toe kom die groot geluiskoot. Tydens die rit na Bellville ry 'n swart tweedeur-Golf verby die Ford – dieselfde Golf waarvoor drie jong mense vroeër die dag met hul bloed moes betaal. Die insittendes van die Golf sien die Sierra en dink dis hul makkers in die motor. Hulle toet en waai vriendelik, min wetende dat dit eintlik polisie lede in die Sierra is. Die polisie speel saam en waai terug.

By die rooi verkeersligte by die Vanguard/N2-kruising, sowat 2 km van 'n smokkelhuis in Laer Klipfonteinweg, neem die polisie hul kans waar. Hulle hou stil, spring uit en hardloop na die Golf. Die insittendes is

stomgeslaan en word gearresteer. Hulle is Morné Lakay (23), 'n duikklopper van Athlone, en 'n 17-jarige seun.

* * *

Die Vrydag, twee dae ná die moord, het kapt. Deon Beneke en Beckmann vir Lakay na die smokkelhuis geneem waar sy makkers gearresteer is. Die plek was baie vuil en deurmekaar. Lakay het die plek uitgewys waar 'n .22-pistool en twee .38-rewolwers weggesteek was. In 'n kas sonder deure het Beckmann 'n Absa-bankkaart met die handtekening "M. du Toit" en Dorian se polshorlosie gevind.

'n Polisiekaptein het intussen die 17-jarige verdagte en sy ma na die Franschhoekpas geneem waar die seun uitwysings moes doen. By die aanskoue van die toneel waar 'n bos vars blomme lê, het die seun se ma erg emosioneel geraak.

Die vyfde verdagte in die saak was die 27-jarige Jehan Abrahams van Lentegur in Mitchells Plain. Hy is die Saterdag ná die moord deur Beneke opgespoor en gearresteer. Met Abrahams se arrestasie het sy vrou 'n goue ring aan die polisie oorhandig. Hy het dit vroeër aan haar gegee en gesê dat hy dit by 'n vriend gekry het.

Toe kom 'n skokontdekking. Twee van die verdagtes – Williams en die minderjarige seun – was uit op borgtog nadat hulle gearresteer is weens die moord op Rabe, die man wat die vorige maand in die Franschhoekpas doodgeskiet en van sy Mazda Drifter-bakkie beroof is. Van die verdagtes is ook verbind met kapings en ander geweldsmisdade by toeristeattraksies in die Kaapse Skiereiland en die Boland.

Williams, Abrahams, Lakay en die 17-jarige seun is uiteindelik positief uitgeken.

Williams wou nie enige verklaring aflê nie en het gesê hy sal in die hof praat. Op 8 Augustus 1999 het hy en Lakay uit die Groot Drakenstein-gevangenis ontsnap deur vier lakens in repe te skeur en in 'n tou aanmekaar te bind. Hulle het in 'n Nissan 4×4 wat daar naby geparkeer was gevlug, maar is dieselfde dag weer vasgetrek.

Prof. Van Rensburg, wat as chirurg dikwels snags ontbied is vir noodoperasies op mense wat in bendegevegte skiet- of meswonde opgedoen

het, het tydens 'n mediakonferensie gesê hy sou graag sy seun se moordenaars wou vra hoe dit gevoel het om hom so te skiet. Dorian was sy enigste kind.

Die verskyning van sy seun se vermeende moordenaars in die landdroshof in die Paarl het groot belangstelling gewek en familieledes het van so ver as Londen gekom. Honderde mense het buite die hof teen misdaad betoog. Die skare het dokters, verpleegsters, gemeenskapsleiers, laerskoolleerlinge, slagoffers van misdaad, asook die burgemeesters van die Paarl, Wellington en Franschhoek ingesluit.

Die sitting voor landdros Gaynor de Wee het agter geslote deure geskied, want die een verdagte was minderjarig. Hy sou in die loop van die saak 18 word en is toe geïdentifiseer as Heinrich (Turtle) Petersen. Die vyf beskuldigdes het tereggestaan op tien aanklagte, waaronder moord, roof en onsedelike aanranding.

In die dossier van die ondersoekbeampte, kapt. Christo Mouton, was 'n lys van gesteelde items: 'n Swatch-vrouehorlosie, 'n wit sonbril, 'n goue lyfketting, 'n Nokia-selfoon, 'n Siemens-selfoon, 'n Pioneer-radioband- en CD-speler, luidsprekers en klankversterkers, twee goue oorringe, 'n Swatch-manshorlosie, 'n Bossi-mansleerbeursie, 'n goue diamantring, 'n Absa-bankkaart, 'n petrolkaart, 'n onbekende bedrag kontant en 'n swart Volkswagen ter waarde van R30 000.

In Februarie 2000 het die Wes-Kaapse direkteur van openbare vervolging besluit om nie vir Van Schalkwyk te vervolg nie. Die Namakwalander sou ingevolge art. 204 van die Strafproseswet vir die staat teen die ander vier beskuldigdes getuig. Indien hy die hof kon oortuig dat hy die volle waarheid praat, sou hy van vervolging gevrywaar word. Hy is uit vrees vir sy veiligheid in 'n getuiebeskermingsprogram geplaas.

In Augustus 2000 is die hoëprofielsaak na die hooggeregshof in Kaapstad oorgeplaas, waar dit voor regter Deon van Zyl gedien het.

In die hof het die volle storie oor wat op daardie tragiese dag in die Franschhoekpas gebeur het, ontvou. Van Schalkwyk se verklaring aan die polisie en sy latere getuienis voor die hof was die eerste deel van die legkaart. Volgens hom was hy werkloos op Springbok toe Williams hom in die Ford Sierra met 'n belofte van werk gaan haal het. In die Kaap is hy aan Lakay, Abrahams en Petersen voorgestel.

Dit was Williams se plan om die betrokke Woensdag na die

Franschhoekpas te ry om 'n “karretjie” te steel. Hy het gesê die pas was die enigste plek waar hulle *bait* sou kry. Sy plan was om die eerste mens wat hulle in die pas teëkom, dood te skiet, oor die afgrond te gooi en dan hul kar te vat.

By die Franschhoekpas het Williams en Petersen vir die res van die groep gewys waar hulle 'n maand tevore vir Mark Rabe in sy wit Mazda Drifter doodgeskiet het terwyl hy geslaap het. Hulle het hom oor die afgrond gegooi en sy bakkie gevat – presies dieselfde *modus operandi* wat Williams nou weer wou volg.

Ná hul aanvanklike twyfel oor of hulle die tweedeur-Golf moet vat, het die vyf besluit om tog toe te slaan. Hulle het elders gaan wag totdat die Rastas wat by die drie jong mense gestaan het, gery het. Williams het gesê daar was nie genoeg koeëls om al die mense te skiet nie. Hy wou seker maak hulle laat geen getuies agter nie.

Nadat die fietsryers weg is, het die aanvallers by Jan Joubertgat gaan stilhou. Hulle het geselsies met die drie jong mense aangeknoop.

Lakay het een van die vroue vir 'n vuurhoutjie gevra. Toe klap 'n skoot. Lakay het in Engels geskree dat hy 'n *robber* is en dat die drie teen die rots moet gaan staan. Audrey en Marisa was senuagtig en bevrees.

Lakay wou toe by Dorian weet wie se motor dit is. Hy het geantwoord dis nie syne nie, maar 'n vriendin s'n en hy het die sleutels oorhandig. “Die volgende oomblik het Morné (Lakay) so twee treë vanaf die man die vuurwapen opgetel en die man deur die kop geskiet,” het Van Schalkwyk se verklaring aan die polisie gelui.

Dorian het na sy kop gegryp en op sy maag geval. Die aanvallers het die vroue gedreig en hulle probeer dwing om Dorian se liggaam oor die afgrond te gooi, maar hy was te swaar en Williams en Abrahams het gehelp. Die vroue is deursoek en beroof voordat Lakay 'n vuurwapen op Audrey en Marisa gerig en geskree het dat hulle by die afgrond moet afspring.

Petersen het ook 'n vuurwapen op die vroue gerig en geskree: “Spring af!” en “Kom nader dat ek julle in julle p**s kan skiet!” Hy het Marisa al vloekende in die kop geskiet, het Van Schalkwyk in die hof getuig.

Audrey het agter 'n bossie ingehardloop. Petersen het op haar gevloek totdat sy uitgekom het. “Kom hier jou n**i, moenie vir my weghardloop nie, ek skiet jou binne-in jou p**s!”

Hy het twee skote in Audrey se rigting afgetrek. Die eerste skoot was

mis, maar die tweede het haar getref en sy het agteroor geval. Abrahams wou haar kop met 'n mes gaan afsny, maar Williams het gesê daar is nie tyd nie. Lakay en Petersen het in die Golf gespring en die ander drie mans in die Sierra. Hulle het saam weggejaag.

Van Schalkwyk onthou dat hulle weer die fietsryers in die pas gesien het. Iewers langs die pad het hulle stilgehou en die buit verdeel. Petersen het vir Van Schalkwyk gesê hy moet sy mond hou “anders maak hy my vrek”.

Van Schalkwyk se verklaring aan die polisie en sy latere hofgetuienis het 'n breë raamwerk geskets van die gebeure wat hulle daardie Woensdagmiddag by Jan Joubertgat afgespeel het, maar dit was eers toe Audrey se getuienis aan die beurt kom dat die volle afgryse van die dag se gebeure duidelik geword het.

Dat haar verhaal 'n riller sou wees, was reeds twee dae ná die moord duidelik toe kapt. Rean Smuts haar oorspronklike verklaring afneem. Dit was in 'n stadium so erg dat hy moes stop omdat sy eie emosies die oorhand gekry het.

Audrey het emosioneel getuig dat die aanvallers geweier het dat sy Marisa, wat in daardie stadium magteloos en huilend aan 'n tak oor 'n afgrond gehang het, gaan help. Dit was nadat hulle met vuurwapens gedreig is en beveel is om by die afgrond af te spring. Dorian is kort tevore in die kop geskiet.

“Ek het verstaan hulle wil hê ons moet na ons dood spring,” het Audrey getuig. “Ons het albei gespring. Ek het by bosse langs 'n oopte geland, sowat vier meter by die krans af. Marisa het verder gespring. Sy het aan 'n tak oor die afgrond gehang. As sy gelos het, sou sy by die krans afgeval het. Sy het gehuil terwyl sy daar hang.”

Petersen het met 'n vuurwapen in sy hand agter hulle aan by die afgrond afgeklim en hulle beveel om uit te kom. Hy wou die PIN-nommer van hul bankkaart hê en Audrey het dit gegee.

“Ek het gevra of ek my vriendin kan gaan help. Hy het nee gesê. Marisa het heeltyd gehuil en hulp gevra. Sy het gesê: ‘Dit maak nie saak wat jy doen nie, hy gaan ons in elk geval skiet.’ Toe ek weer vra of ek haar kan gaan help, het hy my geskiet.” 'n Koeël het dwarsdeur Audrey se heup getrek en 'n slagjaar met millimeters gemis.

“Ek het geval en vir so vyf sekondes my bewussyn verloor. Toe ek bykom, was ek besig om by die berg af te gly. Ek het Marisa hoor gil en

nog 'n skoot gehoor. Toe hoor ek hoe haar liggaam by die berg af val. Ek het gemaak of ek dood is.” Audrey het Petersen uitgewys as die een wat op haar en Marisa geskiet het.

Sy het vertel dat sy en Marisa sielsgenote was. Hul verhouding was so heg dat Marisa eenmaal vir haar gesê het dit sal nooit nodig wees om te trou nie. Ná haar getuienis het Audrey en Marisa se ma, Alta, mekaar styf vasgedruk.

In hul getuienis het die beskuldigdes dikwels oor en weer die skuld op mekaar gepak.

Lakay het wel in 'n bekentenis wat by die hof ingedien is erken dat hy Dorian geskiet het, dat hy die Volkswagen Golf en die slagoffers se selfone geroof het en dat hy onwettig in die besit was van vuurwapens. Hy het Petersen uitgewys as Marisa se moordenaar en gesê Petersen het die vroue teen die krans af gevolg omdat hulle nie ver genoeg gespring het nie.

Petersen het ontken dat hy die vroue geskiet het en het die skuld op Van Schalkwyk gepak, maar dié het ontken dat hy ooit 'n vuurwapen vasgehou het. Petersen, Williams en Abrahams het skuld ontken op die moorde, poging tot moord en roof.

Lakay se meisie, Ruhshana Atkins, het getuig sy het die Woensdag by Lakay se huis in Athlone gekuier en hy het haar van die moorde vertel. Sy is na buite geroep na waar hy en Petersen in 'n swart Volkswagen Golf gesit het. Lakay het gevra wat sy van hul nuwe motor dink en sy het gesê dis mooi. Sy het die aand vir Petersen gevra waar hulle aan die motor kom.

“Hy het vir my gesê hy het die mense van die kar doodgeskiet. Hy het gesê die een meisie het probeer wegkom en dat hy agterna is en haar geskiet het, dat hy al drie mense in die berge geskiet het.”

Petersen het gelag terwyl hy haar van die moorde vertel, asof hy trots was op wat hy gedoen het. Hy het haar Dorian se sonbril as 'n present gegee, het Atkins gesê. Sy het getuig dat die beskuldigdes aan die Americans-bende behoort, omdat hulle altyd saam met die bendegroep was en bendetaal gepraat het.

Petersen het enige rol in die skietvoorval ontken en gesê dit was Abrahams en Williams se besluit om die roof uit te voer en dat die twee op die vroue geskiet het. Hy het ook ontken dat hy by Atkins oor die moorde gespog het.

Die staatsaanklaer, adv. André Bouwer, het hierop gesê: “As daar een

gesig is wat Audrey Myburg sal onthou, dan is dit dié van die man wat haar geskiet het en geweier het dat sy haar vriendin gaan help.”

Lakay het aanvanklik gesê die skoot waarmee Dorian neergevel is, het per ongeluk afgegaan: “Ek is nie ’n moordenaar nie, alhoewel ek iemand doodgeskiet het.” Eers nadat regter Van Zyl gesê het hy praat onsin, het hy erken dat hy doelbewus geskiet het omdat Dorian “ ’n bietjie wild en senuagtig voorgekom het”. Hy het nietemin volgehou dat Petersen en Van Schalkwyk op die vroue geskiet het, nie hy nie.

Williams het getuig hy is die pa van nege kinders, ’n Christen wat geld verdien deur naweke gospelmusiek-kassette te verkoop. Hy het gesê dit was Petersen wat met ’n vuurwapen in die hand die bevele gegee het wat gelei het tot die roof en die skietery op die vroue. Hy het die vroue jammer gekry, maar het niks gedoen nie omdat Petersen “baie boos en woens” gelyk het en op die vroue gevloek het. Hy het getuig Du Toit het begin huil toe Van Rensburg geskiet is. Hy het vrywillig aan die roof deelgeneem en Du Toit se lyfketting gevat, maar hy was nie die leier nie.

Bouwer het opgemerk Williams dink soos ’n misdadiger en tree op soos ’n ou krimineel. “Die aanval in die pas was jou idee. Ek gaan vra dat, as die hof jou skuldig bevind, jy van almal die hardste gestraf word.”

Abrahams het getuig hy het net vir ’n “lekker tyd” saamgery en is heel onkant betrap toe die eerste skoot afgaan. Du Toit se oë het groot geword en sy het begin huil toe Petersen by haar broek afkyk om te sien of sy iets wegsteek. Hy het aan Petersen gesê om dit te staak omdat hy vermoed het die ander oorweeg verkragting. Hy het toegegee dat die drie slagoffers hulle nie teengesit het nie en dat daar geen rede was om hulle te skiet nie.

Bouwer het die hof gevra dat geen skuldigbevinding op aanklag 4, die beweerde onsedelike aanranding van Marisa en Audrey, gemaak word nie. Dit het uit getuienis geblyk daar was geen opset om iemand onsedelik aan te rand nie.

Hy het gevra dat die hof die vier aan moord, poging tot moord en roof skuldig bevind, dat hulle eers ná 35 jaar vir parool in aanmerking kom en in eensame opsluiting in ’n maksimumveiligheidsgevangenis aangehou word: “Lewenslank moet wees wat dit sê: lewenslank. Petersen was 17 toe hy die vroue geskiet het. As hy oor 25 jaar uitkom, is hy in die veertig. Dan gaan hy éérs gevaarlik wees. Iemand wat só ’n lewe kan neem, is ’n gevaar vir die gemeenskap.”

Bouwer het later gesê die saak was die ergste van sy loopbaan.

Professor Van Rensburg het ter verswaring getuig dat hy saans moeilik slaap. Hy het dan gedink wat die gepaste vonnis vir die moordenaars van sy seun sou wees. Teenoor die moordenaars het hy 'n "uiterste vyandigheid ... uiterste woede" gevoel.

Op 29 Augustus 2000 het Van Zyl uitspraak gelewer. Hy het gesê "die skoonheid van die omgewing het die beskuldigdes hoegenaamd nie geraak nie. Hul sieklike gedagtes was slegs op boosheid in die ergste graad gerig". Hy het Van Schalkwyk se getuienis aanvaar en gesê dat dit in wesenlike opsigte met Audrey s'n ooreenstem. Die getuienis van die beskuldigdes was van die swakste wat hy nog gehoor het, 'n "aaneenstrengeling van leuens en onsinnige bewerings".

Van Zyl het die vier mans skuldig bevind op twee aanklagte van moord en een van poging tot moord en roof met verswarende omstandighede. Lakay en Williams is ook skuldig bevind aan ontvlugting, diefstal en saakbeskadiging. Van Schalkwyk is van strafregtelike vervolging gevrywaar.

Die vonnisoplegging was twee dae later. Van Zyl het gesê gierigheid en finansiële gewin was die skuldiges se enigste dryfvere. Petersen het in baie opsigte as die grootste booswig en wreedaard na vore getree. Van Zyl het hom lewenslange tronkstraf weens die moorde, 15 jaar weens poging tot moord en 15 jaar weens roof met verswarende omstandighede opgelê.

In die beskuldigdebank het Petersen begin huil. Vanuit die stampvol galery het die veroordeelde moordenaars se ondersteuners op Van Zyl begin gil, maar die regter het onverstoord voortgegaan, al moes hy skree om bo die rumoer gehoor te word. Abrahams is soos Petersen lewenslank tronk toe gestuur, plus 15 jaar weens poging tot moord en 15 jaar weens roof met verswarende omstandighede. So ook Lakay en Williams, maar hulle is bykomend gevonnisd tot 2 jaar weens ontvlugting, 3 jaar weens diefstal en 3 maande weens opsetlike saakbeskadiging.

Pandemonium het in die boonste galery losgebars terwyl Van Zyl in afkeer vanuit die regterstoel toekyk. Daar was nie 'n hofordonnans nie en die hulp van bykomende polisiebeamptes is ingeroep om die woedende skare tot bedaring te bring. 'n Polisieman het die dubbeldeur toegedruk om te keer dat die emosionele familieledes en ondersteuners die hof binnestroom.

Petersen se tante is snikkend by die hof uit. Op haar bors was die woorde op 'n stukkie lap geverf: “Heinrico, ons het jou lief. Jesus het jou lief.” Vir Lakay se ma was die vonnis “te erg” en sy het gemeen Van Schalkwyk moes ook gestraf gewees het.

Van die ondersteuners het gevoel die moorde en die verhoor het om rassistiese redes die media se aandag getrek. 'n Kameraman is deur die gesig geklap en sy kamera is in die proses beskadig. 'n Onbekende man het opgemerk: “As die kinders wat vermoor is, bruin was en die moordenaars wit, sou dit nooit vandag hier só gelyk het nie.”

In die aanhoudingselle onder die hof het die humeure tussen die vier veroordeeldes opgevlam en Abrahams het Petersen met 'n lemmetjie in die gesig gesny.

Van Rensburg se ma het ineengestort en is na buite gehelp, terwyl harde woorde soos klippe deur die lug trek. Vir die Van Rensburgs was die verhoor uitmergelend en emosioneel. Hulle het die hoop uitgespreek dat die vonnis as afskrikmiddel sal dien vir misdadigers wat dink dat hulle nooit gevang sal word nie en gesê hulle sal Dorian altyd onthou as 'n sagte kind, vol lewe en met 'n lieflike glimlag. Ter nagedagtenis het hulle vir hom 'n kruis in die pas opgerig.

Talle familieleden van die beskuldigdes het buite die hof simpatie met die slagoffers se families uitgespreek. Selfs Petersen se ma, Naomi, het die “ontsaglike pyn” van die slagoffers se families erken, en 'n familielid het gevra dat die slagoffers se families die “kinders” vergewe vir wat hulle gedoen het.

Petersen en Williams is maande ná hul vonnisoplegging saam met nog twee mans, Esra Sindisile Mdlulwa (24) en Francois (Koppe) Josephs (21), skuldig bevind aan die moord op Rabe op 17 Junie 1999. Die hof het in albei sake bevind dat Williams die leidende rol gespeel het. Mdlulwa is glo ook deur Williams beïnvloed. Volgens die staat was die aanval op Rabe 'n oefenlopie vir die latere aanval op die drie jong mense.

“Ek hoop julle spul Boere is nou gelukkig,” het Williams ná sy vonnisoplegging gesê.

* * *

Op 7 Maart 2022 – die dag waarop Dorian sy 48ste verjaardag sou gevier het – sit die 82-jarige Elizabeth van Rensburg steeds met die eindelose verlange na ’n lieflingkind. Boonop kom die gevangenisowerhede pal by haar deur staan oor moontlike parool vir Dorian en Marisa se moordenaars. Haar man, prof. Boet van Rensburg, is in 2008 oorlede.

“Dis steeds so hartseer. Dorian was so charismaties. Almal het van hom gehou. Hy was ’n gelukkige mens, ’n oop en vriendelike persoon.”

Vir die beseerde daad van haar seun se moordenaars het sy net minagting: “My seun se moordenaars is deur die hof tot lewenslange tronkstraf gevonnis, maar ná 15 jaar agiteer hulle vir parool. Nee, moenie nou kom snot en tranes huil nie. Jammer. Dit was suiwer boosheid. Hulle moet die prys betaal.”

Van Rensburg deel ook ’n brokkie goeie nuus oor Audrey, wat die hel in Jan Joubertgat wonderbaarlik oorleef het: “Sy is in Israel en gelukkig getroud.”

* * *

Alta du Toit plaas elke jaar met haar dogter se verjaardag op 14 Mei ’n boodskap op sosiale media.

Op 14 Mei 2013: “35 jaar gelede is jy aan ons gegee. Jy is altyd in ons gedagtes en ons sal jou glimlag altyd onthou.”

Op 13 Mei 2014, by ’n foto van haar dogter: “Happy Birthday my angel child.”

Op 14 Mei 2018: “Mooi blomme vir jou 40ste, Marisa.”

INGE LOTZ:

Die verkeerde spoor

Dit is Woensdag 16 Maart 2005, vroegherfs in Stellenbosch. Laataand op 'n Woensdag stoot 'n man die voordeur van woonstel nommer 21 in die Shiraz-woonstelblok versigtig oop. Hy is gevra om te gaan inloer en seker te maak Inge Lotz is nog oukei.

Net die televisie is aan. In die halfdonker sien hy haar op die rusbank lê.

“Inge ... Inge ... ?” roep hy. Sy antwoord nie. Toe sien hy haar gesig en bors. Een donker, bloederige massa.

* * *

Daardie oggend was die 21-jarige Inge in 'n vrolike bui. Haar kêrel, Fred van der Vyver, het daar oorgeslaap en ná ontbyt haar van sy liefde verseker. Toe het hy 'n lesing by die Universiteit Stellenbosch gaan bywoon. Om 08:08 het sy vir hom 'n teksboodskap gestuur: “Laat weet asb as jou klas klaar is – wil gou iets vir jou gee. Al my liefde ... x.”

Fred het om 08:43 geantwoord: “Ek gaan so 10:15 moet ry want ek moet 11uur by die kantoor wees. Sal jou mc as ek uit kom. Lde F.”

Inge het 'n klas in wiskundige statistiek gaan aanbied. Om 09:40 het Fred nog 'n SMS gestuur: “Dit lyk asof ons vroeër gaan klaarmaak. Kan ek jou miskien 10 uur al kry of is dit te vroeg vir jou? Lfde F.”

Sy het hom buite die lesinglokaal ontmoet toe hy uitkom en 'n handgeskrewe brief aan hom gegee en gevra hy moet dit nie laat rondlê nie – dit was persoonlik en privaat. Op die middaguur het sy en 'n oudskoolmaat, Wimpie Boshoff, middagete geniet by Papa's Bistro in die studentesentrum Neelsie.

Om 13:20 het sy haar ma, Juanita, gebel en vertel dat werkers die teëls by die balkon van haar woonstel herstel het. Later die middag het sy na die

SuperSpar in die Simonsrust-winkelkompleks in Helshoogtestraat gery waar sy 'n burger en tjips by die Steers gekoop en 'n DVD, *The Stepford Wives*, by die videowinkel gehuur het. Terug by haar woonstel in Welgevonden, Cloetesville, het sy haar voor die TV gaan tuismaak.

Juanita Lotz het laataand 'n oproep van Fred gekry. Hy wou weet waar Inge is, want sy het nie sy boodskappe beantwoord nie. Fred het Juanita ook vroeër ge-SMS: “Ek kry nie vir Inge in die hande nie ... Ek is maar net 'n bietjie onrustig. Baie dankie. Liefde Fred.”

Fred het sy kommer ook met sy woonstelmaat, Marius Botha, gedeel. Laasgenoemde het 'n vriend, pastoor Christo Pretorius van die His People Church, gevra om by die woonstel in Welgevonden te gaan inloer. Pretorius het 'n inwoner van die woonstelblok wat op sy balkon gestaan het gevra om hom by die gebou in te laat.

Op die rusbank was die jong vrou 'n verstarde beeld in bloed. Haar voete was teen mekaar met haar knieë effens uitmekaar. Oor haar voete het 'n tydskrif gelê, oop by 'n artikel, “Our cover girl finalists”. Haar linkerhand was effens tussen haar bene geklem en haar regterhand was oor haar maag oopgevou. Asof sy slaap.

Haar satynslaapbroekie met 'n skapiemotief en 'n hempie met spaghetti-bandjies oor haar skouers was in skrilte kontras met die gewelddadige toneel. In die badkamer het 'n wit bebloede handdoek met lang hare daarop op die vloer gelê. Die res van die woonstel was onversteurd, met geen teken van 'n inbraak nie.

Fred is intussen na Inge se ouerhuis in Welgemoed, naby Bellville, om 'n afstandbeheerder vir die Shiraz-kompleks se hek te kry, min wetend dat Pretorius reeds toegang tot die woonstel gekry het.

Pretorius het Botha oor sy vonds ingelig, en hy het op sy beurt vir Fred laat weet en Juanita Lotz gebel. Hy het vir haar gesê hy het slegte nuus en is op pad na haar in Welgemoed. Toe Botha daar opdaag, het Fred buite die huis in sy bakkie gesit, sy kop agteroor en sy oë toe.

“Waar is my kind?” het Juanita geskree toe hulle die huis nader.

“Tannie, Inge is vanmiddag in haar woonstel vermoor,” het Fred geantwoord. Volgens latere hofgetuienis het Fred gesê hy sal by hulle intrek. “Ek sal die kind in die huis word,” het hy gesê.

Juanita het begin gil.

Prof. Jan Lotz, medeprofessor verbonde aan die Universiteit Stellenbosch

se radiologie-departement in Tygerberg, was op besoek aan die Universiteit van die Vrystaat en het die eerste vliegtuig Kaap toe gehaal. Op sy selfoon was Inge se laaste teksboodskap:

“Hi Pa, wil sommer net sê Pa moet ’n heerlike week hê en baie lekker werk.”

By die moordtoneel het lt.kol. Mike Barkhuizen en supt. Johan Kock, ’n bloedspatselkenner, bloedstrepe wat vanaf die rusbank na die gastebadkamer geloop het, bekyk. In die badkamer is ’n handpalmafdruk gevind wat nie aan Inge behoort het nie. Die bloedbevleekte handdoek en toiletpapier, ’n duvetoortreksel en haar- en weefselmonsters is as bewysstukke geneem. Daar was geen teken van gedwonge toegang of ’n moordwapen nie. Niks was weg nie.

Die polisie se vingerafdrukdeskundiges het die woonstel gefynkam. Konstabel Elton Swartz het afdrukke op ’n DVD-houer gevind, dit gelig en as “Lift 1” (wat later as “Folien 1” bekend sou staan) gemerk. Drie uur later het hy 11 afdrukke op folien kantoor toe geneem, waar hy dit op die outomatiese vingerafdruk-identifikasiestelsel (AFIS) moes inskandeer.

Ná die lykskouing het die patoloog, dr. Ansie Adendorff, aan Barkhuizen en Kock gesê om ’n hamer te soek, want van die kopwonde was rond, soos wat ’n hamer sou maak. Sy het 40 wonde aan Inge gevind, 15 aan haar kop wat deur ’n stomp voorwerp veroorsaak is, en 17 steekwonde aan haar nek. ’n Gewone klouhamer is in die woonstel gevind.

Inge se ma sou later getuig Fred het die dag ná die moord by hulle ingetrek, in haar dogter se kamer ’n bed op die vloer gemaak, ’n rekenaar daar neergesit en ’n kersie aangesteek.

Inge, ’n kleinniggie van die Olimpiese swemmer Ryk Neethling, is in die media besing as ’n meisie met ’n kop vir syfers en musikaal begaaf. Daar is gesê dat “harde werk, geloof en toewyding” aan die Hoërskool D.F. Malan in Bellville haar menige akademiese prestasie besorg het. Sy het in matriek, met agt eksamenvakke, die vierde plek op die Wes-Kaapse verdienstelys behaal. Toe was haar droom om ’n B.Com.-graad in aktuariële wetenskap te verwerf en dan dadelik met ’n MBA te begin. Ten tyde van haar dood was sy reeds besig met haar meestersgraad.

Haar pa het oënskynlik nie gedink sy blondekopdogter is deur ’n onbekende aanvaller in ’n toevallige gewelddaad vermoor nie. Hy het private speurders gehuur wat by Inge se roudiens in die NG-kerk in

Welgemoed die rouklaers van 'n afstand dopgehou het. Beeldmateriaal en foto's is agterna fyn vir enige moontlike leidraad bekyk. Dit was die eerste betrokkenheid van talle private ondersoekers en kundiges wat by die saak betrokke sou raak.

In die studentegemeenskap was daar gerugte dat Inge se hart uitgesny is, dat die moord te doen het met kultusbedrywigheide en dat daar 'n liefdesdriehoek was. Die polisie het anders gedink. Hulle het vas geglo dit was 'n passieemoord en dan begin jy jou ondersoek by die mense naaste aan die oorledene.

Tien polisielede het op Vrydag 15 April, sowat 'n maand ná die moord, met lasbriewe by Fred se werk in Pinelands, Kaapstad, opgedaag en sy lessenaar deursoek. Sy kollegas het geskok toegekyk. Daarna is die polisie na sy woonstel in die Anfield Village-kompleks, sowat 'n kilometer daarvandaan. Hulle het beslag gelê op sy rekenaar, formele skoene en 'n paar wit tekkies.

Fred moes met kapt. Reynold Talmakkies langs hom met sy Opel Corsa-bakkie na die kantoor van die polisie se eenheid teen ernstige misdaad in Bishop Lavis ry, waar hy sowat vier uur lank ondervra is. Hy het later aan sy regsman vertel Talmakkies het tydens die rit eers mooipraatjies gemaak oor sy en Inge se liefde vir mekaar en toe gevra wat Fred sou dink as hy vir hom sê dat hy (Fred) Inge vermoor het. Fred het vertel dat hy geskok was, des te meer toe Talmakkies hom begin vloek:

“Fred, ek weet iets het daardie dag tussen jou en Inge verkeerd gegaan. Iets het fokken verkeerd gegaan! Fok, iets het fokken verkeerd gegaan daardie dag! Ons hét jou en ons gaan jou lewenslank tronk toe stuur.”

Talmakkies het gesê dat hy 'n sagte plek vir Fred het, dat hy van hom hou, maar ook sal toesien dat hy na 'n psigiatriese inrigting gestuur word en in die tronk beland. Die tronk is nie vir hom wat Fred is gemaak nie en hy sal dit nie daar oorleef nie. As hy nie vir Talmakkies vertrou en saamwerk nie, sal Talmakkies seker maak dat hy vir die wolwe gegooi word. In die tronk sal bendeledede hom doodmaak, slag en *mince meat* van hom maak.

Fred is ook gevra of hy enigiets waardevol in sy bakkie het. Die polisie het bedoel geld of moontlik juwele van die slagoffer, maar hy het 'n ornamentele hamer agter die sitplek aan hulle gewys. Dit was 'n Kersgeskenk van Juanita Lotz. Sy het sy naam en die jaar daarop laat graveer: “Fred 2004”. Die agterkant van die kop van vlekvrue staal was 'n

botteloopmaker. Die hamer is 30 cm lank en het 'n rubberomhulsel aan die handvatsel. Die polisie het beslag daarop gelê.

By die polisiekantoor het een van die lede dit aan hom gesê dat hulle 'n DVD-houer met sy vingerafdrukke daarop in die woonstel gevind het. Fred het dit heftig ontken. Indien dit syne was, sou dit beteken hy was wel die aand van haar dood by Inge in die woonstel. Hy was beangs en het weer gevra of hy sy pa kan bel, maar sy versoek is weer geweier. Toe hy noem dat hy daarop geregtig is, het die polisieman blykbaar ontplof: “Man, fok jou fokken regte om stil te bly. Hier moet jy praat!”

Volgens Fred het die ondersoekbeampte, insp. Deon de Villiers, met sy vuus op die tafel geslaan en gesê nou is hy kwaad. Foto's van Inge is uit 'n album gehaal en voor Fred op 'n tafel geplaas. De Villiers het gesê: “Dit is jou vrou nè, julle sou getrou het?”

De Villiers het smalend van Inge se teksboodskappe aan Fred voorgelees, terwyl 'n kollega in 'n makabere nabootsing van die moord teen die tafel en kaste geskop het om te wys hoe die houe op Inge gereën en hoe haar bloed gespat het. Hulle het ook gedreig om hom foto's van Inge se lykskouing te wys.

Toe skree De Villiers: “Inge het seks met almal by die woonstelkompleks gehad. Jy het daarvan uitgevind en dis hoekom jy haar doodgemaak het!”

Fred het vertel dat hy De Villiers net aangekyk het, en dié het voortgetier: “Jy en Marius het 'n homoseksuele verhouding. Inge het daarvan uitgevind en dis hoekom jy haar doodgemaak het!”

Fred se familie sou sy behandeling tydens hierdie eerste ondervragingsessie nie daar laat nie. Hulle het die polisie later van karaktermoord beskuldig en gesê hulle het elke reël in die polisiehandleiding oortree.

Hulle het die strafregprokureur William Booth aangestel en gedreig met klagte by die polisie se onafhanklike ondersoekdirektoraat (Opod). Booth het aan joernaliste gesê barbaarse metodes is gevolg om met ondervragingsmetodes uit die apartheidsjare 'n bekentenis uit sy kliënt te dwing. Sy kliënt is sielkundig afgebreek en die polisie het die moord met byklanke en ander metodes nageboots, net om vier uur later vir hom sy motorsleutels te gee en te sê hy kan huis toe gaan.

In daardie stadium het nog net gerugte oor 'n moontlike verdagte die ronde gedoen, maar op 15 Julie 2005 het skokgolwe deur die land getrek

nadat Fred, vergesel van sy pa, hom in Cloetesville buite Stellenbosch aan die polisie oorgegee het. Fred se prokureur is vroeër deur dir. Attie Trollip, hoof van die provinsiale strafregrekordsentrum, ingelig dat 'n arrestasiebevel teen hom bekom is op grond van forensiese bewyse. Hy is van moord aangekla en het in 'n stampvol landdroshof in Stellenbosch verskyn.

Sy borgtogaansoek is vergesel van 'n beëdigde verklaring waarin hy aangevoer het hy word deur die polisie slegs deur 'n vingerafdruk op 'n DVD-houer met die moord verbind. Die uitslae van 'n leuenverklikkertoets wat deur die verdediging laat doen is, wys ook dat hy nie by die moord op sy meisie betrokke was nie.

“Ek was bereid om ten volle saam te werk omdat ek onskuldig is,” lui sy verklaring.

Booth het aangedui dat sy kliënt onskuldig gaan pleit, dat die bewyse teen hom skraps is en dat daar groot siviele eise teen die staat kan kom.

Getuigskrifte oor sy karakter is aan sy verklaring geheg. In een noem ds. W.F.A.-Lötter van die NG-kerk Queenstown dat die Van der Vyvers oor die jare leiersfigure in dié gemeenskap was. Landdros Oswald Krieling het borgtog van R10 000 toegestaan. Fred moes ook sy paspoort inhandig. Sy pa het stroef toegekyk.

Die Van der Vyvers en Booth het besluit om sy alibi bekend te maak omdat Fred reeds deur die openbare mening skuldig bevind is. Dit het op 19 Junie 2005 *Rapport* se voorblad gehaal en het grootliks daarop berus dat Fred tydens Inge se moord by sy werk in Kaapstad was.

Twee briewe wat Inge aan Fred geskryf het, is ook bekend gemaak: 'n Ongedateerde, kort briefie in 'n koevert wat Inge glo die oggend voor haar dood aan hom gegee het. Dit is geskryf op 'n vel gekleurde papier van 'n skryfblok wat in haar woonstel gevind is en is met hartjies versier:

Hi Skat!

Ek wil ook sommer net sê hoe baie ek jou waardeer en hoe special jy is!

Dankie vir jou liefde, ondersteuning en sagte hart en dat jy ALTYD bereid is om te luister na my klein probleempies!

Ek is BAIE, BAIE, BAIE lief vir jou!

Sterkte met jou dag en week en weet Jesus is elke oomblik by jou!

Liefde en xx

Inge

Ps. Jy is die hele tyd in my gedagtes en gebede

'n Langer brief met daardie dag se datum daarop was aan “Liewe Fred” gerig. Aan die bokant van die eerste bladsy was daar twee kruisies, by die datum 'n hartjie en by sy naam vier kruisies, 'n hartjie en 'n glimlaggende gesiggie.

Daarin sê Inge sy is jammer Fred is daardie oggend so deurmekaar by haar weg en sy hoop hy en sy broers “sorteer dinge uit”. Sy is ook jammer oor die goed wat sy kwytingeraak het. Hy moet haar leer hoe sy hom kan ondersteun.

“Ek kan ook vandag vir jou belowe dat ek met God se genade altyd ‘faithful’ sal bly en dat ek [die woorde “jou nooit sal verneuk nie” is deurgehaal] nooit iets agter jou rug sal doen nie. Ek is lief vir jou met my hele hart en daar is by my geen twyfel dat ek die res van my lewe saam met jou wil deurbring nie.

“Sterkte met alles by die werk ...

“Al my liefde.” [gevolg deur twee kruisies, twee hartjies en weer twee kruisies].

Frederick Barend van der Vyver, 22 ten tyde van die moord, is een van drie seuns van Louis en Carien van der Vyver van die plase Pleasantview in Oos-Londen en Vlakfontein in Queenstown. Hy het matriek met 'n A-gemiddeld aan Grey Kollege in Bloemfontein geslaag. Hy het sy B.Com. *cum laude* geslaag en ook sy honneurs in aktuariële wetenskap aan Maties voltooi. As 'n beurshouer van Old Mutual het hy op 1 Januarie 2005 as aktuariële assistent by hul hoofkantoor in Pinelands in Kaapstad begin werk terwyl hy verder aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer het.

Hy het op 16 September 2005 weer in die hof in Stellenbosch verskyn waar 'n skare nuuskieriges hom ingewag het, onder andere 'n gewese kêrel van Inge, Johann Prinsloo, en nog 'n vriend, Riaan Hunter. Hulle het plakkate vasgehou wat lui: “Stop lying and confess” en “The death sentence is the best sentence”.

Die saak is tot Desember die volgende jaar uitgestel, toe dit na die Kaapse hooggeregshof verwys is. Booth het intussen aansoek gedoen dat dit geskrap word omdat die staat se saak op gebrekkige bewyse berus en dit tot nadeel van sy onskuldige kliënt sloer. Die aansoek is van die hand gewys.

Fred se regspan, advv. Terry Price en Dup de Bruyn, se verdediging het grootliks daarop berus dat die enkele vingerafdruk op die DVD-houer

doelbewus vervals is. Hulle het verklarings van Amerikaanse en plaaslike kenners ingedien om dit te staaf. Een Amerikaanse kenner, Pat Wertheim, het eksperimente op die betrokke bewysstuk uitgevoer en tot die gevolgtrekking gekom dat die afdruk eintlik op 'n drinkglas was en doelbewus geklassifiseer is asof dit van 'n DVD-houer af gekom het. Folien 1 het volgens hom al die karaktertrekke van 'n vervalste vingerafdruk-bewysstuk gehad.

Die staat het daarop sr. supt. Roger Dixon, 'n kontrole-forensiese analis van die wetenskaplike analise-eenheid in Pretoria, gevra om te bewys dat Folien 1 wel van die DVD-houer gelig is. Dixon het toetse op DVD-houers en drinkglase uit Inge se woonstel gedoen. Sy bevinding het die staat se saak heeltemal op sy kop gekeer. Ook hy het bevind die afdruk is nie van die DVD-houer afkomstig nie, maar van 'n spesifieke glas waarvan daar vier in die woonstel was.

Die direkteur van openbare vervolging moes die verdediging skriftelik inlig dat die staat nie meer beoog om getuienis oor die beweerde afdruk op die DVD-houer in die hof te gebruik nie. Dit was 'n reuseterugslag vir die staat so kort voor die saak in 2007 sou begin, maar 'n ander merk op die DVD-houer sou wel in die hof ter sprake kom. Daar was 'n "kurwevormige" afdruk op die plastiekhouer.

Fred het, soos verwag, onskuldig gepleit toe hy op 12 Februarie 2007 op die moordklag voor regter Deon van Zyl verskyn. De Bruyn het sy kliënt se pleitverduideliking voorgelees en in fyn besonderhede uitgebrei oor waar hy op 16 Maart 2005 tussen 07:45 en 22:09 was.

Die staat het sy eerste getuie geroep en Juanita Lotz het in die getuiebank ingeskuif. Sy het getuig oor Fred se woorde aan haar kort nadat sy van haar dogter se dood in kennis gestel is: "Ek sal in die agterste kamer intrek. Ek sal by haar lessenaar studeer. Ek sal die kind in die huis word," het hy gesê. Sy vriend, Marius Botha, sou dit in sy getuienis bevestig.

Juanita Lotz het vertel dat sy Inge en Fred nooit hoor stry het nie. Daar was wel 'n meningsverskil oor 'n onenigheid tussen Fred en sy broers, maar dit was nie in Inge se aard om so 'n tipe brief soos die lang een te skryf nie: "In dié brief sê sy baie kere jammer, asof sy hom wil paai," het sy getuig.

Pastoor Pretorius het getuig dat hy om 22:23 deur Marius Botha gevra is om te gaan kyk of Inge oukei is. Hy het drie keer aan haar woonstel se venster geklop nadat 'n ander inwoner van Shiraz hom in die gebou laat

inkom het. Haar voordeur was toegetrek, maar nie gesluit nie. Hy het haar in die halfdonker op die rusbank sien lê.

“Ek het gedink sy het selfmoord gepleeg, want sy het iets in haar hand gehad wat ek gedink het is ’n mes.” Dit het later geblyk die televisie se afstandbeheer te wees.

Toe die video van die moordtoneel in die hof gewys word, het Fred strak toegekyk en nou en dan sy kop laat sak.

Daarna het die soms grusame forensiese getuienis aan die beurt gekom. Superintendent Kock, die spatselkenner, het getuig dat die toneel ordelik was. ’n Bloederige “skoelappermerk” op die handdoek kon gevorm het toe die moordenaar ’n hamer daarmee skoongemaak het. Die hamer waarmee sy waarskynlik vermoor is, was groter as die beskuldigde se ornamentele hamer. Kock wou nie sê of Fred se hamer die skoelappervormige merk op die handdoek kon gemaak het nie.

Hy het getuig die moordenaar moes langs die rusbank gestaan het, want ’n gedeelte was sonder bloedspatsels. Dié persoon se klere en skoene moes dus vol bloed gewees het. Geen bloedspatsels is van die toneel af weggeslinger nie, omdat die wapen “korterig” was.

Sersant Peta Davidtz het getuig sy kon geen bloed op Fred se wit Hi-Tec-tekkies vind nie – ook nie op ’n moersleutel, klere, sitplekoortreksels of ’n duvetoortreksel wat ondersoek is nie. Daar was wel wat moontlik bloed kon wees op die handvatsel van die ornamentele hamer, maar daar was te min witbloedselle om enige identifiseerbare genetiese materiaal te kon kry.

Inspekteur Deon de Villiers het getuig dat supt. Mike Barkhuizen, die hoof van die eenheid teen ernstige en geweldsmisdaad, beveel het dat die werkers haar- en bloedmonsters moet verskaf. Hy het bekend gemaak dat ’n Werner Carolus op 19 April 2005 ’n bekentenis oor die moord gemaak het, maar in verdere ondervraging erken het dat hy gelieg het. Die werkers se monsters het niks opgelewer nie.

Toe die patoloog dr. Ansie Adendorff in die getuiebank inskuif, het die regter hofgangers gewaarsku dat van die foto’s “taamlik ontstellend” is. “As u maag nie so sterk is nie, moet u liever uitgaan.”

Die oorledene se brein was ’n pap massa en sy is aan veelvuldige beserings dood wat met ’n stomp én skerp voorwerp veroorsaak is, het Adendorff gesê. Inge se aanvaller het agter haar gestaan toe sy teen die kop geslaan is. Sy het nog ná die eerste paar houes gelewe en het selfs probeer

om die aanval met haar hand af te weer. Sy is 40 keer gesteeek of geslaan. Daar was ook wonde op haar linkerwang waarvan die oorsprong onduidelik was. Die wonde aan haar kop was sirkelvormig.

Die aanval het voortgeduur nadat sy reeds dood was, want 17 van haar wonde het min gebloei. Haar hart het dus al ophou klop toe hulle toegedien is. Daar was 'n gapende wond, sowat tien sentimeter lank, aan haar bors. Die wonde aan haar bors is vermoedelik deur 'n mes veroorsaak en het almal van bo na onder gelei soos die mes afwaarts getrek is. Die aanvallers moes aansienlike krag gebruik het. Twee ribbes was morsaf. Vyf van die meswonde het tot in die long gestrek. Haar longe was deurtrek met bloed.

In sy kruisondervraging het De Bruyn gesê hy verskil nie van Adendorff se gevolgtrekkings nie: “Dit blyk 'n uiters wreedaardige aanval te wees.”

Konstabel Elton Swartz het getuig hy het die afdruk op Folien 1 gelig en die saaknommer en die betrokke polisiekantoor se naam daarop geskryf. Hy het geen beskrywing neergeskryf nie en ook nie foto's van die vingerafdrukke geneem voordat dit gelig is nie. Dit is nie prosedure nie, maar hy het toegegee dit sou kon gehelp het om enige misstap of fout te voorkom. Hy het eers die volgende dag by die kantoor, nadat die afdrukke ingeskandeer is, die folien met die afdruk van die DVD-houer as “Folien 1” gemerk, dus nie op die toneel nie. Hy het die afdrukke ingehandig en dit nie weer hanteer nie.

De Bruyn was meedoënloos. Hy het Swartz met die meer senior polisiekenner Dixon se bevinding dat die afdruk van die beskuldigde van 'n glas geneem is gekonfronteer. Swartz het gesê wat hom betref kom die afdruk van die DVD-houer en is die “kurwe” wat die verdediging sê op die folien sigbaar is, veroorsaak omdat hy druk op die DVD-houer geplaas het. De Bruyn het daarna as 'n “lipmerk” verwys.

Swartz het nie saamgestem nie en De Bruyn het opgemerk dat die lipmerk sekerlik nie van die DVD-houer kon gekom het nie. Swartz het 'n verduideliking gehad: As sy hande op 'n toneel vol is, sal hy iets “altyd ... miskien in my mond sit, maar ...”

De Bruyn: “Miskien sal jy dit in jou mond sit?”

Swartz: “Soms doen ek dit.”

Die hofgangers het uitgebars van die lag. Swartz het verleë voor hom gekyk en De Bruyn het opgesom dat sy weergawe vals is.

Kaptein Andries Matheus, afdelingshoof by die plaaslike

kriminelererekordsentrum, het getuig dat hy ook nie foto's van die afdrukke geneem het nie, maar hulle reguit na die skandeerder geneem het. Hy het toegegee dat daar soms foute insluip, maar het tog met Swartz saamgestem dat Folien 1 van die DVD-houer kom.

Het hy al mense met 'n DVD in hul mond gesien, wou De Bruyn weet. Matheus het ontkennend geantwoord. De Bruyn het ook sy mening gevra oor die krom merk – volgens die polisie Fred se wysvinger, maar volgens die verdediging 'n lipmerk. Volgens Matheus kan die boonste gedeelte van 'n wysvinger ook so 'n merk maak, maar De Bruyn was nie oortuig nie: “U is so ver verkeerd dat ek nie eens met u daaroor gaan argumenteer nie,” het hy gesê.

Bruce Bartholomew, 'n polisie-deskundige, het op die toneel met 'n elektrostatiese apparaat, of “stof-opteller”, na patrone wat op stof nagelaat word, gesoek. Naas twee stofafdrukke van 'n ongeïdentifiseerde vroueskoen was die enigste duidelike skoenspoor 'n bloedmerk in die badkamer, wat gelyk het of dit van 'n drafskoen kom. Hy het die merk vergroot en dit vergelyk met die skoene wat as moontlike bewysstukke ingebring is. Daar was volgens hom 'n ooreenkoms met Fred se tekkie. Daar was ook vier klein wit kolletjies in die bloedmerk wat ooreengestem het met vier sandkorrels op die sool van daardie tekkie.

De Bruyn het tydens sy kruisondervraging aan Bartholomew gestel dat niemand anders op skrif saamstem dat die sandkorrels aan die tekkie met die bloedmerk ooreenstem nie. Bartholomew het bevestigend geantwoord en De Bruyn het dit “baie, baie vreemd” gevind dat die tekkie net die enkele bloedmerk in die woonstel gelaat het. Inderdaad was daar geen plaaslike of oorsese kenner wat Bartholomew se menings op skrif geverifieer het nie.

“Dit is korrek, Edelagbare,” het Bartholomew geantwoord.

Frans Maritz, 'n voormalige kaptein van die polisie se forensiese wetenskaplaboratorium in Pretoria wat in Suid-Dakota in Amerika woon, het getuig die ornamentele hamer wat in Fred se bakkie was, is wel die moordwapen omdat die mees prominente kapwonde aan Inge se kop deur albei kante van die ornamentele hamer gemaak kon gewees het. Hy het 'n forensiese ondersoek met hierdie hamer gedoen, asook met 'n mes soos die een wat uit Lotz se woonstel vermis geraak het.

Toetse is gedoen op 'n varkkarkas en vark- en skaapskedels om die merke te bepaal wat die hamer en mes kon veroorsaak het. Maritz het gewys hoe

die hamer oor lewensgrootte foto's van die wonde aan Inge se kop pas. Toe word 'n video vertoon waarin die varkkarkas met die ornamentele hamer gemoker word, met supt. Johan Kock, die bloedspatselkenner, se verbaasde uitroep: "O fok" duidelik hoorbaar toe hy besef dat die kant van die hamer met die botteloopmaker gebuig het.

Dit het later in die saak aan die lig gekom dat die ornamentele hamer daarna met 'n soortgelyke een vervang is – 'n feit wat erg deur die regter gekap is.

De Bruyn het dit aan Maritz gestel dat nêrens in sy verklaring of getuienis vermeld word dat die ornamentele hamer tydens die aanval op Inge gebuig het of dat die klouhamer wat in Lotz se woonstel gekry is, ook in die toetse gebruik is nie. Die oefening was dus eintlik onwetenskaplik, het hy aangevoer.

Die paartjie se verhouding, Fred se bewegings op die dag van die moord en 'n moontlike motief vir die moord het ook aan die beurt gekom.

Herman Louw, bedryfsbestuurder van sekuriteitsdienste by Old Mutual, het getuig Fred het die gebou om 11:08 binnegekom en weer om 18:05 verlaat. Daar was wel fout met hul stelsel, sodat byvoorbeeld nie almal op die bandopnames geïdentifiseer kon word nie, maar daar was daardie dag geen onreëlmatighede nie.

Marius Botha het getuig hy het Fred eers ná 18:00 op die aand van die tragiese gebeure die eerste keer in hul woonstel in Kaapstad gesien. Hulle het kos begin maak en 'n deel van *7de Laan* en so 'n bietjie nuus gekyk.

"So teen 22:15 het Fred aan my kamerdeur kom klop en gesê hy en Tannie Juanita is baie bekommerd oor Inge en dat hulle haar al van 15:00 in die hande probeer kry. Fred het gesê hy gaan deurry Stellenbosch toe, want hy is bang sy het flou geword. Ek het voorgestel ons bel eers iemand in Stellenbosch om te gaan kyk. Hy het nie op die voorstel gereageer nie. Net gesê hy gaan nie wag nie en solank deurry."

Botha is later deur pastoor Pretorius ingelig dat Inge dood is en hy het die nuus aan Fred oorgedra: "Ek het vir hom gesê Inge is dood en ek is nie seker wat gebeur het nie, dit lyk soos selfmoord of moord." Toe hy Fred later by die Lotz-egpaar se huis ontmoet, was daar "trane in sy oë, maar dit het nie by sy wange afgerol nie".

Hulle het die nuus by die voorhekkie aan Inge se ma oorgedra. Juanita Lotz het gevra: "Fred wat gaan aan? Waar is my kind?"

“Fred het na haar gestap en gesê: ‘Jammer, Tannie, Inge is vanmiddag vermoor. Alles sal oukei wees. Ek sal die kind in die huis word’. Tannie Juanita het in die huis in gehardloop en gegil: ‘Dit kán nie wees nie. Nie my kind nie!’,” het Botha getuig.

Wimpie Boshoff, die vriend saam met wie sy by die studentesentrum middagete geëet het, het getuig dat Inge daardie dag aan hom genoem het sy dink haar verhouding met Fred is verby.

“Inge het gesê hulle het die oggend ’n helse *fight* gehad en sy dink dis verby tussen hulle. Ek het dit nie baie ernstig opgeneem nie, want sy het baie keer so iets gesê terwyl sy in ander verhoudings was en dan het dit nie gebeur nie.”

Hy het Inge probeer gerusstel en gesê sy moenie met “Frederik” baklei nie en dat hy dink hulle pas goed bymekaar. “Sy het vertel dat sy graag aan die einde van die jaar verloof wil raak.”

De Bruyn het in kruisondervraging aan hom gestel dat Fred gaan aanvoer indien sy dit gesê het, dit oor die inhoud van die brief gegaan het en nie oor hul verhouding nie.

Dokter Gérard Labuschagne, bevelvoerder van die polisie se sielkundige-ondersoekkeenheid en een van die land se voorste kenners op die terrein van profilering, het daardie twee briewe van Inge ontleed om haar gemoedstoestand te probeer bepaal.

Hy het gemeen daar was ’n “hittige gesprek of argument” tussen die twee. Fred kon dalk ontevrede gewees het omdat Inge by iemand anders advies of vertroosting gesoek het oor kwessies waarmee sy hom nie herhaaldelik wou pla nie. Dit word ondersteun deur die feit dat die brief later handel oor die kwessie van getrouheid en die oorledene se betrokkenheid by aktiwiteite sonder die beskuldigde se wete, het hy getuig.

Sy het onder meer geskryf “... altyd *faithful* sal bly, nooit iets agter jou rug sal doen nie”. Dit was volgens Labuschagne ’n sterk aanduiding dat die rede vir die argument Van der Vyver se agterdog of jaloesie oor haar vermeende of ware ontrouheid was.

Dit was ook vir hom interessant dat die woorde “jou nooit sal verneuk nie” doodgetrek en vervang is met “nooit iets agter jou rug sal doen nie”. Die woorde is doodgetrek omdat dit moontlik presies was wat die oorledene gedoen het.

De Bruyn het aangevoer dit is net ’n mening, maar Carien Teunissen het

namens die staat gesê dit is relevant omdat Labuschagne 'n kundige getuie is.

Vir Labuschagne het die moordtoneel op 'n sielkundig gemotiveerde misdaad gedui. “Die geweld wat gebruik is, kan geklassifiseer word as die uitdrukking van [aggressie] of as aggressiewe verminking, albei as gevolg van 'n innerlike psigologiese motief en van 'n persoonlike aard.”

Die moord is gekenmerk deur *overkill* – uiterste woede deur die aanvallers. Die toneel het ook georganiseerdheid en logiese denke weerspieël. Sy gevolgtrekking was dat die motief vir die moord persoonlik was, dat die aanvallers goed bekend aan die oorledene moes gewees het en dat die motivering vir die moord woede was.

Superintendent Neville de Beer van die polisie se eenheid teen ernstige geweldsmisdaad het getuig hy het Fred die dag ná die moord oor sy bedrywighede en bewegings uitgevra. “Gedurende die onderhoud het Van der Vyver my gevra of die oorledene verkrag is, waarop ek gesê het dat ek nie daardie besonderhede kan verstrek nie. Van der Vyver het begin huil.” Fred se tranes was vir hom as ondersoeker nie regtig 'n hartseerhuil nie: “Die een oomblik is hy klinies. Die volgende oomblik vra hy of sy verkrag is.”

Brigadier Attie Trollip, hoof van die ondersoek na Inge se moord, het getuig sy moes sekere toetse slaag voordat Fred met haar sou uitgaan. “In SMS-boodskappe is ook inligting bekom dat mnr. Van der Vyver waarskynlik jaloers was op vorige mansvriende en dat dit moontlik tot die argument aanleiding gegee het.”

De Bruyn wou hê Trollip moes erken dis bloot sy eie mening dat Van der Vyver jaloers was, maar Trollip het vasgeskop: “Dit is nie net my opinie nie. Dit kom ook van 'n boodskap op die beskuldigde se rekenaar wat die oorledene aan hom gestuur het waarin sy sê ‘die soentjie wat ek vir Marius Botha gegee het, was net 'n onskuldige soentjie’. Dat hy daarvoor navraag gedoen het, het gewys dit het hom gepla,” het hy gesê, en volgehou dat daar verskeie verwysings was wat op Fred se “jaloesie” dui.

“Niks wat ons sien dui op jaloesie nie,” het De Bruyn geantwoord.

Veertig hofdae en 41 getuies later het die staat sy saak gesluit.

De Bruyn het die hof ingelig hy gaan aansoek doen vir sy kliënt se ontslag, grootliks omdat daar nie voldoende getuienis is vir 'n redelike hof om sy kliënt te verhoor nie. As die aansoek slaag, sal die beskuldigde

vrygespreek word.

Almal het asem opgehou, maar op 7 Augustus 2007 is die verdediging ingelig hul aansoek is van die hand gewys. Regter Van Zyl was tevrede dat die staat genoeg getuienis vir 'n prima facie-saak aangebied het. Die verdediging moes hul getuies roep.

Hulle het hulle na 'n hele span oorsese kenners gewend:

Pat Wertheim van Arizona se departement van openbare veiligheid: 'n Folien-bewysstuk met 'n vingerafdruk van die beskuldigde was nie van 'n DVD-houer afkomstig nie, maar is van 'n drinkglas geneem. Dit word onder meer bewys deur die teenwoordigheid van droë en nat druppels op die afdruk.

Arie Zeelenberg, senior raadgewer oor vingerafdrukke van die Nederlandse nasionale polisiemag: Die DVD-houer was belangrik om die tyd van dood te kon bepaal op die dag van Inge se moord. Hy kon nie verstaan dat die polisie die houer aan die videowinkel terugbesorg het nie. “Dit kon 'n belangrike bewysstuk geword het. Wat van DNS-toetse daarop?”

William Bodziak, internasionale kenner van skoensoolafdrukke: Daar was geen teken van die beskuldigde se Hi-Tec-skoen se sool in 'n bloedmerk op die badkamervloer nie. Daar was wel wit kolletjies op 'n boonste deel van die merk, maar dit kon nie met sandkorrels vergelyk word nie. Theunissen het tydens sy kruisondervraging namens die staat verwys na 'n bloedsmeer tussen twee sig-sag-patrone op 'n spoor en Bodziak gevra of hy kommentaar wil lewer oor die feit dat dit perfek inpas by die sool van die beskuldigde se skoen, maar Bodziak het gesê die twee stem glad nie ooreen nie.

Paul Ryder, 'n spoordeskundige van die forensiese wetenskaplike vereniging in Brittanje: Die bloedmerk is “hoogs waarskynlik gemaak toe 'n bloeddeurweekte implement op die badkamervloer geplaas is terwyl die oortreder homself – óf die implement – probeer was het”.

Professor Gert Saayman, hoof van die departement van geregtelike geneeskunde van die Universiteit van Pretoria: Dit is hoogs onwaarskynlik dat die slagoffer se verskillende wonde deur die ornamentele hamer veroorsaak kon gewees het. Volgens hom was die deursnit van Inge se kopwonde ooglopend groter as die ornamentele hamer se kop. Hy meen ook dat 'n staafvormige voorwerp eerder die soort wonde kon veroorsaak het

wat aan haar skedel gevind is.

In die staat se slotbetoë daarna het Christhenus van der Vijver aangevoer dat daar genoegsame bewyse was om Fred skuldig te bevind en dat hy genoeg tyd gehad het om die moord te pleeg. Die omstandighede rondom die oorledene se dood dui oorweldigend daarop dat sy die persoon geken het wat haar vermoor het.

Daar was konflik tussen die paartjie en Fred het daardie feit vir die polisie probeer wegsteek. 'n Vingerafdruk is op die DVD-houer gevind wat daarop dui dat hy wel daardie aand by Inge was en die skoenmerk op die badkamervloer het volgens hul getuies aan hom behoort. Hy het ook die verdediging se argument gekap dat van die bewysstukke korrup was en gemanipuleer is.

In sy slotbetoog het De Bruyn gesê daar is net een afleiding wat die hof kan maak: Dat daar 'n opsetlike fabrikasie van vingerafdrukgetuienis was – “met ander woorde, bedrog”. Sy kliënt moet daarom die voordeel van die twyfel kry.

Dit was alles te verwagte, maar die volgende dramatiese wending het 'n opskudding veroorsaak. Terwyl die staat nog besig was met hul slotbetoë, het adv. Henri Viljoen SC hom by die verdedigingspan aangesluit. Hy het 'n aansoek gebring dat die saak heropen word, wat beteken dat nog getuienis gelewer moet kan word. Hy wou hê Fred moes self kom getuig omdat regter Van Zyl vroeër beslis het Fred se pleitverduideliking kan nie as getuienis gesien word nie. “Net as die beskuldigde sê waar hy was, word dit getuienis,” het Viljoen gesê. Die aansoek is toegestaan en Fred het sy beurt in die getuiebank gekry.

Eers het hy 'n tydlyn van sy verhouding met Inge geskets. Hy het ook getuig hulle het die oggend van haar moord 'n woordewisseling gehad en dat sy in trane uitgebars het. Hy wou nie 'n telefoongesprek tussen hom en sy broer die vorige aand met haar bespreek nie.

“Inge het my goed geken en het gevra wat is fout. Ek het gesê dit is niks. Ek het haar verseker dat sy nie die probleem is nie en dat ek nog lief is vir haar. Ek wou weet hoekom sy gedink het dat sy iets verkeerds gedoen het.”

Viljoen: “Het jy Inge Lotz vermoor?”

Fred: “Nee, u edele, ek het nie.”

Viljoen: “Was dit jou vingerafdruk wat op die DVD-houer gevind is?”

Fred: “Nee.”

Viljoen: “Was dit jou skoen se bloedmerk wat in die badkamer gevind is?”

Fred: “Nee.”

Viljoen: “Was dit jou ornamentele hamer wat jy gebruik het om haar te vermoor?”

Fred: “Nee.”

Vir die eerste keer het die normaalweg selfversekerde Fred begin huil. Hy het weer ’n gedetailleerde beskrywing van die verloop van sy werkdag op 16 Maart 2005 gegee. Toe die staat met sy kruisondervraging begin, was die Wes-Kaapse polisiehoof, komm. Mzwandile Petros, ook in die volgepakte hofsaal.

Theunissen het gesê Wimpie Boshoff het vroeër getuig Inge het aan hom gesê dat sy en Fred die oggend van haar dood “ ’n moerse *fight* ” gehad het, maar Fred het geantwoord dit maak nie sin nie: “Daar was geen sprake van ’n helse *fight* óf dat ons verhouding oor was nie. Ek het haar die oggend nog gesoengroet. Ek was verskriklik lief vir haar.”

Maar kon Inge dalk gedink het hul verhouding is verby?

Fred: “Nee. Toe ek van haar woonstel weg is, was sy baie vrolik. Ons het nog saam na my bakkie gestap.” Hy het die oggend voor haar moord haar woonstel “deurmekaar” verlaat, “omdat sy begin huil het en ek besef het daar was dinge wat haar gepla het en sy nie daaroor wou praat nie”. Hy kon nie sê waarom sy die kwessie van getrouheid in haar lang brief opgehaal het nie. Hy het aanvaar sy het dié brief geskryf omdat dit haar manier was om te wys hoe lief sy hom gehad het.

Theunissen: “Waarom sou sy die brief afsluit met woorde dat sy altyd *faithful* sal bly en jou nooit sal verneuk nie. Hoekom sou sy die nodigheid insien om vir jou te sê dat sy nooit iets agter jou rug sou doen nie?”

Volgens Fred het hy dit nie as vreemd beskou nie en het sy dit gesê as bevestiging van haar liefde vir hom.

Theunissen het volgehou dat hy inderdaad die geleentheid gehad het om die moord te pleeg en dat hy die ornamentele hamer daarvoor gebruik het, maar Fred het geantwoord die hamer was van Desember 2004 tot 15 April 2005 onder die sitplek in sy bakkie waar hy dit gesit het nadat hy dit as Kersgeskenk gekry het. Hy het dit nie gebruik nie. “Ek is hartseer oor alles. Dit is vir my nog slegter omdat sy nie meer daar is nie. Alles is een groot traumatiese ervaring.”

Theunissen se slotbetoog het hoofsaaklik oor die beskuldigde se getuienis gehandel, omdat sy haar omvattende slotbetoog reeds vroeër gelewer het voordat hy as getuie geroep is. Sy het aangevoer daar was probleme in Fred en Inge se verhouding en die geskil moes die oggend ontwikkel het. Fred het homself oor sommige aspekte in sy getuienis weerspreek en vaag geantwoord as hy nie geweet het wat om te sê nie.

Van Zyl het opgemerk dat dit vreemd is dat niemand nadat Inge se lyk gevind is gevra het wie so iets kon gedoen het nie. “Ons weet tot vandag toe nie wie anders dit kon gedoen het nie. Wie kon in haar woonstel instap sonder dat sy van die rusbank waar sy gelê het opgestaan het?”

Wat hy nie kan verstaan nie, het De Bruyn gesê, is hoekom sy steeds gelê en lees het as iemand bekend by haar gekuier het.

Van Zyl: “Wie dit ook al gedoen het, het ingestap en haar net begin aanval. Dit lyk nie of daar eens ’n gesprek was nie.”

Volgens De Bruyn het sy kliënt sy alibi bo redelike twyfel bewys. “Daar is nie een mens in die hele Old Mutual wat kan sê hy het die middag dié gebou verlaat nie. As hy dit verlaat het, het hy nie genoeg tyd gehad om die moord te pleeg én weer werk toe te gaan nie. En waar is enige motief?”

Viljoen het in sy slotbetoog aangevoer dat die staat heeltemal misluk het om hul saak bo redelike twyfel te bewys. “Hierdie beskuldigde leef nou vir twee en ’n half jaar onder die wolk van beskuldiging wat tydens die verhoor die wydste moontlike publisiteit ontvang het. Hy het ’n kwart van sy gewig verloor. As sy pa gegoed was, is hy dit nie meer nie, omdat ses deskundiges baie duur is.”

Op 29 November 2007 het die groot dag aangebreek.

Regter Van Zyl het sy uitspraak begin deur te sê dat die drie hoofaspekte van die staat se omstandighedsgetuienis – die bloedmerk in die gastebadkamer, die ornamentele hamer as die moontlike moordwapen en die vingerafdruk op die DVD-houer – nie staande gebly het nie. Dié getuienis kon uiteindelik nie die toets van redelike twyfel deurstaan nie.

Daar was geen aanduiding dat die beskuldigde só ontsteld was deur die brief dat hy die oorledene sou wou vermoor het nie. Die beskuldigde het ook ’n goeie indruk as getuie gemaak. Daar was geen aanduiding dat hy in enige stadium gedurende die middag die gebou waar hy in Kaapstad gewerk het ongesiens sou kon verlaat en weer binne sou kon kom het sonder om op kringtelevisie vasgevang te word nie. Niemand het daardie dag by sy werk

of by die oorledene se woonstel sy kenmerkende wit bakkie met Oos-Kaapse registrasienommer sien uitbeweeg of inkom nie.

Daar was geen spoor van bloed aan sy klere of in sy bakkie nie. Dit is hoogs onwaarskynlik, indien nie onmoontlik nie, dat hy binne ongeveer een en 'n halfuur ongesiens van sy werk kon wegglip, na die oorledene se woonstel kon ry, haar op 'n afgryse manier kon vermoor en dan weer ongesiens na sy werk kon terugkeer sonder om in die geringste mate abnormaal op te tree.

Die aard en omvang van die onbeheersde en verwoede aanval strook geensins met 'n fyn beplande moord nie. Daarbenewens sou die beskuldigde met bykans ongelooflike toneelspel- en akteursvernuf bedeed moes gewees het om so iets onder geweldige tydsdruk te beplan en uit te voer sonder om die geringste emosie te toon. Geen hof kan ooit op sterkte van vermoedens 'n bevinding maak nie.

“Die hof is ook pynlik bewus van die ongelooflike hartseer wat die familie en vriende van die slagoffer onder hierdie omstandighede moet beleef en hoe belangrik dit vir hulle en die hele gemeenskap is dat geregtigheid moet geskied.

“Wanneer 'n pragtige en uiters begaafde jong meisie se lewe op hierdie wyse onbegryplik wreed kortgeknip word, is dit te verstane dat die gemeenskap eis dat iemand daarvoor moet boet. Die hof kan niks meer doen as wat die getuienis voor hom hom toelaat nie. Daar was kennelik nie genoeg getuienis om die beskuldigde tot verantwoording vir hierdie afskuwelike daad te bring nie.

“Die vraag ontstaan onwillekeurig of daar in die eerste plek genoegsame gronde was om hom voor hierdie hof te daag. Hoe traag ek ook al is om die polisie se funksionering te bevraagteken, wil dit voorkom of daar in dié saak se beginstadium ondoeltreffende en soms onbeholpe ondersoekwerk plaasgevind het.”

Toe Van Zyl die beskuldigde vra om te staan, was die spanning tasbaar. Hy het die slotsin van sy uitspraak van 46 bladsye voorgelees: “In die lig van hierdie oorwegings bevind die hof eenparig dat die beskuldigde se alibi redelik moontlik waar is en dat die staat nie daarin geslaag het om sy skuld bo redelike twyfel te bewys nie. Hy word onskuldig bevind en ontslaan.”

In die beskuldigdebank het Fred met saamgeperste lippe sy kop eers laat sak en toe na bo gelig. Vir 'n wyle was sy oë toe. Hofgangers het hande

geklap terwyl die kameras klik en die ligte flits.

Fred se ouers en sy broers het hom omhels. Van die omstanders het trane afgevee.

Die Lotz-egpaar het die hof stil verlaat. Al wat Juanita buite die hof wou sê was dat hulle “die regter se uitspraak en wat gesê is” aanvaar. Haar man wou nie met die media praat nie en het gesê hy wil net huis toe gaan.

Die pad na afsluiting het nog lank en moeilik voor hulle gelê. ’n Beloning van R100 000 vir meer inligting oor Inge se dood, asook private ondersoeke deur die baasspeurder Piet Byleveld asook die forensiese wetenskaplike David Klatzow het egter geen antwoorde gebring nie. Daar sou nog skinderstories wees en boeke geskryf word.

Fred het weer later geluk gevind. Op 17 Desember 2011 is hy en Elmari Dorfling, ’n kinderarbeidsterapeut, ná ’n verlowing van vyf maande getroud. In dieselfde jaar het hy ’n siviele eis van kwaadwillige vervolging van miljoene rand teen die polisie gewen, maar hul appèl het in 2013 geslaag. Sy aansoek by die konstitusionele hof teen die polisie is in Mei 2017 van die hand gewys.

In 2021 het Fred in ’n eksklusiewe onderhoud met *News24* gesê die hofsaak het sy lewe vir tien jaar op ys geplaas en dat die ergste daarvan die verlore tyd is. Hy was bevoorreg om sy verdediging te kon bekostig. Onder ander omstandighede kon hy as ’n onskuldige in die tronk beland het. Hy het aanbeweeg. Hy weet hy is onskuldig. Hy kan nie nog wag dat die ware moordenaar gevind word voordat mense finaal besluit wat hulle van hom dink nie.

“Ek kan eerlikwaar sê ek is nie bitter nie en dit weeg in baie opsigte swaarder as die negatiewe ondervinding wat ek gehad het.”

Hy het gewonder of mens ooit sal weet wie Inge vermoor het. Heel moontlik nie, want omdat die polisie se “ondoeltreffende en soms onbeholpe ondersoekwerk” hulle op ’n dwaalspoor geplaas het, ’n spoor waarvan hulle uit blinde geloof in hul “bewyse” nie wou afsien nie, het hulle nooit na iemand anders begin soek nie.

Die moordenaar se spoor is nou koud.

FELICITY CILLIERS:

Geregtigheid danksy 'n pa se vasbyt

Dit was reeds 11 jaar sedert sy lieflingdogter vermoor is en niemand sou Johannes Cilliers verkwalik het as hy begin wanhoop het dat daar ooit geregtigheid vir haar sou geskied nie. Maar die gebroke pa het aanhou druk uitoefen op die polisie. Hy het sy vermoedens oor die moord met hulle gedeel, weer uitwysings gaan doen en voet by stuk gehou dat 'n deurbraak in dié stokou saak moontlik was.

Die hartseer verhaal het op Maandag 30 Mei 2007 begin. Op die druiweplaas Longlands, geleë tussen Stellenbosch en Kuilsrivier, het 'n man vroegoggend op pad werk toe 'n gru-ontdekking in die wingerde gedoen. Tussen kaal wingerdstokke het 'n halfnaakte vrou op haar linkersy gelê. Onder haar kop was 'n groot klip. Haar denimromp was opgetrek.

Die man het nuuskierig nader gegaan. Toe sien hy die bloed aan die vrou se kop. Langs die lyk was 'n gat in die grond, asof iemand besig was om 'n graf te grawe. Die geskokte man het vinnig werkers daar naby gaan roep.

Die oorledene was die 28-jarige Felicity Cilliers, 'n seisoenwerker. Die enkelma van drie seuntjies is nog twee dae tevore by haar ouerhuis op die nabygeleë Vlottenburg gesien toe sy suiker by haar suster, Dalene, gaan vra het. Sy is nie weer lewend gesien nie. Haar pa, Johannes, en die gemeenskap het vyf dae lank na haar gesoek.

Magdalena Papier, by wie Felicity gewoon het, het gesê sy het Felicity daardie Saterdag omstreeks 21:00 na Dalene gestuur om suiker te gaan leen. Dalene het vertel dat Felicity weer sonder die suiker daar weg is. Sy het die volgende dag bekommerd geraak toe sy hoor dat Felicity nooit weer by Papier opgedaag het nie. Felicity se minderjarige kinders, een nog 'n baba, het begin angstig raak omdat hul ma nie by die huis was nie. Twee dae later het sy haar suster by die Stellenbosse polisie as vermis aangemeld.

'n Familievriend, Andrew (Wiele) Jordaan, wat ook help soek het, het aan

die ondersoekbeampte Koos Brand en ander lede vertel dat hy Felicity daardie aand by 'n 21ste-verjaardagparty op 'n plaas gesien het. Hulle twee is later na sy huis waar hulle *consensual sex* gehad het. Hulle is toe terug na die partytjie. Dit was die laaste keer dat hy Felicity gesien het, het Jordaan gesê.

Tydens die lykskouing het die patoloog dr. Deidre Abrahams bevind dat die oorledene met 'n stomp voorwerp teen die kop, gesig en nek geslaan is. Die geweld van die houe was so groot dat haar onderste kakebeen gebreek is.

Daar was ook bewyse van vaginale penetrasie met erge geweld, bloedaspirasie (die inaseming van bloed in die lugpyp en longe) en geringe swelling van die brein. Abrahams het die oorsaak van dood as “stomp-trauma” en “verwurgings” aangeteken.

Twee verdagtes wat gearrester is, is later vrygelaat toe hul DNS nie verbind kon word met die DNS wat tydens die lykskouing versamel is nie.

Enkele maande nadat Felicity se liggaam ontdek is, was daar 'n soortgelyke vonds op 'n naburige plaas, Goedvertrou. Die halfnaakte liggaam van die 17-jarige Samantha Sauls is in 'n nartjieboord gevind. Aan haar kop was ook wonde wat blykbaar met 'n stomp voorwerp toegedien is.

Samantha was die dogter van Edwin en Amanda Joon. Laasgenoemde het gemengde gevoelens gehad toe sy hoor dat die 22-jarige Jordaan weens die moord op haar tienerdogter gearrester is. Sy het geskree: “O nee, ek hoop net nie dis iemand wat ek al in my huis gehad het nie!”

Samantha se ouerhuis was 'n klipgooi van Felicity s'n en hul lyke is 2 km van mekaar af ontdek. Kon die polisie toe al 'n verband tussen die twee moorde gesien het?

In daardie tyd het die inwoners vertel dat 'n ander vrou van Vlottenburg oor 'n naweek 'n verkragting naelskraap vrygespring het en dat sy van haar beweerde aanvaller kon ontvlug.

Amanda Joon het aan 'n poniekoerant gesê sy woon al meer as 30 jaar op die plaas, maar dié rustige omgewing het nou in 'n “moordplek” verander: “Lyk vir my hulle hou jou dop, hulle agtervolg jou. En dis nie vreemdes nie, dis bekende mense. Vir wat moes hy haar seermaak?”

Sy wou Jordaan met sy hofverskyning net in die oë kyk en hom vra: Hoekom het jy dit gedoen?! Haar familie het hom al 'n geruime tyd geken en kon nie glo dat dit hy kon wees nie, maar ander mense wat hom geken

het, het aan die polisie vertel hy het al lankal 'n ogie op die oorledene gehad. Hy wou glo knaend seks met haar hê, maar sy het geweier.

Die plaasgemeenskap het begin spoke opjaag van 'n reeksmoordenaar in hul midde en baie mense was bang om saans hul huise te verlaat.

'n Polisiewoordvoerder, supt. Billy Jones, het die bewerings van 'n reeksmoordenaar as suiwer bespiegeling afgemaak. Hy kon of wou nie sê of Samantha en Felicity se moorde met mekaar verband hou nie en het net gesê die polisie ondersoek alle moontlikhede.

Op 20 Junie het Jordaan 'n amptelike bekentenis voor landdros Nobby Mzamo gedoen.

Samantha se oom Dawid Lukas het vertel dat die beskuldigde 'n familienvriend was en in dieselfde huis as die oorledene gewoon het. Hy het gesê “die pes” was pal op die oorledene se spoor en Jordaan en Samantha is daardie dag toe sy verdwyn het “baie verlief” by sy huis weg. Maar eers het hulle papsakwyn gedrink, gesing en stories vertel. Toe Samantha teen die middag besluit om na haar kêrel se huis op 'n buurplaas te gaan, het Jordaan saam met haar geloop en die twee is hand om die lyf daar weg.

Jordaan is ná 'n pleitooreenkoms met die staat agt jaar tronkstraf opgelê.

Intussen was Felicity se moordenaar nog op vrye voet en dis waar die ondersoekbeampte Koos Brand en sy speurspan straks die bal laat val het. Dat daar binne drie maande twee moorde in dieselfde gebied en binne dieselfde gemeenskap was en dat die omstandighede van die moorde baie ooreengestem het, was net te toevallig. Albei slagoffers was vroue, albei is met 'n stomp voorwerp geslaan en hulle is halfnaak in onderskeidelik 'n wingerd en 'n boord agtergelaat.

'n Lid van Brand se ondersoekspan het in 2022 probeer verduidelik dat die span destyds die DNS wat op Felicity se moordtoneel gevind is weggestuur het en dat hulle ten tyde van die moord op Samantha nog op die uitslag gewag het. Op daardie tydstip en voor die moord op Samantha was die DNS van Felicity se moordenaar nog nie in die polisie se databank nie.

“Toe Andrew Jordaan vir die moord ondervra is, het hy besluit om 'n pleitooreenkoms met die staat aan te gaan. Die polisie was seker so *excited* dat Jordaan skuld erken het vir Samantha se moord, dat hulle vergeet het van die onopgeloste moord op Felicity. Daardie *docket* van Felicity was nog oop, maar dis nooit ondersoek of Jordaan dalk daarmee verbind kon word nie. Brand het boonop in daardie tyd uit diens getree.”

'n Dekade later en slegs deur volgehoue druk deur Felicity se pa, Johannes Cilliers, is die ondersoek na haar dood deur sers. Kelvin Moses oorgeneem. Moses het weer mense begin ondervra.

Cilliers moes onder andere vir Moses die plek gaan wys waar sy dogter se liggaam tien jaar tevore gevind is. Hy het 'n koerantberig oor die moord aan Moses gewys en die verhaal van Samantha se moord vir hom vertel, ook dat 'n man van Vlottenburg kort ná sy dogter se moord gearresteer is vir Samantha se moord en dat haar liggaam in soortgelyke omstandighede as sy dogter s'n gevind is.

Cilliers het vertel dat Jordaan destyds van die laaste mense was wat sy vermoorde dogter lewend gesien het, en dat die einste Jordaan vir Samantha se moord tronk toe is. Hy was reeds op parool en het in Zoar in die Suid-Kaap gewoon.

Moses was onmiddellik geïnteresseerd. Hy het dadelik die dossier vir Felicity se moord in die polisie se argief gaan uitgrawe. Hy was gretig om te kyk of daar enige ooreenkomste was in die manier waarop die twee misdade uitgevoer is.

In die dossier 387/06/2007 het Moses gesien dat die oorledene verwurg, verkrag en haar liggaam in 'n wingerd gelaat is. Met dié inligting het hy besluit om Samantha se veroordeelde moordenaar 'n persoon van belang te maak. Jordaan was in sy visier.

Moses het gereël dat DNS-monsters van Jordaan geneem word en dit is na die polisie se forensiese laboratorium gestuur om met DNS wat van Felicity verkry is vergelyk te word.

Moses en sy kollegas het met ingehoue asem gewag. Toe kom die uitslag: die DNS kom ooreen. Moses het dadelik gereël dat Jordaan hom by die Ladismith-polisiestase in die Suid-Kaap ontmoet, waar hy hom ingelig het dat hy 'n verdagte is vir 'n verkragting en moord wat in Mei 2007 plaasgevind het. Sy regte is aan hom voorgelees en hy is uitgevra oor sy bewegings op die aand van 26 Mei 2007.

Jordaan het erken dat hy die oorledene geken het, maar het ontken dat hy seks met haar gehad het en het beweer dat hy daardie aand in Eersterivier by Dalene Cilliers se kêrel, Marius Ebersohn, was. Ebersohn het dit ontken en gesê hy was by Dalene en Dalene het dit bevestig. Jordaan kon nie verder verduidelik nie en 'n waarskuwende verklaring is van hom afgeneem.

Moses en sy kollega Clinton Malan het Jordaan na Stellenbosch gebring. Sersant Rodger Jooste was ook lid van die ondersoekspan.

Johannes Cilliers het uit 'n kerkdiens gekom toe hy deur die speurders ingelig is dat sy dogter se moordenaar gevang is. Vir die oorstelpte Cilliers is sy gebede uiteindelik verhoor. Hy het dadelik die goeie nuus vir sy familie gaan vertel.

Die 34-jarige Jordaan is daarvan aangekla dat hy Felicity Cilliers op 26 Mei 2007 onregmatig en met opset vaginaal en anaal verkrag en toe vermoor het. In Oktober 2018 is die verkrag- en moordsaak na die Wes-Kaapse hooggeregshof oorgeplaas en die verhoor het op 18 Maart 2019 voor regter Lister Nuku begin.

Kort ná Jordaan se arrestasie het die 64-jarige Cilliers aan die Sondagkoerant *Rapport* gesê hy het 11 jaar gewag vir geregtigheid vir sy dogter. Hy het toe al meer as 'n dekade lank gemeet en gepas om haar twee kinders met sy ongeskiktheidstoelae op skool te hou. In daardie tyd het almal gedink die spoor van sy dogter se moordenaar het doodgeloop.

Hy het by sy beskeie plaaswerkershuis op Vlottenburg gesê hy wou die saak weer laat ondersoek, want hy en sy vrou, Maria, maak hul kleinkinders “baie swaar” groot en hy wou hê dat die moordenaar vir sy daad moes boet. “Mý dogter is uit haar familie gehaal. Daai moordenaar moet uit sý familie gehaal word. Hy moenie dink die wet is *onnooslik* nie.”

Die uitgeteerde Cilliers was siek, maar wou nie daaroor praat nie. Op sy verrimpelde arms was tatoeëermerke, uit die dae toe hy in die 1970's agt jaar lank “bandiet was”. Hy het toe in die tronk beland omdat hy 'n gevangene wat uit 'n tronk buite die Paarl ontsnap het en sy ma, Elizabeth, in haar huis wou aanval met 'n byl doodgekap het.

Cilliers het vertel hoe hy en die mense van Vlottenburg dae lank die omgewing gefynkam het op soek na sy vermiste dogter. Hy kon nie slaap nie. “Die wit mense het gesê kalmeer, moenie stres nie, gaan dokter toe.”

Toe kom die oproep daardie oggend van 30 Mei – sy kind lê in 'n wingerd op 'n naburige plaas. Felicity se jongste seun was net 14 maande oud toe hy in die tyd ná die moord op sy ma siek geword het en dood is. Dalene het vertel Felicity se kinders het nooit oor hul ma se dood gekom nie en albei die twee seuns het dwelms begin misbruik.

Johannes het met Jordaan se verhoor maar die koerante gereeld dopgehou vir die jongste nuus. Dit was te duur vir hom om gereeld die hofsak in

Kaapstad te kon bywoon. Hy het homself wel belowe dat hy in die hof sou wees die dag wanneer vonnis opgelê word.

Jordaan het skuld ontken op die klagte van moord en verkragting. Hy het aangevoer dat hy die oorledene op 26 Mei 2007 by 'n 21ste verjaardagparty ontmoet het. Hy het beweer hy het later die aand met haar instemming seksuele omgang gehad en daarna teruggekeer na die partytjie.

In 'n verhoor binne 'n verhoor het die hof beslis die waarskuwende verklaring wat Moses van Jordaan geneem het, is ontoelaatbaar en dat dit op 'n bekentenis neerkom.

Die omstrede sin het gelui: “Ek het die aand vir Felicity agtervolg vanaf 'n partytjie. Sy was te sterk vir my en ek het 'n klip opgetel en haar gegooi daarmee terwyl sy op die grond lê. Ek het haar ook verkrag.”

Die hof het Jordaan gelyk gegee oor die verklaring.

Die staat het 14 getuies geroep, onder wie die patoloog, polisieledede, polisiefotograwe, forensiese ontleders en ondersoekbeamptes. Die staatsaanklaer, adv. Mbulelo Koti, het 'n moeilike taak gehad: die enigste getuienis wat Jordaan aan die moord en verkragting verbind het, was die DNS, maar Koti het aangevoer dat ook in ag geneem moet word dat die beskuldigde 'n vals alibi verskaf het en aanvanklik enige seksuele omgang met die oorledene ontken het. Ook dat die tyd van aanranding soos die patoloog dit bepaal het baie na aan die tyd was dat die verkragting plaasgevind het.

'n Verslag van 23 bladsye van die maatskaplike werker Bridget Buys het onder andere gelui dat die slagoffer se pa, Johannes, ontsaglike pyn ervaar weens die dood van sy dogter en dat hy steeds oor haar treur. Die feit dat die moord vir so lank onopgelos was en daar nog nie afsluiting was nie, het die pyn lewend gehou.

“Haar twee kinders was nege jaar, 13 jaar en 14 maande oud. Die baba het op 19 Oktober 2007 in die hospitaal weens 'n maagaandoening gesterf. Die familie het geglo dat die baba hom doodgetreur het oor sy vermiste ma.”

Jordaan se regsverteenwoordiger, Inge Levendall, het ter versagting aangevoer dat die beskuldigde in sy kinderjare 'n slagoffer van verwaarloosing en kindermishandeling was.

Die oomblik van waarheid het gou vir Jordaan aangebreek. In sy uitspraak het regter Nuku gesê daar is geen direkte getuienis wat die

beskuldigde aan die oortredings verbind nie, behalwe sy DNS wat op die eksterne anale area van die oorledene gevind is. Toe Jordaan met dié DNS-getuienis gekonfronteer is, het hy egter skielik sy storie verander en vertel dat hy konsensuele seks met Felicity gehad het. Dié ommeswaai het teen hom getel.

Op 24 Oktober 2019 is Jordaan uit die aanhoudingselle onder die hof gebring vir vonnisoplegging. Die helder rooi van sy Adidas-kappietrui het skerp in die somber hof uitgestaan.

Die hof was doodstil toe Nuku met sy vonnisoplegging begin. Op die klag van moord is Jordaan tot lewenslange tronkstraf gevonnissen en op die klag van verkragting tot tien jaar tronkstraf.

Vir die oorledene se familie was die lang en emosionele pad wat hulle gestap het om geregtigheid vir hulle geliefde suster en dogter te kry, uiteindelik verby.

In die koel lenteluggie buite die hof was Johannes Cilliers in sy swart K-Way-windjekker die ene glimlagte. Die saak het 'n groot tol van hom geëis, het hy gesê. “Die vonnis is amper te min, maar ek voel goed. Ek is bly. Nou kan my kind rus.”

Vir die oorledene se broer Denzil Esau kon die genesing toe eers begin. “Ek voel ná vandag dat ons *closure* gekry het. Ons voel verheug oor die vonnis,” het hy gesê. Hy het die sersante Kelvin Moses en Rodger Jooste as briljante ondersoekbeamptes geloof.

Ná byna twee jaar in aanhouding het Jordaan teen sy lewenslange vonnis geappelleer. Sy aansoek is op 21 Julie 2021 deur regters Derek Wille, Elizabeth Baartman en Hayley Slingers aangehoor. Daar is namens Jordaan aangevoer dat die vonnisopleggingshof gefouteer het deur nie te bevind dat daar voldoende wesenlike en dwingende omstandighede was om van die voorgeskrewe minimum vonnis af te wyk nie.

Voorts is aangevoer dat hy 'n wanfunksionele verhouding met sy ma gehad het en dat dit die wyse waarop hy met vroue omgaan, beïnvloed; dat hy weens die inname van alkohol aggressief was; dat die vonnis van lewenslange gevangenisstraf nie vir sy rehabilitasie voorsiening maak nie en dat hy net 22 jaar oud was toe die misdade gepleeg is.

Daarteenoor is aangevoer dat Jordaan nie ter versagting van vonnis getuig het nie en geen bewysmateriaal waaraan voldoende geregtelike gewig geheg kon word is namens hom ingedien nie.

'n Week later het Wille uitspraak gelewer en hy het afgesluit: “In 'n laaste gooi van die dobbelsteen word namens die appellant aangevoer dat alkohol moontlik 'n rol gespeel het in die gedrag van die appellant in hierdie omstandighede. Duidelike en sterk ‘bewysmateriaal’ ter ondersteuning van hierdie voorlegging is weer afwesig.”

Jordaan se aansoek is eenparig van die hand gewys.

Nadat hy gelukkig was om 11 jaar lank geregtigheid te ontduik, wou die dobbelsteen dié keer nie vir hom reg val nie.

ERIN VAN RENSBURG:

Die bose bleeksiel

Jacobus Eksteen se obsessie met die skraal donkerkopstudent was soos 'n vuur wat nie geblus kon word nie. Hoewel hy al 23 jaar oud was en in sy vierde jaar by Maties, het hy nog nooit 'n vaste meisie gehad nie.

Op skool was hy 'n briljante leerling en het in sy matriekjaar aan die Hoërskool Upington die naashoogste gemiddeld (103%) in die ganse Noord-Kaap behaal. As 'n skrande, teruggetrokke seun het hy nie maklik vriende gemaak nie en het veral gesukkel om gesonde verhoudings met meisies te bou. Hy het gereeld verlief geraak, maar was te onbeholpe om sy gevoelens in aksie om te skakel. Daarby het hy dikwels angstig gevoel, veral voor 'n eksamen of wanneer hy nuwe mense ontmoet. Hy het ontvlugting gevind in rekenaarspeletjies en fliks, en was ook 'n aktiewe lid van die Voortrekker-jeugbeweging.

Op universiteit het dit nie veel beter met sy liefdeslewe gegaan nie. Hy het in 'n stadium halsoorkop verlief geraak op een van sy dosente en selfs fantasieë ontwikkel dat hulle eendag sou trou. Hy was so beenaf dat hy swak begin vaar het in sy studie, maar Jacobus kon homself nooit so ver kry om sy liefde aan die dosent te verklaar nie.

Nou het hy weer gesukkel om sy aandag by sy B.Rek.-studie te bepaal. Sy beheptheid met Erin van Rensburg, 'n 20-jarige B.Com.-student, het gaandeweg sy gedagtes gevul.

Die saadjie vir die obsessie is geplant toe Erin een aand by 'n partytjie met hom flankeer. Die meeste jong mans sou nie dié doodnormale studentepret kop toe gevat het nie, maar Jacobus Eksteen was geen normale jong man nie. Hy het sy hande obsessief gewas – soms tot 34 keer per dag. Sy familie het dit amusant gevind, maar nooit gedink dis so ernstig dat hy behandeling daarvoor hoef te kry nie.

Hy het bevriend geraak met Erin se broer Byron met wie hy sy

belangstelling in rekenaars gedeel het. Hy het Erin die eerste keer by 'n braai ontmoet, kort nadat hy op universiteit aangekom het. Sy was nog 'n graad 11-leerling aan die Hoërskool Punt in Mosselbaai, met 'n lewendige belangstelling in Japan en sy kultuur.

Hy het haar die volgende jaar weer by sosiale geleenthede gesien en ook die jaar daarna, toe sy 'n eerstejaarstudent by Maties was en 'n woonstel met haar broer in Stellenbosch gedeel het. Sy het dikwels saamgekom wanneer Jacobus en Byron saam met ander vriende na 'n Chinese restaurant of 'n braai gegaan het.

In Augustus 2008 is Jacobus ná 'n Voortrekker-vergadering na 'n partytjie waar Byron en Erin ook was. Hulle het daardie aand heelwat tyd in mekaar se geselskap deurgebring en in 'n stadium het Erin hom gevra om haar vas te hou. Sy het hom gesoen en speels aan sy oë gehap. Volgens Jacobus het Erin sy hemp se knope losgemaak en hom gestreel – en sonder sukses probeer om haar hand by sy broek in te druk. Hy wil nie 'n seksuele verhouding begin nie, het hy beslis vir haar gesê.

Hoewel Erin en Jacobus mekaar al lank geken het, was dit die eerste keer dat daar noemenswaardige fisieke kontak tussen hulle was. Hulle het soms liggies geflankeer en mekaar geterg, maar daar het dit gebly. Jacobus was ook bewus daarvan dat Erin 'n kêrel gehad het.

Ná die partytjie het Byron vir Jacobus gevra om sy suster huis toe te neem. In die motor het sy op sy skoot geklim, hom gesoen en haar hemp opgelig. Hy kon die patrone op haar bra sien.

Waar Jacobus voorheen sy gevoelens vir Erin in toom kon hou, was dié aand se gebeure een te veel vir die seksueel onervare vierdejaarstudent. Die vlam van obsessie is aangesteek. Jacobus was nou vas oortuig dat Erin in 'n ernstige verhouding met hom belang gestel het. Hy het haar as sy “trouvrou” beskou met wie hy eendag sou kinders hê.

Jacobus kon nie ophou om aan Erin te dink nie en het gesukkel om te slaap. Hy het sy gevoelens aan haar geopenbaar, maar sy het gesê sy is nie reg vir 'n verhouding nie. Hy het haar per SMS probeer bearbei, maar sy het voet by stuk gehou dat sy nie belang stel nie. Sy het wel die deur op 'n skrefie oopgehou deur te sê dat hulle weer in die toekoms daarna kan kyk.

Op 'n dag was hy doenig op haar broer se rekenaar toe Erin skielik oor sy skoot gaan lê. Jacobus kon nie verstaan hoe dit strook met haar weiering om 'n verhouding te begin nie. In September 2008 het Erin vir Jacobus 'n SMS

gestuur waarin sy sê dat sy aan hom dink. Sy het die boodskap met soentjies afgesluit.

Dit het Jacobus nog meer verward gemaak. Hy het dit al hoe moeiliker begin vind om op sy studie te konsentreer. Sy punte het getuimel. Hy het nie eens die eindeksamen vir finansiële ouditering gaan skryf nie, want hy het geweet hy sou druip.

Hy wou toe 'n doktersbrief kry om aan te dui dat hy sielkundige probleme het. In November 2008 het 'n psigiater volwasse aandagafleibaarheidsindroom en hiperaktiwiteitswanorde by hom gediagnoseer en die stimulant Concerta voorgeskryf. Jacobus het die psigiater nog vier keer gesien, maar het sy medisyne ongereguleerd geneem.

Ná die eksamen in November 2008 het hy 'n hernieude poging aangewend om by Erin aan te lê. Sy het oor die telefoon vir hom gesê dat daar niks is om oor te praat nie en dat sy hom nie meer wil ontmoet nie. Sy teksboodskappe aan haar het meer onbeskof en sinister begin raak, sodat Erin hom later op haar selfoon geblokkeer het.

Jacobus was platgeslaan. Oor die volgende ses maande het die woede in hom opgebou oor wat hy as verraad en verwerping beskou het. Hy het geglo hy sou nooit 'n ander vrou kry nie en het God geblameer vir sy emosionele warboel. Dit het vir hom gevoel of daar geen rede vir hom is om te lewe nie, hoewel hy nie selfmoord oorweeg het nie.

Nie net het Erin sy hart gebreek nie, sy het ook sy hele lewe verwoes, het Jacobus homself wysgemaak. Dit was haar skuld dat hy sy toetse en eksamens gedruip het. Dit het beteken hy sou nie sy graad voltooi, 'n goeie werk kry, trou en kinders hê nie.

Die bitterheid het hom verteer en 'n bose plan, gebore uit wraak en wellus, het begin vorm aanneem.

* * *

Maandag 1 Junie 2009 was figuurlik met rooi gemerk op Jacobus Eksteen se kalender. Hy het geweet Byron sou dié dag by familie in Bellville wees en dus nêrens naby die woonstel wat hy en Erin in die Vergezicht-kompleks in Mount Albertstraat gedeel het nie. Boonop moes haar kêrel, Mark Donian, op 1 Junie eksamen skryf.

Vir sy plan om te werk was dit noodsaaklik dat Erin alleen moes wees.

Om toegang tot die woonstel te kry was die volgende probleem aangesien Erin teen daardie tyd niks meer met hom te doen wou hê nie. Erin en haar broer was baie veiligheidsbewus nadat Byron vroeër met 'n mes aangeval is. Veiligheidshekke is by hul woonstel aangebring en hul ouers het vir albei motors gekoop sodat hulle nie saans hoef te loop nie.

Eksteen het besef sy rekenaarvernuf hou die sleutel tot die woonstel. Hy het Byron om 23:00 die Sondagaand gebel en voorgestel dat hy die volgende dag nuwe sagteware en fliks op Byron se rekenaar gaan installeer en sommer ook na die rekenaar kyk, wat in daardie stadium probleme gegee het. Byron was te vinde daarvoor en het Erin gevra om Eksteen in te laat.

Toe 1 Junie aanbreek, het Eksteen reeds alles bymekaargemaak wat hy sou nodig kry om sy plan uit te voer. Hy het drie stukke tou, kabelbinders, maskeerband, sokkies, twee swart vullissakke, 'n hardeskyf en 'n geheueskyfie in 'n kleinerige drasak gepak. Hy het twee skoktoestelle wat hy vroeër op die internet gekoop het en 'n paar handskoene in sy broeksakke gesit en 'n groot tas met wiele in sy kar se katebak gelaai.

Hy het na Erin se woonstel gery en toegang gekry onder die voorwendsel dat hy aan Byron se rekenaar wou werk.

Terwyl hy met sy installering doenig was, het hy Erin na die kamer gelok deur voor te gee dat sy hom moet help om iets op die rekenaar te vind. Toe sy voor die rekenaar kom sit, het hy een van die skoktoestelle teen haar nek gedruk. Dit het nie gewerk nie.

“Wat doen jy?” het Erin gevra en vererg omgedraai.

Toe het sy begin skree.

* * *

Mark Donian was bekommerd. Nadat hy die Maandag eksamen geskryf het, kon hy Erin glad nie in die hande kry nie. Hy het Byron in 'n teksboodskap gevra of hy weet waar sy suster is. Omstreeks 14:00 het Mark vir Byron gebel en gesê hy is nou regtig bekommerd.

Byron het Erin en Eksteen gebel, maar nie een het geantwoord nie. Hy het besluit om uit Bellville Stellenbosch toe te ry. Om 14:35 het hy 'n oproep van Eksteen gekry, maar hy kon hom nie duidelik hoor nie.

Byron is na sy woonstel, waar hy Mark gekry het. Erin was skoonveld, maar haar handsak, motorsleutels en beursie met kontant was nog daar. Net haar woonstelsleutels en Samsung-selffoon was nie daar nie. Hy het ook opgelet dat daar aan sy rekenaar gewerk is. Mark het Erin by die polisie as vermis aangemeld.

Byron het Eksteen by sy woonstel gaan soek, maar onverrigter sake teruggekeer. Omstreeks 18:00 het hy aan die polisie gesê hy verdink sy vriend.

Die volgende dag is Byron deur die polisie ondervra. Hy het hulle vertel dat Eksteen 'n ogie op sy suster gehad het, maar dat sy vir hom gesê het daar kan nie sprake van 'n liefdesverhouding tussen hulle wees nie. Eksteen was nietemin so knaend dat Erin sy nommer geblokkeer het.

Hul pa, Errol, het tevore al gesê dat Erin nie daarvan hou dat Byron vir Eksteen na die woonstel bring nie omdat hy glo 'n "*creep*" is en vir haar "lelike SMS'e" stuur. Byron het aan insp. Johan Nel vertel dat Eksteen op die dag van Erin se verdwyning op sy rekenaar in die woonstel gewerk het.

Nadat die polisie die Dinsdag Eksteen uiteindelik in Durbanville opgespoor het, het hulle hom vir ondervraging ontbied. Op dieselfde dag het Eksteen sy ouers, Koos en Mariëtte, gebel en hulle vertel dat die polisie hom van menseroof wou aankla oor die verdwyning van 'n jong Matiestudent. Eksteen het uit 'n gesiene familie op Upington gekom. Sy oupa, Jurgen (90), en albei sy ouers was dokters op die dorp.

Senior supt. Leslie Siegelaar het Nel gevra om Eksteen se ondervraging te lei. Nel was bekend in die polisie as iemand wat 'n spesiale talent gehad het wat hy self as 'n sewende sintuig beskryf, of as "hond se gedagte". Daarby het hy verskeie kursusse voltooi oor misdade met 'n sterk sielkundige komponent en oor moetiese en satanistiese moorde.

Hy het Eksteen in die polisieselle laat sit. Daar was niks teen die mure wat die ondervraagde se aandag kon aftrek nie; hy moes voel hy is in Nel se gebied. Kort ná 13:00 het Nel sy "visstok met 'n groot stuk aas diep ingegooi en baie stadig begin inkatrol". Sy wakker oë het vroeg reeds verdagte krapmerke aan Eksteen se bene opgemerk.

Nel het met sagte, algemene vrae begin, soos waar Eksteen vandaan kom en wie sy familie is. Mettertyd het die vrae aanbeweeg na Eksteen se studie en toe na sy ontmoeting met "die dame".

Met die horlosie op 16:00 het die vrae oor die oorledene se verdwyning

begin toeneem. Sommige vrae is herhaal of net in 'n ander vorm gestel. Soms is die ondervraagde gepamperlang en het Nel op sy gevoelens gespeel. Nou en dan het Eksteen 'n sigaret gevra en het Nel hom 'n Chesterfield gegee.

Eksteen was ure lank ontwykend of versigtig met sy antwoorde. Hy het volgehou dat hy niks van Erin se verdwyning weet nie. Hoekom sou hy haar wou leed aandoen? Met dié opmerking het hy sy skouers opgehaal en 'n ligte teug aan die sigaret gegee.

Teen 17:00 was daar nog geen deurbraak nie. Nel se pakkie sigarette was amper op, want toe het Eksteen regtig begin stook. Die druk was besig om toe te neem. Nel het 'n nuwe pakkie Chesterfields oopgemaak.

Toe het Nel sy troefkaart uitgehaal en vir Eksteen 'n foto van Erin gewys.

“Sy’s 'n mooi dame, nè?” het hy opgemerk en Eksteen se reaksie fyn dopgehou. “Nou is sy iewers en dalk gaan sy opvrot en dan word sy nooit gekry nie.”

Eksteen se antwoorde het begin wankel – die eerste gate in sy ondeurdringbare verdediging het verskyn.

Toe – net voor 19:00 – het die skanse oplaas getuimel.

* * *

Op 'n hoë sandduin buite Elandsbaai aan die Weskus het die polisielede kort ná middernag met flitsligte by 'n kol uitgekom waar die sand versteur was. In die verte het die branders teen die strand uitgehardloop.

Rex, 'n soek- en reddingshond van die honde-eenheid in Kimberley, het 'n rukkie tevore met sy hanteerder opgedaag. Die dier het skielik opgewonde geraak en met sy voorpote in die sand begin grou. Die polisie het begin grawe. Versigtig.

Op amper 1,8 meter het iemand geroep: “Hier is haar kop!”

Die polisielede het in stilte toegekyk terwyl een van hulle die sand versigtig van die swart hare begin wegvee, so asof hy die liggaam nie wou seermaak nie. Die halfnaakte vrou was half in 'n fetusposisie in die sandgraf. Haar mond was met kleefband toegeplak. Haar rug en arms was vol vars skraapmerke. In haar mond was 'n sokkie geprop.

Erin is uiteindelik gevind, sowat 240 km van waar sy vermis geraak het.

* * *

Nadat Eksteen ná 'n uitmergelende ondervragingsessie uiteindelik onder die druk geknak het, het hy 'n vae beskrywing gegee van waar hy die liggaam begrawe het en aangebied om die plek aan die polisie te gaan wys. Hy het die gebied goed geken, want sy ouers het 'n vakansiehuis op Langebaan aan die Weskus gehad.

Ná sy bekentenis is die speurders na Eksteen se woonstel, wat hy met sy broer gedeel het. Daar is beslag gelê op 'n paar wit tekkies. Gipsafdrukke sou later van die skoene se sole gemaak word. 'n Wit Volkswagen Jetta is ook deursoek.

Die speurders het in die nag na 'n duingordel sowat 8 km buite Elandsbaai vertrek. Die bekendste baken op die duingordel is Trompie se Duin.

Siegelaar het kort ná middernag twee provinsiale verkeersbeamptes, Clinton Williams en Tyron Pheiffer, gevra of hulle weet van hoë duine naby Elandsbaai. Pheiffer het die speurders tot by 'n plek naby Langdam-plaas vergesel. Langs die pad was daar tekens dat 'n voertuig daar stilgehou het. Pheiffer het met sy flits op die sand geskyn. Dit was duidelik versteur.

Verdagte sleepmerke en voetspore het die polisielede verder deur die duineplantegroei geneem en Williams het kegels by die moontlike bewyse geplaas. Langs die paadjie is vars gebreekte takkies opgemerk. By 'n vurk in die voetpaadjie het 'n polisielid, Claude Louiskitt, die besonder groot spore gesien. Hy het die tekkies van die lang blonde man wat hy vroeër by die distriksgeneesheer se spreekkamer gesien het onthou.

Skielik het die spore opgehou en die polisiehonde het opgewonde begin blaf. Konstabel Stephen Adams het Siegelaar nader geroep. Hulle het dadelik begin grawe.

Intussen het Eksteen saam met sr. supt. Mike Barkhuizen en konst. Monwabisi Nyamanda daar opgedaag. Aan Eksteen se regteronderbeen en agter sy linkerkuit was nog die vars skraapmerke soos hy twee dae tevore in die einste veld geloop het.

“O, ek sien julle het haar gekry,” het hy koeltjies gesê en na 'n kol versteurde sand gewys.

Erin was in 'n blou top en pienk bra geklee. Aan haar naeltjie was 'n silwer ring. 'n Polisielid het koeverte oor haar hande gesit om moontlike

forensiese getuienis te beskerm.¹

Die Woensdag het Mosselbaai se burgemeester, Marie Ferreira, Erin se gebroke ouers besoek. Hulle was opsigters by die woonwaparke De Bakke en Santos. Errol van Rensburg het dadelik na Stellenbosch vertrek. Sy ouer dogter en haar man het uit Wene na Suid-Afrika gevlieg en 'n vriendin van Erin het dadelik 'n vlug uit Skotland gehaal.

Terwyl Erin se hartseer familie begin rou, het die polisie begin om die stukke van die legkaart bymekaar te sit deur Eksteen se bewegings na te speur. Die hel waardeur Erin daardie Maandagoggend in haar woonstel was, sou eers later duidelik word.

Konstabel Marlon Appollis het videomateriaal by die Weskus 1 Stop by Langebaan bekom. Daarvolgens het Eksteen daardie Maandag om 13:22 daar aangekom, geklee in 'n blou kniebroek en 'n swart Billabong-kaptrui, oftewel *hoodie*. In die winkel het hy 'n Cadbury Snowflake-sjokolade en twee energiedrankies, 'n Red Bull en 'n druiwegeur-Energade, vir altesame R38,40 gekoop. Hy het om 13:37 vertrek.

'n Betaalstrokie vir brandstof is ook by die Engen op Velddrif bekom waar Eksteen die Maandag omstreeks 18:29 brandstof vir R363,65 ingegooi het.

Intussen het die polisie in die verdagte se woonstel beslag gelê op kleefband soortgelyk aan dié wat Erin om haar mond gehad het. 'n Antec-rekenaar, 16 wit sokkies, een skoktoestel, twee simkaarte, Pro Clear-kleefband, 'n graaf en 'n blou denimkortbroek is ook gekonfiskeer.

Haar- en veselmonsters en blare wat in die wit Volkswagen Jetta was, is vir forensiese toetse geneem.

Eksteen het ook uitwysings in die oorledene se woonstel gedoen. Beslag is gelê op verskeie items met bloedspatsels, naamlik toiletpapier, 'n duvetoortreksel, 'n sokkie, 'n kondoom en sneesdoekies.

Die bebaarde Eksteen het in die landdroshof op Stellenbosch op aanklagte van ontvoering en moord verskyn. Met 'n gebreide mus in sy hand en geklee in 'n roomkleurige trui en grys sweetpakbroek, het hy kop onderstebo in die beskuldigdebank in Hof B gestaan. Geeneen van sy familie of vriende was in die hof te sien nie.

In daardie stadium was die volle omvang van Eksteen se obsessie met Erin nog onbekend en daar was brandende vrae oor sy motief.

Benewens die aanklagte van moord en menseroof, was daar nog twee items op die klagstaat wat gedui het op die verskriklike gebeure wat hulle daardie Maandag in Woonstel 101 by Vergezicht afgespeel het: Eksteen is daarvan aangekla dat hy Erin anaal en vaginaal verkrag het.

Wat die moordklag betref, het die staat aangevoer dat Eksteen Erin doodgemaak het “deur haar stompgeweld toe te dien met voorwerpe onbekend aan die staat en/of haar te verwurg en/of haar te versmoor”. Hy is ook aangekla van roof met verswarende omstandighede omdat hy haar selfoon en woonstelsleutels met geweld van haar afgevat het.

Eksteen se regsvertegenwoordiger, adv. Sakkie Maartens, het om ’n voorlopige uitsteldatum gevra. Hy het gesê ’n distriksgeneesheer moet eers sy kliënt se beserings ondersoek. Die mediese verslag, wat met Eksteen se daaropvolgende hofverskyning ingedien is, het getoon dat hy half geneesde kneusplekke aan sy borskas en bo-arm en skraapmerke aan sy onderbene gehad het. Maartens het teenoor landdros Anita Potgieter benadruk dat sy kliënt se beserings nie met sy inhegtenisneming opgedoen is nie.

Potgieter het die saak tot 9 Junie vir verdere ondersoek uitgestel en Eksteen is in die plaaslike polisie-selle aangehou.

Intussen het Errol van Rensburg aan die Sondagkoerant *Rapport* gesê die beskuldigde was ’n vriend van sy gesin: “Hy was ’n vriend van ons. Hoekom, hoekom en waarom is onse Erin vermoor? Elkeen in ons gesin gaan elke sekonde deur verskillende emosies. Ons het ons kind na die universiteit gestuur, haar altyd gewaarsku oor die gevare daarbuite en hier gebeur dit in ons vriendekring. Erin se dood is ’n groot skok vir ons familie en vir baie ander. ’n Persoon wat aan jou tafel gesit het, wat ’n vriend van die gesin was, word van hierdie moord aangekla.”

Van Rensburg het gepleit dat die media groter bewustheid skep oor die kwessies wat deur die moord uitgelok is.

“Ons wil nie môre van nog ’n moord op ’n vrou hoor nie. By skole moet leerlinge leer dat mans en vroue mekaar moet respekteer. Dat ’n vrou se nee ’n nee bly. Dat, indien sy nee sê, dit nie beteken dat die man geniëpsig met die vrou moet wees nie. Nie alle mans is so nie, maar ons sit met ’n houdingsprobleem in die land.”

Van Rensburg was verlig dat die polisie sy “kind kon terugbring uit die duine”.

Mariëtte Eksteen het in ’n stem wat kraak aan *Rapport* gesê sy en haar

man is sprakeloos. “Ons weet nog nie wat gebeur het nie. Die prokureur en die speurders het ons nog geen inligting gegee nie. Dis ’n moeilike tyd vir enige ouer om deur te gaan. Ons het só iets nie verwag nie. Jakob is ’n intelligente seun.”

Erin se gedenkdiens is in die Hofmeyrsaal in Stellenbosch deur ds. Jan van Zyl van die Stellenbosse Moedergemeente gelei, op dieselfde dag dat Eksteen in die hof verskyn het.

Hy is in sy borgtogaansoek deur die deurwinterde adv. Francois van Zyl SC verteenwoordig. Van Zyl het sy 24-jarige kliënt se versigtig bewoorde beëdigde verklaring uitgelees. Eksteen sou eers later met die volle sak patats vorendag kom oor wat daardie Maandagoggend in Erin se woonstel gebeur het.

Eksteen het verkies om nie sy skuld of onskuld “enigsins finaal toe te lig nie”, maar het aangevoer dat hy sy volle samewerking aan die ondersoekspan gee. Volwasse aandagafleibaarheidsindroom is die vorige jaar by hom gediagnoseer, maar andersins was hy gesond.

Van Zyl het ook ’n brief van ’n kliniese sielkundige, Theo Schkolne, ingedien wat volgens Eksteen se regspan genoeg bewys was dat daar buitengewone omstandighede was wat borgtog vir hom geregverdig het.

Schkolne het Eksteen drie uur lank geëvalueer en tot die slotsom gekom dat die beskuldigde nie ’n vlugrisiko is nie en ook nie sal inmeng met getuies nie. Dit sal die beste manier wees om ’n volledige en regverdigde assessering te doen en dit moet buite die Stellenbosch-gevangenis geskied.

Staatsaanklaer Samantha Raphels het Nel na die getuiebank geroep om agtergrond oor die ondersoek te gee. Hy het bevestig dat Eksteen hom vrywillig aangemeld het nadat die polisie hom vir ondervraging ontbied het. Dit was vir die polisie duidelik dat iets nie pluis was nie en dat die beskuldigde iets wegsteek.

“Hy was baie gespanne en senuweeagtig. Ek het ook skraapwonde aan sy onderbene waargeneem. Ek het hom gevra daaroor en met my ondervinding kon ek sien Eksteen raak al hoe meer ongemaklik, senuweeagtig, begin rondspring op my vrae wat ek aan hom vra. Hy het toe aan my meegedeel dat hy vir die dag op Langebaan rondgeloop het op die strand. Hy wou gaan kop skoonmaak het.”

“Gaan wat? Kop skoonmaak het?” het Raphels gevra.

“Wat vir my vreemd was, want 20 km van Stellenbosch af is daar die

Strand,” het Nel gesê. Later die aand het Eksteen toe wel oor die graf in die duine by Elandsbaai gebieg, het Nel getuig.

Hy het genoem dat Erin 33 uitwendige beserings gehad het en dat die hoofoorsake van haar dood “verwurging en versmoring” was.

“Die post mortem-verslag dui aan dat daar anaal en vaginaal sewe beserings is. Die post mortem dui ook aan dat ’n *sexual assault kit* geneem is. Is dit reg so?” het Raphels gevra.

“Dit is korrek edelagbare.”

Nel het bevestig dat die ondersoek reeds voltooi is en op ’n vraag van Raphels gesê dat die staat se saak “baie, baie sterk” is. Oor sy gevoelens oor borgtog vir die beskuldigde, het hy geantwoord:

“Ek wil net graag ook onder die hof se aandag bring dat die oorledene se *boyfriend*, Mark, die aand ná die voorval, die aand van die 2de Junie, in Bohemia – dit is ’n drink- en restaurantplek op Stellenbosch – ietsie gaan drink het en hy uit daardie restaurant uit geslaan is, letterlik uitgegooi is soos uit ’n *cowboy bar* uit en dat hulle vir hom gesê het hy het Erin van Rensburg vermoor. So voel die studentegemeenskap hieroor en die algemene publiek,” het Nel geantwoord.

Hy het aangevoer dat dit dus in die belang van geregtigheid is dat ’n beskuldigde wat teregstaan op klagte van moord, verkragting, menseroof en roof met verswarende omstandighede in hegtenis bly.

Potgieter het bevind dat Eksteen ’n gevaar vir die samelewing is. Borgtog is geweier en hy is na die Pollsmoor-gevangenis in Tokai oorgeplaas.

In Maart 2010 het regter Jeanette Traverso, ná ’n aansoek van die verdediging, gelas dat Eksteen vir 30 dae in die Valkenberg- psigiatriese hospitaal in Pinelands opgeneem word vir waarneming om vas te stel of hy geskik is om verhoor te word.

Die tekort aan plek in Valkenberg het daartoe gelei dat die verhoor erg vertraag is. In Mei 2010 was Eksteen nommer 55 op die waglys vir ’n hospitaalbed. Op 3 September 2010 is die verhoor vir die derde keer uitgestel omdat daar nog nie ’n bed beskikbaar was nie.

Raphels het aan regter Anton Veldhuizen gesê net 15 beddens is in die hospitaal beskikbaar vir pasiënte wat vir waarneming verwys word. Maartens het droogweg opgemerk hy het al daaraan gedink om sêlf ’n bed of twee vir Valkenberg aan te koop.

Eksteen sou tot die volgende jaar moes wag om opgeneem te word. In

Maart 2011, 'n jaar nadat Traverso hom vir waarneming verwys het, kon die Valkenberg-sielkundiges uiteindelik terugrapporteer oor Eksteen se gemoedstoestand. Hulle het breedvoerig verslag gedoen oor sy sosiale ongemak en seksuele onervarenheid.

Die verslag het dit vir die eerste keer moontlik gemaak om 'n duidelike prentjie van die beskuldigde te vorm. Akademies was die jong man 'n genie, emosioneel was hy 'n idioot.

Die sielkundiges het die sluier gelig oor die verdraaide denkproses wat Eksteen laat glo het hy moet Erin laat boet vir wat sy kwansuis aan hom gedoen het en dat sy boonop die swaarste “straf” denkbaar verdien het.

Eksteen was vas oortuig dat Erin vir sy ramspoedige eksamen in November 2008 verantwoordelik was. Hy het geglo sy het met sy kop gesmokkel deur met hom te flankeer en toenadering by hom te soek, maar hom dan later te verwerp. Dit het daartoe gelei dat hy nie op sy studies kon konsentreer nie en dat hy net een van sy vier vakke kon deurkom. Indien hy nie sy graad kon voltooi nie, sou dit 'n rippeleffek hê wat sy ganse lewe sou verwoes. Daarom moes Erin se lewe ook vernietig word, het Eksteen geglo.

Sy wraakgedagtes het al hoe donkerder geword, tot by die punt waar hy gevoel het daar is net een “oplossing”: Erin moet vermoor word. Hy het begin dink aan maniere om haar dood te maak en tot aksie oorgegaan deur solank maskeerband en 'n dun tou te koop. Hy het ook na slaappille gesoek, maar net kruiemiddels gekry.

Sy oorspronklike plan was om haar broer Byron te bedwelm deur slaappille fyn te maal en in sy koffie te gooi. Dan sou Erin in sy hande wees. Hy het selfs oorweeg om Byron self te vermoor, maar het hom bedink aangesien Byron niks aan hom gedoen het nie.

Oor die daaropvolgende ses maande het verskillende planne om Erin dood te maak in sy gedagtes bly maal. Sy grootste uitdaging was om haar alleen te kry en dan om haar na 'n afgeleë plek te neem en maklik van haar liggaam ontslae te raak.

Hoewel hy teen dié tyd behep was daarmee om Erin te “straf”, het hy gevoel dat die regte omstandighede hom bly ontwyk. Hy was bang dat hy op heter daad betrap sou word en dan selfmoord sou moes pleeg.

Teen Mei 2009 het Eksteen gevoel hy kon nie langer uitstel nie. Hy het begin om die weeklikse roosters van Erin, haar broer en haar kêrel dop te hou. Hy moes net 'n tyd vind wanneer albei mans klas het en sy alleen in

haar woonstel sou wees. Hy sou haar dan oorrompel en tydelik bewusteloos maak, waarna hy haar na sy familie se vakansiehuis in Langebaan wou neem. Toe Byron hom boonop vertel dat hy op 1 Junie by familie in Bellville sou wees, is die moorddag finaal beslis.

Eksteen het herhaaldelik benadruk dat hy geen skuldgevoelens het nie. Hy is wel spyt oor die impak op Erin se familie, wat hy as kollaterale skade beskryf het.

Volgens die waarnemingsverslag het Eksteen sy weergawe in fyn besonderhede vertel. Geen simptome van enige geestesiekte is tydens die ure lange vertellings by hom bespeur nie. Hy het vertel dat hy sy hande obsessief was, maar ontken dat hy depressief voel.

'n Rorschach-toets (waarin die kliënt gevra word om na 'n inkklad, dubbel gevou en weer oopgemaak, te kyk en dan stories daaromheen te bou) het gewys dat hy behep is met psigopate, die voortplantingstelsel en geweld. Dit was duidelik dat hy homself as 'n buitestander beskou.

Volgens die sielkundiges het hy eienskappe van 'n psigopaat getoon. Hy kon nie aan enige tyd in die verlede dink waar hy beheer oor sy optrede verloor het nie. Volgens hom het hy in die geval van die misdaad alles eers opgeweeg en sy eie besluite geneem. Hy het nooit buite beheer gevoel nie en het die moord oor 'n tydperk van ses maande beplan. Hy was spyt oor die foute wat daartoe gelei het dat hy uitgevang is, maar het geen berou oor die daade self nie. Hy het 'n gesofistikeerde begrip van die regsproses en het die klagte van roof en verkragting betwis.

Luidens die verslag is Eksteen duidelik hoogs intelligent. Hy kan onderskei tussen reg en verkeerd. Daar is geen teken dat 'n geestesiekte bygedra het tot die misdaad nie. Die sielkundiges het bevind hy is toerekeningsvatbaar en gereed om verhoor te word.

Op 5 Maart 2012 – amper drie jaar ná die moord – het Eksteen 'n pleit- en vonnisoooreenkoms met die staat aangegaan. Hy was toe reeds twee jaar en nege maande in aanhouding. Een van die beweegredes vir die ooreenkoms was die negatiewe impak van die hofsaak op sy ma, wat baie siek was aan kanker.

Die staatsaanklaer, Raphels, het vooraf met Erin se ouers oorleg gepleeg. Hulle was tevrede met die inhoud van die pleit- en vonnisoooreenkoms en het nie enige verdoë gerig nie. Die partye het ooreengekom dat Eksteen skuld sou erken op aanklag van moord, verkragting en menseroof.

In sy pleitverduideliking het Eksteen uitgeweï oor sy redes waarom Erin met haar lewe moes “boet”. Dit het in groot mate ooreengestem met die verduideliking wat hy aan die psigiaters by Valkenberg gegee het. Erin het hom aanleiding gegee en hom daarna aan ’n lyntjie gehou, het Eksteen aangevoer. Sy was nie eerlik met hom nie en het hom seergemaak. Hy glo daar is simmetrie in die lewe: as iemand iets verkeerd gedoen het, verdien die persoon ’n gepaste straf.

Die pleitverduideliking, saamgelees met die Valkenberg-verslag, het ’n angswekkende prentjie geskets van die hel waardeur Erin daardie Maandag is. Nadat Eksteen haar voor die rekenaar ingelok en sonder welslae probeer skok het, het sy geskree en op haar bed gespring in ’n desperate poging om hom te ontkyk.

Eksteen het bo-op die tenger student gespring en haar vasgepen. Hy het weer probeer om haar bewusteloos te skok. Die skoktoestel het haar seergemaak, maar sy het nie haar bewussyn verloor soos hy beplan het nie.

Hy het probeer om haar vas te maak, maar slegs gedeeltelik daarin geslaag. In die geworstel het sy op die vloer beland. Hy het weer bo-op haar gespring en probeer om haar bene vas te maak, maar sy het haar teengesit en hy kon dit nie regkry nie. Hy het besef dat hy haar op ’n ander manier bewusteloos sou moes maak as met die skoktoestel, sodat hy haar kon vasmaak. Hy het sy weerlose slagoffer met sy vuus in die maag geslaan en haar begin wurg. Dit het Erin haar bewussyn laat verloor.

Eksteen het ’n sokkie in haar mond gesit sodat sy nie kon skree wanneer sy bykom nie. Hy het maskeerband om haar mond en nek geplak om die sokkie in plek te hou. Sy het weer haar bewussyn herwin en haar oë oopgemaak, waarop hy haar weer gewurg het. Maar kort daarna het sy wêr bygekom. In ’n poging om haar bewusteloos te hou, het hy ’n tou om haar nek vasgetrek.

Met Erin bewusteloos, het Eksteen die woonstel verlaat om die tas in sy motor te gaan haal. Hy het besef dat dit te klein was om Erin in te pas en het dit op die agtersitplek gesit voordat hy sy motor nader aan die woonstel getrek het.

Sy plan B was om Erin in die twee swart vullissakke te sit wat hy saamgebring het. Eksteen het dit gedoen en haar na sy motor gedra. Hy het die bewustelose student in die kattedak gesit en teruggekeer na haar woonstel om op te ruim. Toe het hy met haar na sy eie woonstel in

Kareestraat gery. Dit was deel van sy plan om haar daar onder kruisverhoor te neem oor haar weiering om 'n verhouding met hom aan te knoop.

In die woonstel het hy haar losgemaak. Sy was steeds bewusteloos en sy plan om antwoorde te kry het op niks uitgeloop nie. Met Erin magteloos, was Eksteen skielik heelwat dapperder. Hy was nou reg om tot die volgende fase van sy siek plan oor te gaan: Om ontslae te raak van die seksuele frustrasie wat al so lank in hom opgebou het.

Hy het haar klere uitgetrek “om te sien hoe sy kaal lyk”, het sy pleitverduideliking gelui. Volgens die Valkenberg-verslag het hy haar toe “seksueel verken”. Sy beweegrede was “dat hy nog nooit seks gehad het nie en daaroor wou uitvind”. Dit was dié dade wat later tot die dubbele klag van verkragting teen Eksteen sou lei. Hy het vroeër probeer om met Erin seks te hê, maar kon nie, ten spyte daarvan dat hy na pornografie op sy rekenaar gekyk het om sy lus aan te wakker.

Ná hierdie mislukte poging om die bewustelose Erin nogmaals te verkrag, het hy in die badkamer gaan aantrek.

Dit is onduidelik presies wanneer Erin gesterf het. Luidens die Valkenberg-verslag was sy reeds dood toe Eksteen onsuksesvol probeer het om omgang met haar te hê. Volgens sy pleitverduideliking het sy nog gelewe toe hy haar seksueel aangerand het en het hy eers met sy terugkeer uit die badkamer opgemerk dat sy nie meer asemhaal nie. “Sy het ook nie 'n pols gehad nie en hy kon nie haar hart voel klop nie. Hy het besef dat sy gesterf het.”

Hierna het Eksteen weer haar hande aan haar bene en voete vasgemaak sodat sy in 'n fetale posisie was. Hy het haar in sy duvet toegedraai en in die swart vullissakke teruggesit. Saam met 'n graaf wat in die motorhuis was, het hy haar liggaam in sy motor se katebak gelaai.

Van daar is hy na Elandsbaai, waar hy ure lank aan 'n graf tussen die duine gegrawe het. Hy het Red Bull en Energade gedrink om hom met dié uitmergelende taak te help.

Die volgende dag het hy na Franschhoek en daarna na Durbanville gery en ontslae geraak van items wat hom moontlik met Erin kon verbind. Terwyl hy in Durbanville was, het die polisie hom geskakel en het hy teruggery na Stellenbosch sodat die ondersoekbeamptes hom kon ondervra.

In Maart 2012 het Eksteen sy gevangenisstraf van 30 jaar begin uitdien. Hy behoort teen 2022 vir parool in aanmerking te kom en sal heel

waarskynlik in 'n slagoffer-oortrederprogram geplaas word, waarin Erin se familie ook hul insette sal kan lewer.

Teen die tyd dat die tronkdeur agter Eksteen toegeklap het, was 'n jong vrou in die fleur van haar lewe dood en twee ouerpare gebroke. Eksteen se lewe was ook aan skerwe – nie deur Erin se toedoen soos wat hy beweer het nie, maar deur sy eie.

Sy brandende begeerte het alles in sy pad verteer.

1 Die dag nadat Erin se liggaam opgegrawe is, het Nel in die nag skielik wakker geskrik, want asof in lewende lywe het hy Erin langs sy bed sien staan. Sy het haar hand op sy wang gesit. Dit was vuurwarm. Nel was natgesweet. Dit het vir hom gevoel asof sy vir hom kom dankie sê het dat hy haar daar tussen die verlate duine kon vind.

KLAAS JONKHEID:

Moordbroers

Hy het in 'n bos Port Jacksons naby 'n voetpad gelê – swart gebrand.

Die hemelruim was grys daardie Saterdagmiddag, 30 Mei 2009, toe 'n verbyganger hom naby 'n onwettige stortingsterrein agter die St. Paul-kerk in Faure opmerk. Faure is 'n piepklein woonbuurt en ligte nywerheidsgebied langs die historiese Vergenoegd-wynlandgoed naby Stellenbosch en lê ingedruk tussen Eersterivier en Somerset-Wes.

Fransie Heathcote was omstreeks 12:30 op pad na sy niggie in die nabygeleë Macassar toe 'n man hom op 'n voetpaadjie voorkeer. “Hy het verduidelik – deur met sy hand oor sy keel te sny – dat hy op 'n lyk afgekom het,” het hy later vertel. Hy het gaan kyk.

Die oorledene het op sy maag op 'n hoop sand gelê. Stukkies van sy baadjie en gestreepte hemp het aan sy lyf gekleef. Sy verskroeië swart jeans was effens afgetrek. Op sy rug was twee half gesmelte bankkaarte. Eenkant het 'n papiertjie gelê wat van 'n Protea-hotel afkomstig was. Daar was twee swart gaatjies aan weerskante van sy kop – een klein en een groter.

“Ek het gaan kyk en eers nie presies geweet wat dit was wat daar gelê het nie. Ek het toe met my wysvinger daaraan gedruk omdat ek nie seker was of dit 'n mens of 'n pop was nie.” Hy het dadelik die polisie ontbied.

“Hy is geskiet. Dis 'n moordtoneel,” het spurkonst. Stephen Adams teenoor sy kollega, konst. Marlon Appollis, opgemerk. Hulle was die eerste polisielede op die toneel. Dit is met geel polisielint afgebaken, die eenheid teen georganiseerde misdaad is verwittig en forensiese deskundiges is ontbied.

Die polisie is intussen ook na 'n oop veld ontbied, aan die ander kant van Van Riebeeckweg, wat daar naby verbyloop. Daar, naby hoë Eskom-kragmaste, het hulle die gestroopte en heeltemal uitgebrande wrak van 'n

motor gevind.

Die “A-span” – Appollis, Adams en insp. George Ainsley van die eenheid teen georganiseerde misdaad – was vas oortuig die wrak hou verband met die vonds op die stortingsterrein. Lede van die forensiese eenheid het die tweede toneel gefynkam vir leidrade om te bepaal of dit inderdaad so was. Daar was bitter min, maar tussen die as en die verbrande gras is ’n Toyota-kenteken en ’n vel papier opgetel wat van ’n Protea-hotel afkomstig was. Die polisiemanne het onthou dat ’n Johannesburgse besoeker die vorige dag in die Stellenbosch-omgewing vermis geraak het en dat hy in ’n blou gehuurde motor gereis het.

Doktor Klaas Jonkheid, wat in Parkhurst, Johannesburg, gewoon het, was ’n bekende in die reklamewêreld. Hy het drie dae tevore na Kaapstad gevlieg om ’n konferensie van die Suid-Afrikaanse Reklamenavorsingsvereniging (SAMRA) by die Spier-landgoed buite Stellenbosch by te woon. Hy moes onder meer voorleggings van ander konferensiegangers beoordeel. ’n Kamer is vir hom in die Protea-hotel in Tegnopark bespreek, oorkant die De Zalze-gholflandgoed buite die universiteitsdorp.

Toe Jonkheid die Vrydagaand nie om 19:00 by die afskeidsgeselligheid opdaag nie, het sy familie bekommerd geraak en toe hy nie die volgende dag sy vlug huis toe haal nie, het sy vrou, Liezel, rasend van kommer Kaapstad toe gevlieg om hom as vermis te gaan aangee. Die oorskot op die stortingsterrein is gou as syne uitgeken.

’n Polisiewoordvoerder, kapt. Rene Matthee, het aan joernaliste wat op die storie toegesak het gesê Jonkheid het die Spier-landgoed Vrydag omstreeks 15:00 verlaat. Hy sou later terugkeer vir die geselligheid daardie aand. Sy huurmotor was ’n Toyota Yaris van Avis Rent a Car.

Skokgolwe het deur die reklamewêreld getrek toe die nuus van Jonkheid se aaklige dood bekend word. Hy was die stigter van The Consumer Psychology Lab, spesialis in reklame- en kommunikasiestrategie. Hy was onder meer voorheen ook die hoof van navorsing en strategie by ’n groot advertensie maatskappy en ’n dosent. Hy was ook lid van die Vereniging vir Verbruikersielkundiges in Amerika.

Jonkheid was vanweë sy kennis en ervaring in aanvraag as spreker. Hy het sterk handelsmerke en kommunikasiestrategieë vir verskeie groot maatskappye ontwikkel. Ten tyde van sy verdwyning was hy juis besig met

navorsing vir die herontwerp van die Kaapse koerant *Die Burger* en het hy 'n landwyse studie van die bruin lesersmark vir dié koerant voltooi.

Sy bedroefde familie het gebid dat hul geliefde se moordenaar gou vasgetrek word. Dit sou nie lank duur nie, te danke aan goeie speurwerk, maar ook die misdadigers se flaters.

Die senior forensiese patoloog dr. Daphne Anthony het om 09:15 op 1 Junie 2009 by die Medico Legal-laboratorium op Stellenbosch met haar lykskouing begin. “Lengte 1,8 m. Gewig 90 kg. Goeie voeding en fisiek gespierd,” het sy aangeteken.

Die oorledene se gesig was vol sand en roet. Daar was 'n skaafmerk aan die regterkant van die nek, oppervlakkige brandwonde met roet aan die liggaam en bloed in die neusholtes. Sy maag was ongeskonde en leeg, het sy bevind.

Inspekteur Johannes Gerber van die polisie se ballistiese eenheid was teenwoordig. Hy wou meer weet van die skietwond van sowat 15 mm × 12 mm aan die regterkant van die kop, bokant die oor.

Anthony het vir hom gewys dat die trajek van die koeël afwaarts en agtertoe was. Die uitgangswond van 25 mm × 20 mm aan die linkerkant van die kop was agter die linkeroor en het 'n stervormige letsel in die kopvel gelaat. Anthony het die oorsaak van dood as “deurdringende kopwond en gevolge daarvan” aangeteken.

Ná die lykskouing is Gerber weer na die toneel waar die uitgebrande motor gevind is. Hy het die wrak vir enige teken van 'n koeëlgat deursoek, maar niks gevind nie.

Speurders Adams en Appollis het gemeen indien hulle Jonkheid se vermiste selfoon kon opspoor, hulle op die spoor, hoe dof ook al, van Jonkheid se moordenaars sou kon kom. Hulle het die laaste plekke waar die foon geaktiveer was laat nagaan, maar aanmekaar by die selfoontoring langs die weermagbasis naby Faure uitgekom. Toe laat die speurders 'n pieng na die selfoon stuur.

Die Maandag, twee dae nadat Jonkheid se liggaam gekry is, het hulle goeie nuus gekry: Die foon het die pieng beantwoord en daar is met Vodacom se hulp bepaal dat die sein van 'n huis in 'n buurt somer naby die moordtoneel kom – Stratford Green, 'n buurt in Eersterivier langs die kruising van Baden Powell-weg (R310) en die R102.

Die speurders het 'n lasbrief bekom en nog dieselfde aand na die adres

gegaan. Dit was die huis van 'n pastoor, David Smith, by wie meer as een van sy volwasse kinders gewoon het. Toe hulle by die huis instap, het een van die pastoor se dogters op die rusbank met 'n selfoon gesit. Toe sy die speurders sien, het sy probeer om die foon ongemerk op die bank van haar af weg te skuif.

Die speurders is die trappe op na die boonste kamers. Daar het hulle op 'n noodwiel en 'n radio/CD-speler afgekom wat uit 'n motor gehaal is. Hulle het die huis behoorlik deursoek en nog motoronderdele en 'n motorbattery gekry, asook 'n Norinco 9 mm- Parabellum-pistool met 'n leë magasyn, drie 9 mm- Parabellum-patrone en twee R5-patrone.

Die pistool het aan pastoor Smith behoort. Jonkheid se eksklusiewe horlosie wat sowat R15 000 werd was, was egter vermis.

Die speurders het teruggekeer na die voorhuis en wou weet wie se selfoon op die rusbank lê. Hulle het die dogter, Victoria, begin uitvra en toe hulle druk op haar plaas, het sy met die sak patats vorendag gekom. Sy het vertel haar broers, Wayne en Elton Smith, het die selfoon by die huis aangebring. Hulle het dit later aan iemand anders verkoop, maar die persoon was nie tevrede daarmee nie. Toe ruil sy haar foon met hom. Die foon se simkaart was lankal vervang.

Die broers sou later, voor hul hofsak, toegee dat hierdie feite korrek is, asook die feit dat hulle die motorradio en noodwiel by hulle gehad het.

Toe die speurders die twee broers begin ondervra, het hulle opgemerk dat Wayne brandmerke aan sy gesig het.

Die speurders het albei in hegtenis geneem, asook nog twee mense in wie se besit van die vermiste items gevind is. Hulle het beslag gelê op Wayne (23) se bruin Bronx-stewels, Elton (22) se blou Nike-tekkies en 'n paar blou jeans, en het sandmonsters van die skoene se sole laat neem.

Die vier verdagtes is deur aanklagte van moord en die diefstal van 'n voertuig in die gesig gestaar en is in Bellville-Suid se polisiekantoor aangehou. Twee van die vier kon nie met die misdaad verbind word nie en is vrygelaat. Waarskuwende verklarings is aan die Smith-broers uitgereik dat hulle van moord aangekla gaan word.

Dit is aan hulle gestel dat hulle op die stortingsterrein en ook naby die R301 by die moord op Klaas Jonkheid en die diefstal van sy motor betrokke was en dat die oorledene geskiet en sy gehuurde motor uitgebrand is om bewyse van die misdaad te vernietig.

Elton het blykbaar besef dat sy doppie geklink is en het in slêngtaal en met die gepaardgaande handgebare aan die ondersoek beampte vertel:

“Vrydagaand Meneer, omtrent so seven o’clock, het ek in Old Faure Road geloop, Meneer. Ek het gesien ’n wit man met ’n blou kar tel ’n prostituut op. Hy ry toe die bos in. Dis ’n hele ent voor my in die pad wat hy ingedraai het die bos in.

“Soos ek aangeloop kom toe hoor ek ’n skoot klap in die bos in. Ek besluit toe om te gaan kyk want ek dag toe die ou het die prostituut geskiet. Toe ek daar kom, toe sien ek dis die Bobby wat ek ken. Hulle call hom ook ‘Ses’. Hy sien my en sê vir my ek moet stilbly en sê ek het niks gesien nie.

“Die prossie is ’n dik girl. Ek ken net haar by die gesig en weetie haar naam of waar sy bly nie. Ek sal haar aan die polisie kan uitwys. Die prossie loop toe weg. Die wit ou het langs die kar gelê met sy broek op sy enkels. Dit was ’n swart broek en ’n swart baadjie wat die ou aangehad het. Hy het by die passenger deur op sy maag gelê.

“Bobby het my gesê ek moet die kar gaan uitbrand dan kry ek die helfte van als. Die key was in die ignition. Bobby het my ’n Samsung phone, R300 en ’n witgoud-ring gegee. Hy sê toe ek moet die kar gaan brand. Ek het toe uit die bos gery.”

Hy het ook vertel dat hy sy meisie, Samantha, en sy broer by die huis gaan oplaai het, maar dat hy hulle later weer afgelaai het. Hulle het petrol gekoop en dit op die motor se sitplekke uitgegooi. “Ek het die tape, spare wheel en battery in die kar gevat voor ek die kar gaan uitbrand het.

“Ek het nog nie weer vir Bobby ná Vrydagaand gesien nie. Ek weet okie waar hy nou is nie.” Hy het volgehou dat Bobby die slagoffer geskiet het. “Ek het ’n gun by Bobby gesien. Die gun is groter as die wat die polisie dra. ’n Swarte. Dit was by sy broek voor ingesteeek.”

Die speurders het Samantha Rinqest opgespoor en sy het ’n verklaring oor die gebeure van Vrydag 29 Mei 2009 afgelê. Sy het gesê sy was saam met die Smith-broers by hul ouerhuis in Stratford Green.

Elton, haar kêrel, is die middag by die huis weg en sy het hom om 17:00 gaan soek, maar kon hom nie kry nie. Wayne het later, om 18:30, ’n mes en ’n graaf gevra. Hy was ’n halfuur later terug en het gesê Elton soek haar. Hy het buite die erf langs ’n silwer motor gestaan.

Sy het vir hom ’n sigaret gevra. Hy het nie een gehad nie, maar aangebied dat hulle sigarette gaan koop. Sy het agter in die motor geklim. Elton het vir

Wayne gevra om 'n noodwiel in die huis se erf te gaan neersit. Hulle is daarna na die Total-vulstasie op die Stellenbosch-pad in Eersterivier.

Tydens die rit het sy vir Elton gevra waar hy aan die motor kom. Hy het geantwoord dat dit aan 'n vriend behoort. By die vulstasie het hy 'n R100-noot uit sy sak gehaal en sigarette gaan koop.

Sy het toe vir Wayne gevra: “Elton sê dit is 'n legal kar, maar al twee voordeure se ruite is stukkend. Kyk hoe steek daar nog glasstukke uit.” Wayne het nie geantwoord nie, net die glasstukke uitgehaal en na buite gegooi. Sy het toe besef “daar is iets nie reg met die kar nie” en het daarop aangedring dat hulle haar gaan aflaai, “want ek voel die kar is nie legal nie”.

Hulle het self sowat 'n halfuur later teruggekeer, sonder die motor. “Wayne was gebrand en sy baadjie was ook gebrand. Elton het iets gedra wat in sy baadjie toegedraai was.”

Sy het Wayne se brandwonde versorg. Hy het verduidelik dat hy by 'n ghellie ('n vuurkonka) gebrand het, maar Elton het gesê sy broer het gebrand toe hy petrol oor die motor gegooi het.

Die volgende dag, Saterdag, het Elton sy pa se motor gaan haal. Toe hy terugkeer, het hy 'n swart Samsung-selffoon, twee selffoonluidsprekers en 'n trouband aan sy vinger gehad, het Samantha gesê. Sy het ook dieselfde dag 'n motorradio in die huis gekry. Die Smith-broers sou later erken dat die witgoud-ring vir R170 aan 'n pandjieswinkel in Eersterivier verkoop is.

Samantha het die Maandag by haar suster gehoor dat 'n man doodgeskiet en sy motor uitgebrand is. Ook dat 'n verdagte in die gesig gebrand is. Hoewel Elton alles teenoor haar ontken het, het sy besef hulle was by die moord betrokke.

Sy het by navraag gesê sy ken wel 'n man wat hulle “Ses” noem. Sy regte naam is Marius en hulle het hom ook “King” genoem. Sy het hom nie daardie Vrydag saam met Elton of Wayne gesien nie.

Gerber het intussen weer die stortingsterrein besoek, dié keer om 'n deeglike rekonstruksie van die misdaad te doen, maar hy kon geen forensiese getuienis van 'n skietvoorval vind nie.

By die kantoor het die span speurders in die Smith-familie se agtergrond begin grawe.

Die egpaar David en Portia Smith het 20 jaar tevore uit Tafelsig, Mitchells Plain, na Stratford Green verhuis omdat hulle 'n veiliger

omgewing vir hul kinders gesoek het. Toe was dit 'n rustige buurt, maar oor die jare het dinge ook daar ten kwade verander, het Portia gesê. Sy was 'n huisvrou en haar man 'n pastoor en ook 'n toesighouer by 'n konstruksie maatskappy.

Wayne is in graad 9 uit die skool en het vier jaar as handlanger by 'n bottelpakhuis op Stellenbosch gewerk voordat hy afgedank is. By konstruksie maatskappye in Bellville en Soutrivier is hy ook afgedank oor sy laatkommery en dwelmgebruik. Toe het hy 'n tyd lank by 'n vleisverwerkingsmaatskappy in Stikland gewerk, maar het bedank omdat hy glo nie die koue van die verkoelingsgeriewe kon hanteer nie.

In Junie 2007 het hy 'n man aangerand en moes hy 'n skulderkenningsboete van R150 betaal. In Desember 2008 was hy skoonmaker by die Spier-landgoed, maar hy het ná net 'n maand ander werk gesoek. Twee dae voordat hy by 'n kitskosrestaurant sou begin, is hy in hegtenis geneem weens die moord.

Elton was 'n tyd lank die trom- en kitaarspeler in hul gemeente se musiekgroep. Hy is in graad 8 uit die skool en het as skoonmaker en later as voorraadkontroleerder gewerk. Hy het ook as braaier in 'n restaurant gewerk, maar is oor oneerlikheid afgedank. Hy het toe met Amerikaanse vegbultetriërs geteel en selfone gesteel vir dwelmgeld.

In 2008 was hy werkloos, maar hy het in 2009 as skoonmaker by Spier gewerk. Hy het in daardie tyd 'n verhouding met 'n prostituut gehad.

Op 12 Maart 2009 is hy ses maande tronkstraf opgelê weens huisbraak en diefstal, wat opgeskort is vir drie jaar. Twee maande later is hy vir Jonkheid se ontvoering en moord gearresteer.

By Jonkheid se roudiens in Johannesburg het ds. Chunky Young opgemerk: “Is dit nie ironies dat hy juis aan die hande van dieselfde mense wat hy so graag wou help gesterf het nie?”

Jonkheid is by die diens onthou as 'n vriend met 'n voorliefde vir goeie wyn, whisky, die Bosveld, Harley Davidson-motorfietse en natuurfotografie. Dit was ook sy droom om Afrika in sy Pajero te verken.

Die staat was intussen besig om sy saak teen die Smith-broers te bou, onder meer deur die gekonfiskeerde 9 mm-pistool en die patrone forensies te ondersoek.

Op 'n koue dag in Julie 2009 het die Smith-broers in Stellenbosch voor landdros Anita Potgieter om borgtog aansoek gedoen.

Elton het aan die landdros vertel hy en Wayne het daardie Vrydag dagga gerook. Dit was al donker toe hy sommer “ ’n lekker loop gevat” het op die Ou Faure-pad. Dis toe hy ’n skoot hoor afgaan en besluit het om te gaan kyk waar dit vandaan gekom het. Hy het die prostituut op die voetpaadjie teëgekom.

Die staatsaanklaer, Alta van der Merwe, wou weet waarom hy wou gaan kyk het.

“Ek was ... ek het net ... ek was ... om die waarheid te sê ek was gerook ek wil net ... ek was voorbarig om te gaan kyk.”

Van der Merwe het opgemerk dat die beskuldigde “dareem baie waargeneem het vir iemand wat so gerook het en dit terwyl dit reeds donker was”.

Elton het ’n man by ’n motor gesien, het hy gesê. Die man het met die motorradio gepeuter. Hy het hom as Bobby, Terra of Ses herken met wie hy al ’n paar stoppe dagga gerook het. Hy was ’n koppelaar in die gebied. Bobby het hom R300 en ’n silwer ring aangebied om die motor te verbrand en het weggegaan.

Elton het getuig dat die motor se linkerkantste venster reeds stukkend was. Op Van der Merwe se vraag of dit net die linkerkantste venster was, het hy bevestigend geantwoord. Volgens Elton is hy met die motor na sy ouerhuis om Wayne en Samantha op te laai. Hulle het saam rondgery voordat hy en Wayne die motor aan die brand gaan steek het.

Die aanklaer wou weet waarom sy getuienis skielik verskil van sy vroeëre verklaring. “In jou verklaring het jy gesê jy het ’n wit man gesien wat ’n prostituut opgetel en in die bos ingery het. Jy het ’n skoot gehoor en ondersoek gaan instel en gesien ’n wit man lê langs die motor met sy broek by sy enkels. En jy het sy klere geïdentifiseer.”

Elton het geantwoord dat sy hofweergawe die korrekte een is.

Inspekteur Ainsley het getuig dat die oorledene ’n letsel aan die regterkant van sy gesig gehad het, wat sou kon aandui dat hy van elders af gesleep is. Verder het hy al baie nagte sonder sukses na die prostituut en Bobby gesoek.

Wayne het getuig dat hy geen idee gehad het wat gebeur het nie, totdat sy broer hom by die huis kom oplaai het. Hy het sy gesig gebrand toe hy die motor met die petrol wat Elton uit dieselfde motor gesuig het aan die brand gestee het.

Die broers se borgtogaansoek is op 27 Julie van die hand gewys. Potgieter het in haar uitspraak gesê die beskuldigdes het die hof probeer mislei. Hulle het ook valse inligting aan die polisie gegee. “Dit is slegs deur goeie speurwerk dat hulle vasgetrek is,” het sy gesê. “ ’n Lewe is geneem op die wreedste manier met die oog op finansiële verryking.”

Die saak is na die hooggeregshof in Kaapstad oorgeplaas, waar dit presies ’n jaar later begin het. Volgens ’n patoloog, dr. Daphne Anthony, is Jonkheid in sy regterslaap geskiet en het hy oombliklik sy bewussyn verloor. Hy sou nie langer as ’n paar minute geleef het nie. Die vuurwapen is nie naby sy kop gehou nie.

Sy gesig was vol sand en as. Bloed het uit albei sy neusgate gestroom en daar was skaafmerke aan sy regterwang en die regterkant van sy nek. Hy het waarskynlik geleef toe hy die skaafmerke opgedoen het, aangesien die merke vars en rooi was. Daar was ’n gat in sy baadjie en volgens Anthony was dié kledingstuk waarskynlik oor sy kop getrek toe hy geskiet is.

Samantha Rinquest het getuig hoe Elton Wayne haar die aand van die 29ste in ’n vreemde motor opgelaai het. Hy het gesê die kar behoort aan ’n vriend by sy werk. Elton het vir Wayne gesê om ’n graaf en ’n mes te kry. Die twee broers het later die aand weer daar aangekom, maar dié keer sonder die motor.

“Wayne se gesig en jacket was gebrand. Ek het vir Elton gevra wat gebeur het. Hy het gesê Wayne het by die kar gebrand. Hy het gesê Wayne het die kar vol petrol gegooi en dit aan die brand gestee. Vlamme het toe in sy gesig gespat.”

Sy het twee dae later gehoor van die man wat geskiet en verbrand in die bos gekry is en toe sy vir Elton daarvoor vra, het hy gesê: “Mentha, jy dink tog nie ek het die man doodgemaak nie?”

Elton het tydens sy getuienis ten sterkste ontken dat hy Jonkheid vermoor het en Wayne het ook aangevoer hy weet niks van die liggaam nie, hy het dit nooit gesien nie. Hulle het niks met die moord te doen gehad nie. Hy het volgehou dat Elton net die motor uitgebrand het nadat ene Bobby hom gevra het om dit vir R300, ’n selfoon, ’n ring en ’n horlosie te doen.

Regter Ashley Binns-Ward se uitspraak het oor drie dae, 7, 8 en 9 Desember 2010, gestrek.

Elton Smith is skuldig bevind aan moord, roof met verswarende omstandighede, die onwettige besit van ’n vuurwapen en die onwettige

besit van ammunisie. Hy het behaaglik gegaap waar hy in die beskuldigdebank gesit het.

Die regter het bevind die hof kon nie genoeg bewyse vind om Wayne Smith aan moord skuldig te bevind nie, maar was oortuig dat hy 'n begunstigde van die misdaad was. Hy is onskuldig bevind aan moord, “maar in terme van klousule 260 van die Strafproseswet is 'n skuldigbevinding aan die diefstal van 'n motor en van die persoonlike besittings van die oorlede teen hom aangeteken”.

Die hof het die broers se verduideliking verwerp dat daar 'n derde persoon was, ene Ses of Bobby, wat die moord gepleeg en die slagoffer se besittings aan hulle gegee het: “Die karakter Ses bestaan nie. Dit is niks anders as 'n poging van 'n amateur om verantwoordelikheid vir die moord en roof te ontduik nie.”

Binns-Ward het die broers in Februarie 2011 gevonniss. Hulle was in eenderse T-hemde geklee en hul gesigte was emosieloos. Nou en dan het hulle na hul ma in haar pienk bloes en maroen baadjie geloer.

Binns-Ward het gesê voorvonnissverslae toon 'n verontrustende beeld van die twee beskuldigdes as jong mans. Hulle kom uit 'n relatief stabiele familie. Hul ouers was al 30 jaar getroud en hul pa het goed genoeg in hulle materiële behoeftes voorsien, maar dit is duidelik die twee broers het van 'n baie jong ouderdom tekens van antisosiale of onvanpaste gedrag getoon. Hulle het in hul tienerjare dwelms begin gebruik en hulle daardeur aan onaanvaarbare gedrag skuldig gemaak, in so 'n mate dat dit hul skoolloopbane verongeluk het.

Elton is in graad 8 en Wayne in graad 9 uit die skool geskors. Hulle het albei toe gaan werk, maar kon geen werk lank behou nie. Hul belangrikste doelwit was om geld te kry vir dwelms.

Hul pa was as vragmotorbestuurder lang tye weg van die huis. Hul ma was geneig om oorbeskermend teenoor hulle te wees en dit is duidelik dat sy hulle bederf het. Hulle is byvoorbeeld toegelaat om haar motor te gebruik, al het hulle nie rybewyse gehad nie. Sy was ook tegemoetkomend oor hul dwelmmisbruik en selfs oor Elton se stelery om sy dwelmverslawing te finansier.

Dit was verswarend dat Elton onmiddellik ná die moord met sy daggarokery en kaartspelery kon aangaan asof niks gebeur het nie. Hy het ná sy inhegtenisneming en selfs tydens die verhoor absoluut geen teken van

berou getoon nie.

Elton is op aanklag van moord tot lewenslange tronkstraf en op die aanklag van roof tot 15 jaar gevonniss. Hy moes ook drie jaar uitdien vir die onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie.

Binns-Ward het gesê Wayne het 'n gemeenskaplike doel saam met sy broer gehad om die gehuurde motor en die persoonlike eiendom van die oorledene te steel en dit was verswarend. Ook hy het geen berou getoon nie en gee die hof min hoop dat hy sal hervorm, of gerehabiliteer sal kan word. Hy is tot sewe jaar tronkstraf gevonniss omdat hy 'n begunstigde van die moord was en ses jaar vir diefstal.

Elton se aansoek om verlof tot appèl teen sy vonnis is nog dieselfde dag van die hand gewys.

Die twee broers, wat heeltyd kop in een mus was, is finaal tronk toe, danksy harde werk en die selfoon waarvan hulle nie behoorlik ontslae geraak het nie.

CHARMELIN DAVIDS:

Krokodiltrane rol verniet

Op 'n wintersoggend in Mei 2009 stap die 36-jarige Charmelin Davids rustig in Stellenbosch se Stoffel Smitstraat af nadat sy pas haar Saterdaginkopies gedoen het. Die mollige vrou was lief vir mooi aantrek. Sy het altyd geglo klere laat 'n mens goed voel oor jouself. Sy het 'n halssnoer van blou krale gekies om by haar groen jeans en gestreepte trui te dra, met 'n helderkleurige handsak om die prentjie af te rond.

Haar man, Jerome, het haar daardie oggend met die werk se Corsa-bakkie by die kaasfabriekwinkel in Stellenbosch se nywerheidsgebied afgelaai en gesê hy gaan na die Merriman Racing Club verder in die straat af om sy “*luck* daar te gaan *try*”.

Omdat dit 'n Saterdagoggend is, is daar min verkeer in die stil straat. Skielik raak Charmelin bewus van 'n man met 'n balaklawwa wat agter haar stap. Hy is amper op haar. Sy gil. Die man gryp haar aan die linkerarm. In sy regterhand is 'n mes. Hy lig sy hand hoog en steek haar vinnig in die nek en die skouer voordat hy op vlug slaan.

Charmelin sak verdwaas op die grond neer, terwyl bloed oor haar bors stroom. 'n Motor ry nader terwyl die bestuurder aanhoudend op die toeter druk. Hy jaag agter die vluggende aanvaller met die balaklawwa aan.

Intussen hou 'n vrou wat die aanval in die truspieël van haar motor gesien het stil en hardloop na die sittende vrou in die pad. Sy het 'n “goedgeboude aanvaller” by haar motor sien verbyhardloop en om die draai verdwyn.

Die man in die motor merk die vluggende aanvaller in John Costastraat op. Hy probeer om die man met sy motor te stamp, maar dié hardloop om die motor en by die Merriman Racing Club in.

Die man hou stil en bel die polisie op sy selfoon. Hy was al voorheen in die gebou en weet daar is slegs een in- en een uitgang. Terwyl hy buite op die polisie wag, kom die aanvaller skielik uit die gebou, maar hierdie keer

in ander klere as wat hy vroeër aangehad het. Toe die aanvaller die man sien, draai hy in sy spore om en hardloop terug in die gebou in. Die man bly buite die gebou staan.

'n Predikant van Bellville wat met sy vrou op pad na die kaaswinkel was, kom ook op die toneel aan waar Charmelin aangeval is. 'n Dokter wat pas van 'n bergfietswedren af gekom het, gee die gewonde vrou noodbehandeling.

Die geskokte predikantsvrou buk by die vrou en vra haar naam. Charmelin prewel 'n onduidelike naam, maar kan wel 'n selfoonnommer gee, dié van haar man, Jerome. Die vrou bel hom en lig hom in dat sy vrou seergekry het. Hy kom dadelik, sê Jerome, maar hy wil eers weet waar sy vrou is. “Die kaasfabriek,” sê die vrou.

Intussen besef die dokter dat Charmelin se toestand versleg. Om 12:18 begin hy met hartmassering toe hy geen polsslag kan voel nie. “Sy is besig om te sterf,” sê hy stroef vir die predikantspaar. Hulle besluit om te ry, want hul kinders in die motor het begin huil.

Toe 'n sigbaar bekommerde Jerome op die toneel kom, trek hy sy bakkie op versoek van die dokter nader, maar vertrek later om sy motor by die huis te gaan haal.

Nog 'n dokter daag op en help met die hartmassering, maar Charmelin het geen polsslag meer nie en om 12:35 verklaar die eerste dokter haar dood.

* * *

Konstabel Lamleli Zwakala het omstreeks 13:00 by die toneel opgedaag. Hy het dadelik die ambulans, polisiefotograaf en forensiese patologiesdienste ontbied. Hy het inligting gekry dat die vrou se aanvaller by die Merriman Racing Club ingehardloop het en hom daarheen gehaas.

Die man wat die aanvaller agtervolg het, het hom as Regan Petersen voorgestel. Petersen was van Bishop Lavis en het die oggend na sy werkgewer, Avis, se kantoor in Stoffel Smitstraat gery toe hy op die aanval afkom.

“Toe ek die man sien, het ek die gevoel gekry dat hy nie 'n skollie of misdadiger is nie. Hy het vir my baie beskaafd gelyk,” het Petersen later in

'n verklaring gesê.

Hy het Zwakala na die gebou gevolg. Op die trappe is 'n blou baadjie opgetel. In die toilet is 'n swart sweetpakbroek, 'n paar wit-en-swart Millé-tekkies en geel handskoene gevind en in die baadjie se sak was 'n vrugtemes met vars bloed op. In die toilet was 'n venster wyd oop. Die aanvaller kon dalk daardeur ontsnap het. Ongeveer 80 m van die toneel in George Blakestraat het die polisie ook 'n swart Diesel-mus opgetel.

Intussen het 'n oom van Charmelin, Herold Alfestus, by sy huis in Idasvallei 'n oproep van Jerome ontvang: Charmelin is in Plankenbrug gestee. Alfestus het in sy Honda-motor na die toneel gejaag. Die polisie en ambulans was reeds op die toneel, maar Jerome was nie daar nie. Hy het tien minute later opgedaag en met 'n sug van verdriet by die blou kombers wat sy vrou bedek het gekniel. Hy het die kombers van haar gesig gelig en haar betraand gesoen. Op die warm teer het 'n groot plas bloed begin stol.

Jerome het na Alfestus geloop. Die ouer man het Jerome 'n druk gegee en in die proses het bloed wat op Jerome was op Alfestus se pienk T-hemp beland. Alfestus het vlugtig opgemerk dat Jerome beserings aan sy regterelmboog het, maar hom eers nie daarna gevra nie. Hy het Jerome met sy motor na die Stellenbosch MediClinic geneem.

Speurkonstabel Stephen Adams was op bystandsdiens vir die dag. Hy het om 13:24 op die toneel aangekom. Zwakala het hom oor die gebeure ingelig en dat die oorledene se man daar was en haar handsak saamgeneem het.

Adams het met Herold Alfestus, wat intussen na die toneel teruggekeer het, gesels. Alfestus het vir die speurder vertel dat Jerome hom om 12:31 gebel het en dat Jerome die werk se bakkie en sy vrou se handsak na sy huis in Cloetesville geneem het. Volgens Alfestus het Jerome ook gesê dat 'n onbekende vrou hom gebel en ingelig het van 'n aanval op Charmelin en ook dat hy nie sy vrou hospitaal toe geneem het nie, omdat dit teen die maatskappy se beleid is dat private persone in hul bakkie vervoer word. Daarom het Jerome die bakkie huis toe geneem en terug na die toneel gehardloop.

Adams het rooi vlaggies begin sien. Indien dit 'n roof was, hoekom het die vrou se handsak agtergebly? Hoekom het haar man haar nie hospitaal toe geneem nie en hoekom het hy die bakkie huis toe geneem en die sowat 4,5 km teruggedraf? Sou 'n redelike mens dit doen?

Adams het daar en dan besluit om met die oorledene se man te praat. Hy

wou die hele storie by hom self hoor.

Jerome (Bones) Davids, 'n kranige sokkerspeler by die Spes Bona-sokkerklub in Cloetesville, en Charmelin was lank saam voordat hulle getrou het. Hy het Charmelin na haar matriekafskeid vergesel. Vriende het Jerome beskryf as “altyd nice, jolly en jokerig”, iemand wat oral ingepas het. Hy was eers 'n tegnikus by Telkom en het later by ExperiCo: Fruit Technology Solutions gewerk. Die egpaar was tien jaar getroud en kinderloos. Hul vriende het net met lof van die twee gepraat.

Charmelin se broer, Denwer Adams, is ná die nuus dat sy suster dood is na Jerome se huurhuis. Hy het sy bedroefde swaer in die hoofslaapkamer aangetref. Denwer het nog geen inligting oor die moord gehad nie en het gehoop dat Jerome hom kan help. Hy was immers die laaste een wat sy vrou lewend gesien het.

Die dokter het kalmeerpille vir Jerome voorgeskryf en hy was lomerig en huilerig. Op die bedkassie was 'n glas koeldrank en 'n hamburger onaangeraak.

Adams het sy primêre ondersoeke om 15:25 afgehandel en om 15:40 is hy, konst. Marlon Appollis en insp. Andre Manus, na Jerome se huis.

Die somber huis het reeds gewemel van familieleden wat die gebroke man kom ondersteun het. Jerome het op sy bed gelê, steeds lomerig van die kalmeerpille.

“Waar is die handsak?” wou Adams van Jerome weet en Jerome het dit aangegee. Daar was 'n Motorola V360-selffoon en 'n swart beursie met nagenoeg R300 in kontant in die sak.

“Ek dink nie roof was die motief vir die moord nie,” het Adams teenoor Jerome en Alfestus opgemerk. Jerome het onbeheerbaar emosioneel geraak en inmekaar gestort. Sy familie moes hom troos.

In Adams se kop het 'n sinistere prentjie begin vorm aanneem. Hy het Jerome vir sy selffoon gevra, want hy wou die nommer van die vrou wat Jerome vanaf die toneel gebel het kry. Jerome het 'n Nokia-selffoon aan Adams gegee en gesê hy kan die selffoon saamvat.

Adams het die familie versoek om geen medikasie vir Jerome te gee nie, aangesien hy hom die volgende oggend by sy kantoor in Adam Tasweg wou spreek en dan moes Jerome helder wees. Die familie het ingestem.

By sy kantoor het Adams deur Jerome se selffoon gegaan. Hy het 'n nommer met die naam “Chantal Ramjee” gesien. Die boodskappe van haar

was baie “flirty en romanties”. Daar was ook baie foto’s van Jerome en ’n onbekende vrou. Adams het die foto’s aan Manus gewys. Dié het die vrou herken omdat sy by die Edgars-klerewinkel in die Somerset Mall in Somerset-Wes werk en haar familie toevallig in dieselfde buurt as hy woon.

Die volgende dag, Sondag 10 Mei, het Alfestus met Jerome by Adams se kantoor opgedaag, gevolg deur Denwer en Jerome se pa, Willy.

Toe Jerome weer ineenskort, het Alfestus gesê Jerome het die oggend vroeg ’n klomp slaappille gedrink. Adams het Alfestus gevra om Jerome dadelik na ’n dokter te neem, want hy was nie in ’n toestand vir ’n onderhoud nie. Adams het ’n sterk gevoel gekry dat Jerome met opset ’n onderhoud probeer vermy. Hy het Denwer na sy kantoor geroep en hom uitgevra oor sy swaer se verhouding met sy suster.

Hul huwelik was stormagtig en Charmelin het vermoed dat Jerome haar verneuk, het Denwer geantwoord. Iemand het hom ook vertel dat sy swaer met ’n vrou van Somerset-Wes deurmekaar is. Dit het Adams se vermoede oor die foto’s en boodskappe op Jerome se selfoon bevestig.

Hy het Denwer die swart sweetpakbroek en tekkies wat in Merriman Racing Club gevind is, gewys en gevra of hy dit herken. Denwer se oë het gerek toe hy die blou Eski-baadjie met die Eskimo-kappie en die tekkies sien. Charmelin het in 2007 dieselfde swart tekkies vir die twee mans gekoop. Sy eie paar was al verslete en hy het dit weggegooi. Toe hy in November die vorige jaar na ’n dans is, het hy Jerome s’n geleen.

Die sweetpakbroek het ook soos Jerome s’n gelyk, so ook die blou knieskerm wat Jerome ná ’n besering in ’n sokkerwedstryd gedra het. Die baadjie en handskoene het vir Denwer gelyk soos dié wat Jerome dra wanneer hy by sy werk in die koelkamers doenig is. Toe Adams die baadjie ophang, het die mes met droë bloed nog daaraan uitgeval. Op die staallem was die woorde “Richardson Sheffield Ltd”. In die regterkantste baadjiesak was ’n Lotto-kaartjie waarop in groen ink geskryf is: Ek soek tikkeld nou of jy is dood.

Denwer was in skok. Hy het toe die eerste keer begin besef sy swaer kon sy suster vermoor het. Hy het liggies begin bewe. Die afgelope 24 uur wou niemand hom enigiets sê oor wat eintlik gebeur het nie. Hy moes self antwoorde soek en almal was soos ’n toe boek.

Hy het nog die dag voor die moord na sy suster se huurhuis in Cloeteville gegaan. Hy het vroeër laat weet dat hy die twee wil sien. Toe

hy daar aankom, was Jerome in die badkamer, waar hy glo weggekrui het. Charmelin was hartseer omdat sy gedink het dat Jerome haar met 'n ander vrou verneuk, maar sy het vir Denwer gesê sy en Jerome “gaan oor begin” en hulle gaan daardie Sondag 'n diens in die VGK-gemeente in Cloeteville bywoon.

Denwer het weer sy woorde aan Jerome op hul troue onthou: “As jy my suster seermaak, sal jy met my te doen kry.” Hy het ook onthou dat hy 'n week voor sy suster se dood vir Jerome oor sy buite-egtelike verhouding gekonfronteer het, maar dié het die bewerings heftig ontken.

Denwer is 'n frisgeboude man en 'n gewese rugbyspeler vir Pniel Villagers-rugbyklub. Hy het soms op die dorp as uitsmyter by nagklubs uitgehelp. Hy was baie beskermend teenoor Charmelin omdat sy as kind sieklik was.

Hulle is deur hul enkelma, Rita, grootgemaak, het hy vertel. Hulle was die “voorkinders” (kinders wat voor die huwelik verwek en gebore is) van Agrey Dhelminie. Dit was moeilike tye. Ma Rita was skoonmaker by die NG-gemeente Welgelegen in Dalsig. Charmelin is vroeg gebore, op sewe maande. Die dogtertjie het breinvliesontsteking gekry en dokters was skepties oor haar verdere ontwikkeling. Sy het dikwels asma-aanvalle gekry en Rita moes dan met haar van hul woonplek in Luckhoffstraat met 'n buurman se motor na die hospitaal jaag of sy moes na die familiehuis in Erasmusstraat hardloop. Op 'n dag, toe Charmelin by Oude Werf-restaurant as kelnerin gewerk het, het sy weer 'n aanval gehad. Sy was so te sê dood, maar die hospitaal kon haar gelukkig bybring.

Charmelin was goed met naaldwerk en kosmaak. Sy het nie aan sport deelgeneem nie, juis weens haar siektetoestand. In 'n stadium was sy blind en kon nie loop nie. Sy was lank in Groote Schuur-hospitaal. Ná haar herstel het sy by 'n biltongwinkel in Beyersstraat gewerk en toe by 'n biltongwinkel in Pick n Pay, haar laaste werkplek voor haar dood.

Adams het ná sy gesprek met Denwer na die Protea-hotel in Tegnopark langs die De Zalze-landgoed buite Stellenbosch gery om met 'n getuie van die voorval gesels. Daarna het hy om 13:10 na die winkelsentrum in Somerset-Wes gegaan om met Ramjee te praat.

Ramjee het erken dat sy en Jerome 'n verhouding het en dat sy druk op hom gesit het om met haar te trou. Jerome het haar glo aan 'n lyntjie gehou en het net heeldyd gesê dat hy “op skei staan”, maar daar het niks van

gekom nie.

Sy het Jerome in Desember die vorige jaar op sosiale media ontmoet. Hulle het ook op Mxit gesels. Toe Jerome met hul eerste ontmoeting noem dat hy getroud is, het sy gesê hulle kan net vriende wees. “Ek het baie van Jerome begin hou en later het ons in ’n verhouding betrokke geraak. Ons het ’n intieme verhouding begin,” het sy vir Adams gesê. Sy het vertel dat Jerome in April 2009 glo ’n prokureur gaan spreek het omdat hy wou skei en dat hy gesê het sy vrou het na haar familie getrek.

Hy het Ramjee gereeld met ’n Corsa-bakkie besoek en nog op Vrydag, 8 Mei 2009 (’n dag voor sy vrou se dood), by haar gekuier. “Ons het gesels en hy is omstreeks 22:15 weg van my af. Jerome het vir my gesê dat hy Saterdag weer vir my kom kuier.

“Gedurende die tydperk wat ons bymekaar was, het Jerome my onder die indruk gebring dat hy op skei staan en dat sy vrou al uit die huis is. Ons het reeds oor ’n verlowing en oor ringe gesels. Ons sou trou sodra hy geskei is. Ek het nog nooit Jerome se vrou ontmoet nie. Sy het my al in die verlede op my selfoon gebel en my gekonfronteer oor die verhouding en dis al wat ons gepraat het. Ek was regtig verlief op Jerome.

“Jerome het nooit vir my gesê dat hy sy vrou sal leed aandoen nie. Op Saterdag 9 Mei 2009 om 13:36 het Jerome my gebel en gesê sy vrou is dood. Hy het gesê dat sy in ’n roof gestek is en hy het in tranes uitgebars.”

Adams is om 14:15 na Jerome se werkplek, ExperiCo Infruitec, waar hy ’n bestuurder, Martin Taylor, oor die baadjies wat werkers in die koelkamers dra uitgevra het. Die bestuurder het vir hom ’n blou Eski-baadjie gewys. Adams wou ook weet watter tipe messe hulle in hul laboratorium gebruik en hy is vrugtemesse gewys waarop “Richardson Sheffield Ltd” staan. Adams is ook handskoene gewys wat werkers dra. Dit was dieselfde as die handskoen wat die polisie in Merriman Racing Club opgetel het.

Terug op kantoor in Adam Tasweg het die speurders oor die saak gesels en tot die slotsom gekom dat Jerome Tremain Davids beslis bloed aan sy hande het. Dit was tyd dat hy kom gesels.

Omstreeks 15:30 het Jerome en sy pa, Willy, by die speurders se kantore opgedaag. Jerome was sigbaar op sy senuwees. Adams het hom ’n stoel gegee en agter die lessenaar stelling ingeneem. Eenkant het Appollis en Manus met aandag saamgeluister.

“Vertel my wat gebeur het,” het Adams vir Jerome gevra en hom stip aangekyk. Jerome het begin praat. Hy het dieselfde storie wat hy die vorige dag vir Alfestus vertel het aan Adams probeer verkoop.

“Waar was jy Vrydag 8 Mei omstreeks 20:00?” wou Adams weet. By sy vrou, het Jerome geantwoord. Adams was meedoënloos: “Ek het ’n verklaring onder eed dat jy in Somerset-Wes by jou skelmpie Chantal was.”

Jerome het met verbasing in sy oë geantwoord: “Ja, ek was.” Toe Adams hom vra hoekom hy lieg, het Jerome net na die grond gekyk. Adams het na Appollis en toe na Manus gekyk. Hy was gereed met sy troefkaarte.

Hy het die tekkies uitgehaal en dit op sy lessenaar geplaas.

“Dis jǒú tekkies,” het hy aan Jerome gesê.

Toe haal Adams die mes met die droë bloed nog sigbaar daarop uit en plaas dit ook op die lessenaar.

“En dis die mes waarmee jy haar gesteeek het.”

Jerome het skielik die mes van die lessenaar gegryp en dit by sy kop gehou asof hy homself wou leed aandoen: “Ek wil nie meer lewe nie!” Appollis het vorentoe gespring, die besete man gegryp en die mes afgeneem.

Jerome het sy kop in sy hande vasgegryp en geskree: “Oukei, Ek kan dit nie meer vat nie. Ek het dit gedoen. Ek het my vrou vermoor. Ek is jammer! Ek is jammer!”

Jerome se pa het ineengestort.

Adams het Jerome sy regte voorgelees en hom ten aanskoue van sy geskokte familieleden gearresteer. Hy is na ’n distriksgeneesheer geneem wat ’n J88-verslag oor sy beserings moes opstel.

Die nuus dat Jerome weens die moord op sy vrou agter tralies was, het soos ’n veldbrand deur die Bolandse dorp versprei.

Adams het Denwer met die nuus van sy swaer se arrestasie gebel. Dié was stomgeslaan. Hy het sy ma se gesig voor sy geestesoog gesien en gedink wat sulke nuus aan sy ma, wat drie jaar tevore oorlede is, sou gedoen het. Dit sou haar gebreek het.

Jerome se prokureur en ’n familielid wat in die polisiediens was, het ingegryp en hy is in die Stellenbosch-gevangenis aangehou, waar gewoonlik net gevangenes wat vir parool in aanmerking kom gehou word.

Die speurders het nog werk gehad om te doen, want die verdagte het nog nie gesê hoekom hy sy vrou vermoor het nie. Hulle het na die egpaar se

portefeulje en veral na polisse met hoë uitkeerwaardes gekyk. Daar was niks in die klousules wat aangedui het dat bedrae uitbetaal sou word nie. Die egpaar het ook 'n woonstel gehuur.

Watter voordeel sou Jerome dan uit sy vrou se dood kry? Die speurders het nog kopgekras en toe hulle Jerome se werklessenaar deursoek, het hulle afgekom op geskenke en briewe van Ramjee. Daar was geraamde foto's, duur reukwater en 'n sak met die woorde, "To Jerome Happy Birthday From Chantal".

Op 15 Mei 2009 het 'n dokter 'n verklaring by Adams ingedien dat die vermoorde sedert April 2009 vir 'n "major depressiewe episode as gevolg van huweliksprobleme" behandel en vir psigiatriese hulp verwys is.

Twee dae ná die moord het die patoloog dr. Daphne Anthony die lykskouing by die forensiese patologiedienste in Stellenbosch gedoen. Die oorledene was 1,6 m lank en het 110 kg geweeg. Op haar rug was 'n tatoe van 'n skoenlapper. Anthony het 'n steekwond van 22 mm onder die sleutelbeen gevind. Die linkerlong sowel as die hart is deur 'n skerp voorwerp gepenetreer. Daar was ook 'n 10 mm-steekwond aan die linkerboarm.

Terwyl die lykskouing aan die gang was, het Adams Jerome weer ondervra.

Jerome het effens mank geloop. Hy het ook skaafmerke aan sy elmboë en gesig gehad. Toe Adams hom daarvoor uitvra het hy geantwoord dat hy hom beseer het toe hy deur die venster by Merriman Racing Club gespring en buite in die straat deur 'n motor omgera is.

Jerome het toe skielik aangedui dat hy 'n bekentenis wil doen.

Adams het supt. Mike Barkhuizen van die eenheid teen georganiseerde misdaad gevra om Jerome se bekentenis af te neem. Jerome het sy storie by Barkhuizen se kantoor in Bellville vertel.

"Ek en my vrou het besluit om Saterdag 9 Mei 2009 na Zevenwacht Mall te gaan. Dit was omstreeks 11:45 die oggend. Ek het vir haar gesê dat ek net gou na Merriman Racing Club wil gaan om my balans uit te vind. Sy het toe gesê ek moet haar dan by Simonsberg-kaasfabriek aflaai sodat sy kaas kan koop. Sy wou ook by Demtex linne koop.

"Ek het haar toe met die bakkie by die kaasfabriek afgelaai. Ons het ooreengekom dat sy my 'n boodskap sou stuur as sy klaar is en dan sou ek haar op die hoek van George Blake- en Stoffel Smitstraat ontmoet.

“Ek het omgery na die Racing Club en die bakkie geparkeer voor ’n elektroniese besigheid aan die linkerkant van die pad. Ek het ingegaan en een *race* gespeel.

“My vrou het plus minus 20 minute later ’n *please call me* gestuur. Ek het uitgegaan en na die bakkie geloop. Ek het my ou swart sweetpakbroek wat ek agter in die bakkie gesit het oor my ander broek aangetrek. Ek het my wit Nike-tekkies uitgetrek en my swart Millé-tekkies aangetrek. Ek het my ou blou *kneepad* oor my gesig getrek om myself te vermom. Ek het my swart Diesel-*cap* op my kop gesit. Ek het die res in my *jacket*-sak gesit.

“Ek het toe George Blake-pad om geloop en op in Stoffel Smitstraat. My vrou het aan die linkerkant van die pad aangeloop gekom. Ek het verby haar gestap. “My vrou het toe skielik omgedraai en weer in die rigting van die kaasfabriek agter my aangeloop. Ek het omgedraai, ek het die mes uitgehaal en na haar gegaan.

“Sy het geskreeu: ‘nee, nee asseblief!’ Ek het haar toe begin steek. Ek weet nie hoeveel keer nie ... Ek het na die Racing Club gehardloop.

“Iemand het my met ’n voertuig gejaag. Ek is in by die Racing Club. Ek het my *jacket*, *tracksuit*-broek, *knee guard*, handskoene en tekkies uitgetrek en in die toilet gegooi. Ek het by die toiletvenster uitgespring en gehardloop tot by die bakkie. Ek het toe weer my wit Nike-tekkies aangetrek.”

“ ’n Vrou het my gebel en gesê van my vrou wat gestee is. Ek het gery tot by my vrou. Sy het nog gelewe. Ek het vir die vrou by haar gesê dat ek gou vervoer gaan soek omdat ek haar nie met die *company*-voertuig kan hospitaal toe neem nie.

“Ek het die bakkie geparkeer. Ek het my vrou se handsak en bril in die huis gesit en my grys *tracksuit*-broek aangetrek. Ek het toe gehardloop na die Cloetesville-polisiestatie waar ek vir ’n polisieman gevra het om my na Plankenburg te neem want my vrou is aangerand.

“Hy het my toe geneem. Daar het ek na my vrou gegaan en gesien sy is dood. Ek het inmekaar gesak.”

“Van wanneer af het jy hierdie voorval beplan?” het Barkhuizen gevra.

“Plus minus twee weke voor Saterdag het ek begin om dit te beplan.”

“Wil jy nog iets oor die voorval sê of vertel?”

“Ja, die sokkies wat ek aangehad het, is in die middelste laai in my kamer. Die kassie waar die lamp op staan. Ek mis my vrou.”

Kort voordat Jerome in die plaaslike landdroshof moes verskyn, het hy

versoek om met sy skoonfamilie te praat. Hy het huilend gevra dat die familie hom asseblief moet vergewe.

Denwer het net skor geantwoord: “Ek het jou vergewe, maar ek weet nie of ek ooit sal kan vergeet wat jy aan my suster gedoen het nie.”

Die moordsaak is na die streekhof oorgeplaas.

Intussen het die beskuldigde se uitgebreide familie en vriendekring met die tergende vraag gesit: Hoe kan ’n normale, opgevoede, vriendelike, liefdevolle mens sy vrou koelbloedig doodsteek? Die oorledene is deur familie as ’n liefdevolle, lewenslustige mens beskryf, iemand wat altyd omgee het vir haar medemens.

Ná sy bekentenis het Jerome in trane gesmeek om sy vrou se begrafnis by te woon. Haar familie het geweier.

Vir die familie was dit ’n moeilike tyd, het Denwer agterna gesê. Hulle kon steeds nie glo wat gebeur het nie. Charmelin was van kleins af baie lief vir die lewe. Weens haar asma, het sy letterlik vir elke dag geleef.

Denwer en sy vrou, Hybré, en sy sibbes, Barton, Mark en Melanie, wou hul suster onthou vir haar lewenslustigheid en haar positiewe uitkyk op die lewe.

Adams en Appollis het binne een maand nie net dié moord opgelos nie, maar ook nog twee hoëprofielmoorde, dié van die Johannesburgse bemarkingsnavorsers Klaas Jonkheid en die Mosselbaaier en Matie-student Erin van Rensburg. In al drie gevalle is die moordenaar binne 48 uur ná die moord aangekeer.

Jerome is einde Januarie 2010 na Pollsmoor-gevangenis oorgeplaas, waar hy in aanhouding gebly het totdat sy saak op Vrydag 5 Februarie 2010 voor die hooggeregshof gekom het. Die staatsaanklaer, adv. Anthony Stephen, het aan regter Anton Veldhuizen gesê dat die beskuldigde skuld gaan erken op die moord op sy vrou.

Jerome se advokaat, Lawrence Moffat, het dit bevestig en genoem dat sy kliënt probeer om ’n pleitooreenkoms met die staat te sluit en dat hy geen vorige veroordelings of enige rekord van geweld of ander misdrywe het nie. Die saak is tot Maandag 8 Maart 2010 uitgestel vir die aanhoor van sy pleitooreenkoms.

Die 40-jarige moordenaar is op sy vrou se 37ste verjaardag gevonnissen. In die stampvol hof het Jerome rustig gelyk en by tye na sy ouers en familie in die openbare galery geloer.

Volgens sy pleitooreenkoms het hy bevestig dat hy sy vrou vermoor het en ook dat hy onderneem om 25 jaar gevangenisstraf uit te dien sonder dat 'n verhoor plaasvind. Die staatsaanklaer, adv. Anthea Allchin, het aan regter Jeanette Traverso gesê dat die staat die pleitooreenkoms aanvaar het.

In die openbare galery het Jerome se familie en skoonfamilie geskok geluister. Hulle het steeds met hul vrae gesit. Waarom het Jerome daardie onbesonne daad gepleeg, hoekom moes sy geliefde vrou sterf?

Voordat die veroordeelde Jerome weggelei is om sy straf te gaan uitdien, het hy die geleentheid gekry om vlugtig sy bewoë ouers te groet.

Alfestus het buite die hof aan die joernaliste gesê dit is vir hulle swaar om steeds nie te weet wat Jerome se motief was toe hy dié gruweldaad gepleeg het nie en dat die familie die uitslag maar moet aanvaar. Niks sal hul geliefde Charmelin terugbring nie.

Denwer was steeds gebroke oor sy suster se dood en ook omdat sy swaer geen emosie in die hof getoon het nie. Hy was ook ontsteld omdat Jerome se familie op daardie tydstip nog nie met die Adams- en Alfestus-familie gesimpatiseer het nie. Hy was wel tevrede met die kwarteeu wat sy swaer agter tralies sou moes deurbring.

'n Nagmerrietydperk was agter die rug.

Jerome het nie lank gewag voordat hy 'n reeks briewe aan sy familie, maar veral aan sy swaer Denwer begin skryf het nie. In die eerste paar maande nadat hy in die maksimumveiligheidsafdeling van die Drakenstein-gevangenis buite die Paarl opgeneem is, het hy begin skryf.

Op 13 Desember 2010 skryf hy onder andere in 'n brief aan sowel Denwer en sy vrou, Hybré, as veertien ander familielede:

“Ek het julle baie hartseer, droefheid en pyn gebring. Ek is baie jammer oor wat ek gedoen het. Ek het fouteer en het berou wat ek aan Charmelin “Muffin” gedoen het.

Ek het my verantwoordelikheid naamlik my huwelik ontduik en toegegee aan 'n versoeking en geoortree, nou bevind ek my waar ek nou is. Charmelin is die laaste mens wat ek nie wou seermaak nie. Vir 'n oomblik het ek konsentrasie verloor, en in 'n onbenydenswaardige situasie verstrengel geraak. Satan of Charmelin kan nie geblameer word vir my omstandighede of skuldgevoelens nie.

Denwer, ek het jou en jou familie bitter te na gekom en baie leed aangedoen.”

* * *

Dis vroeg Januarie 2022. Denwer Adams het pas van sy werk by 'n private hospitaal tuisgekom. Buite sy huis in die Strand is dit 'n snikhete somersdag. Hy sit op die rusbank naby die voordeur waar die seebries 'n bietjie lafenis bring.

Dis amper 13 jaar ná die moord op sy suster en die trane lê steeds vlak. Terwyl hy van daardie tragiese Saterdag, toe sy suster koelbloedig doodgesteek is praat, biggel die trane nou en dan oor sy wange. Soms kom sy vrou, Hybré, in en gee nog 'n sneesdoekie aan of hou sy hand vas.

“Ek het Jerome toe al vergewe, maar 'n klomp mense het seergekry,” merk hy op. Hy voel nogtans Jerome moet sy volle termyn tronkstraf uitdien en tot Maart 2035 sit. “Niks minder nie.”

Charmelin was 'n mense-mens, sy sou haar laaste vir iemand gee, sê hy en vertel dat hy lank ná sy suster se dood deur 'n onbekende vrou in Stellenbosch voorgekeer is. Sy het by 'n tak van Ackermans-klerewinkel gewerk en het gevra dat Denwer 'n pakkie klere wat Charmelin op bêrekoop gehad het, kom afhaal. By sy huis het Denwer en Hybré die pakkie oopgemaak. Dit was babaklere. Hybré was swanger in die tyd toe Charmelin vermoor is.

ALBERTO COSTA:

Dood kom deur die wingerd

Die sandkleurige plaashuis langs die Koelenhofpad was doodstil die nag van Sondag 18 Februarie 2011. Op die laatsomeraand het olywe donkergroen in die boord langs die huis gehang.

Die 44-jarige boer Alberto Costa en sy gesin was vas aan die slaap. Hy het 'n gemengde kommersiële boerdery op Cloetesdal bedryf: druiwe, wyn, hoendereiers, steenvrugte, beeste en skape. Hy het ook grond in Voor-Paardeberg, oos van Wellington, besit.

Om 02:40 het die sensors van die huis se veiligheidstelsel skielik aangegaan. Iets of iemand het die laserstrale om die huis versteur. Costa het vinnig opgespring. Dit was nie die eerste keer dat inbrekers sy huis wou binnedring nie. Costa het blitsig teruggekeer na sy slaapkamer en uitasem na sy vrou, Zelda, geroep: “Hier is inbrekers!” Hy het die geweerkluis se sleutels gegryp, dit vinnig oopgesluit en sy haelgeweer en patrone uitgehaal. Hy het die geweer so in die loop gelaai.

Die alarm het intussen skel afgegaan.

'n Jong seun het uit sy kamer gekom en by sy ma in die bed gespring. Sy het hom gevra om in die bed te bly en is agter haar man aan. In die eetkamer het sy by die stoepdeur gaan staan.

Costa het intussen deur die sonkamer beweeg en was toe reeds buite op die stoep, sy groot gestalte half gebukkend, sy oë en ore gespits vir die geringste beweging of geluid. Hy het nie die figuur gesien wat agter hom by die draagbare braai staan nie.

Skielik het Zelda haar man hoor skreeu. Costa het 'n verdagte persoon gesien en oombliklik sy geweer gelig, maar die persoon het eerste geskiet. 'n Harde knal het deur die oggendstilte gebars. Zelda het versteen gestaan en kyk hoe haar man neerval. Soos 'n afgekapte boom. Die aanvaller het gevlug en is deur die nag ingesluk.

Zelda het haastig haar selfoon gegryp en Carl de Villiers, wat in 'n woonstel op die plaas woon, gebel. Dié het deur die slaap geantwoord.

“Help! Help, my man lê, hy is geskiet. Hy staan nie op nie!” het Zelda paniekbevange geskree.

De Villiers het haastig aangetrek, in sy bakkie gespring en na die plaashuis gejaag. Hy het die huis in gehardloop. In die gang het hy die seun teëgekom.

“Waar is jou mamma?” het hy die kind gevra. Die seuntjie het met sy hand na die voorhuis gewys. “Ek is bang,” het die kind net gesê.

De Villiers het deur die huis gestap, na waar Zelda met haar selfoon besig was. Toe sien hy die fors gestalte van Costa op die stoep in 'n plas bloed lê.

Zelda het haastig kussings gaan haal en dit onder haar man se kop gesit, 'n laaste gebaar van omgee. Sy het die ADT-veiligheidsmaatskappy gebel, asook haar ma, wat 'n mediese suster is, en familievrinde.

Jean-Pierre Mynhardt, 'n ADT-veiligheidswag, was op patrollie in die middedorp van Stellenbosch toe die oproep oor 'n skietvoorval op die plaas Cloetesdal deurkom. Die maatskappy se hoofkwartier, ADT House in N1 Stad, het 'n sein uitgestuur van 'n “histeriese vrou” wie se man geskiet is. Mynhardt het gesê hy sal na die toneel gaan, aangesien sy kollega reeds met 'n ander klagte besig was.

Onderweg soontoe, naby die 7-Eleven-winkel in Birdstraat, het hy 'n polisievoertuig gestop. Die polisiebeamptes het hom vertel van die boer wat in die bors geskiet is. Hulle het gevra dat Mynhardt voor ry. Nog twee polisievoertuie het intussen by hulle aangesluit. Die klein konvooi het uit die dorp, verby die woonbuurt Kayamandi na die plaas gejaag.

By die plaashuis het Mynhardt met 'n flitslig om die huis gestap op soek na tekens van gedwonge toegang. In die kol lig het hy 'n vars gat onder die elektriese heining wat om die huis gespan is, gesien. Die toneel is intussen met geel polisielint afgesper.

'n Paramedikus het die gevalle boer ondersoek vir enige tekens van lewe. Daar was geen polsslag of asemhaling nie, geen *dolls eye*-beweging nie en die pupille was verwyd.

Die moord het dadelik 'n hoëprofielsaak geword. Die plaas het gou gewemel van verskillende polisie-eenhede. Lede van die provinsiale en Paarlse misdaadrekordsentrum het forensiese bewysstukke op die toneel begin versamel. Tyd was 'n kritieke faktor terwyl die leidrade nog vars was.

Die aanvallers moes gevind word, en gou.

Die noodlottige skietery is deur kamera 7 van die huis se veiligheidstelsel vasgevang. Die beeldmateriaal is fyn bekyk:

02:38:07: Costa en 'n verdagte is op die skerm te sien

02:38:08: Costa lig sy geweer en skiet

02:38:11: 'n Skoot tref Costa

02:38:15: Costa lê op sy maag

02:38:23: 'n Onbekende persoon spring oor die lae muur

Buite die plaashuis het die polisie 'n Quicksilver-bofbalpet by die elektriese heining gevind en die plek met 'n kegel gemerk. By dieselfde heining is met deppers DNS van 'n swart plastiekpyp, 'n kombuismes en 'n koevoet geneem. Dit sou in die polisie se laboratorium in Plattekloof ontleed kon word en verdagtes help identifiseer.

Die plekke waar patroondoppies op die stoep, by die trap by die stoep en naby die braai gevind is, is met oranje kegels gemerk. Bloedmerke is naby die stoep, onder die venster van die motorhuis en op die grond gevind en ook gemerk. Dit was duidelik dat nog iemand, behalwe Costa, raakgeskiet is.

Die polisie het die spoor wat die vluggende aanvallers agtergelaat het om 10:50 begin volg. Konstabel Ian Lamberts het met spoorsnyers vanaf die gat in die heining in 'n oostelike rigting deur die wingerd na die buitewyke van Kayamandi beweeg. Op die roete is verskeie vondste gekry; onder andere is 'n New Balance-skoen, Levi-seilskoene en 'n bloeddruppel gevind. Elke vonds is sorgvuldig met 'n kegel gemerk, gefotografeer en aangeteken.

Die spore het uiteindelik aan die buitewyke van Kayamandi doodgeloop, 'n enorme buurt van munisipale huisies en plakkershutte langs die Koelenhofpad/R304 en teenaan die dorp. Speurders het by hospitale in Stellenbosch, Paarl en Somerset-Wes navraag gedoen of iemand dalk daar met skietwonde opgedaag het, aanvanklik sonder sukses.

Die nuus van Costa se dood het vinnig en ver getrek, grootliks omdat dit 'n seldsame plaasaanval in die Wes-Kaap was. Sy weduwee het oproepe van medelye uit verskeie lande ontvang. In die dorpie Marostica in Italië is 'n biddiens vir die gevalle familielid gehou.

Intussen het die landelike gemeenskap die weduwee omarm en ingespring om dringende bedryfstake op die plaas af te handel. Boere van die omliggende plase het die ryp druiwe geoes, terwyl 'n familielvriend 'n

bemerkingsveldtog per e-pos begin het om die surplus eiers te verkoop.

'n Beloning van R20 000 is uitgelooft vir enige inligting oor die moord.

Vyf dae ná die moord het boere saam met Gerrit van Rensburg en Albert Fritz, die provinsiale LUR'e vir onderskeidelik landbou en gemeenskapsveiligheid, geweldsmisdaad teen boere bespreek.

Op die vergadering het die humeure soms opgevlam. Een produsent het selfs gevra dat inwoners hul belastinggeld terughou, dit in 'n trust sit en hul eie veiligheid reël. Nog een wou weet of die kommandostelsel kon terugkeer. Fritz het genoem dat daar na 'n spesiale landelike veiligheidseenheid gekyk word.

Melding is gemaak van Costa se humanitêre werk in die aanliggende Kayamandi, waar hy onder meer inwoners gehelp het om klein ondernemings te begin en hul kinders universiteit toe te stuur. Costa was klas- en kleurblind, is gesê. Hy was 'n familieman en lief om met sy familie en vriende om die braaivuur te kuier.

Op 26 April 2011 het 'n dokter by die Stellenbosse provinsiale hospitaal 'n pasiënt behandel wat stukkies metaal in die tweede, derde en vierde vinger van sy regterhand gehad het. Die pasiënt het vir die dokter vertel sy hand is beseer toe hy "sandblaas" gedoen het.

Die polisie het spoedig van dié verdagte pasiënt te hore gekom. Tien dae later is DNS wat op die toneel op die vermoorde boer se stoep gevind is, positief met hierdie pasiënt verbind. Die persoon van belang is as die 28-jarige Simamkele (Shoes) Mralaza aangeteken.

Die werklose Mralaza was 'n rondloper in Kayamandi en al op soek na slaapplek vir die nag. Mralaza was 'n regte skarminkel, het mense versigtig gesê. Saam met sy vriende het Mralaza soms onder die dekmantel van die nag by spazawinkels ingebreek en geroof waarop hulle hul hande kon lê. Dan het hulle deur die gangetjies tussen die huisies laat spat. Menigmaal kon Mralaza net-net wegkom. As die huismense wakker skrik, het hulle wild op die vlugtendes begin skiet. Sy vriende het hom "Shoes" gedoop, glo omdat hy so vinnig kon rieme neerlê as daar moeilikheid is.

Sersant Marlon Appollis was soos 'n bloedhond op die spoor van die voortvlugtiges. Hy het 'n man genaamd Xolani Zozo (30), wat intussen op die N2 saam met die insittendes van 'n Mazda 323 gearresteer is, uit die Stellenbosch-gevangenis laat haal. Appollis was omgekrap, want Zozo het die polisie verkeerde name en adresse in Kruispad en Philippi gegee.

Zozo het beweer dat hy op 27 Maart 2011 in 'n sjebien in Kruispad was, toe 'n onbekende man glo die vertrek binnekom en hom twee vuurwapens wys. Die man wou R400 vir die skietgoed hê. Heel voorbarig het Zozo glo sommer 'n saamrygeleentheid Kraaifontein toe gevra.

Volgens Zozo het 'n ander man, ene Litha Zonda, toe die vuurwapens gekoop, want dié wou dit teen 'n hoër prys in Kraaifontein gaan verkoop. Een van die vuurwapens was 'n 9 mm Z88.

Zozo het vertel hulle was in 'n mankolieke silwer Mazda 323 op die N2 naby Borchards Quarry, duskant die Kaapstad-lughawe, onderweg toe die polisie die voertuig waarin hyself, die man en nog vyf ander was, aftrek. Twee vroue was op die voorste linkerkantse sitplek.

Zozo het die Glock-pistool en tien rondtes koorsagtig onder die bestuurder se sitplek ingedruk. Toe 'n polisielid die agter deur oopmaak en die vuurwapen op die vloer sien, het almal in die Mazda stil geword.

Die polisie het ook 'n 9-mm Parabellum Z88 en 13 rondtes ammunisie in die paneelkissie ontdek. Die spoor het skielik warmer geword toe speurders Appollis inlig dat hulle ene Mfundiso (Ghetto) Yese by die polisiestasie ondervra.

Appollis het hom soontoe gehaas. Daar het hy Yese versoek om te ontklee. Toe Appollis die "28"-tatoe op Yese se lyf sien, het hy hom gevra of hy aan bendes behoort. Yese het ontkennend geantwoord.

"Is jy al voorheen gearresteer?" het Appollis gevra. Ja, het Yese geantwoord, op Willowvale in die Oos-Kaap.

Appollis het Yese se misdaderekord op die polisie se rekenaarstelsel nagegaan en gesien hy was in 2004 by 'n roof betrokke en ook dat die saak nog oop (onafgehandel) was – daar kon dus 'n uitstaande lasbrief wees. Yese het sy deelname aan dié rooftog heftig ontken.

Toe het Appollis Yese oor die Costa-moord ondervra. Yese het hom duidelik koud geskrik. Hy het erken dat hy deel was van die beplanning van die aanval op die boer, maar gesê hy was nie op die toneel nie. Hy het gesê hy het baie min van die uitvoering van die misdaad self geweet, maar Appollis het dwarsdeur Yese gesien en beslis gesê: "Ek gaan jou arrester en aanhou vir verdere ondervraging."

Yese se hande was agter sy rug geboei. Hy is na 'n huis in die O-sone in Kayamandi geneem. Appollis en sy kollegas het die huis deursoek en Yese se identiteitsboekie in 'n sak onder 'n venster gevind.

Intussen het Appollis 'n oproep ontvang en terwyl hy daarmee besig was, het die benoude Yese sy kans waargeneem en weggehardloop, maar hy het hom met 'n slag in 'n plakkershut vasgehardloop en is deur die lede ingehaal.

Op 28 April 2011 het 'n verdere deurbraak gekom toe nog 'n verdagte in die moord op Costa gearresteer is. Vizicelo Madolo was 'n gewone arbeider en is in standerd 7 (graad 9) uit die skool. Op 15 Mei 2011 word nog 'n verdagte, Cedric (Lovers) Mphakathi, deur Appollis gearresteer. Die 20-jarige Mphakathi was 'n veroordeelde dief en werkloos. Hy is twee jaar tevore skuldig bevind aan diefstal en 12 maande tronkstraf, opgeskort vir 5 jaar, opgelê.

Die polisie het bloed-, haar- en speekselmonsters van Mralaza, Yese, Mphakathi en Madolo by die forensiese laboratorium in Delft ingegee.

Die uitslae van die vingerafdrukke op die moordtoneel is gou ontvang. Die plastiekpyp wat naby die gat in die heining gevind was, het nie positiewe resultate gelewer nie, maar positiewe en duidelike vingerafdrukke is wel van 'n lang stuk pyp, die mes en die koevoet verkry. Afdrukke is ook aan die binnekant van die plaashuis se vensterraam en op 'n plastiekpyp wat 700 m van die moordtoneel gevind is gekry. Daar was 'n palmafdruk op die draagbare vlekvrystaal-braaibak.

Op 29 Mei 2011 het Appollis Mphakathi se meisie, Zodwa Ncedani, by haar huis in Kayamandi ondervra. Sy het vertel dat sy en Mphakathi op die aand van 17 Februarie omstreeks 21:00 al in die bed was, toe Mralaza aan die deur klop en Mphakathi na buite roep. Vanuit die donker vertrek het sy baie stemme buite gehoor. Dit het dringend geklink.

Mphakathi het later die nag teruggekeer. Sy het hom gevra waar hy was en hy het gesê dat hy saam met drie ander ouens was en dat Mralaza die Italianer geskiet het. Sy het later opgemerk dat Mralaza se hand verbind was en hom gevra wat met sy hand gebeur het. Hy het dit met kookolie verbrand, het Mralaza geantwoord.

Tydens Appollis se ondersoek het die misdaadspoor van die vier verdagtes al duideliker geword.

So was daar 'n voorval vroeg in dieselfde jaar toe Mralaza, Madolo en Mphakathi op een van hul terreurtogte was. Madolo het dié keer moetie, wat hy geglo het mens aan die slaap kon maak, deur 'n opening in die deur van 'n plakkershut die hut in geblaas. Die inwoners het geslaap, maar die

moetie moes glo net doodseker maak dat hulle slaap. Madola het na 'n slaapvertrekkie gesluip en stilletjies 'n vuurwapen gebuit. Die mans het lugtydkoepons, kontant en sigarette gevat.

Drie weke later het Madolo, Mralaza, Mphakathi, Yese en ene Racks oor die “Mtaliana” begin praat. Dit was Costa, wat op Cloetesdal daar naby geboer het. Tussen die vyf het hulle 'n vuurwapen en vier patrone gehad. Mralaza het ook 'n vuurwapen gehad, maar geen koeëls nie. Hy is na Philippi langs Mitchells Plain om meer koeëls te kry. Die vyf was feitlik slag gereed vir hul volgende terreurtog. Hulle was salig onbewus dat dit hul laaste sou wees.

Op 30 April 2012 het 'n onverwagse wending in die strafsak teen die vier gekom. Madolo het 'n bekentenis voor 'n vrederegter van Brackenfell afgelê. In 'n pleitooreenkoms het hy skuld aan die misdade erken en ook berou daaroor uitgespreek. Hy het onderneem om teen sy medebeskuldigdes te getuig.

In 'n volledige verklaring op 23 Julie 2012 vertel Madola in meer detail hoe hy betrokke geraak het by die moord. Hy het die getroude Yese in 2010 ontmoet. Yese het los werkies vir 'n lewe in Kraaifontein gedoen. Madolo het Yese gevra om uit te kyk vir 'n werkie vir hom. Yese het geantwoord dat hy 'n plan het: dat hulle by die “Mtaliana” se plek gaan inbreek. Die eerste en tweede keer wat Yese dit geopper het, het Madolo nie ingestem nie, wel die derde keer.

Die eerste keer toe hulle by Costa se huis inbreek, het Yese 'n mes en hyself 'n rooi skroewedraaier gehad. By die plaashuis het hulle eers om die huis geloop, op soek na 'n inkomplek, aangesien daar 'n elektriese heining reg om die huis was. Hulle het na die voorkant beweeg. Hier het Madolo oor die heining probeer spring, maar hy het 'n elektriese skok gekry.

Madolo het vir Yese gesê hulle moet 'n gat onder die heining maak en hulle het deurgekruip. Hulle het deur die tuin na die voorstoep gestap, waar hulle 'n oop venster gekry het. Die drie het probeer om deur die venster te kom, maar dit was te smal. Madolo het toe die ruit gebreek.

Yese is eerste die huis in. Hy was die enigste met 'n selfoon by hom en het die foon se liggie gebruik. Die twee het in die vrieskaste gekrap. Yese het 'n bottel Black & White-whisky gevat en dit op die vrieskas onder die venster gesit.

Die mans het daarna na die gang beweeg, maar net toe Yese daar kom,

het die alarm afgegaan. Hulle het weggehardloop. In die haas is die bottel whisky omgestamp, dit het op die vloer geval en gebreek.

Madolo is eerste deur die gebreekte venster en het in die proses sy voorkop stukkend gesny. Yese het sy gewrig gesny. Hulle het na die boom naby die heining gehardloop, daarin geklim en oor die heining gespring. Madolo se wond het vrylik gebloei. By die huis het Madolo sy wond versorg en gaan slaap.

'n Paar dae later het Madolo vir Mphakathi, wat hy sedert 2006 geken het, raakgeloop. Dié het hom gevra wat met die inbraak gebeur het. Nadat Madolo hom vertel het, het Mphakathi gesê hulle moet weer na die huis gaan, maar eers 'n bietjie later, want die sekuriteit sou seker ná die inbraak verskerp wees.

Madolo het 'n tyd later met Yese, Mphakathi en Racks vergader. Hulle wou teruggaan na Costa se plaas, maar het ag geslaan op Madolo se waarskuwing dat hulle eers 'n rukkie moet wag.

In die tussentyd het die mans by Somaliërs se winkels ingebreek. Madolo het Mralaza tydens een van die inbrake ontmoet. Laasgenoemde het in Desember die vorige jaar op Kayamandi aangekom.

Op 17 Februarie 2011, ure voor die moord op Costa, het, Mphakathi, Mralaza en ene Racks weer bymekaar gekom. Yese was nog by die werk en Mralaza het hom gebel en ingelig oor wat hulle beplan. Die vier het huis toe gegaan, geëet en hulself gereed gemaak vir die beplande rooftog daardie nag.

Hulle het by Yese se huis bymekaar gekom. Madolo was gewapen met 'n skroewedraaier, Yese met 'n mes en 'n koevoet. Mralaza het 'n vuurwapen gehad, "vir beskerming". Racks het 'n tang gehad om die drade te knip. Mphakathi het 'n sak vir die buit gehad.

Op pad na die "Mtaliana" se huis het die mans stukke swart plastiekpype opgetel wat hulle oor die elektriese heining wou plaas sodat dit hulle nie sou skok nie. Hulle het op dieselfde plek as met die vorige inbraak 'n gat onder die heining begin grawe. Die pyp is aan die binnekant oor die elektriese heining geplaas.

Die mans het na dieselfde venster as tydens die vorige inbraak beweeg, onbewus daarvan dat die bewegingsensors reeds in die huis afgegaan het. Net toe hulle die venster wou ooptrek, het Costa, met 'n geweer in sy hand, en sy vrou op die stoep verskyn.

“Staan stil!” het Costa glo geskree.

Madolo het dadelik grond toe geduik. Mphakathi het begin hardloop toe hy die geweer sien. Costa het nie dadelik geskiet nie. Mralaza het twee skote geskiet. Daar was ’n derde en vierde skoot. Madolo het gesien hoe Mralaza se hand bloei ná dié skote. Costa het op sy knieë gesak en op die grond geval. Mralaza het oor die lae muur gespring. Madolo het in ’n boom naby die heining probeer spring, maar sy voet het vasgehaak en hy het sy een New Balance-tekkie verloor.

Daarna het Madolo gehoor hoe Costa se vrou paniekerig roep: “Het hulle jou geskiet!” Madolo het ook gehoor hoe Costa kreun. Mphakathi, Yese en Racks het oor die heining gespring. Madolo en Mralaza het deur die gat gekruip. Hulle het deur die wingerd tot by Mphakathi se huis gehardloop. Hier het Mralaza die wond aan sy hand skoongemaak en verbind.

Op 22 Junie 2012 is Madolo ingevolge sy pleitooreenkoms tot agt jaar gevangenisstraf gevonnissen weens poging tot huisbraak en 20 jaar weens die moord op Costa. Madolo het ook onderneem om teen sy medebeskuldigdes te getuig.

In Julie 2012 het die saak van die oorblywende beskuldigdes in die hooggeregshof in Kaapstad begin. Yese, Mralaza en Mphakathi het tereggestaan op vier aanklagte: moord, huisbraak met die opset om te roof, die besit van ’n ongelisensieerde vuurwapen en die onwettige besit van ammunisie. Die beskuldigdes het skuld ontken.

Tydens die hofverrigtinge, het die weduwee Zelda Costa in die getuiebank ingeskuif. Sy was in swart geklee en het kalm die staat en die verdediging se vrae beantwoord.

Sy het vertel van die nag waarin haar man koelbloedig doodgeskiet is, hoe hy omstreeks halfdrie opgespring het om te gaan kyk wat die alarm geaktiveer het.

Sy moes ná die voorval van die plaas trek, omdat hulle net te getraumatiseerd was om verder daar te bly.

Op 13 September 2012 het regter André le Grange vir Yese, Mralaza en Mphakathi skuldig bevind op klagte van moord en huisbraak met die doel om te steel. Yese, Mralaza en Mphakathi is tot lewenslange tronkstraf gevonnissen weens moord en agt jaar weens poging tot huisbraak met die opset om te roof. Mralaza is weens die besit van ’n onwettige vuurwapen en ammunisie tot ’n verdere ses jaar gevonnissen.

“Dit was nie ’n misdaad wat toevallig gepleeg is nie, maar uit hebsug,” het Le Grange gesê. Hy het Appollis en sy ondersoekspan lof toegeswaai vir hul uitstekende werk.

Appollis het op sy beurt gesê hy is verheug oor die uitspraak: “Costa was ’n groot saak. ’n Plaasmoord in die Wes-Kaap. Die bliksems het *life* gekry.”

In die openbare galery het Zelda Costa tydens vonnisoplegging geglimlag en haar kop geknik. Buite die hof het sy met saamgeperste sneesdoekies in haar hand vir verslaggewers vertel van die verligting wat sy ná die uitspraak gevoel het. Sy het gesê sy het geen wraakgevoelens teenoor die moordenaars nie. Hoewel niks haar man sou terugbring nie, het die skuldigbevindings tog ’n mate van afsluiting gebring en kon sy nou op haar kinders en die plaas fokus.

“Vandag is daar geen wenners hier nie. Ons het almal verloor. Ek dink nie hulle sal ooit werklik verstaan wat hulle gedoen het nie. Dis moeilik, maar dit raak beter. Ek het baie simpatie met ander mense in die land wat deur misdaad geraak is, maar nie klarigheid soos ek sal kry nie.”

Sy het die vier reeds vergewe en hoop hulle gebruik die tyd in die tronk om hul lewe om te keer. “Nie almal kry ’n tweede kans nie. My man het nie.” Terug by die huis sou sy dié boodskap aan haar kinders gee: “Die slegte mans wat pappa doodgemaak het, is weggesit, julle hoef nie meer bang te wees nie.”

DIE DE ZALZE-MOORDE:

Wanneer boosheid onder jou eie dak skuil

Henri van Breda kon beswaarlik vir 'n gemakliker lewe gevra het. Hy het 'n skatryk pa gehad en het saam met sy gesin in 'n dubbelverdiepinghuis op 'n prentjiemooi gholflandgoed buite Stellenbosch gewoon. Selfs toe hy sy studie aan 'n Australiese universiteit moes laat vaar, was dit geen krisis nie. Henri kon maar net by die huis kom sit en 'n *gap* jaar geniet.

Maar ledigheid is die duiwel se oorkussing, lui die spreekwoord. Die 20-jarige Henri het op sy skootrekenaar geboer, met sy vriende rinkink en dagga gerook. Hy kon oor 'n wye reeks onderwerpe gesels, uitvoerig uit fliëks aanhaal en Amerikaanse grappies vertel. Maar daar was ook 'n donkerder kant.

Hy het eenkeer 'n huishulp op die De Zalze-landgoed so gevloek dat die see haar nie kon afwas nie. 'n Ander keer het hy by 'n winkelsentrum langs die Welgevonden-landgoed amok gemaak. Hy het in 'n bakkie by die sentrum opgedaag, sy aankoms in vulgêre taal aangekondig, sy broek se gulp afgetrek en vroue in die winkel rondgejaag. Daarna het hy met skreeuende bande weggejaag, terwyl die musiek kliphard speel.

Met sy eie familie het hy gereeld vasgesit. Hy het graag vertel hoe sy pa, Martin, hom soos 'n klein kind behandel en weier om vir hom 'n groter geldelike toelae gegee. Ook dat sy Australiese meisie 'n "breek" van hom geneem het.

Daar was intense wedywing tussen hom en sy ouer broer, Rudi (22). Die onenigheid het soms handuit geruk, totdat iemand uitroep: "*Hey guys, chill!*" of hul pa tussenbeide tree. Delores van Wyk, wat as versorger in 'n buurhuis gewerk het, het op 'n dag 'n rusie tussen Henri en sy pa gehoor wat so erg was dat sy dae daarna getraumatiseer was.

Menigmaal moes sy ook vir Henri vra om sy musiek sagter te sit. Op een so 'n dag het Henri die voordeur oopgemaak en Van Wyk net aangestaar. Sy

ma, Teresa, het agter hom gestaan en verskonend vir Van Wyk geknippoog. Teresa sou later sê dat haar seun op “sterk medisyne” was.

In 2014 was Henri by die Rocking the Daisies-fees in Darling, 35 km noordwes van Malmesbury, met sy eie voorraad “daggapilletjies”. Hy het toe aan ’n vriend vertel hy was in Australië ’n proefkonyn vir mediese studente en dat hulle tydens ’n breinskandering ’n nie-kwaadaardige knop in sy kop ontdek het. Daar was ’n groot vrees in Henri daaroor.

Martin van Breda het sy jongste seun gereeld aangespreek oor hy so blou wolke blaas en ook omdat sy slapelose nagte sy ma uitput. Rudi se plan was om aan die einde van Januarie 2015 terug te keer na Australië, waar die gesin lank gewoon het. Henri sou ’n duikkursus in Sodwana, aan die kus van KwaZulu-Natal, doen. Die broers het ook ’n 16-jarige sussie, Marli, gehad.

Op Sondag 25 Januarie 2015 was daar weer ’n rusie tussen Henri en Rudi, glo oor ’n motor wat hul pa vir Rudi sou koop. Henri is daarna heel bedroë na sy en Rudi se slaapkamer op die boonste vloer.

* * *

Die oggend van 27 Januarie 2015 het ’n polisieman met sy videokamera deur die Van Breda’s se huis gestap. Op die blink teëlvloer aan die onderkant van die trap was vars spatsels bloed, op die middelste deel van die trap was ’n bebloede byl en bokant teen die muur ’n diep merk met ’n vars bloedstreep.

Aan die bopunt van die trap het ’n grusame toneel gewag. Teresa het by die ingang van ’n slaapkamer in ’n poel bloed gemeng met urine gelê, haar kop ’n bloederige massa. Van langs haar het paramedici van die provinsiale nooddienste kort tevore ’n jong vrou met kopbeserings na die Stellenbosch Medi-Clinic geneem.

In die slaapkamer het Martin half gebukkend oor ’n bed gehang. Op die vloer het ’n jong man, Rudi, gelê. Albei met diep kepe in die kop.

Op die video van daardie Dinsdagoggend was die gezoem van vlieë hoorbaar.

Buite het joernaliste, fotograwe en talle nuuskieriges agter die polisielint saamgedrom. Teksboodskappe is aan nuusredakteurs gestuur: “bebloede byl

op trappe”, “sakeman Martin van Breda”, “meisie op rand van dood”, “pa, ma en seun doodgekap”, “jong man oorleef met skrape” en “iets is *fishy* ...”

Henri het in ’n liggrys slaapbroek en wit sokkies in die ambulans gesit. Daar was ’n knop aan sy voorkop, bloedstrepe op sy bors en ’n sny in sy linkersy. Op sy bobeen en die slaapbroek was ’n spoor van urine. ’n Paramedikus, Victor Isaacs, het met ’n flitsliggie in die jong man se oë geskyn en die vernoude pupille opgemerk.

Sersant Marlon Appollis van die Stellenbosse speurtak het van die bure begin ondervra, toe iemand vra wie sulke wrede moorde sou pleeg. “Dit kan net die fokken Henri wees,” het Appollis geantwoord.

’n Familielid van die Van Breda’s wat op die toneel was, het die speurder dadelik hieroor aangespreek. Dié het skouers opgetrek: “Dis maar hoe ek praat. Geen draaie en swaaie.” Hierna het die Du Toits (die familie aan Teresa se kant) verkies om slegs met die speurhoof, kol. Deon Beneke, te praat.

Martin se broer Bailey het die oproep op ’n bouterrein in die Krugerwildtuin gekry. “Dit kán nie waar wees nie!” het hy uitgeroep. Toe kom ’n tweede oproep: “Henri is ’n verdagte.”

Min het hy en sy tweelingbroer, André, gewis watter uitmergelende tyd vir die familie voorgelê het.

Die media het spoedig vasgestel dat die gesin in 2006 uit Pretoria na Perth en later na Brisbane aan die Australiese ooskus verhuis het. Die egpaar en Marli het in 2013 na Suid-Afrika teruggekeer, terwyl Henri en Rudi agtergebly het om hul studie aan die Universiteit van Melbourne te voltooi.

In Augustus 2014 het Henri onverwags huis toe gekom. Daar was gerugte dat die universiteit hom uitgeskop het oor sy dwelmgebruik, maar volgens sy familie het die jong man slegs ’n *gap* jaar geneem.

* * *

Op Maandag, 26 Januarie, omstreeks 22:00, het Henri sy laaste WhatsApp-boodskap aan sy meisie, Bianca van der Westhuizen, gestuur. Om 07:12 die volgende oggend het hy die nooddienste gebel en om 07:45 het Bianca ’n vreemde boodskap gekry: “Emergency. Please pick up your phone.”

Kort nadat die polisie die moorde ontdek het, is die 107-noodoproep wat Henri na die nooddienste gemaak het aan die nuusnetwerk eNCA uitgelek. Daarin kan gehoor word hoe Janine Philander, 'n operateur by die noodoproepsentrum in Kaapstad, die oproep ontvang en Henri na die ambulansdienste by die Tygerberg-hospitaal in Parow deursit.

Henri het aan Philander en die operateur vertel dat sy ouers, sy broer en suster deur iemand met 'n byl aangeval is. Hy het gesê die slagoffers “bloei uit die kop”. Dit het ook geklink of hy 'n vreemde, senuagtige laggie gee.

Henri is van die distriksgeneesheer na die speurderskantore in Adam Tasweg geneem, waar Appollis hom begin ondervra het.

“Waarom het jy nie die aanvaller van agter geslaan nie?”

Henri het nie dadelik geantwoord nie en 'n sigaret gevra. Appollis het hom 'n Rothmans gegee.

Toe Appollis later vir Henri 'n tweede sigaret wou gee, het Beneke ingestap. “Stop dit!” het Beneke geroep. Hy het aan die verbaasde Appollis gesê dat die misdaadtoneel steeds aktief is. “Wat gaan jy wys, bewys? *Take it easy*. Wag. Dink aan die Lotz- en die Dewani-sake. Ons wil nie 'n driekuns van floppe *score* nie.”

Appollis se hoop op 'n bekentenis deur die oorlewende seun het vinnig verdamp. Beneke het die dossier Stellenbosch 645/1/2015 aan konst. Zuko Matho toegewys, waarna hy en Appollis die dossier gereeld deurgegaan en voorstelle aan Matho gemaak het.

Op 24 Augustus 2016 is Matho skielik dood. Die ondersoek, wat vanaf dag een 'n hoëprofielsaak was, is aan Appollis en sers. Stephen Adams toevertrou. In dié tyd wou die polisie se eenheid vir prioriteitsmisdade (Valke) die ondersoek glo oorneem, gegee die prestige weens die groot nasionale en internasionale belangstelling.

Appollis het die dik dossier, skyfievertonings en al, gereeld aan advokate van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) voorgelê. Telkens is leemtes uitgewys en die dossier teruggestuur. Marli het intussen wonderbaarlik van haar kopbeserings herstel, maar kon niks van die gebeure kort voor en tydens die aanval onthou nie.

Sy het intussen die vryskutfotograaf Stefan van der Westhuizen ontmoet. Dié het ook vir Henri ontmoet, die jong man met die hordes pornografiese video's op sy skootrekenaar wat graag sy daggasigarette by die Plattekloofdam of in Tygervallei-sentrum se parkeergebied gerook het.

In Junie 2016 het advv. Susan Galloway en Megan Blows van die NVG die De Zalze-dossier weer deurgegaan. Galloway het vir Appollis gebel. “Arresteer die bliksem!” het sy glo gesê.

Henri en sy prokureur, Lorinda van Niekerk, het soos onderneem klokslag om 15:30 by die Stellenbosch-polisiekantoor aangemeld.

Die trustees van die familie se twee trusts het Cluver Markotter Prokureurs versoek om ’n “eersterangse advokaat” aan te stel. Die trustees wou Henri ’n regverdige kans gee om sy onskuld te kan bewys. Hy het toe die ervare adv. Pieter Botha SC gekry, dieselfde regsman wat die Britse bruidegom Shrien Dewani op ’n sameswering tot die moord op sy bruid Anni, kon loskry.

Bailey van Breda se tweelingbroer, André, het Galloway gevra om alles in haar vermoë doen om hul broer se moordenaar aan die pen te laat ry, dat sy “soos adv. Gerrie Nel moet wees”. Nel was die aanklaer wat die Paralimpiese atleet Oscar Pistorius tronk toe ge-pos het. Sy is nie Gerrie Nel nie, het Galloway geantwoord.

Henri het borgtog van R100 000 gekry. Hy en sy nuwe meisie, Danielle Janse van Rensburg, het intussen ’n sjefkursus by ’n Kaapse sjefskool gevolg. Op 4 April 2017 het Henri se strafverhoor voor regter Siraj Desai en sy assessor, regter Annette de Lange, in die hooggeregshof begin. Sy regsman was Botha, adv. Matthys Combrink, Van Niekerk en ’n kandidaatprokureur, Beatrice Markgraaff.

Botha het Henri se verklaring in die hof voorgelees. Vir die eerste keer sou die publiek sy weergawe hoor. Jy kon ’n speld hoor val.

Ná aandete op 26 Januarie 2015 het Martin, Rudi en Henri ’n flik, *Star Trek 2*, gekyk. Daarna het almal nag gesê. Henri en Rudi het in dieselfde kamer geslaap. Hy het ’n tekenprent, *One Piece*, gekyk en is later na die toilet in hul kamer se *en suite* badkamer.

Skielik was daar harde kaggeluide daar naby. Hy het die badkamerdeur versigtig oopgemaak en ’n silhoeët naby Rudi se bed uitgemaak. Die persoon was besig om Rudi met ’n voorwerp aan te val. Henri was versteen. Sy pa het skielik die kamer binnegekom en bo-oor Rudi geleun. Toe sy pa na die aanvaller gryp, het dié hom met ’n byl geslaan.

Henri se ma het buite die kamer geroep. Die aanvaller het uit die kamer gehardloop en nie lank daarna nie weer teruggekeer. Toe het die aanvaller met Henri baklei.

Henri het die byl van die aanvaller afgevat. Hy is in die proses met 'n mes in die sy gestee. Toe die aanvaller op die vlug slaan, het Henri op die trappe die byl na hom gegooi en dit het die muur getref.

Henri het toe op die trap geval. Hy wou die nooddienste bel, maar het geen idee gehad wat hul nommer is nie. Hy het toe vir Bianca gebel, maar sy het nie geantwoord nie. Hy het daarna die nooddienste se nommer op Google gesoek. Toe hy met die trappe opstap, het hy sy bewussyn verloor.

Hy het veel later bygekom, hoe laat weet hy nie, maar buite was dit al lig. Hy het noodnommers op die yskas se deur gesien, maar dit het nie vir hom gelyk of dit enige nut het nie. Hy het eers sigarette gerook om kalm te bly terwyl hy die noodnommer skakel. Hulp het opgedaag en twee polisiebeampies het hom na die polisiekantoor geneem.

Toe hy na die ras van sy aanvallers gevra is, het hy geantwoord dat hy slegs een gesien het en hy dink dié was swart.

Nadat die hof 'n ter plaatse besoek aan die moordtoneel gebring het, het die staat sy getuies geroep.

Sersant Adrian Kleynhans was die eerste polisielid op die toneel. Hy het getuig dat die beskuldigde baie senuagtig voorgekom het, maar Botha het gesê Kleynhans wil die beskuldigde bloot inkrimineer, hom in 'n slegte lig stel.

Die sekuriteitswag Lorenzo Afrika het getuig hy het die betrokke aand vyf patrollierendes in sy gemerkte voertuig gedoen. Hy het met die Bloodhound-toestel getoets of daar krag in al 43 sones op die heining om die landgoed is. Die beheersentrum in Parow het sy bewegings met geotegnologie gemonitor. Hy kon geen foute vind nie. Daar was geen alarms, geen verdagtes nie.

Die skofbestuurder, Edgar Wyngaard, het ook niks verdags gesien nie. Hy het ses of sewe keer daardie nag verby Goskestraat 12 gery.

Volgens Marcia Rossouw, die landgoed se sekuriteitshoof, is die landgoed se sekuriteit sedert begin 2014 opgeskerp. Daar is optiese kameras wat 360 grade roteer en tot 800 meter kan inzoom, asook termiese kameras. Daar was niks wat hulle laat wonder het oor die aand van 26 Januarie 2015 nie.

Volgens die paramedikus Christiaan Koegelenberg het hy en sy kollega Marco Jones twee vroue aan die bopunt van die trappe gevind. “Toe ons die een oorledene skuif het die bloed soos 'n waterval na onder gestroom.”

André van Breda het gesê sy vermoorde broer het geen vyande gehad nie

en het sy kinders goed opgevoed. Geeneen van hulle was 'n verleentheid vir hul ouers nie. “Rudi was 'n *copy* van sy pa,” het hy gesê.

Precious Munyongani, een van die gesin se twee huiswerkers, het gesê die Van Breda's was 'n gelukkige gesin. Daar was niks vreemds aan hulle nie. Hulle het Engels gepraat, maar soms na Afrikaans oorgeslaan. Sy kon nie onthou dat sy hulle ooit hoor baklei het nie.

Bianca van der Westhuizen het getuig Henri en Marli was baie na aan mekaar. Sy het hom die middag voor die moord gesien. Daar was niks wat haar laat wonder het of iets verkeerd is nie. Sy het nie Henri se oproepe op 27 Januarie beantwoord nie – om 04:24 het sy geslaap en om 07:20, toe hy weer bel, was sy al op pad skool toe.

James Reade-Jahn, Marli se kêrel ten tyde van die aanval, het die Van Breda's beskryf as 'n normale gesin met “goeie verhoudinge en 'n paar geskille, soos alle gesinne maar het”. Martin was bietjie meer dominerend en wou meer in beheer wees as Teresa.

Adjutant Nicky Steyn het getuig Henri se optrede ná die voorval was vir hom baie vreemd. Henri was stil en kalm, vergeleke met mans wat gewoonlik ná sulke trauma kwaad is; vroue is gewoonlik huilerig.

Die Van Breda's se buurvrou Stephanie Op't Hof het getuig dat sy daardie aand iets soos 'n rusie gehoor het, “van 22:00 tot ná middernag het ek harde stemme gehoor, 'n klomp manstemme wat soos 'n rusie geklink het, 'n rumoerige bakleiery met 'n aggressiewe ondertoon”.

Advokaat Combrink het hierop gesê dit was die klank van die flik wat die gesin gekyk het en dat hulle hul nuwe klankstelsel uitgetoets het, maar Op't Hof was beslis: Sy hét 'n rusie gehoor. Sy ken *Star Trek* se temasiek en dít was beslis nie wat sy gehoor het nie.

Volgens Janine Philander, wat Henri se noodoproep hanteer het, was daar iets vreemd rustig aan Henri se stem. Haar ondervinding was dat iemand wat in nood verkeer histeries, vergeetagtig of geïrriteerd sou wees.

Volgens Jonathan Oliphant, 'n vingerafdrukdeskundige van die misdaadrekordsentrum was daar geen vingerafdrukke op die byl nie, nieteenstaande Henri se bewering dat hy die byl na die aanvaller gegooi het. Geen vreemde afdrukke is ook om die huis en in die agterplaas gevind nie.

Dokter Lizette Albertse, 'n distriksgeneesheer, het 'n ovaalvormige swelsel en 'n effens blou kneusing by Henri se linkeroog bekyk. By die tepels was baie oppervlakkige snye en aan sy linkersy was twee

steekwonde. Daar was geen teken van harsingskudding nie. As hy teen die trap afgeval het, soos hy beweer het, sou sy 'n barswond verwag het. Die wonde het vir haar na krapmerke gelyk en die wond aan die linkersy was nie diep nie.

Vir dr. Marianne Tiemensma, 'n forensiese patoloog, het Henri se wonde verdag voorgekom en is dit moontlik self toegedien. Dit was vir haar baie beslis nie die soort wonde wat iemand sou opdoen wat in 'n geveg om lewe of dood was nie.

Die grootte en vorm van die kombuismes het dit ook onmoontlik gemaak dat dit in die beskuldigde se linkersy kon vasgesit het. Hy het te min bloed verloor om, soos hy beweer, ure lank bewusteloos te kon gewees het. Die wonde was ook in skerp kontras met die noodlottige beserings van sy gesinslede.

Professor Johan Dempers, die hoof van die kliniese eenheid in die afdeling forensiese medisyne aan die Universiteit Stellenbosch het gesê al die oorledenes het kopwonde gehad, maar Henri het geen soortgelyke wonde gehad nie. Die steekwond in sy sy was eenvoudig net nie moontlik nie: die mes was lank en baie moeilik om in daardie posisie te hou. Daarby was dit vreemd dat die aanvaller die mes in die wond sou los waar Henri dit in die hande kon kry. Dis nog vreemder dat Henri die aanvaller net met die stomp kant van die byl teen die skouer sou slaan.

“As dit om lewe of dood gaan, swaai ek die byl wild!” het Dempers met sy arms beduie.

In kruisverhoor wou Botha by Dempers weet hoekom hy meen dat die wonde self toegedien is. Dempers het gesê hy het eerstens na die wonde gekyk, toe na die omstandighede en hoe die wonde afwyk van wonde in soortgelyke omstandighede, daarna het hy na die misdaadtoneel en die ander slagoffers se wonde gekyk. “Ek was onmiddellik agterdogtig. Die wonde was oppervlakkig en parallel.”

Volgens Dempers was Henri se wonde self toegedien, het die beweerde aanvaller anders met Henri baklei as met die res van die gesin. Vir hom was Henri se weergawe beslis hoogs onwaarskynlik.

Botha het opgemerk dat die aanvallers moeg moes gewees het nadat hy vier mense met 'n byl van 1 kg aangeval het.

Desai het hofgangers gewaarsku dat die volgende getuienis baie grafies is en dat hulle die hof mag verlaat. Henri het ook verkies om dit nie te sien nie

en het agter die beskuldigdebank op die grond gaan sit. Hy het by tye ineengekrimp en sy skouers opgetrek.

Volgens die patoloog dr. Daphne Anthony was die kaphoue aan die slagoffers omvangryk en het dit tot frakture van die skedel en bloeding op die brein gelei. Rudi het die ergste deurgeloop. Teresa het die houe probeer keer en toe op haar linkersy en gesig geval. Die beserings aan Marli se hande het op 'n betekenisvolle worsteling in 'n poging om haarself te red gedui.

Sersant Clinton Malan het getuig dat toe hy Henri na die distriksgeneesheer neem, hy kalm en stil was en geen emosie getoon het nie.

Kaptein Danie van der Westhuizen, 'n forensiese deskundige, het getuig dat daar geen vreemde voetspore in die moordhuis was nie.

Adjutant André Hitchcock, 'n toneelontleder by die misdaadrekordsentrum, het op aanwysing van kapt. Marius Joubert, 'n bloedspatseldeskundige, 'n chemiese middel gespuut op plekke waar hy meen bloed “weggewas” kon gewees het. Dit was by die wasbak in Henri se kamer, die stort se deur en in die hoek van die stort. Onder 'n ultravioletlig het die drie plekke “gegloei”.

'n Video wat Hitchcock van die toneel gemaak het, is in die hof gewys, omdat die verdediging volgens Galloway “geïnsinueer het dat die moordtoneel gekontamineer is”.

Desai het die publiek en die slagoffers se familie daarna gevra om die hof te verlaat omdat die tonele in die video wat daarna vertoon sou word uiters ontstellend is. Henri het op 'n bank teen die muur gaan sit, koponderstebo, oë toe. Hy was sigbaar ontsteld.

Dit was doodstil toe die video begin en die kamera van vertrek tot vertrek beweeg. Daar was steeds 'n lang en ongemaklike stilte in die hof nadat die video geëindig het. Henri het koponderstebo bly sit.

Kaptein Candice Brown van die ballistiese eenheid by die forensiese wetenskaplaboratorium in Platteklou, het 'n diep merk op die muur by die trapreling bekyk. Daaruit was 'n lang en bloederige streep met bloedspatsels sigbaar. Volgens haar was dié merk 'n kragdadige kapmerk wat met “beheerde mag” met die byl veroorsaak is.

Op 7 Augustus 2017 sou die bloedspatselkenner kapt. Marius Joubert vir die staat getuig, maar hy was siek en Galloway het eers die staat se DNS-

kenner, lt.kol. Sharlene Otto, geroep. Die ervare Otto was die hoof-forensiese analis van die polisie se biologiese eenheid in Plattekloof. Altesame 216 forensiese monsters is in die huis gevind, buitengewoon baie omdat daar so baie bloed op die toneel was. Die hof was doodstil toe Otto haar bevindings voorlees.

Henri het emosieloos gesit. Teen dié tyd was sy oë donker en ingesonke. Hy het opmerklik gewig opgetel, want sy vasgeknopte baadjie het knap gesit.

Die DNS op die kombuismes het ooreengestem met Rudi s'n. Dié op die sigaretstompies was Henri s'n. Bloedspatsels nr. 105 en 106 was dié van Marli.

Die DNS van Teresa en Rudi is in vingernaelskraapsels van Henri se linkerhand gevind. Verskeie DNS-mengsels is op die byl gevind, onder meer dié van Teresa en Rudi in bloed aan die byl se kop, asook aanraak-DNS van Martin, Teresa en Rudi.

Henri se DNS is aan die onderkant van die bylhandvatse gekry. Teresa, Rudi en Henri se DNS is ook in bloed op die stortvloer gevind. Rudi se aanraak-DNS was op die meshandvatse en ook op 'n slaapbroek en 'n paar wit sokkies. Marli se DNS is in die gang op die boonste vloer gevind. Gemengde DNS van Henri, Teresa en Rudi is op Henri se slaapbroek gekry.

Rudi se DNS is op 'n duvetoortreksel en op die byl gevind, asook 'n mengsel van Rudi en Martin s'n op die byl. Geen onbekende DNS is in die huis gevind nie.

Met Joubert steeds siek, het sers. Marlon Appollis getuig. Hy het die selfoonrekords en die WhatsApp- en teksboodskappe op die gesin se selfoonrekords, nagaan. Hy het na alle moontlikhede gekyk, na alle moontlike verdagtes, dit was alles negatief.

Henri se inligting oor die beweerde aanvaller is opgevolg maar niks is gekry nie. Daar was geen verbreking van die landgoed se sekuriteit nie. Marli was geruime tyd in 'n koma en hy kon geen onderhoud met haar voer of verklarings kry nie. Sy kon niks van die voorval onthou nie.

Dit was 'n soort D-dag vir Henri toe Joubert, nou herstel van sy siekte en gewapen met twee dik lêers en 'n bottel water, getuig. Dit was tyd vir die bloed om te praat. In die beskuldigdebank was Henri se gesig pofferig, sy nuwe haarstyl onnet.

Joubert het die bloedpatrone op die toneel geïdentifiseer, na die beweging

en verspreiding daarvan gekyk en toe die toneel aan die hand daarvan gerekonstrueer. Elke bloedspatsel was genommer. 'n Mens kon 'n speld hoor val toe hy begin lees. Henri het met 'n geboë hoof geluister en 'n ring in sy hand om en om gerol.

Rudi se bloed was ook in 'n diep merk teen die muur bokant die trap, waar die byl die muur getref het. Van Martin se bloed was ook in spatsels teen dié muur gekry en van Teresa se bloed teen die muur buite die slaapkamer. Die bylhoue was so geweldig dat van Rudi se bloed selfs deur die venster na buite gespat het – twee druppels is teen die muur van die aangrensende huis gevind.

In die stort het Joubert verskeie positiewe reaksies gekry toe hy 'n chemiese middel gespuut het wat “onsigbare” of “mikroskopiese bloed” aandui.

Op die voorkant van Henri se slaapbroek was tientalle bloedspatsels. Dit het waarskynlik daar gespat toe die byl 'n bebloede liggaam getref het. Op die polisie-skets van die broek is Rudi se bloed meestal aan die regterkant, Martin s'n regs bo en Henri s'n aan die linkerkant. Daar was ook van Teresa se bloed op die broek, maar niks van Marli nie. Drie monsters met “gemengde bloed” – bloed met die DNS van meer as een persoon – is ook gevind. Van die bloed was verdun deur urine op die materiaal. Die spatsels op die voorkant dui daarop dat die broek in die onmiddellike nabyheid van Rudi en Martin was toe hulle aangeval is, het Joubert gesê.

Daar was ook bloed op Henri se wit sokkies. Sewe spatsels kom van Rudi, een van Martin, een van Teresa en twee van Henri self. Sestien van die bloedmerke dui daarop dat die drie naby Henri was toe die bloedstorting plaasgevind het. Van Rudi en Martin se bloed is ook op Rudi se duvet gevind en van Rudi se bloed op Henri se duvet. Spatselpatrone wys dat Rudi in 'n stadium oor die mat gesleep is tot naby die badkamerdeur.

In sy verklaring het Henri gesê hy het gedurende die aanvalle in die badkamer se deur gestaan. Daar sou hy nie eintlik aan die bloedvergiëting blootgestel gewees het nie. Die bloedspatsels op sy slaapbroek vertel egter 'n ander storie, het Joubert gesê. Dit plaas hom in die nabyheid van Rudi en Martin toe hulle aangeval is. Daar was geen bloedspatsels waar hy sou gestaan het nie.

In die hof het die joernaliste na mekaar gekyk. “Henri is *fucked*,” het een agter 'n bakhand vir sy kollegas gefluister.

Foto's van die beskuldigde in die ambulans wys geen bloedspatsels aan sy bolyf nie, het Joubert gesê. Teresa is heel waarskynlik in die deur van die slaapkamer aangeval terwyl sy haar aanvaller in die gesig gekyk het. Ook Marli is daar aangeval. Die besering aan haar linkerarm dui daarop dat sy haarself probeer verdedig het.

In die beskuldigdebank het Henri vervaard begin hoes. Sy gesig was bloedrooi.

Pieter Botha het in kruisondervraging antwoorde gesoek oor die presiese oorsprong van die bloedspatsels, onder meer oor 19 bloedmerke waarin geen DNS gevind is nie. Hy het daarop gewys dat die toetse in die stort bloot 'n "swak aanduiding" getoon het en Joubert het saamgestem.

Ná Joubert se getuienis het Botha die hof ingelig dat Henri vir eers nie gaan getuig nie, hulle wou eers sien hoe hul deskundige getuies vaar.

Botha het die DNS-kenner dr. Antonel Olckers as getuie geroep. Sy het die wyse waarop die polisie se wetenskaplaboratorium die 216 monsters hanteer het onder 'n vergrootglas geplaas.

Die verdediging se volgende getuie, dr. Mike du Trevou, 'n semi-afgetrede neurochirurg, was van mening dat geeneen van Rudi se beserings tot sy onmiddellike dood kon gelei het nie. Hy het ook verskil van dr. Marianne Tiemensma se getuienis dat Henri nie twee uur en veertig minute lank bewusteloos kon gewees het nie. Du Trevou kon egter nie met sekerheid sê of Henri net sy bewussyn verloor het en of hy bloot die voorval vergeet het nie. Hy kon ook flou geval het toe hy die bloedbad aan die bopunt van die trap gesien het.

Galloway het gesê drie dokters het getuig dat Henri geen breinbeserings of harsingskudding gehad het nie. Daar was net die knop aan sy voorkop.

Op Dinsdag 31 Oktober 2017 het Henri in die getuiebank ingeskuif. In 'n swanger atmosfeer was vyf TV-kameras op hom gerig.

Botha het sy kliënt eers oor sy gesin en sy vriende uitgevra. Soms het die antwoord sag gekom en Botha moes Henri kort-kort herinner om harder te praat.

Toe het die aand van 26 Januarie 2015 aan die beurt gekom: die gebeure voor en ná ete en die *Star Trek*-fliek, tot waar almal nag gesê het en bed toe is.

"Mnr. Van Breda, u moet kalm raak en 'n bietjie harder praat," het Botha sy getuie versoek.

Sy pa het die slaapkamer in gehardloop en wou die aanvaller takel, het Henri vertel. Die aanvaller het gelag en hom ook bygedam. Die aanvaller het handskoene aangehad, met 'n tuisgemaakte mus waarvan die gate vir die oë rofweg uitgesny was. Henri het in die oorkantste hoek bly staan, ineengekrimp.

Botha wou weet hoekom hy nie sy pa en broer gehelp het nie.

“Ek was baie bang,” het hy sag geantwoord.

Botha wou weet of hy, toe hy buite die huis was, om hulp geroep het.

“Nee, as ek nou terugkyk, moes ek dit eintlik gedoen het,” het Henri geantwoord. Hy het 'n foon hoor lui en Sasha (Marli se hond) wat êrens blaf. Hy het gesien hoe Marli bo by die trap beweeg en het weer die gorrelgeluid gehoor. Daarna het hy op die trap flou geword.

Toe hy ligdag wakker word, het hy noodnommers gesoek. Hy was paniekbevange en het tussen die bellery deur drie Camel-sigarette gerook om hom te kalmeer.

Die polisie en nooddienste het opgedaag en hy is later na die distriksgeneesheer en daarna, steeds net in sy bokserbroek, na die polisiekantoor, waar kol. Deon Beneke vir hom gesê het hy vertel 'n *bullshit*-storie.

Op 'n vraag van Botha het hy ontken dat hy enige bloed in die stort probeer afwas het.

Daarna het Galloway met haar kruisondervraging begin. Sy wou weet in watter emosionele toestand die gesin die aand van die voorval was. Hy het gesê dit was gelukkig, waarop sy die teenstrydighede tussen sy getuieverklaring en sy pleitverduideliking uitgewys het.

Desai wou ook weet waarom Henri nie die oggend by Op't Hof gaan hulp soek het nie. Hy het wel 'n vrou in die straat gevra, het hy geantwoord.

“Jy sien mnr. Van Breda, dié stukkie inligting is nie in jou verklaring nie,” het Galloway gesê.

Henri het gesê die verhoor het 'n groot deel van sy geheue opgeskerp. Hy het toegegee dat daar al geskille in die gesin was, maar niks buitengewoon nie.

“So, die aanvaller het spesifiek vir Rudi geteiken?” wou Desai weet. “Jy het net die een aanvaller gesien? Dieselfde een, dieselfde wapen, dieselfde tipe aanval, hou na die kop?”

“Korrek,” het Henri geantwoord.

Galloway wou weet of die aanvaller hom raakgesien het. Hy weet nie, het Henri gesê. Sy hulpkreet het die aanvaller ook nie ontsenu nie.

Desai wou weet wat Henri gedoen het om sy pa en broer te help. “U edele, ek wens ek het, maar ek was te bang.”

Maar hoekom het Henri nie die aanvaller van agter geduik nie, wou Desai weet. “Jou pa was (ook) bang ...”

“Ek was te bang,” het Henri in ’n aarselende stem herhaal. Trane het in sy oë opgewel.

Toe volg ’n dramatiese demonstrasie in die hof. Galloway het ’n troefkaart gehad. Sy het Henri gevra om met houtreplikas van die byl en mes (Appollis het die implemente spesiaal vir die strafsak laat maak) aan die hof te demonstreer presies hoe die aanvaller sy pa met die byl bygedam het. Dit was doodstil in die hof toe die beskuldigde die byl lig en dit afwaarts swaai.

Dié hou strook nie met sy pa se beserings nie, het Galloway gesê. Sy pa het ná die eerste hou slap geword, het Henri geantwoord, en dit is wat hý gesien het. Dit het gelyk of Henri hom vir Galloway vererg het. Desai het dit opgelet en Henri gevra om te ontspan. Op ’n vraag het Henri weer genoem dat die aanvaller gelag het.

“Gelag of gegiggel, asof hy pret het?” wou Desai weet. Henri het sy kop geknik.

“Ek kan verstaan dat jy bang was,” het Desai gesê, “maar waarom het jy hulle nie gewaarsku nie, geskree dat hulle moet weghardloop nie?”

Henri het skielik weerloos gelyk.

Galloway het gesê dr. Johan Dampers het Henri as fisiek sterk bestempel wat meer opgewasse was om die aanvaller te takel as Marli, wat net 16 en 1,7 m lank was en hul pa, wat ’n kort man was. Sy het Henri daarop gewys dat hy die aanvaller baie maklik ontwapen het en hom gevra om met die nagmaakte byl en mes te demonstreer presies hoe dié geveg verloop het.

Sersant Clinton Malan, wat in die hof was, het die rol van die aanvaller gespeel. ’n Makabere skyngeveg het asof in stadige aksie voor Desai en die hofgangers afgespeel.

Desai het opgemerk dat die aanval op Henri meer beheers voorgekom het in vergelyking met die bloeddorstige aanval op sy familieleden en hy wou weet hoekom Henri nie die aanvaller met die byl bygedam het nie.

Hy het op die mes gekonsentreer, het Henri geantwoord.

Jy was sterker, het Desai gesê, die ongeloof op sy gesig.

“Ek besef nou dat ek sterker was as hy,” het Henri gesê.

Galloway het hom weer gepols oor sy gebrek aan reaksie gedurende die aanvalle. Hoekom het hy nie sy lange uitgeskree nie, wou sy weet.

“Ek het geen woede gehad nie,” het hy gesê.

“Jy het geen woede gehad nie?” het Galloway verbaas gevra.

Hy was bang, het Henri weer gesê, maar Galloway het hom daarop gewys dat sy beserings oppervlakkig was en nie dodelik nie: “Jy was die hele tyd sterker as hy,” het Galloway gesê. Henri het saamgestem, maar bygevoeg dat hy dit nie geweet het nie.

Galloway wou weet wat hy gedoen het toe die aanvaller uit die kamer is. Henri het gesê hy het gehuiwer, nie seker wat om te doen nie. Hy het toe die byl na hom gegooi.

Maar hoekom het hy nie die byl gehou om homself te verdedig nie, wou Desai weet. Dit was nie wys nie, het Henri saamgestem, hy moes die byl en die mes eintlik gehou het.

Hy het weer verwys na die twee mense wat hy in die huis gehoor het wat in “twee verskillende stemtone” gepraat het. Galloway het gesê dis vreemd dat hulle niks gesteel het nie. Hulle is dalk onderbreek, het Henri gesê.

Galloway wou weet hoekom hy sy bewussyn op die trap verloor het. Dit is dalk van die val op die trap vroeër, het hy geantwoord. Sy geheue het bietjie versleg. Ook die knop aan sy voorkop was dalk weens daardie val of toe hy sy bewussyn verloor het.

Nee, het Galloway gesê, is die beserings nie opgedoen toe Marli haar teen hom verdedig het nie – hom met die vuus geslaan het nie? Daar is ook baie skerp kante naby die kamerdeur wat dit kon veroorsaak het.

“Ek stem nie saam nie,” het Henri gesê. Hy was duidelik geïrriteerd met die vrae, maar Galloway was onversteurd. Henri se geveg met Marli verduidelik die kneusings aan sy lyf, het sy volgehou, en Henri het dit weer ontken.

Galloway wou weet waar hy op die trappe flou geval en hoe lank hy daar gelê het. Tussen die tyd dat hy op Google na noodnommers gesoek en uiteindelik die oproep gemaak het, het twee uur en veertig minute verloop, maar Henri kon nie die spesifieke detail oor die flou word herroep nie. Hy het ook ontken dat hy sy weergawe van die gebeure aangepas het om die tidsverskil op te maak.

Daar is weer op Henri se gebrek aan optrede om sy ernstig beseerde gesinslede te help gefokus. Daar was twee 24-uur-noodnommers op die yskas se deur in die kombuis, asook nommers vir die beheerkamer, die sekuriteitsbestuurder en twee dokters, maar volgens Henri was dit onvoldoende en hy het gemeen 'n Google-soektog sou vinniger wees.

Desai wou weet hoekom hy nie die sekuriteit gebel het nie. Dit sou beter wees om direk by mediese hulp uit te kom, het Henri geantwoord, maar Galloway het gevra hoekom hy nie vir die operateur by nooddienste gesê het dat twee van sy gesinslede nog lewe nie. Hy het gedink die nooddienste sal probeer om “almal te kom red”, het hy geantwoord.

Sy oproep was vanaf 'n koordlose telefoon – hoekom het hy nie, terwyl hy gebel het, rondbeweeg en vasgestel hoe dit met die beseerdes gaan nie, wou Galloway weet. “Ek het gedink ek doen die beste wat ek kon,” het Henri geantwoord.

Hoekom is hy nie na buite sodat hy om hulp kon roep nie, wou Desai weet. Omdat hy reeds oor die foon hulp ontbied het, het Henri geantwoord.

Op Galloway se stelling dat hy ten minste 'n handdoek onder Marli se kop kon geplaas het, het hy geantwoord dat iemand met mediese kennis eerder so iets moes doen.

Dit gaan oor bystand, nie oor mediese kennis nie, het Desai gesê.

“Ek het nie gedink dat ek haar kon help nie. Ek het gemeen dat wat ek gedoen het, voldoende was,” het Henri geantwoord terwyl trane in sy oë opwel.

Galloway het toe weer oor die noodoproep gevra. Hoekom het hy aangehou om Bianca (sy destydse meisie) te bel? Hy wou net met iemand praat, het hy gesê. As hy nou daaraan dink, moes hy eintlik selfs vir Stephanie Op't Hof, die buurvrou, hulp gevra het.

“Tog was jou eerste oproep na Bianca,” sê Galloway. “Sy is 'n minderjarige. Wat sou jy vir haar sê?” Hy weet nie, het Henri geantwoord.

Galloway het hom daarop gewys dat hy geen bloedspatsels op sy bolyf gehad het nie. “Nie wat jy kon sien nie,” het Henri geantwoord. Daar was so baie bloed op die byl dat dit 'n spoor gelaat het toe dit die muur tref.

Tog het geen bloed op Henri se bolyf beland toe hy kort tevore met die aanvallers gestoei het nie, het Galloway gesê, maar Henri het gesê daar was “klein bloeddruppels, niks opvallends nie”.

En waarom was daar geen bloed op die onderkant van sy sokkies nie?

“Hoekom is dit ’n probleem? Ek het nie in bloed getrap nie,” het hy geantwoord.

Volgens Henri was die aanvaller tussen hom en sy slagoffers toe hy Rudi en sy pa bydam. Hoe het die bloedspatsels dan op sy slaapbroek beland, wou Galloway weet. Hy was nie reg agter die aanvaller nie, het Henri gesê, hy was na hul kant gedraai.

Toe is Galloway terug by Henri se verklaring aan die polisie. Sy het dit paragraaf vir paragraaf voorgelees en Henri moes wat hy as foute beskou het uitwys. Sy het hom daarvan beskuldig dat wanneer hy nie ’n redelike alternatiewe verduideliking het nie, hy alte maklik sê hy kan nie onthou nie. Sy selektiewe geheueverlies is net van toepassing op die inkriminerende dele van die staat se saak teen hom.

Hy het dit ontken. Hy probeer allermins vaag wees om homself te bevoordeel. “Ek kan nie onthou wat ek nie kan onthou nie,” het hy gesê.

As hy begrip het vir die bloedspatselgetuienis, die aard van die toneel ná die voorval en die gereedskapsanalise, sal hy agterkom dat dit nie sy getuienis ondersteun nie, het Galloway afgesluit.

Dan is die kruisondervraging verby en Henri verlaat die hof vinnig toe Desai die verrigtinge verdaag.

Ná 57 dae van getuienis en kruisondervraging het die staat en die verdediging hul slotbetoë gelewer. In hierdie tyd het Desai in die mees onvergeetlike frase van die saak die verdediging feitlik gesmeek om die hof ’n “kapstok (*peg*)” te gee – iets wat ter versagting van die beskuldigde kan dien – sodat die hof genade aan die beskuldigde kan gee. Tevergeefs.

Op 21 Mei het D-dag vir Henri aangebreek.

Sy hare was kort gesny, sy oë ingesonke. Vir ’n vlietende oomblik het hy soos ’n tipiese moordenaar uit ’n misdaadflik gelyk.

Sy storie dat ’n lenige swart Afrikaanssprekende man die goed bewaakte De Zalze-landgoed geïnfiltreer het om sy gesin een vir een met ’n Lasher-byl af te maai terwyl hy hom grootliks ongeskonde gelaat het, is deur Desai as ’n blatante leuen afgemaak. Verskeie objektiewe feite het bevestig dat Henri die aanvaller was. Daar was geen bewyse van onregmatige toegang tot die huis ten tyde van die insident nie.

Vier van die vyf lede van ’n gesin is brutaal en op dieselfde manier aangeval, dit terwyl die beskuldigde staande gelaat is en met beserings wat merkbaar verskillend in aard en omvang as dié van die res van die gesin

was. Daar was voldoende getuienis dat sy beserings self toegedien is.

Die beskuldigde se weergawe klop nie met die objektiewe bewyse wat gevind is nie. Toe hy hiervan bewus raak, het hy sy weergawe aangepas.

Hy het oorgenoeg tyd gehad om gedurende 'n tydperk van 2 uur en 48 minute met die toneel te peuter, sodat hy soos die onskuldige slagoffer moet lyk. Hy het nie net die polisie probeer mislei dat hy die byl na die aanvaller gegooi het nie, maar hulle ook vals inligting gegee sodat hulle 'n indringer moes soek.

Desai het Henri op al drie die moordklagte, poging tot moord en regsverdeling skuldig bevind en hy is op Donderdag 7 Junie 2018 gevonnissen. Die regter het gesê die beskuldigde het drie mense doodgemaak en probeer om dieselfde met 'n vierde te doen.

“Hulle was jou onmiddellike familie. Jy het nie die hof vertel wat tot die pleeg van hierdie misdade gelei het nie. Enige poging om 'n motief aan jou optrede toe te skryf sal bloot op bespiegeling neerkom.”

Slegs sy ouderdom en dat hy geen vorige veroordelings gehad het nie, was versagende omstandighede.

“Jou toekoms was nie donker nie. Eintlik was dit helder. Jy het 'n ondersteunende familie gehad en nog belangriker, hulle het die middele gehad om jou te kon bystaan in jou toekomstige pogings en dit lyk vir my hulle sou dit gedoen het. Jy het nog nie aan die hof gesê wat tot hierdie gebeure gelei het nie. Ten beste vir jou kan ons aanvaar dat die misdade nie in 'n vakuum gepleeg is nie, maar die produk was van ontevredenheid in die gesin.”

Die aanval op sy gesin is met 'n hoë mate van onbeheersde geweld uitgevoer. “Hulle het 'n bylswaaiende seun of broer gesien en waarskynlik nie die ergste verwag nie.

“Jy het oorleef met onbelangrike beserings. Hierdie aanvalle vertoon 'n hoë vlak van aangebore wreedheid en 'n byna ongekeende mate van miskenning van die welsyn van jou eie gesin – jou ouers en broer en suster. Jy het misdade gepleeg met 'n hoë graad van ongebreidelde geweld, die geweld wat teen jou eie familie gerig was, drie vermoor en die vierde ernstig beseer.

“Die beskuldigde het geen berou getoon nie Daar is ook geen wesenlike en dwingende omstandighede voor die hof geplaas nie.”

Desai het Henri lewenslange tronkstraf opgelê weens elk van die drie

moorde. Weens die poging tot moord op Marli is hy tot vyftien jaar gevonniss. Weens regsverydeling is hy 12 maande tronkstraf opgelê.

Met elk van die individuele vonnisse het Henri met sy kop geknik, asof hy reeds geweet het wat sy lot sou wees, of dat sy regsman hom hierop voorberei het.

Hofgangers het verbaas opgekyk toe Stefan van der Westhuizen, die vryskutfotograaf wat ná die moorde met Marli en Henri vriende geword het, hoorbaar begin snik.

“Ai, my vriend ...” het Van der Westhuizen gesug en sy trane afgedroog toe polisiebeamptes Henri geboei uit die hof lei. “Ek voel jammer vir hom. Hy het gekry wat hy verdien,” het Van der Westhuizen opgemerk.

Hy het onthou hoe Henri destyds kwaad geraak het toe Van der Westhuizen hom vertel het dat Marli dink dis hy wat die byl gelig het. “Hy het berserk geraak, my gedruk en gestoot. Ek het geskree: ‘Stop dit net’ en weggestap.”

Hy het ook vertel hoe Henri wou hout gekap het by ’n vleisbraai. “Hy het daai hout gemoer met ’n passie dat die stukke vlieg! Ek het nog nooit so iets gesien nie. Ná drie stukke, toe sê ek ‘Stop!’ Ek het bang geword. Die krag ... waarmee hy daai swaar byl gebruik het. Ek het gedink, jissie hier is die einde van my ... !”

Ná die vonnisoplegging het Appollis en Adams en hul vrouens saam met Galloway en Blows hul sukses met die saak gevier. ’n Bottel yskoue Kleie Zalze (die wyn van die werkende plaas van die De Zalze-landgoed) en ’n bottel vonkelwyn is oopgemaak.

Dit was Appollis se twaalfde saak in die hooggeregshof. Hy het al twaalf gewen.

Talle mense wou die houtreplikas van die byl en die mes by hom koop, maar hy het dit aan Desai as aandenking gegee. Die oorspronklike byl is aan die staat verbeurd verklaar.

André van Breda het in sy huis in Silver Lakes in Pretoria aan *Rapport* gesê hy het die aand, ure ná die uitspraak en vonnisoplegging, in ’n koue sweet wakker geskrik. Toe eers het die verskriklike besef gekom dat sy eie broerskind, ’n seun wat hy voor hom sien grootword het, vir dié gruwel verantwoordelik was.

“Hoe kon so ’n klein, vriendelike seuntjie ... Ek kon dit nie glo nie. Ons dink Henri het die pad byster geraak. Ek dink daardie Maandag het sy pa

net sy voet finaal neergesit. Teresa het ook vir Henri gesê: ‘Ek gaan nie meer geld vir jou gee nie.’ Ek dink daai gelddinge is gestop omdat hulle geweet het hy gebruik die geld om dwelms te koop.”

Hy sê miskien het Martin vir Henri gedreig dat hy sy selfoon sou afvat, sodat hy nie meer dwelms kan bestel nie. “Henri het seker toe gedink: As ék niks kan kry nie, sal niemand f****l kry nie. Toe die aanval. Ek dink die kind het *gesnap*, als het opgebou tot ’n klimaks.”

Van Breda het onthou dat Martin destyds ná die Griekwastad-moorde nog gesê het: “Hou daai kind (die moordenaar Don) permanent uit die samelewing uit.” Min het hy geweet dat sý gesin ewe grusaam sou sterf.

Bailey van Breda het gesê Henri se skorsing uit ’n universiteit in Australië was ’n ewe groot teleurstelling vir sy pa. Hy was wel bewus daarvan dat Rudi en Marli “meer vaderlike liefde en aandag gekry het”.

“Ons is net só teleurgesteld in hom. Ons wil hom reguit vra: ‘Henri, hoekom het jy jou familie uitgewis, die ma wat jou voed?’”

Nadat Desai Henri se aansoek om verlof tot appèl in Augustus 2018 van die hand gewys het, het die regspraak hulle onsuksesvol tot die appèlhof (November 2018) en die regter-president (Mei 2019) vir heroorweging gewend. In Augustus 2019 het die konstitusionele hof ook die aansoek om hersiening van die uitspraak en die vonnis van die hand gewys.

Henri was voorheen in die Drakenstein Korrektiewe Sentrum naby die Paarl. Hy het wiskundeklasse vir gevangenes aangebied en die voorgeskrewe kursusse bygewoon maar hy is vroeg in 2022 stil-stil oorgeplaas na die Leeukop-gevangenis in Gauteng.

Hy swyg tot vandag toe oor wat daardie Januarie-aand in hom gevaar het.

SUSAN ROHDE:

Dodelike driehoek

“Jy het bloed aan jou hande.”

Dit was die beskuldiging wat Neville Holmes na sy skoonseun geslinger het terwyl hy Jason Rohde se hande vasklem. Holmes se dogter, Susan, se lyk het daar naby gelê, in ’n badkamer van die luukse hotel waarin sy en haar sakeman-eggenoot tuisgegaan het.

Hy het Rohde gevra oor die omstandighede van Susan se dood. Rohde het geantwoord dat sy gehardloop en geval het.

Holmes: “So, sy het gehardloop en geval?”

Rohde: “Nee, sy het eintlik meer gegly.”

Holmes het Rohde se hande geneem, hulle omgedraai en bekyk voordat hy sy skoonseun in die gesig gekyk en hom verdoem het.

Die 47-jarige Rohde was in daardie stadium die plaaslike uitvoerende hoof van Lew Geffen Sotheby’s International Realty se eiendomsfiliaal. Hy en sy vrou was van die rykmansbuurt Bryanston in Johannesburg en het ’n konferensie van Sotheby International Realty South Africa op Spier buite Stellenbosch bygewoon – ’n wynlandgoed met ’n luukse hotel wat in die rustige, landelike Bolandse omgewing nestel.

Rohde het die ontvangstoonbank omstreeks 08:22 op Sondag 24 Julie 2016 vanuit die egpaar se kamer gebel. Hy het gesê hy kon nie toegang tot die badkamer kry nie en vermoed dat sy vrou haarself daarin toegesluit het.

Die landgoed se nutsman, Desmond Daniels, het met ’n skroewedraaier opgedaag en gou die deur oopgemaak. Daniels het ’n naakte vrou op die badkamervloer sien lê, die swart elektriese koord van ’n haartang om haar nek.

Twee van Rohde se kollegas, William Lee en Mark Thompson, het opgedaag nadat Lee vir Thompson gevra het of hy gehoor het van die “moeilikheid” by een van die kamers.

Rohde, geklee in 'n denimbroek en sportbaadjie, het by sy vrou se liggaam gekniel. Daar was urine en stoelgang op die badkamervloer. Hy het opgekyk en geroep: “Mark, help my! Mark, help my!”

Thompson het huilend noodhulp toegepas en van sy trane het op die kaal borste van die vrou gedrup. Rohde het in Susan se mond geblaas. Haar neus het in 'n stadium gebloei. Eenkant het 'n histeriese vrou, nog 'n kollega van die eiendomsagente, gebid.

Susan se naaktheid het Thompson ontstel, maar die groot kneusing op haar bobeën naby haar geslagsdele selfs meer. Hy het 45 minute lank noodbehandeling op haar gedoen terwyl hy tussendeur sy kollega probeer troos het. “Ons sal haar terugkry,” het hy gesê, al het hy geweet Susan Rohde is dood. Haar liggaam was koud en porseleinbleek, sou hy later getuig.

Thompson was doodmoeg toe die paramedici en polisie opdaag. Susan se liggaam is intussen met 'n rooi kombers bedek. Thompson het langs Rohde gaan sit en sy hand vasgehou.

'n Polisiebeampte wou weet wat gebeur het. Rohde het geantwoord dat hy en sy vrou omstreeks 07:00 op mekaar geskree het. Sy is badkamer toe en hy het aan die slaap geraak. Toe hy wakker word, was sy nie daar nie en die badkamer se deur was gesluit.

Om 09:08 is Susan dood verklaar. Die hotelbestuurder het almal na 'n kamer langsaan geneem. Susan se pa, haar suster Angela Norton en Rohde se suster Tori Coughlan en haar man, Paul, was toe reeds daar.

Rohde het later teruggevlieg Johannesburg toe om sy drie dogters, Kate (18), en die 16-jarige tweeling, Josie en Alex, te ondersteun. Kate het 'n roerende video van haar ma op Instagram gedeel met die woorde: “Jy is altyd en sal altyd in my gedagtes wees. Ons mis jou reeds.”

Die gesin het vroeër twee jaar lank in Perth in Australië gewoon, maar het in 1997 na Suid-Afrika teruggekeer. Op die oppervlak en op sosiale media was die egpaar dolgelukkig. Die 45-jarige Susan het gereeld op Facebook gespog met haar man en hul drie dogters. Sy het talle foto's van hulle saam geplaas. Selfs tot kort voor haar dood, op 18 Junie, het sy 'n foto geplaas waar sy tydens 'n rugbytoets op Ellispark, Johannesburg styf teen haar man sit. Op 'n ander foto gee sy hom 'n soentjie.

Daardie prentjie sou gou heeltemal verbrokkel, soos ook die aanname dat Susan Rohde haarself om die lewe gebring het. Dokter Akmal Coetzee-

Khan, die staatspatoloog, se skokkende bevindings tydens sy ondersoek van die lyk sou daarvoor sorg.

Sy gevolgtrekking was dat die oorledene vermoedelik met die kaal hande verwurg is. 'n Ligatuurmerk aan haar nek en onderaan haar kaak was tekens daarvan. Daar was wel ook 'n kneusplek aan haar nek, soos deur 'n tou of kabel veroorsaak, maar hy het bevind dat dit heel moontlik ná haar dood aangebring is. Sy het toe sy gesterf het ook waarskynlik op haar rug gelê en nie agter die badkamerdeur gehang nie. Daar was boonop verskeie kneusmerke aan haar lyf en gesig, sowel as talle ribfrakture.

Rohde is dae ná sy vrou se dood deur die polisie ingelig dat die geregtelike doodsondersoek na aanleiding van die lykskouing se bevindings 'n moordondersoek geword het en dat hy 'n verdagte is. Rohde is oor sy regte ingelig en moes 'n waarskuwingsverklaring (dat hy gearresteer gaan word) onderteken.

Hy is na die Victoria-hospitaal in Wynberg, Kaapstad, geneem waar hy deur dr. Marianne Tiemensma ondersoek is. Hy moes ook 'n DNS-monster verskaf. Op sy rug was twee krapmerke of strepe wat toe nog nie genees was nie.

'n WhatsApp-groep waaraan die Rohdes en hul vriende behoort het, is intussen ontbind en Rohde is deur sy werkgewer geskors.

Hy het ná sy terugkeer na Bryanston 'n dringende familievergadering gehou waartydens hy teenoor geskokte familielede gebieg het dat hy 'n buite-egtelike verhouding met 'n Kaapse kollega, Jolene Alterskye, gehad het. Alterskye, wat sowat 'n dosyn jaar jonger as Rohde is, was ook by die konferensie by Spier. Rohde en Susan het die aand voor Susan se dood daaroor rusie gemaak. Hy het ook aan die familie genoem dat die polisie 'n moordondersoek begin het met hom as verdagte.

Alterskye het by navraag teenoor *Rapport* beweer sy ken Rohde nie. Sy het wel 'n prokureur aangestel om haar te verteenwoordig.

Die prokureur, Leon van der Merwe, het aan die Sondagkoerant gesê Alterskye het die gerugte dat sy Rohde se minnares is aan hom genoem. "Sy wil nou bloot haar belange beskerm. Ja, sy is deur speurders ondervra, maar talle van haar kollegas ook."

Hy het bevestig dat sy en ander kollegas die aand voor die ontdekking van die liggaam saam met Rohde in 'n hotelkamer gekuier het. "Natuurlik is sy ontsteld oor die gebeure omdat iemand dood is en sy saam met die

beskuldigde gewerk het,” het Van der Merwe gesê.

Maar die 35-jarige Alterskye, ’n aantreklike donkerkop-eiendomsagent van Seepunt, het ’n baie groter rol in die drama wat Susan Rohde se dood voorafgegaan het gespeel as wat sy wou laat blyk.

Sy het na aanleiding van haar ondervraging deur die polisie ’n beëdigde verklaring by hulle afgelê wat die sluier oor die twee kollegas se buite-egtelike verhouding gelig het. Die polisie het ook laat in September 2016 op haar skootrekenaar, selfoon en databank beslag gelê.

Alterskye het in haar verklaring gesê sy het Rohde in 2014 ontmoet. Hy het kliënte na haar verwys en hulle het gereeld gekorrespondeer. ’n Persoonlike vriendskap het mettertyd ’n volbloed- intieme verhouding geword. Hulle het mekaar gereeld gesien wanneer Rohde in die Kaap was. Op 16 Desember 2015 het hulle die verhouding vriendskaplik beëindig omdat dit “nêrens gegaan het nie”. Rohde het daarna weggebly, maar toe sien hy haar weer, wat dinge van voor af laat opvlam het.

In Februarie 2016 het sy vir Rohde ’n Valentynskaartjie gegee en sy vrou het in sy aktetas daarop afgekom. Hy het Alterskye gebel en gesê dat hulle die verhouding weer moet beëindig.

Sy het daarna ’n selfoonboodskap aan Rohde geskryf, min wetende dat Susan Rohde haar man se foon by haar gehad het. Susan het Alterskye dadelik gebel en ’n verduideliking geëis oor wat tussen haar en haar man aan die gang was. Alterskye het geantwoord dat haar man en nie sy nie dit moet verduidelik.

Rohde sou later teenoor Alterskye beweer dat hy ’n sielkundige moes spreek oor dié voorval.

Alterskye het hom verskeie kere tussen Februarie en die konferensie van 22 Julie 2016 gesien. Susan het haar intussen knaend gekontak, ook twee dae voor die konferensie: “Soos jy weet, sal ek daar wees hierdie naweek. Wees net beskaaf teenoor my,” het Susan gesê en die onverwagse oproep beëindig.

Volgens Alterskye het sy nie by die konferensie met Rohde of Susan gepraat nie. Laasgenoemde het wel, toe Alterskye omstreeks 20:00 die Saterdag aandete opskep, na haar gekom en (volgens Alterskye) gesê dat sy (Alterskye) haar nooit weer sal sien nie.

Rohde het haar die Saterdag nag gebel en gevra waar sy is. Hy het na die kamer waar sy saam met twee ander kollegas gekuier het, gekom en op die

bed gaan sit. 'n Kollega het Rohde whisky aangebied, maar hy het nog nie 'n sluk gevat nie, toe staan Susan in die deur. Sy het haar man geroep en hy het opgestaan en haar kamer toe gevolg.

Later die aand het Rohde haar gebel. Sy kon 'n lawaai oor die foon hoor, maar nie enige gesprekke uitmaak nie.

Susan het vir Alterskye verskeie boodskappe gestuur en haar ook gebel, maar Alterskye het nie die oproep beantwoord nie. Sy het omstreeks 08:00 opgestaan vir ontbyt. In die eetvertrek het sy gehoor van 'n paartjie wat in 'n kamer 'n “ongeluk” gehad het. Sy het gehoor dat die res van die konferensie gekanselleer is en dat hulle huis toe moet gaan. Sy het haar bagasie gevat en die landgoed verlaat.

Die middag het sy 'n boodskap aan Rohde gestuur: “Ek het nie woorde nie, ek kan my nie indink wat jy moet deurgaen nie en ek is hier as jy my nodig het.”

Die polisie het ook 'n lang handgeskrewe brief gevind wat sy aan Rohde gestuur het. Daarin soebat sy hom om sy vrou van hul verhouding te vertel en sê sy ook dat sy hom nie meer glo nie.

Luidens die brief sou Rohde onder andere aan haar genoem het dat hy te jonk getrou het, dat sy vrou mooi is, maar dat hy nie seksueel tot haar aangetrokke is nie, dat hy net by verstek met haar getrou het en dat hulle net deur hul kinders verbind is.

Alterskye het geskryf dat sy verskriklik leeg voel en asof sy in 'n vreeslike droom vasgevang is. Rohde het haar vasgehou terwyl sy slaap en haar seuntjie het lief geword vir hom. Hy het haar hart besit, maar dit alles vernietig deur weg te loop.

“Jy gaan terug na jou gewone lewe. My lewe is omgekeer. Elke deel van my huis, elke straat in my buurt, elke sonsondergang by die see herinner my aan jou.”

Alterskye het ook geskryf dat Rohde steeds lieg, dat hy liever alles moet vertel en verdere skade voorkom. Ook dat sy nooit sy “slagofferstatus” kon verdra het nie. Indien sy kon help om sy huwelik te versterk, sou sy dit gedoen het en bly gewees het vir hom. Rohde het egter verkies om 'n kunsmatige lewe te lei sodat almal moet dink hulle is 'n perfekte, gelukkige gesin.

“It's BULLSHIT!!” het sy geskryf.

Rohde se prokureur, Daniel Witz, wou hom nie uitlaat oor al die

bewerings nie en het slegs gesê dat sy kliënt nog oor sy vrou se dood rou. Agter die skerms het Witz egter nagte omgesit om voorbereidings vir 'n onvermydelike borgtogaansoek te tref.

Rohde het ook 'n onafhanklike forensiese deskundige, dr. Reggie Perumal, opdrag gegee om 'n private lykskouing te doen. Perumal het bevind dat Susan weens ligatuurverwurging dood is en dat sy haarself moes opgehang het.

Hy het in sy uiteindelijke verslag 'n diep, nuwe kneusplek aan die oorledene se tong uitgewys wat deur verwurging met 'n tou ooreen sou stem. Ook was ribbes twee tot vyf aan haar linkerkant en drie tot ses aan haar regterkant en 'n gedeelte van haar borsbeen gebreek. Daar was verskeie ouer en nuwe skaaf- en stukkende plekke aan die liggaam, plus ouer kneusplekke aan albei haar bobene.

Op 23 Augustus 2016 het die onvermydelike gebeur. Speursersante Marlon Appollis en Stephen Adams het Rohde by sy huis in Bryanston in hegtenis gaan neem. Die sakeman was omstreeks 06:40 nog in sy slaapklere toe die speurders en ses gewapende polisielede by sy huis in Wentworth Village aankom. Rohde se kinders, sy 67-jarige ma, Brenda, en 78-jarige stiefpa, Peter, was ook tuis.

Hy was erg ontsteld daaroor en het in sy verklaring wat by sy borgtogaansoek ingedien is gesê daar was 'n *gentlemen's agreement* dat hy homself by die polisie in Stellenbosch sou aanmeld, sou hulle dit vra. Hy het verwys na die vergunning wat vroeër dieselfde jaar aan 'n man gegee is wat by 'n driedubbele moord betrokke was en wat baie media-aandag ontvang het. "Hy het homself oorgegee en is dieselfde dag vrygelaat."

Dit was 'n verwysing na die 20-jarige Henri van Breda wat homself, ná 'n ooreenkoms met die Nasionale Vervolgingsgesag, by die polisiekantoor oorgegee het ná die dood van sy ouers.

Rohde het op 25 Augustus onder groot openbare belangstelling in die landdroshof in Stellenbosch verskyn. Buite die hof het van die omstanders die sigbaar moeë man in die swart windjekker en blou denim luid uitgejou.

"Jason, jou moordenaar!" het 'n vrou geskree.

In die hof het adv. Pete Mihalik aan landdros Gert Jacobs gesê dat sy kliënt se vrou luidens 'n forensiese verslag deur 'n private patoloog nie verwurg is nie. Dat 'n beentjie agter in die keel wat sou breek as iemand verwurg word, nie gebreek is nie. Ook dat daar 'n verslag van die egpaar se

berader was dat die oorledene selfmoordneigings getoon het.

Die staat het sewe dae uitstel gevra en gesê dat daar uitstaande bewysstukke was wat die misdryf kon verander na 'n skedule 5- of 6-misdaad (wat sekere minimum vonnisse, ens. sou inhou). Die uitslag van 'n DNS-ondersoek en 'n verslag oor die bloedspatsels en selfoondata is ook nog ingewag. Die staat het ook inligting oor Rohde se finansiële stand van die Reserwebank af aangevra en wou seker maak of enige reisdokumente aan hom uitgereik is.

Mihalik was omgekrap en wou weet hoekom seek die staat uitstel van sewe dae.

“My kliënt het van die begin af sy samewerking gegee. Al sy finansiële state is bekend – alles, sy paspoorte, selfs die lewensversekering van sy vrou waarvan die polisie nie geweet het nie. Sewe dae se uitstel? Om wat te maak? Hulle wil nou sy finansies deur die Reserwebank laat ondersoek. Ons het gesê die man het R30 miljoen. Wat maak dit saak hoeveel geld hy het, of dit nou R30 miljoen of R20 miljoen is? Hy het geld en die polisie weet dit.”

Aanklaer Carien Teunissen het oor Perumal se private lykskouingsverslag gesê dit is nie vir die verdediging om op grond van daardie verslag te besluit dat Rohde onskuldig is nie.

Die hof het die staat nietemin nog sewe dae gegee en Rohde is in die aanhoudingselle by die Stellenbosse polisiekantoor aangehou. Die volgende ronde het wel aan die Rohde-kamp behoort omdat die hof einde Augustus borgtog van R1,1 miljoen aan hom toegestaan het. Sy verhoor het op 9 Oktober 2017 voor regter Gayaat Salie-Hlope in die hooggeregshof in Kaapstad begin.

Mihalik het sy kliënt se pleitverduideliking voorgelees – dat Rohde onskuldig pleit op aanklagte van moord en regsverydeling. Hy het daarin vir die eerste keer sy buite-egtelike verhouding met Alterskye erken.

Rohde het in die pleitverduideliking gesê dat sy vrou teen sy wil die konferensie bygewoon het. Geen van Sotheby's se ander werknemers se eggenotes of lewensmaats wat nie direk by die onderneming betrokke was nie, was by die konferensie nie. Hy het ook gesê sy vrou se houding was irrasioneel, desperaat en sy was met tye obsessief. Sy was depressief en haar sielkundige was bang dat sy haarself om die lewe kon bring. Die oorledene kon nie rede verstaan ná haar man se owerspel nie en haar

houding het gewissel tussen woede, afkeer, desperaatheid en hartseer.

Die staat se saak het volgens hom berus op omstandighedsgetuienis en op “sogenaamde” forensiese getuienis.

Mihalik het gesê sy kliënt se verhouding met Alterskye het niks te make gehad met die staat se aantygings van moord en dwarsboming van die geregtelike proses. Sy vrou het reeds in 2016 van sy verhouding met Alterskye uitgevind. Sy het hom toe toenemend verbaal aangeval en het haar hele houding teenoor hom verander. Hul huwelik was glad nie perfek nie, maar dit het heeltemal verbrokkel nadat sy vrou van die verhouding uitgevind het.

“Ek glo met respek die spoed waarin haar emosies gewissel het en haar onvermoë om rede te verstaan of om haarself rasioneel te laat geld, het tot haar selfdood gelei,” lui die pleitverduideliking.

Hy en sy vrou het die aand voor haar dood baklei. Hulle het op mekaar geskel. Susan het hom onder meer met geweld gekeer om hul hotelkamer te verlaat en het aanhoudend na hom gegryp en aan hom getrek. Dit is tydens dié konfrontasie, terwyl hy van haar probeer wegkom het, dat hy sy arm teruggetrek en haar in die gesig getref het. Susan het ook reeds die naweek voor die konferensie ’n besering opgedoen.

“Ek het haar nie doodgemaak nie en het nie haar selfmoord versin nie,” het Rohde sy pleitverduideliking opgesom.

Oor die volgende maande sou die ware gebeure in die Spier-hotel op die nag van 23 Julie 2016 in die hof ontvou – ’n nag van spanning, van ’n verskriklike rusie, van geweld, tientalle boodskappe tussen die liefdesdriehoek se onderskeie partye en uiteindelik die dood van ’n vrou in kamer 221.

Die hotel se veiligheidskameras naby die kamer het weens instandhoudingswerk nie daardie aand gewerk nie, maar die sekuriteitswag Kwanele Mabeta het getuig dat hy die oggend van Susan se dood gesien het hoe sy en haar man stry. Hy het die vorige aand om 18:00 met sy skof begin. Om 03:23 die oggend van 24 Julie was hy naby die egpaar se hotelkamer en het hy verby hulle geloop. Susan was kaalvoet en in ’n wit japon geklee. Hy kon aan hul gesigsuitdrukkinge sien dat hulle stry, maar nie hoor waarom nie. Elke keer wat Susan aan Jason geraak het, het hy haar weggestoot.

Nutsman Desmond Daniels het getuig hoe hy met ’n skroewedraaier die badkamerdeur vir Rohde moes oopmaak. Hy het aangedui dat hy dit nog

nooit tevore gedoen het nie, maar dat dit ook maklik met 'n muntstuk of teelepel gedoen kan word. Daniels sou later tydens kruisondervraging deur adv. Graham van der Spuy, vir die verdediging, sê dat die deur op dieselfde manier van buite gesluit kan word.

Die deur het maklik oopgegaan en hy het dit sowat 150 mm wyd oopgestoot. Hy kon 'n wit vrou se onderbene op die vloer sien. Hy het opsy gestaan sodat Rohde eerste kon ingaan en het hom gevolg.

Hy het Susan op die vloer van die badkamer aangetref. Daar was 'n koord om haar nek waarvan die ander punt aan 'n klerehaak agter die badkamerdeur vasgemaak was. Rohde het Susan van agter in sy arms geneem en Daniels kon vir die eerste keer sien dat sy geen klere aangehad het nie.

Hy het op versoek van Rohde gehelp om die haartang se koord van haar keel af te haal. Dit het maklik afgekom. Hy het egter opgelet dat Susan nie meer asemhaal nie. Hy het die haartang op die vloer neergesit en het die landgoed se veiligheidsbeheerkamer gebel om die polisie en 'n ambulans te ontbied. Daarna het hy nog sowat 20 minute buite die badkamer in die hotelkamer gewag. Die eerste ander mense het sowat 15 minute ná sy oproep op die toneel opgedaag.

Mark Thompson het oor sy desperate pogings om Susan weer by te bring en oor haar porseleinbleek liggaam getuig. Hy het ontken dat Rhode ooit gesê het: “Susan, hoekom het jy dit gedoen? Susan, ek is lief vir jou! Susan, wat van ons dogters?”

“Daar was niks daarvan nie, hy het net gesê: ‘Mark, help my, Mark, help my!’ Dit was ontstellend. Hy het net drie woorde gesê. ‘Help my, Mark’.”

Volgens Thompson was Susan ook nie in 'n wit japon geklee nie. Toe hy die badkamer saam met Rohde verlaat, was sy kaal. “Meer van haar nek was gekneus as wat 'n mens sou verwag van iemand wat aan 'n dun koord gehang het,” het hy ook gesê.

Dokter Coetzee-Khan het getuig hy het al lykskouings op sowat 100 lyke gedoen waar mense hulself om die lewe gebring het, waaronder 12 ondersoeke was waar toue gebruik is en 19 waar mense met kaal hande vermoor is.

Die patoloog se lykskouingsfoto's is op skerm in die hofsaal gewys. Toe sy vrou se naakte lyk op die groot skerm wys, het Rohde weggekyk.

Volgens Coetzee-Khan het die kneusplekke en stukkende plek aan haar

kneukels aangedui dat sy haar kon probeer verdedig het. Die kneusplekke het hom aan iemand met *battered woman syndrome* laat dink.

In die getuiebank het Rohde sy vingers teen mekaar getik.

Daar was 'n bloedmerk bo die regterooglid, 'n kneusplek aan die linkerknie, 'n kneusplek aan die regterbobeen en 'n merk bo die linkerooglid. Aan die regterkant van die nek was daar 'n merk opwaarts tot voor die oor.

Daar was ook krapmerke aan die onderkant van die regterkant van die kaak wat deur vingernaels gemaak kon gewees het. Dié krapmerke is rondom die merk van die tou aangetref. Om die nek was nog 'n merk, horisontaal aan die voorkant en aan die linkerkant.

Volgens Coetzee-Khan het hy rooi merke op die linkerkant van die bed, bloedmerke op die laken, duvet en kussing én bloed op die mat gesien.

Volgens sy toetse het die slagoffer omstreeks 05:40 gesterf. Hy sou later onder kruisondervraging toegee dat dit veiliger is om aan te neem sy het tussen 02:00 en 08:00 gesterf.

Hy het ook getuig dat daar tekens was dat Susan op haar rug gelê het toe sy gesterf het. Die patroon van doodsvlekking (wanneer bloed na die laagste dele van die liggaam afsak) was op die oorledene se rug en agter op haar bene en boude. Doodsvlekking neem omtrent 30 minute vanaf dood om te begin intree en sowat drie uur om heeltemal in te skop.

Wanneer iemand hang, is die persoon in 'n vertikale, regop posisie en daar sal dan meer doodsvlekking in die voete en hande opgemerk word, het Khan gesê.

Toe kom die opmerking wat hofgangers regop laat sit: Die koordmerke is ná die slagoffer se dood aangebring om dit soos selfdood te laat lyk. Sy het reeds platgelê en dit is duidelik weens die doodsvlekking op haar rug en boude.

Khan het gesê die persoon wat die koordmerke aangebring het, het nie geweet hoe dit lyk as 'n mens hang nie. Daar was ook geen teken van skawing om die oorledene se nek nie. Indien sy gehang het, sou die koord van haar elektriese haartang om haar nek geskaaf het. Ook, indien 'n mens sou hang, sou die koordmerke opwaarts wys – tot by die punt waar die koord geknoop was. In die geval van die oorledene was dit nie so nie, het hy getuig.

Daar was 'n fisieke geveg voordat die slagoffer gewurg is. Bloed in

Susan se longe wys sy is teen die borskas getref – voor haar dood en nie daarna nie. Daar was ’n bloedgewas aan die agterkant van haar skedel wat wys sy het ’n harde hou agter die kop gekry. Kneusplekke aan haar gewrig wys daar was ’n harde slag teen dié liggaamsdeel. Die kneusplekke aan haar longe is nog ’n teken van ’n harde slag teen haar liggaam.

Daar was ook tekens dat haar suurstof afgesny is. ’n Mens kon dit sien aan bloeding by haar hart. Daar was kneusplekke aan haar gesig en onder meer aan haar derde, vierde en vyfde rib, plus bloeding naby haar borswand. Dit kon nie verband hou met noodhulpdruk op Susan se bors nie, want dis te ver daarvandaan.

Daar was bloeding by Susan se neus, wat beteken dat iets oor haar neus en mond gesit is soos byvoorbeeld ’n hand. Bloeding aan die regterkant van die skildklier wys dat daar druk van ’n duim op haar keel was. Daar was ook drukking in die nek wat aan donkergestolde bloed gesien kon word. Die hoeveelheid bloeding stem nie ooreen met die koordmerk nie.

’n Beentjie by haar skildklier was gebreek. Die bloeding by die punt van haar tong is kenmerkend van iemand wat versmoor is. “Sy is met kaal hande gewurg,” het Coetzee-Khan gesê.

Daar was ’n skaafmerk van sowat 20 mm by 5 mm aan haar linkerskouer. Die oorledene kon oor ’n growwe oppervlak, soos ’n mat, gesleep gewees het.

Hy het verwys na Perumal se lykskouing wat op 1 Augustus 2016 by Doves-begrafnisdienste in Braamfontein gedoen is en waar die tyd van dood as 08:00 aangedui is. Hy kon geen aanduiding sien van hoe Perumal daarby uitgekom het nie. Ook nie by sy gevolgtrekking dat sy haarself met die koord gehang het nie. Hy het geen bewyse daarvoor gelewer nie. Die koordmerk het nie tot by die haarlyn agter die oorledene se nek gegaan nie en het slegs sowat 60 persent van haar nek gedek. Daar was ook geen knoopmerk aan haar nek nie.

Khan het gesê Perumal het glad nie verwys na kneusplekke aan Susan se hande en gewrig nie, of na die fraktuur aan haar skildklierbeen en selfs die bloed in haar maag nie.

Die patoloog het tydens kruisondervraging gesê hy staan by sy getuienis oor Perumal se lykskouingsverslag.

Advokaat Graham van der Spuy, vir Rohde: “Wat het in jou opinie haar dood veroorsaak?”

Coetzee-Kahn: “Onnatuurlike oorsaak ooreenstemmend met iemand met beserings wat lyk asof sy met die kaal hande verwurg is en wie se lugweë afgesny is.”

Van der Spuy het aangevoer ’n mens wat verwurg word sal terugbakei, maar die beskuldigde het self geen noemenswaardige beserings gehad nie.

’n Ander patoloog, dr. Deidre Abrahams, het getuig dat Susan voor haar dood erge pyn moes verduur het weens die beserings aan haar ribbe, wat deur ’n harde hou veroorsaak moes gewees het. Sy het kort voor haar dood baie bloed gesluk en gesukkel om asem te haal.

Susan het nog gelewe toe sy die ribbeserings opgedoen het. Daar was kneusings aan haar longe en die bloed wat sy gesluk het, het na haar maag beweeg. Haar lugweë sou weens die beserings afgesluit en haar beweeglikheid ingeperk gewees het. Sy sou heel moontlik gelê het in ’n poging om haarself te beskerm.

Volgens Abrahams het sy haarself beslis nie om die lewe gebring nie: “Voor haar dood was daar kragtige trauma aan haar borskas veroorsaak deur iets stomp. Daar het bloed in haar lugweë gekom. Sy het dit afgesluk tot in haar maag. Dit was voor haar dood. Waar sy toe was, kan ek nie sê nie.”

Van der Spuy het aangevoer Susan se ribbes kon gebreek het toe Rohde haar mond-tot-mond-asemhaling probeer gee het. Abrahams het geantwoord daar was reeds getuienis voor die hof dat Susan koud was toe probeer is om haar by te bring.

Abrahams het gemeen Perumal was nie objektief nie aangesien hy deur die beskuldigde betaal is om ’n mening te gee.

Toe hy haar kruisondervra, het Van der Spuy met die spreekwoordelike bokshandskoene onder Abrahams ingeklim – soveel so dat sy teenoor die regter gekla het sy word voortdurend onderbreek en dat Van der Spuy haar probeer intimideer. Die regter het in ’n stadium gesê Van der Spuy se gedrag was “onvanpas vir ’n regsamptenaar” en dat sy hom sal aankla indien hy só voortgaan.

Abrahams het voorts getuig die ligatuur aan Susan se keel is gedeeltelik, onvolledig en ná haar dood aangebring. Daar was beserings aan die binnekant van haar mond en agter in haar keel. Die velkleur rondom haar neus en mond was baie vaal, wat ’n teken is dat daar nie bloedvloei na daardie dele was voordat sy dood is nie. Daar was ook tandmerke aan die binnekant van haar mond wat aandui druk is op haar gesig geplaas.

Abrahams het gesê sy het foto's van die toneel gesien en daar was 'n kussing met swart merke op wat soos maskara lyk. Daar was bloed op die kussing op die plekke waar jou neus en mond sou wees. Dit kon wees omdat die kussing teen haar gesig gedruk is.

Die bloedspatselkenner kapt. Marius Joubert het oor die bloedmerke op die beddegoed getuig dat daar nie genoeg bloed was om aan te dui dat 'n gewelddadige misdaad in die hotelkamer plaasgevind het nie. Die bloed op die duvet en laken het ooreengestem met die beserings wat die oorledene aan haar voete gehad het.

Joubert het verduidelik van die beskuldigde se bloed was ook op die vloer, duvet en kussingsloop en dit kan wees dat hy self 'n besering opgedoen het voor, ten tyde van of ná die voorval. Hy het niks gevind wat teenstrydig met Rohde se verweer is nie.

Die hofsak het intussen 'n swaar tol van Rohde begin eis.

Sy geldsake was blykbaar beroerd omdat hy so baie aan regs-koste moes bestee. Hy het sy regsman reeds honderde duisende geskuld. Rohde het reeds sowat 'n jaar tevore by Sotheby's bedank. Sy huis in Bryanston is verkoop en die geld is in 'n trust geplaas.

Hy het op 5 Februarie 2018, 'n Maandag, nie by die hof opgedaag nie. Sy regsman het verduidelik dat hy weens spanning in die Crescent-kliniek in Kenilworth in Kaapstad opgeneem is. Hulle het twee doktersbriewe by die hof ingedien en 'n week uitstel gevra. Salie-Hlophe wou niks daarvan weet nie en het beveel dat Mihalik sy kliënt by die hospitaal gaan haal. Die toesighoudende dokter wou hom nie sonder 'n lasbrief ontslaan nie en die regter moes eers een uitreik.

'n Sigbaar moë Rohde is summier deur Adams en Appollis in die teenwoordigheid van sy regsvertegenwoordigers teruggeneem hof toe. Hy het 'n stoppelbaard gehad en was in 'n turkoois kortbroek en grys kappietrui geklee toe hy die Dinsdag in 'n rolstoel na 'n polisievoertuig gestoot is. Hy het die Woensdag weer in die hof verskyn.

Drie van sy advokate het hulle sowat twee weke later onttrek omdat hy hulle nie meer kon betaal nie. Hy het sy regsman in daardie stadium glo sowat R2 miljoen geskuld. Salie-Hlophe het Ross McKennan, Stacey Webb en Pete Mihalik verskoon.

In die hof het die krultang se koord en die haak aan die badkamerdeur aan die beurt gekom.

Kolonel Danie Poolman, hoof van die forensiese ingenieursafdeling van die polisie se nasionale forensiese wetenskaplaboratorium in Pretoria, het getuig hy kon die badkamerdeur van buite oopmaak en het dit met 'n teelepel en 'n R2-muntstuk gedoen. Luidens Rohde se pleitverduideliking kon hy nie by die badkamer inkom nie en het hy daarom die nutsman ontbied.

Poolman het gesê volgens die lykskouingsverslag was Susan 1,71 m lank en het sy 52 kg geweeg. Hy het die swart elektriese koord enkel en dubbelgevou getoets. Sy toetse het die enkelkoord teen 40 kg laat breek en die dubbelkoord teen 77,7 kg.

Die haak aan die deur is ook getoets, deur die forensiese beampte kapt. Simon Mofokeng. Hy het gesê die haak was 1,95 m van die grond af. Hy het 'n sak wat net soveel as Susan weeg, op twee maniere daaraan laat hang. Die eerste toets was om die sak vas te maak soos wat die koord gevind is en daarna het hy ook die sak aan die boonste gedeelte van die haak vasgemaak. Die haak het toe van die deur af weggetrek.

Die deur is later ook ingespan toe Rohde deur die staat onder kruisondervraging geneem is. Dit is uit die hotel verwyder en as bewysstuk ingedien. Die deur is in die hof staangemaak met die haartang se koord wat om die haak hang.

Die staatsadvokaat, Louis van Niekerk, het Rohde gevra hoe die koord om Susan se nek gedraai was, maar hy het 'n paar keer geantwoord dat hy nie met sekerheid kan sê nie omdat hy meer daarop gefokus het om dit af te kry: "Ek was in skok. Ek wou dit dadelik van haar nek af kry."

Rohde is gevra om te wys in watter posisie hy sy vrou gevind het.

Hy het die koord om sers. Jaydene Florence se nek gedraai. Hy het haar gevra om by die deur te hurk en het haar met die hulp van die hofklerk, Jarid Bredenkamp, opgelig en in posisie geplaas.

Van Niekerk het hom weer gevra om te demonstreer hoe die koord vasgemaak was. Rohde het gesê as hy vir die hof moet wys hoe styf die spanning van die koord was, sal hy Florence seermaak. Hy kon ook nie sê hoeveel keer die koord om Susan se nek gedraai was nie.

Van Niekerk het hom gevra watter deel van Susan se lyf hy eerste gesien het. Rohde het gesê haar voete, maar hy kon nie sê of hy haar tone of haar hakke of watter deel eerste gesien het nie.

Susan se broer, Mark Holmes, het uit Melbourne, Australië, gekom om te

getuig. Hy het vertel dat Rohde hom twee dae ná die ontdekking van sy suster se lyk gebel het. “Ek het haar doodgemaak, ek het haar doodgemaak, ek het haar doodgemaak,” het Rohde aan hom gesê.

“Hy was baie emosioneel en het aanhoudend gehuil. Dit was moeilik om hom te verstaan,” het Holmes getuig. Hy het Rohde probeer troos en vir hom gesê dit was nie sy skuld nie. “Ek het vir hom gesê ons as familie is lief vir hom en dat ons binnekort daar by hom sou wees.”

Van Niekerk het Holmes gevra oor sy eie reaksie op die buite-egtelike verhouding.

Hy het gesê hy was baie ontsteld, maar hy was “verbaas dat Susan haar eie lewe as gevolg van ’n buite-egtelike verhouding sou neem”.

Rohde het vir Holmes gesê Alterskye was ook by die werksonthaal.

“Hoe kon jy haar na die leeukuil neem as sy so broos was?” wou Holmes van sy swaer weet. Rohde het toe glo geskree: “Ek is die baas, ek is die baas!”

Van der Spuy het Holmes in kruisondervraging verwys na die oproep waarin sy swaer gesê het dat hy haar (Susan) vermoor het. “Het jy dit verstaan hy bedoel daarmee dat hy haar emosioneel doodgemaak het?” het hy gevra. Holmes het bevestigend geantwoord.

Nog getuienis oor ’n moontlike selfdood is gelewer.

Ondersoekbeampte Appollis het getuig daar was geen brief wat daarop dui dat Susan haar eie lewe geneem het nie. Hy het al talle moord- en selfdoodsake ondersoek en hy het ervaar dat mense gewoonlik briewe skryf voordat hulle hulself om die lewe bring. Die briewe word geskryf “in dagboeke, op stukke papier, in tydskrifte en soms as ’n aantekening op ’n selfoon”.

Hy het tydens sy ondersoek afgekom op ’n swart tas, het hy getuig. Daarin was ’n brief waaruit dit geblyk het dat Rohde ’n buite-egtelike verhouding gehad het. Dit is die handgeskrewe brief wat deur Alterskye aan Rohde gestuur is.

Wat hy ook baie vreemd gevind het, het hy getuig, was dat daar geen vingerafdrukke op die wasbak, die bad se rand of op die vensterbank was nie.

Op 28 Mei 2018 het die dag aangebreek waarop die publiek reeds meer as twee jaar gewag het. Jason Rohde het begin getuig. Hy het begin deur te sê: “As dit nie vir my walglike optrede was nie, sou Susan vandag nog geleef

het.”

Hy het vertel Susan het ontplof toe sy Alterskye se Valentynskaartjie aan hom in sy tas ontdek: “Sy het geskree en berserk geraak, maar ek verstaan hoekom.” Susan het hom toe aangesê om Alterskye te bel, die selfoon se luidspreker aan te skakel en aan sy minnares te sê hy beëindig die verhouding. Sy het daarna Rohde se foon by haar gehou.

Alterskye het ’n boodskap na Rohde gestuur en gevra of sy vir hom ’n brief kan stuur. Susan het dit op Rohde se foon gesien en geantwoord sy kan. Sy het ’n drukstuk van die brief gemaak en aantekeninge daarop gemaak. Sy het Rohde opdrag gegee om die brief elke dag by hom te dra sodat hy kan onthou wat hy gedoen het. Dit was dié brief wat Appollis in Rohde se aktetas gevind het.

Susan het heeltemal obsessief geraak oor sy verhouding en het selfs twee dae nadat sy die brief ontdek het ’n vlug van Johannesburg Kaapstad toe gehaal. Daar het sy na al die plekke gegaan wat hy en Alterskye saam besoek het. Sy het foto’s daar geneem en aan hom gestuur. Sy het selfs ’n T-hemp, soortgelyk aan een wat hy vir Alterskye gekoop het, vir haarself gekoop, dit aangetrek en terwyl sy in ’n Uber-taxi was, ’n foto van haarself in dié hemp geneem. Sy het ook onderklere gekoop.

Een van die polisie se selfoonkenners het vroeër getuig Susan het 2 220 WhatsApp-boodskappe aan haar man gestuur vandat sy in Februarie van die verhouding uitgevind het, tot kort voor haar dood in Julie 2016. Sy het hom ook 1 703 keer gebel. (Rohde en Alterskye het mekaar in dieselfde tydperk 2 266 keer gebel.)

“Ek het my gesin verwoes,” het Rohde verder getuig. “Ek het nooit, nooit, nooit vir Susan aangerand nie. Ja, ons het op mekaar geskree en gevloek, maar niks meer as dit nie.”

Die egpaar het hulle sowat 13 jaar tevore tot ’n huweliksberader gewend. Hulle het daardie rowwe tyd oorleef, maar nadat Susan van sy verhouding uitgevind het, het haar gedrag vererger, het hy getuig.

Die verbokkeling van hul huwelik is juis met die Spier-naweek op die spits gedryf toe hy vir Susan gesê het hy het genoeg gehad en hy meen die enigste oplossing is om te skei. “Daar was genoeg spanning tussen ons, ons het die hele pad terug van die funksie af baklei.”

In die hotelkamer het hy in die badkamer ’n boodskap aan Alterskye gestuur. Susan het gesien hy stuur ’n boodskap toe sy om die hoek kom.

“Sy het absoluut mal geraak. Sy het laat waai. Sy was meer as woedend en het gesê wat ’n leuenagtige fokken blikskottel ek was. Hoe kan ek vir die fokken hoer ’n boodskap stuur? Ek het ook gevloek. Dit was so duidelik soos daglig dat my huwelik verby was. Dit was gekheid.”

Hulle het aanhou baklei. Sy het Rohde probeer keer om hul hotelkamer te verlaat. Susan het haar man gevolg toe hy uiteindelik by die kamer uit is en na een van sy kollegas se kamers gegaan het. Nadat sy hom daar gaan haal het, het sy hom van agter gegryp en geruk. Hy het sy arms geswaai om los te kom.

“Ek het haar neus met die sagte kant van my voorarm getref. Ek kon dit voel, maar dit het nie gebloei nie.”

Die bakleiery het aangehou totdat Susan in ’n blombedding geval en ’n krapmerk net bo haar een wenkbrou opgedoen het. Terug in hul hotelkamer het Jason sy klere uitgetrek en in die bed geklim. Hy het vir Susan gesê hul huwelik is verby en hulle moet skei.

“Ek was baie moeg, moeg van baklei. Ek het aan die slaap geraak en Susan het my so 07:00 die oggend wakker gemaak en ’n SMS van Jolene aan my gewys.”

““Kyk wat het jou hoer vir my gestuur”, ” het Susan volgens Rohde aan hom gesê. Die boodskap het gelui Susan moet haar mond gaan was. Hy weet nie of dit ’n antwoord op ’n ander SMS was nie. Hy het aan Susan gesê hulle sal alles uitsorteer wanneer hulle terug in Johannesburg is. Sy is daarna badkamer toe.

Een van die polisie se selfoonkenners, ao. Annemarie van Niekerk, het vroeër getuig oor die foonboodskappe wat die naweek tussen die drie partye gestuur is. Volgens haar het Susan Sondag vroegoggend aan Alterskye geskryf, waarskynlik ná haar laaste woorde aan Rohde: “Hoer – gaan was jou eie fokken mond. Nadat jy my man gesuig het. Jason sê jy is net goed vir een ding en daarom bly hy terugkom. Hy sê jy sal die laaste mens wees by wie hy wil bly.”

Volgens getuienis in die hof is Susan se laaste boodskappe aan Alterskye twee dae ná haar dood van laasgenoemde se foon afgevee, maar ao. Marius Engelbrecht het getuig dit was steeds op Susan se foon. Daar is om 05:50, 07:02 en 07:06 boodskappe van daardie foon na Alterskye gestuur. Dit wou dus voorkom of van die boodskappe gestuur is ná Susan se dood, indien die patoloog Coetzee-Kahn se bevinding oor die tyd van haar dood (05:40)

korrek was. Engelbrecht kon nie sê wie daardie boodskappe gestuur het nie.

Rohde het voorts getuig hy het aan die slaap geraak en toe hy omstreeks 08:00 wakker word, het hy na Susan geroep, maar daar was geen antwoord nie.

“Ek moes stort voordat ek na nog gesellighede moes gaan. Ek het regtig net gedink sy is besig om my ’n les te leer sodat ek daarheen moes gaan sonder om my tande te borsel.”

Hy het aangetrek en sy klere in sy tas begin pak.

“Ek het by die badkamerdeur gaan staan om te luister of ek waterspatsels kon hoor. Ek het haar gebel, maar sy het nie haar foon geantwoord nie. Dit was toe dat ek ’n nare gevoel kry dat iets nie pluis is nie.”

Hy het die nutsman van die hotel ontbied om die deur te kom oopsluit.

“Desmond Daniels het met sy skroewedraaier die deur oopgesluit en agteruit getree. Ek het die deur probeer oopstoot, maar Susan was agter die deur en dit was moeilik om in te kom,” het hy getuig. Toe hy toegang kry, het hy Susan gevind waar sy aan die koord gehang het.

“Ek het gedink sy het nog geleef. Spoeg het aan die kant van haar mond uitgekom en ek het gedink dis ’n teken dat sy leef. En sy was nog warm.”

Rohde het aan die hof gedemonstreer hoe hy sy vrou gevind het. “Ek het my arms om haar lyf gesit en haar opgetel. Ek was verbaas hoe swaar sy was en ek het vir Daniels geskree hy moet kom help.”

Volgens Rohde was die knoop om haar nek baie styf.

“Al waaraan ek kon dink, was my kinders en hoe verneder ek was oor my optrede. My optrede het veroorsaak dat hul ma tot dié stap moes oorgaan,” het hy getuig. “Daar kan net een persoon wees wat hiervoor geblameer kan word, en dit is ek.”

Rohde het getuig oor hoe hy op 28 Julie 2016 in kennis gestel is dat hy die moordverdagte is in sy vrou se dood twee dae tevore. “Ek het my vrou se begrafnis as ’n moordverdagte bygewoon. Dis die verskriklikste gevoel, almal het na my gekyk asof ek ’n moordenaar is.”

Hy het die hele storie vir sy dogters vertel en dat hul ma nie dood is omdat sy nie lief was vir hulle nie, maar oor sy buite-egtelike verhouding. Rohde het begin huil, maar sy trane weggesluk en voortgegaan.

“Ek het vir my dogters gesê dit was my skuld dat Susan selfmoord gepleeg het. Die polisie het by die huis opgedaag en gesê hulle is daar om my in hegtenis te neem. Ek het vir hulle gevra hoekom hulle dit by my huis

wil doen en sers. Marlon Appollis het geantwoord: ‘Ons maak nie fokken afsprake vir arrestasies nie’.”

Rohde het ontken dat hy die toneel gemanipuleer het om dit te laat lyk asof sy vrou haar eie lewe geneem het.

Van der Spuy het gevra of daar nog enigiets is wat hy aan die hof wil sê.

Rohde het gesê hy is net skuldig aan oneerlikheid. “Ek het my kinders se lewe verwoes, ek het haar ouers en susters en broers se lewe verwoes en ek moet daarmee saamleef. Ek moet elke dag daarmee saamleef.”

Hy sou van haar kon skei, ja, maar hy sou haar nie kon vermoor nie. “Ten minste kan ek nou na my kinders kyk en weet ek het Susan tot selfdood gedryf, maar ek kan ook na hulle kyk en weet ek het haar nie vermoor nie.”

Rohde het gesê dat hy reeds ’n lewenslange vonnis uitdien omdat hy nooit van die skande en skuldgevoel ontslae sal raak nie, “maar ek het nie my vrou vermoor nie”.

Hy het tydens die staat se kruisondervraging gesê Susan het daarop aangedring om saam te gaan Stellenbosch toe omdat sy wou seker maak sy buite-egtelike verhouding is werklik verby. Sy het hom die Saterdag nag ook al die pad na sy kollega se kamer gevolg, waar Alterskye ook was.

Van Niekerk het vir Rohde gevra of dit is waar hy wou wees – saam met Alterskye. Rohde het gesê hy wou nie hê Susan moes met Alterskye baklei nie. Dit is waarom hy die kamer verlaat het toe Susan hom geroep het en saam met haar terug is na hul kamer.

“Maar jy wou nie regtig gaan nie,” het Van Niekerk gesê.

“Nee, dit is ’n korrekte opsomming,” het Rohde geantwoord.

Terug in hul kamer het hy in die bed geklim en geslaap, het hy getuig.

Van Niekerk het dit aan Rohde gestel dat hy nie glo Susan sou net gaan slaap het ná wat gebeur het nie. “Dit is moeilik om te glo dat julle net gaan slaap het. Kan jy sien watter moeilikheid ek het met die weergawe,” het Van Niekerk gevra.

Rohde se regspan het daarteen beswaar gemaak. Hy het verder getuig en vertel van die “stoeigeveg” met Susan. Hy het die oggend wakker geword, aangetrek en nadat hy die badkamer wou gebruik, besef dat Susan nog daar binne was. Hy het verskeie kere na haar geroep, maar daar was geen antwoord nie, het hy weer getuig.

Van Niekerk wou by hom weet hoekom hy nie na buite is om deur die badkamervenster te kyk nie.

“Ek weet nie hoekom ek dit nie gedoen het nie,” het Rohde geantwoord.

Die staat het in sy slotbetoog aangevoer Rohde het Susan na die einste badkamer gedra nadat sy reeds vermoor was. Daarom was daar ontlasting op die badkamervloer, maar nie op die japon nie.

Van Niekerk het gesê Rohde het die misdaadtoneel gemanipuleer en later paniekbevange geraak. Daarom het hy ’n japon vir sy vrou se lyk aangetrek.

Hy het gesê benewens al die lykskouingsverslae dui getuienis wat in die hof gelewer is ook daarop dat Rohde se weergawe van die gebeure vals is. Al die bewyse en getuienis moet nie afsonderlik opgeweeg word nie, maar moet as een groot mosaïek gesien word.

Van Niekerk het sterk gefokus op die getuienis van Susan se sielkundige, Jane Newcombe, asook dié van Poolman, wat getuig het die koord en haak agter die deur was nie sterk genoeg om die oorledene se gewig te dra nie.

Newcombe het getuig Susan was ’n sterk vrou wat besef het haar huwelik is op die rotse en wat besig was om maatreëls te tref om dit te hanteer. Hoekom sal ’n vrou wat vir haar drie kinders leef en wat altyd goed lyk wanneer sy die huis verlaat haarself nakend in ’n badkamer ophang, het Van Niekerk gevra. Hy het aangevoer Rohde het ’n gewoonte daarvan gemaak om vir die hof te lieg om dinge minder ernstig te laat lyk. “Sy getuienis was fyn beplan.”

Rohde se regsplan het in hul slotbetoog weer op die weersprekende lykskouingsverslae gefokus en het Coetzee-Kahn se getuienis aangeval – veral die feit dat hy nie al die beserings aan Susan se liggaam opgelet het nie. Hy het volgens hulle ook bevind daar was ’n fraktuur aan die tongbeentjie, maar Rohde se patoloog, dr. Reggie Perumal, kon dit nie eens met ’n CT-skandering opspoor nie.

Advokaat Graham van der Spuy het aangevoer dit sou fisiek byna onmoontlik vir Rohde gewees het om Susan se lyk na die badkamer te dra en om dit teen die deur op te hang. Hy sou ook gesukkel het om weer by die deur uit te gaan omdat haar gewig daarteen sou gedruk het. “Die logistiek van die hele ding is verbysterend,” het hy gesê.

Regter Salie-Hlope het die staat egter gelyk gegee. Sy het Rohde op 8 November 2018 skuldig bevind aan sowel moord as regsverydeling. Sy het sy storie as fiksie verwerp. Terwyl Susan dood op hul bed lê, het hy ’n draaiboek bedink om homself te verontskuldig.

Ontrouheid, het Salie-Hlophe poëties gesê, het hom in die egpaar se lewe

soos 'n klimopplant van verraad, wantroue, passie, seks, frustrasie, angstigheid, woede en vernedering verstrengel. Sy het bevind Rohde se getuienis was deurspek met inherente onwaarskynlikhede. Sy het vyf gate in sy “draaiboek” uitgewys.

1. Die vuishou

Susan is dood met 'n bloeiende wond onder haar linkerwenkbrou. Rohde het gesê sy het dit opgedoen toe sy vroeër die aand teen die muur van 'n blombedding geval het, maar twee dokters het getuig die wond is moontlik deur iets anders veroorsaak. Susan het glo vroeër die aand gekla oor bloeding aan haar toon, wat sy gestamp het, maar sy het niks oor die gesigwond gesê nie. Salie-Hlophe het dit vreemd gevind dat Susan, wat so gesteld was op haar voorkoms, skynbaar nie gepla was deur dié wond nie.

2. Sy bebloede kussing

Daar was maskara en bloedvlekke, wat ooreenstem met die wonde op Susan se gesig, op die kussingsloop aan Rohde se kant van die bed. Dokter Deidre Abrahams, patoloog, het getuig Susan is heel waarskynlik versmoor deurdat 'n sagte voorwerp op haar gesig gedruk is. Op grond daarvan het Salie-Hlophe bevind Rohde het sy kussing gebruik om Susan te versmoor.

3. Die agterstevoor japon

Rohde het gesê sy vrou het in 'n japon op die badkamervloer gelê toe hy haar gekry het. Maar op foto's van die moordtoneel is sy naak en net haar voorarms is in die moue van die japon gedruk. Boonop is die japon agterstevoor aangetrek en die gordel lê op die bed. Daniels het ook getuig Susan was naak toe hy die badkamerdeur oopsluit. Salie-Hlophe het bevind Rohde het sy dooie vrou na die badkamer gesleep. Nadat Daniels uit die vertrek is, het hy toe haastig haar japon probeer aantrek.

4. Die koord

Salie-Hlophe het gesê dit maak nie sin dat Rohde nie 'n eenvoudige detail – hoe die koord om Susan se nek gedraai was – behoorlik kan onthou nie. Hy het ook met die detail van ander aspekte gesukkel.

5. Jakkalsdans met feite

Rohde se bloed is in die kamer gekry, maar hy kon dit nie verklaar nie. Vier dae later was daar 'n sny aan die middelvinger van sy linkerhand, maar hy het beweer hy het dié wond eers ná die dag van Susan se dood opgedoen. Die hof het dit verwerp.

Die Wes-Kaapse departement van maatskaplike dienste se voorvonnisverslag is sowat tien dae ná die uitspraak afgehandel. Dit moes die hof help om die impak van die moord op die slagoffer se familie te verstaan sodat dit met vonnisoplegging in aanmerking geneem kan word.

Rohde se tweelingdogters was ten tyde van die uitspraak besig met hul matriekeksamen. Sy oudste dogter, Kate, het in die maande voor haar ma se dood opgemerk dat haar ma nie haarself was nie. Sy het agterna uitgevind dat dit weens die buite-egtelike verhouding van haar pa was. Sy het tydens sy verhoor met moeite op haar studie gekonsentreer. Sy het dit toe tydelik opgeskort en by haar grootouers aan haar ma se kant gaan woon.

Sy was ontsettend gestres oor haar pa so in die media verskyn het. Daar het ook 'n skeiding in hul uitgebreide familie gekom, soveel so dat sy gevoel het sy kon niemand meer vertrou het nie. Die enigste persoon wat sy wel vertrou het, was haar pa. Sy en haar susters was ook bang om enigiets oor hom te sê wat dalk teen hom gebruik kon word.

Sy het gevra dat die hof in ag moet neem dat 'n langtermyntronkstraf vir hul pa 'n baie negatiewe impak op hulle sal hê.

Die hof het ook verslae oor die oorledene se sibbes en haar ouers ontvang.

'n Psigiater, dr. Kevin Stoloff, het ter strafversagting vir die verdediging getuig oor wat in Rohde se kop aangegaan het. Dit was “glad nie in sy geaardheid om die misdaad waaraan die hof hom skuldig bevind het, te pleeg nie”.

Rohde se ma, Brenda Rohde, het in haar getuienis haar seun as 'n saggearde man bestempel wat nie van konflik hou nie. “As hy kwaad word, loop hy net weg. Hy het 'n hart van goud. Ek is baie lief vir hom. So ook sy pa en ander familie. Ek pleit by die hof om toegeeflik te wees, al is dit net ter wille van sy kinders.”

Op 27 Februarie 2019 het Rohde sy lot aangehoor.

Salie-Hlophe het gesê weens die erns van die misdaad en die belange van die gemeenskap het die hof gefokus op die kwessie van geweld teenoor vroue. Dié misdrywe kom te algemeen voor en in Suid-Afrika word 57% van geweld teen vroue deur 'n intieme maat gepleeg. “Ons het die wêreld se hoofstad van geweld teenoor vroue geword en dit is oënskynlik 'n groot probleem.”

Salie-Hlophe het gesê Susan het in die laaste oomblikke van haar lewe gely. “Die vlak van geweld wat jy op jou vrou gebruik het, was skokkend, oordrewe en toon baie aggressie.” Sy het Susan se beserings beskryf en hoe sy die laaste oomblikke van haar lewe sou ervaar het. Dít, terwyl sy veronderstel was om in 'n plek van veiligheid te wees waar haar man haar moes beskerm.

Sy het bevind die verswarende omstandighede weeg swaarder as die versagende omstandighede op die aanklag van moord.

Oor die aanklag van regsverdeling het Salie-Hlophe gesê dit was opvallend dat die eiendomsmaatskappy waarby Rohde betrokke was, duidelik sê “staging the property is elemental in selling property”. Hy het sy vrou soos 'n toonhuis laat lyk om die idee van selfdood aan sy vriende en familie en die res van die wêreld te verkoop.

“Jy het haar uitgestal ondanks die feit dat jy eintlik haar liggaam moes beskerm, haar waardigheid en haar erfenis. Jy het hierdie misdaad op 'n gemene manier gepleeg om die reg te ontduik.”

Sy het gesê Rohde het eerder vir sy eie lewe geveg as om dié van sy vrou te red. Sy het 'n pynlike dood gesterf, maar hy het die polisie en sy familie om die bos gelei deur dit te laat lyk asof Susan haar eie lewe geneem het.

Salie-Hlophe het Rohde op die aanklag van moord tot 18 jaar tronkstraf gevonnis en op die aanklag van regsverdeling vyf jaar tronkstraf waarvan drie jaar opgeskort is. Die twee vonnisse kan nie gelyklopend uitgedien word nie, wat beteken dat Rohde effektief 20 jaar tronk toe gestuur is.

Hy is einde 2019 eers weer vrygelaat, op borgtog hangende 'n appèlaansoek in die appèlhof. Hy moes R200 000 betaal en waarborge van nog 'n miljoen rand verskaf.

Hy het Kersfees 2019 en die daaropvolgende een by sy huis in Plettenbergbaai deurgebring omdat sy appèlsaak weens die magdom getuienis eers in Augustus 2021 aangehoor is. Dit het weens Covid-19 aanlyn plaasgevind.

Die verdediging het aangevoer Rohde het nie genoeg tyd gehad om die doodstoneel te manipuleer nie omdat daar heeltyd iemand saam met hom was nadat Susan se liggaam gevind is. Die staatspatoloog se getuienis is ook weer as verkeerd verwerp.

Dit was alles verniet.

Sy appèl teen sy skuldigbevinding is op 5 Oktober 2021 verwerp, maar die appèl teen sy vonnis is toegestaan. Sy tronkstraf is tot 15 jaar verminder. Hy het daarna aansoek gedoen dat regter Gayaat Salie-Hlope haar aan die saak onttrek omdat sy bevooroordeeld was, wat haar uitspraak sou negeer. Sy het die aansoek verwerp.

Daarna het Rohde se regsman om 'n verlenging van sy borgtog aansoek gedoen, sodat hy hom tot die konstitusionele hof kon wend. Waarnemende regter Nolundi Nyati van die Wes-Kaapse hooggeregshof het hierdie aansoek op 18 November 2021 ook van die hand gewys. Rohde het daarna 48 uur gehad om hom by die polisie aan te meld. Hy is op 20 November terug tronk toe.

Dae later, 'n week voor Kersdag, het die konstitusionele hof in elk geval 'n aansoek teen sy skuldigbevinding van die hand gewys, omdat daar geen redelike vooruitsig op sukses was nie en hy het amptelik sy straf begin uitdien.

Dit was die einde van die pad vir die 52-jarige Jason Rohde – sakeman, leuenaar en moordenaar.

HANNAH CORNELIUS:

Nag van die wolwe

Flippie Booysen en Conrad Matthee het saam 'n klip opgetel en dit netjies oor die boorgat gesit waar hulle vroeër 'n stukkende waterpomp op die plaas Groenhof buite Stellenbosch afgehaal het. Dit was kort voor tjailatyd, Vrydag 26 Mei 2017.

Die volgende oggend omstreeks 08:30 was die twee terug. Matthee het hul gereedskap afgelaai terwyl Booysen na die gat gestap het. Hy was vies toe hy sien dat die groot klip verskuif is.

Toe sien hy iets daar naby lê wat vir hom soos 'n wit sak of 'n winkelpop lyk. Hy het oomblikke later verskrik uitgeroep: “Maar daar lê 'n mens!”

Op die gras was die bleek liggaam van 'n vrou. Haar gesig was in die grond en haar langbroek tot by die knieë afgetrek. 'n Lyfgordel was om haar nek gedraai. Langs haar kop op die grond was 'n donker kol.

Konstabel Bulelani Siko is na die misdaadtoneel op Groenhof, langs die R44 tussen Stellenbosch en Klapmuts. Daar het hy die spore van 'n motor gesien. Sersant Brendon van der Merwe het vier gebruikte kondome gevind. Reservis-konstabel Andile Jongilani het 'n dossier begin saamstel.

Die onbekende vrou is as dood gesertifiseer en die lyk is met 'n hospitaalkombers bedek. Jongilani het die kombers effens opgelig en gesien daar was spore van bloed by die oorledene se mond en oë. Haar kop was effens misvorm, asof iets swaar daarop geval het.

Die Stellenbosse speurhoof, kol. Deon Beneke, het die ervare sers. Marlon Appollis as ondersoekbeampte vir die saak aangewys. Appollis het dadelik vir ao. Jacques Langelaar gevra om 'n gipsaftreksel van die motorbandspore te maak. Hy het die beserings aan die oorledene se kop gesien en besluit om ook die klip wat vroeër op die boorgat was as moontlike bewysstuk in te neem.

Die jong vrou was steeds ongeïdentifiseer. Toe ontvang Appollis, nog op

die toneel, 'n oproep wat hom inlig dat 'n erg beseerde jong man in Kraaifontein gevind is. Hy het vertel hy en sy vriendin is die vorige nag in haar blou-en-wit Volkswagen Citi Golf gekaap. Die kapers het hom erg aangerand en vir dood agtergelaat en hy weet steeds nie wat van sy vriendin geword het nie.

Die polisie het die jong man, Cheslin Marsh (22), se ma intussen gebel en gevra om dringend na die daghospitaal in Kraaifontein te gaan. Toe Marilyn Marsh haar bebloede seun sien, het sy in tranes uitgebars. Sy het hom vasgegryp en gesê: “Alles gaan oukei wees, jy is veilig. Mammie is hier.”

Cheslin was steeds erg bekommerd. “Mammie, waar is Hannah? Sy is steeds by daai mense. Sê hulle moet vir Hannah gaan soek en terugbring! Mammie!”

Appollis is ook na die hospitaal, waar Cheslin vir hom vertel het sy vermiste vriendin se naam is Hannah Cornelius. Toe Appollis aan hom 'n beskrywing gee van die vrou wat op Groenhof gevind is, het die jong man bitterlik begin huil.

Die polisie het hom verder uitgevra en hy het onder meer sover moontlik die roete beskryf van die vorige nag se nagmerrierit toe die kapers met hulle in die Stellenbosch-omgewing rondgery het.

Kaptein Carl Loesch het dieselfde roete in sy voertuig gevolg. 'n Blou-en-wit Golf het van voor verby hom gery. Loesch het omgedraai en die Golf gevolg, terwyl hy die beheerkamer bel.

Siko het omstreeks 14:00 pas van die moordtoneel vertrek toe hy hoor dat die gesoekte Golf op die R304 in die rigting van Stellenbosch op pad was. Hy het die motor ingewag en toe die Golf verbykom, het hy agterna gery. Hy het 'n kollega wat in die middedorp op patrollie was, vir bystand geroep.

Die verdagtes het die polisie in hul truspieël gesien en vet gegee. 'n Jaagtog deur die dorp se strate het gevolg. Die patrolliebakkie en Siko was op hul spoor, met die snelheidsmeter in Siko se motor rondom 160 km/h. In Adam Taslaan het die Golf skielik regs afgedraai op die Devonvallei-pad en ná 2,6 km by 'n hek van die plaas Dwars-in-die-weg ingedraai.

Siko het die Golf tot by 'n volgende hek gevolg, waar twee insittendes uitgespring en tussen riete weggehardloop het. Een is tussen die riete gearrester. Die plaaswerkers het kort daarna gewys waar sy makker wegkruip.

Die polisie het die motor deursoek en beslag gelê op 'n Samsung-selffoon en 'n R100-noot. Ongebruikte kondome, 'n mes en 'n koeldrankbottel wat in die Golf gevind is, is vir DNS-toetse en vingerafdrukke ingeneem.

Hannah Cornelius se selffoon is in die twee verdagtes se besit gevind.

Appollis het Vernon (Katjies) Witbooi (32) en Geraldo Parsons (28) na die distriksgeneesheer by die Victoria-hospitaal in Wynberg geneem, waar dr. Marianne Tiemensma, wat hulle moes ondersoek, gesien het Witbooi steek iets agter sy rug weg. Sy het Appollis nader geroep. Dit was 'n bladsy uit 'n Franse boek, 'n sigaretaansteker, nog kontant, 'n Mandrax-tablet, ringe, kondome en 'n plastieksakkie soos dié waarin dwelms gewoonlik verkoop word.

Parsons se lyf was vol groen tatoes van die 28-bende. Tiemensma het onder die vel van sy geslagsdeel veelvuldige balletjies gevind. Hy het smalend opgemerk dat dit hom “plesier verskaf”.

Hy het vars skuur- en krapmerke op sy lyf gehad: agter en voor die linkeroor was 'n krapmerk wat gelyk het of dit deur 'n vingernael gemaak is en daar was 'n vars kneusplek op sy linkeroorlob en drie skuurmerke aan sy regterhand. Daar was skuurmerke op sy voorkop, linkervoorarm, agter sy linkeroor en aan sy linkerskouer en aan die res van sy lyf was nog skrape en krapmerke.

Die polisie het na aanleiding van hul onderhoud met Cheslin geweet hulle soek na nog twee verdagtes. Dit was nie lank nie of hulle is ook vasgetrek.

Speurders het ook agtergekom dat die jong paartjie se aanvallers tot die volgende oggend met Hannah se motor op 'n misdaadtog gegaan het waartydens hulle vroue geteiken het.

Sersant Zain van Graan van die Cloetesville-polisiekantoor het 'n wenk ontvang dat een van die oortreders by sy huis in dié woonbuurt in Stellenbosch is. Hy het Eben van Niekerk onder sy bed gevind, waar hy gemaak het asof hy vas aan die slaap is. 'n Vierde verdagte is daarna vasgetrek en geïdentifiseer as Nashville Julius.

Terwyl die reg sy stadige loop neem het die media op die twee studente se lewens gefokus. Die voorval sou weens die gewelddadigheid selfs oorsese media se aandag trek.

Cheslin Marsh was van Van Wyksvlei in Wellington en het teologie aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer. Hy is die seun van 'n weduwee en het 'n broer en suster. Sy droom was om 'n nuwingsgewende organisasie op

die been te bring om behoeftige kinders op sy tuisdorp te help.

Hy het ook goeie herinneringe aan sy pa wat in 2011 op slag in 'n motorongeluk dood is en hy het selfs vir hom 'n gaatjie in sy oor laat maak omdat sy pa een gehad het.

Dit sou later in die hof uitkom dat Cheslin sy studie ná die aanval gestaak het.

Hannah (21) was van Scarborough naby Kommetjie. Haar pa, Willem, was die hooflanddros op Simonstad en haar ma, Anna, 'n prokureur.

Sy het met ses onderskeidings aan die private skool Reddam House gematrikuleer, kon Frans vlot praat en het al as au pair in die Franse dorp Annemasse gewerk. Sy was 'n provinsiale netbalspeler en 'n meesterlike klavierspeler. Haar oupa was die bekroonde pianis prof. Pieter de Villiers, wat lank die operasanger Mimi Coertse se begeleier was. Hannah was ook die kleinniggie van die supermodel Candice Bezuidenhout. Sy was in haar tweede jaar, besig om vir 'n BA-graad te studeer, en was 'n inwoner van die koshuis Huis Irene.

Die Golf waarin sy en Cheslin gekaap is, was 'n geskenk van haar 90-jarige ouma, Eleanor de Villiers.

Lali van Zuydam het hartroerend aan *Maroela Media* vertel haar niggie Hannah was die hele familie se sonskyn en hulle is deur haar dood verpletter. “Sy het baie drome gehad en wou 'n joernalis word. Die ondersteuning wat die familie kry, getuig van die wonderlike mens wat sy was. Maar niks kan Hannah terugbring nie. Ons familie sal nooit weer dieselfde wees nie.”

Van Zuydam het aan *Eikestadnuus* uitgebrei oor hul bande met die dorp waar Hannah vermoor is: “Stellenbosch was vir soveel van ons familieleden oor baie jare 'n heenkome. Ons grootouers, prof. Pieter en Eleanor de Villiers (nou 91), het 40 jaar op die dorp gewoon. Ons ken die strate, die akkerbome, die restaurante, die huise, die kerke en die universiteit. Ons het eindelose Kersfeeste en vakansies in Die Boord deurgebring. Ons ouers, niggies, nefies, sussies en boeties het almal in die dorp gestudeer. Hannah se ma, Anna, het self in [die koshuis] Irene tuisgegaan en in dieselfde strate geloop toe sy regte gestudeer het.”

Hannah se gedenkdiens is op Vrydag 2 Junie deur ds. Jan van Heerden in die NG-kerk in Vishoek gelei. Haar oupa se komposisie “Hannah se wiegeliedjie” is gespeel. Ná die diens het 'n kavalkade motorfietsryers in

gelid verby die kerk gedreun met wit linte en ballonne aan hul motorfietse. Op die trappe het haar ma, Anna Cornelius, vuis in die lug geskree: “Hannah! Hannah!”

’n Skoolvriendin, Caryn Voortman, het aan die media gesê Hannah was ’n “sonstraal wat elke dag van haar lewe opgehelder het. Sy was die suiwerste siel op die planeet”.

Die Cornelius-egpaar wou nie self met die media praat nie. Van Zuydam het later aan *Rapport* gesê Hannah se ouers het hulle ná die gebeure onttrek. Hulle het selfs nie meer die nuus rondom hul kind se dood en die hofverskyning van haar moordenaars gevolg nie. “Hulle probeer net om deur môre te kom. Hul huis is vir hulle ’n *bubble*, ’n klein toevlugsoord, met Hannah se katte, Meow en Mimi. Hannah se pa sê skaars ’n woord. Hy mis sy ‘Vlooi’ ontsettend.”

Kort ná die roudiens het haar ouers na Suid-Amerika vertrek om te probeer wegkom van hul hartseer. Hulle sou later albei hul werk los en hulle toewy aan ’n stigting wat in Hannah se naam op die been gebring is om minderbevoorregte slagoffers van geweld te help.

Anna Cornelius het later aan Hanlie Retief van *Rapport* gesê ná die dood van haar kind het sy en haar man besef hulle dra eerstehandse kennis van die lyding van mense in plakkerskampe. Daar waar mense nie behoorlike ondersteuning kry nie; waar hul kinders se moorde nie eens die koerante haal nie. Hul Hannah het ná haar dood internasionale aandag gekry. Sy en haar man wou bewusmaking doen oor wat in die land aangaan ten opsigte van grusame moorde en het gehoop om die situasie te help verander.

Die Hannah Cornelius-stigting is later in die Ocean View-woonbuurt geopen, maar Anna Cornelius sou nie daar wees nie.

Die hofsak is na die Kaapse hooggeregshof oorgeplaas, maar voordat die sak kon begin, het nog ’n tragedie die familie getref. Op Sondag 25 Maart 2018 is Anna se leweloze liggaam in die see by Scarborough gevind. Gerugte het dadelik geloop dat sy haarself om die lewe gebring het, maar haar vriende het geglo sy het griep onder lede gehad en nie genoeg herstel voordat sy soos gewoonlik in die see gaan swem het nie.

In een jaar is Hannah, haar ouma en haar ma oorlede.

Vroeg in Oktober 2018 het ’n sigbaar emosionele Cheslin in die getuiebank ingeskuif. Die hofsak het eindelijk begin. Die vier beskuldigdes het tereggestaan op moord, verkragting, en roof met verswarende

omstandighede. Nog twee vroue is die oggend ná die moord op Hannah beroof.

Cheslin het vir die hof vertel wat daardie tragiese Vrydagnag gebeur het.

Hy en Hannah was by die kuierplek Bohemia in die studentedorp. Later het hulle by drie vriende in die manskoshuis Eendrag gaan kuier. Cheslin wou daarna na sy blyplek in die Nouveau-woonstelle teruggaan. Hy het saam met Hannah na Huis Irene geloop, waar sy daarop aangedring het om hom na sy woonstel te neem. Hy het gesê dis oukei, hy sal sommer stap.

“Sy het altyd almal se behoeftes voor haar eie gestel ... dit is die tipe mens wat sy was,” het Cheslin sag getuig.

Hulle is toe in haar Citi Golf na die woonstel, op die hoek van Jan Celliersweg en Birdstraat, waar hulle in die motor gesit en gesels het. Hulle het gegroet. “Ek het my deur oopgemaak, maar voordat ek uitgeklim het, was daar ’n hand met ’n skroewedraaier wat by Hannah se venster ingedruk is.”

Cheslin het kort-kort diep asem geskep en dan verder vertel. Iemand het ’n glas water en sneesdoekies aangegee.

“Daar het toe ’n man met ’n mes in sy linkerhand agter my gekom en my in die motor teruggedwing.”

Daar was vier mans. Die een met die skroewedraaier het voor by die bestuurder se kant ingeklim en die man met die mes aan die passasierskant. Nog twee mans het agter ingeklim. Cheslin is na agter geskuif. Hannah moes voor tussen die twee sitplekke sit.

“Hulle het die motorsleutels gesoek en toe Hannah vir hulle vra wat hulle wou hê, het die een aan die bestuurder se kant gesê hulle wou net huis toe gaan en dat hulle die motor dan sal teruggee.”

Cheslin is in die Golf se katebak gedruk. Een van die mans het in daardie stadium uitgeklim en weggestap. Die kapers het ’n paar draaie met hulle gery.

Cheslin se trane het vrylik begin vloei en die regter het die hof eers verdaag. Marilyn Marsh het na haar seun gestap en hom styf vasgehou en sy trane afgegee. Van die joernaliste het self ’n lastige traan weggegee.

Cheslin het verder getuig dat hulle in ’n veld stilgehou het en hy uit die katebak gehaal is. Hy moes op die grond gaan lê, met sy kop op ’n steen. Hy het gesien hoe twee ontvoerders halwe bakstene in hul hande vashou.

“Ek het my oë toegemaak en gebid. Daarna kan ek niks onthou nie.” Hy

het later sy bewussyn herwin en gesien dit was al lig. “Ek het baie pyn oral gehad en ek het probeer vasstel waar ek is.”

Sy skoene was weg. Hy het op sy sokkies geloop en by ’n huis oor die muur gespring. Die inwoners wou hom uit vrees dat dit ’n lokval is nie help nie en het eerder die polisie gebel.

“My linkerarm was gebreek en daar was duike in my kop,” het Cheslin getuig.

In die hospitaal het die polisie 32 foto’s vir hom gebring, maar weens die trauma kon hy nie met sekerheid enige van sy aanvallers uitken nie. Hy het wel later op ’n uitkenningsparade by die Pollsmoor-gevangenis vir Vernon Witbooi en Nashville Julius uitgeken.

Tydens ’n operasie by die Paarl se Medi-Clinic is ’n titaanplaat in sy arm gesit. Hy het die gehoor in sy linkeroor verloor.

Kringtelevisiemateriaal, wat van sekuriteitskameras by ’n nabygeleë onderneming verkry is, is in die hof gewys. ’n Doodse stilte het oor die vertrek gedaal.

Om 03:23 hou die blou Golf in die parkeerplek stil.

Om 03:29 kom vier mans nader gestap, maar loop verby die motor.

Drie minute later, net ná 03:32, verskyn die mans naby die geparkeerde Golf. Eers twee en ’n paar sekondes later nog twee. Daar is ’n gewoel by die motor. Dan trek die Golf uit die parkeerplek weg.

Beeldmateriaal van die verdagtes se besoek aan ’n Caltex-vulstasie op die Bottelarypad buite die dorp is ook gewys. ’n Mens sien hoe ’n man in ’n swart moulose pofbaadjie die winkel binnekom. Hy loop na die OTM, maar draai om en stap weer weg. Later kom hy terug en druk ’n kaart by die masjien in. ’n Tweede man is later ook te sien. Cheslin het Witbooi en Parsons in die hof as die twee mans uitgeken.

’n Vingerafdrukkenner, kapt. Nomfundo Ngwenya, het getuig dat sy ’n vingerafdruk op die agterste deel van die Golf se katebak positief met beskuldigde twee (Parsons) verbind het.

Volgens kapt. Jan Bester, nog ’n vingerafdrukkenner, is Parsons se handpalm-afdruk ook op ’n rooi Max-kondoomomhulsel op die moordtoneel gevind.

Die staatspatoloog, dr. Abrahams, het getuig sy het self die moordtoneel besoek en die slagoffer ondersoek. Haar baadjie se gordel was drie keer om haar nek gedraai. Abrahams het die tyd van sterfte op tussen 06:30 en 08:30

bereken.

Aan die oorledene se genitale beserings kon 'n mens duidelik sien dat sy nie ingestem het tot seksuele omgang nie. Sy is ook met soveel geweld deur 'n stomp voorwerp teen die kop getref dat haar skedel op verskeie plekke gekraak het, het Abrahams getuig.

Volgens die staat was die groot klip wat van die boorgat afkomstig was die moordwapen. Hofgangers het na hul asems gesnak toe die klip van meer as 30 kilogram ten toon gestel word. Die twee plaaswerkers het ook in die hof getuig dat hulle gesukkel het om dit op die oop boorgat te kry en dat die jongste een van hulle, die 32-jarige Conrad Matthee, dit uiteindelik moes rondwikkel om die gat toe te maak.

Volgens Abrahams moes die klip Hannah minstens twee keer teen die kop getref het. “Die skedel bestaan uit baie sterk bene. Dit is nie maklik vir 'n skedel om te breek of te kraak nie tensy baie krag gebruik word. Die stompvoorwerp-beserings aan haar kop sou vinnig dodelik gewees het,” het die patoloog getuig.

Hannah is ook twee keer in die nek gestek en een van daardie steekwonde kon ook noodlottig gewees het. Sy het tussen een en twee liter bloed verloor. Van die talle merke en kneusings aan haar lyf is ná haar dood opgedoen.

Adjutant-offisier Blanche Stubbs, 'n DNS-ontleder, het getuig dat Hannah se DNS op Parsons se penis gevind is. Parsons se DNS is ook in 'n gebruikte kondoom gevind, maar dit was nie van semen afkomstig nie. Hannah se DNS is op 'n mes gevind.

Stubbs het getuig dat 'n ander DNS-profiel ook opgespoor is, maar dat sy 'n monster van die persoon moes hê om dit mee te vergelyk. Die DNS was vermoedelik dié van ene Kaffertjie, wat glo saam was toe Hannah verkrag en vermoor is. Hy is tot vandag toe nie aangekeer nie. Van Niekerk se DNS is nie op enige van die kondome gevind nie.

Dokter Taurai Gororo van die Tygerberg-hospitaal het getuig dat Cheslin baie gelukkig is dat hy leef, gegewe die breinbeserings wat hy opgedoen het. Die nagevolge van sulke beserings is gewoonlik breinvliesontsteking en epilepsie.

Die ander twee slagoffers van die bende se moordnag het ook getuig.

Ncumisa Qwina het bewoë vertel hoe sy op 27 Mei 2017 omstreeks 08:30 in Northpine, Kraaifontein, verby 'n geparkeerde Golf met die vier

insittendes geloop het. Sy het skielik twee mans naby haar gesien. Sy was paniekbevange en het met haar handsak op die grond neergeval. Die mans het haar handsak met haar selfoon, asook 'n halssnoer, oorringe en bankkaart gevat en in die Golf gespring.

Faith Sheldon het getuig dat sy die voorval gesien en agter die Golf aangery het om die registrasienommer af te neem. Sy het Qwina gehelp en die insident aan die buurtwag gerapporteer.

Miemie Oktober was daardie selfde oggend op pad na 'n taxistaanplek in Soneike in Kuilsrivier toe die Golf by haar stilhou. 'n Man het uitgespring en haar met 'n vuurwapen gedreig om in die motor te klim.

Sy moes tussen twee mans op die agterste sitplek sit. Sy was doodbang. Die man aan haar regterkant was ligter van kleur en kort. Hy het geslaap. Die man aan haar linkerkant het haar trouwing, haar LG- en Samsung-selfone en bankkaart gevat.

By 'n vulstasie het twee van die mans, uitgeken as Witbooi en Parsons, in die winkel ingegaan. Nadat hulle teruggekeer het, het hulle weggery en haar by 'n vierrigtingstop afgelaai. Sy het dadelik haar simkaart laat blokkeer en het tot haar skok uitgevind dat altesaam R3 900 reeds uit haar rekening onttrek is.

Sy het gehoor dat die man aan haar linkerkant deur die beskuldigdes as “Kaffertjie” aangespreek is.

'n Brief wat een van die beskuldigdes, Van Niekerk, aan Hannah se ouers geskryf het, is ongeredigeer in die hof voorgelees. Dit is gedateer 31 Mei 2017 – dus vier dae ná die misdaad.

“Die brief kom van Eben V.N.K

“Hier mee skryf ek die brief aan Henna se mama en papa ek is jammer vir wat ek ge doen het ek wag of helle my kan vir gewe vir wat ek doen het ek wil vir ge help hit maar ek kan nie want die wat so gewees het so dit gesien het in die meisie was soos 'n vriend vir my maar die aaden biskuldigdes ek was ook bang vir en was nie mooi om dit te sien nie ek was ook bang vir hulle moet nie khaat is vir my nie aseblief .”

Op 24 Oktober 2018, en nadat 30 persone getuig het, het die staat sy saak teen die viertal gesluit.

Die volgende dag het Parsons in die getuiebank ingeskuif en in groot detail oor die misdaadorgie uitgebrei. Sy weergawe van die gebeure het talle versinsels bevat.

Hy, Witbooi, Van Niekerk en Julius het na 'n woonstelblok in Stellenbosch gestap “om stront aan te vang”, het hy gesê. Hy sou ná middernag sy weeklikse loon by die OTM gaan trek. Op pad na die “flêitse” het hulle die blou Golfie gesien en besluit om te gaan loer wat daarin aangaan. In die motor het Hannah en Cheslin gesit. Hulle het toe besluit om toe te slaan.

“Die plan was om hulle net te beroof. Toe sê Vernon (Witbooi) ons moet die kar vat. Ek het toe my Okapi-mes vir Vernon gegee.”

Julius het Cheslin “geskud” (deursoek) en sy foon en kontant gevat, waarna hy padgegee het. “Ek het toe vir Vernon gesê: ‘Kom ons gaan net uit die wit mense se gebied en los hulle buite die dorp.’ By die bosse verby die Helshoogte-pad het ons gestop. Daar sou ons hulle los.”

Volgens Parsons het die plan egter 'n ander wending geneem. Witbooi het 'n bankkaart in Cheslin se beursie gekry en hom vir die PIN gevra. Cheslin het gesê daar is nie geld op nie, maar Witbooi wou self kyk.

Toe sit hulle vir Cheslin in die kattedak. Hulle het na 'n OTM gegaan en daarna Kraaifontein toe gery. “Ons was op soek na *drugs*. Ons het dagga in die kar gevind. Ek weet nie of dit Hannah of Cheslin s'n was nie.”

Parsons het gesê Hannah het saam met hulle by 'n dwelmhuis in Kraaifontein uitgeklim en daar saam met hulle *slowboats* (dagga) gerook. “Sy was nie bang nie. Ek het daai tyd vir haar gesê ons gaan net rook en hulle kar vat, maar gaan niks doen nie. Dit was my intensie.”

Toe hulle verder ry, het Witbooi gesê hulle moet Cheslin uitgooi. Hulle het toe by bosse naby 'n rioolstasie gestop en hom afgelaai. Hy moes op sy maag gaan lê en Witbooi het hom met klippe gegooi. Hy het ook 'n klip gesoek, maar niks gekry nie, het Parsons getuig.

Hulle het toe verder gery. Hannah het agter by Witbooi gesit. Hy het vir Parsons 'n kondoom gegee en gesê Hannah sê is *orraait*, hulle kan maar met haar seks hê. “Ek het na haar gekyk en gesien sy het vrees in haar oë. Ek het haar gevra is dit so en sy't ja gesê, maar ons moet haar nie seermaak nie.”

Hy het gesê hy weet nie waarvandaan die kondome gekom het nie.

By bosse naby die Bottelary-pad het hulle afgetrek en seks met Hannah gehad. “Dit het nie reg gevoel nie, want ek het 'n meisie en kinders,” het Parsons vertel en begin huil.

Van Niekerk en Witbooi het glo ook seks met haar gehad. Hannah het nie

gehuil of geskreeu nie, het hy getuig. “Sy het alles gevat soos dit kom.” Hy het dit nie as verkragting beskou nie “oor sy ingestem het”.

Sy medebeskuldigdes het verkies om nie te getuig nie.

Familiëlede en hul ondersteuners het gehuil toe Marilyn Marsh en Willem Cornelius ter strafverswaring getuig. Sommige het T-hemde met Hannah se gesig daarop gedra en met wit rose in hul hande gesit. Dit was in skrilte kontras met die vier beskuldigdes wat regdeur die verhoor gelag en joernaliste en getuies gekoggel het.

Marilyn Marsh het getuig sy was geskok toe sy ’n oproep van die polisie kry wat haar inlig dat haar seun in die hospitaal is. Hy was in erge pyn, maar het deurentyd na Hannah gevra, gesê die polisie moet haar soek, want die kapers sou haar leed aandoen.

Sy moes Cheslin agterna gereeld in die hospitaal besoek en dit het haar uitgeput, in so ’n mate dat haar werk agteruitgegaan het. As ’n enkelma van drie moes sy ook sterk wees vir haar ander kinders. Daar was tye dat alles net te veel vir haar geraak het, maar daar was die ondersteuning van familie, vriende en die gemeenskap.

Sy was dankbaar teenoor God dat haar seun oorleef het, gegewe die erns van sy beserings. Cheslin het ’n gehoorapparaat nodig gehad en sy kon dit nie bekostig nie. Sy het gehoop sy sou dit vir hom kon koop sodat hy sy studies kon hervat.

Sy was dankbaar en verlig dat die universiteit wel sy studieskuld afgeskryf het, grootliks weens die toetrede van Hannah se pa. Sy het Hannah kortstondig ontmoet en haar as vriendelik ervaar, het sy gesê. Sy het die pyn van Hannah se familie gevoel.

Sy het dikwels tydens haar getuienis gehuil. “As ma het ek so hulpeloos gevoel en myself aanhou afvra: ‘Watter soort mens doen so iets aan ’n kind ...’”

Sy het toe na die beskuldigdes gekyk en hulle gevra hoekom hulle haar seun so aangerand het, terwyl hy hulle geen leed aangedoen het nie. Van die beskuldigdes het hul koppe laat sak.

Willem Cornelius het getuig sy gesin het saam met Hannah gesterf en dat sy eers begrawe is toe haar ma ná haar dood die see ingeloop en nooit weer teruggekom het nie.

“Ek en my seun is nie ’n gesin nie. Ons is die slagoffers wat lewe in die puin van dit wat eens was. Hannah se gesin het saam met haar gesterf.

Hannah was 'n mens wat vir minderbevoorregte mense omgee het en 'n passie gehad het om hulle te help. 'n Kind vir die Nuwe Suid-Afrika, 'n kind sonder die bagasie van sy generasie en met geen vooroordele ten opsigte van ras, godsdiens of maatskaplike stand nie: “ 'n Merkwaardige kind op die drumpel om in 'n merkwaardige jong mens te groei.”

Hy het gesê sy lewe is gestroop van geluk, toekomsverwagting, doelwitte en dat hy nou net 'n verpligting teenoor sy seun het. Sy vrou het haar regspraktyk opgee en al haar energie aan die stigting wat sy in Hannah se naam begin het gegee. Sy was 'n skadu van haarself ná hul dogter se dood, “ontroosbaar en net op die oppervlak nog in beheer”.

“Niemand weet regtig wat gebeur het daardie oggend toe sy besluit het om in die yskoue, rowwe see te gaan swem nie, maar ek glo nie dat sy haar eie lewe geneem het nie. Ek glo sy het nie meer die fisieke en psigiese krag gehad nie.”

Hy het gesê Hannah se broer, Andries, verstaan nie die beginsel van die dood nie omdat hy aan outisme ly. “Elke aand wanneer ek hom bed toe vat, stop hy voor 'n geraamde foto van Hannah en vra wanneer haar vakansie verby is en sy huis toe kom. Nie 'n enkele dag gaan verby wanneer hy my nie telkemale vra oor sy ma en wanneer sy ook terugkom nie. Ek is die laaste persoon wat oorbly met wie hy 'n noemenswaardige verhouding het en wanneer ek afsterwe, sal hy alleen wees en in 'n inrigting opgeneem moet word.”

Cornelius is ná die moord op sy dogter medies ongeskik verklaar en dit was onseker of hy ooit weer as regspraktisyn sou kon werk. “Ná 'n jaar en 'n half ontvang ek steeds sielkundige behandeling en neem daaglikse antidepressante, met geen einde in sig nie.”

Hy het die hoop uitgespreek dat die hof die vier mans swaar sal straf sodat ander families nie dieselfde lyding hoef deur te gaan nie.

“Hannah was altyd bewus van haar bevoorregte agtergrond en het nooit iets van ons of spesiale behandeling geëis nie. Die tema van hulp aan ander was 'n konstante in haar lewe en ek vermoed dit kon indirek gelei het tot die rede waarom ons vandag hier is.”

Professor Eleanor Cornelius, Anna se suster, het voor die hof gevra hoe verduidelik 'n mens die uitwerking van dít wat elke ouer in die land se grootste vrees is: “Jou kind, wat niks verkeers doen nie, loop haarself in die perfekte storm vas. In haar geval het sy 'n saamrygeleentheid vir 'n

vriend gegee, want sy was besorg oor sy veiligheid.”

Toe het “vier monsters” Hannah en Cheslin se pad gekruis. “Geen regte man sit glimlaggend en smalend in ’n hof wanneer hy verhoor word vir sy dade asof hy niks erger as kатtekwaad aangevang het nie.”

Sy het gevra wat ’n mens moet doen as daar “monsters tussen mense bly”. “In elke land wat die doodstraf het, sou hierdie mense met hul lewe geboet het en dit is ook die verwagting van binne en buite Suid-Afrika.”

Op 7 November 2018 het regter Rosheni Allie haar uitspraak van 70 bladsye punt vir punt voorgelees.

Sy het gesê die beskuldigdes het saamgespan om te kyk watter voordele hulle uit die roof van die Golf kon bekom. Hulle het ’n mes en skroewedraaier gebruik en elkeen het ’n spesifieke rol gehad en seker gemaak dat niemand ontsnap nie. Met hul getalle-oormag en dreigende houding was daardie wapens nie eens nodig nie.

Van Niekerk het vir Hannah op die plaas Groenhof met die mes in die nek gestek in ’n poging om haar mond te snoer. Hy het sy bebloede klere later verbrand om enige bewyse te verbloem.

Witbooi het sy rol in die misdade onderspeel, maar verskeie faktore het sy leuens ontbloot. Krapmerke op sy liggaam was weens die weerstand van die oorledene. Hy het gelieg toe hy gesê het dat hy op die agtersitplek was en dat die oorledene haar kop op sy skouer gesit het.

Hy het hom probeer verskoon deur te sê hy het in die motor gebly toe die oorledene op die plaas uitgehaal is. Selfoonrekords wys die oorledene was om 06:52 in daardie omgewing. Dit was toe al lig en hy sou kon sien wat met haar gebeur en kon dit gekeer het.

Oor Parsons het Allie gesê dat sy aanvanklike pogings om sy rol te verklein en om Witbooi as die meesterbrein agter die misdade uit te beeld, vernietig is deur sy erkenning tydens kruisondervraging dat hy saam met sy medebeskuldigdes aan al die misdrywe deelgeneem het. Witbooi kon nie bestuur nie, dus sou die motorkaping ook nie sonder Parsons kon plaasgevind het nie.

Parsons het volgens sy eie en Witbooi se weergawes die slagoffer eerste verkrag. Hy het ’n leidende rol in die verkragting gespeel. Hy het geen berou oor die verkragting uitgespreek nie, maar is jammer dat hy sy meisie en kinders verraai het.

Parsons het die oorledene in die kатtebak gesit en haar uitgetrek selfs toe

sy weerstand gebied het. Op die plaas het hy gehelp om haar uit die motor te dwing en na die plek te neem waar haar liggaam uiteindelik gevind is.

Die beserings wat aan sy liggaam gevind is, is deur die oorledene veroorsaak. Dit was vars skrape en sy verduideliking dat dit opgedoen is tydens wingerdwerk, was uiters ongeloofwaardig. Die besering aan sy linkeroor beteken hy was baie naby aan die oorledene toe hy haar verkrag het. Sy deelname aan die verkragting is ook deur DNS-bewyse gestaaf.

Van Niekerk het dit nie betwis toe Parsons hom ook by die verkragting betrek het nie en die enigste redelike afleiding was dat hy die slagoffer inderdaad verkrag het.

Oor Julius het Allie gesê dat hy saam met die groep opgetree het om die oorledene en Cheslin van hul vryheid te beroof. Julius het Cheslin spesifiek van sy waardevolle besittings beroof, luidens die beskuldigde se eie verklaring aan die polisie en volgens Parsons.

Hoewel Julius die groep in 'n vroeë stadium verlaat het en nie by aanklagte 5 tot 10 betrek word nie, sou die moord en verkragting van die oorledene en die poging tot moord op Cheslin nie gevolg het as Cheslin en die oorledene nie ontvoer is nie. Julius het daarom hul voortdurende ontvoering en aanhouding gefasiliteer. Julius het die daad van ontvoering gepleeg as 'n ten volle betrokke dader en nie as 'n blote medepligtige nie.

“Ek is oortuig dat die staat bo redelike twyfel bewys het dat beskuldigdes 1, 2 en 3 (Witbooi, Parsons en Van Niekerk) die misdrywe uiteengesit in aanklagte 1 tot 10 met direkte opset gepleeg het en dat beskuldigde 4 (Julius) die misdrywe beskryf in aanklagte 1 tot 4 met direkte opset gepleeg het.”

In besonderhede het Allie se uitspraak gelui:

Op aanklag 1, roof met verswarende omstandighede van Cheslin Marsh, word Witbooi, Parsons, Van Niekerk en Julius skuldig bevind.

Op aanklag 2, roof met verswarende omstandighede van Hannah Cornelius, word Witbooi, Parsons, Van Niekerk en Julius skuldig bevind.

Op aanklag 3, die ontvoering van Cheslin Marsh, word Witbooi, Parsons, Van Niekerk en Julius skuldig bevind.

Op aanklag 4, die ontvoering van Hannah Cornelius, word Witbooi, Parsons, Van Niekerk en Julius skuldig bevind.

Op aanklag 5, die poging tot moord op Cheslin Marsh, word Witbooi, Parsons en Van Niekerk skuldig bevind.

Op aanklag 6, die verkragting van Hannah Cornelius, word Witbooi, Parsons en Van Niekerk skuldig bevind.

Op aanklag 7, die moord op Hannah Cornelius, word Witbooi, Parsons en Van Niekerk skuldig bevind.

Op aanklag 8, die roof met verswarende omstandighede van Ncumisa Qwina, word Witbooi, Parsons en Van Niekerk skuldig bevind.

Op aanklag 9, roof met verswarende omstandighede van Miemie Oktober, word Witbooi, Parsons en Van Niekerk skuldig bevind.

Op aanklag 10, die ontvoering van Miemie Oktober, word Witbooi, Parsons en Van Niekerk skuldig bevind.

Op 12 November 2018, sowat 'n jaar en 'n half ná daardie donker Vrydag in Stellenbosch, het Allie met vonnisoplegging begin. Sy het gesê dat die hof die persoonlike omstandighede van die beskuldigdes in ag geneem het. Sy het uitgebrei oor elkeen se omstandighede, maar dit het geklink of dit die beskrywing van een mens was: Iemand wat skool vroeg verlaat het, 'n dwelmafhanklikheid ontwikkel het, met die verkeerde mense vriende geword en vroeg by misdaad betrokke geraak het. Sommige van hulle kon reeds 'n lang misdaadrekord agter hul name skryf.

Allie het Witbooi, Parsons en Van Niekerk twee keer lewenslange tronkstraf opgelê weens die verkragting van en moord op Hannah en poging tot moord op Cheslin.

Julius is tot 22 jaar tronkstraf gevonnissen op twee aanklagte van ontvoering en twee aanklagte van roof met verswarende omstandighede, al was hy minder as vyf minute daardie aand teenwoordig.

Hofgangers het spontaan gejuig.

Die beskuldigdes, veral Parsons, het hulle vererg. Hy het die mense aangegluur en gevra: “Is julle *djas* (mal) om so te raas?” Toe die vier vir die laaste keer na die aanhoudingselle onder in die gebou geneem is, het hy sy tong vir hofgangers op die openbare galery uitgesteek.

Cheslin, met 'n nuwe gehoorstuk in sy oor, het breed en tevrede geglimlag.

Hannah se pa se wens, dat die beskuldigdes swaar gestaf word, is bewaarheid. Sy woorde dat sy gesin saam met Hannah gesterf het, het nietemin oor die tragedie bly hang. Stellenbosch en Maties sou nog lank 'n sielkundige letsel dra.

Hannah se tante, prof. Eleanor Cornelius, se woorde tydens haar getuienis

ter strafverswaring weerklink steeds: “Paranoïa en vrees het by ons voordeur ingestap, en dit is hier om te bly. Daar is ’n leë stoel by elke etenstafel. Elke familiefoto is onvolledig.”

MARIE VERWEY:

'n Adder aan die boesem

Dit was rondom die etensuur, Donderdagmiddag 16 Februarie 2017.

Buite Villa Merwe, 'n gastehuis in Paradyskloof in Stellenbosch, was dit rustig. 'n Reuseboom voor die huis het 'n groot skaduwee oor die tuin tot in Cynaroidesweg gegooi.

Die buurman van Marie Verwey, die gastehuis se bejaarde eienaar, het die wit gewelhuis versigtig binnegegaan. Verwey se huiswerker, Emily Julius, kon nie die gastehuis se voordeur oopkry nie en sy het minute tevore aan Jasper Cloete se deur kom klop. Sy was bekommerd. Sy het die voordeur ongesluit gelaat maar wel die veiligheidshek gesluit toe sy sowat 'n uur tevore na die nabygeleë KwikSpar gestap het.

Sy het beesstert en 'n paar goedjies gaan koop. Die winkel is sowat 850 m vanaf die huis. Toe sy omstreeks 12:30 terugkeer, het sy in haar handsak vir die veiligheidshek se sleutel gevroetel en dit oopgesluit. Sy wou die voordeur oopdruk, maar dit was tot haar verbasing gesluit.

Sy het Verwey eers op die landlyn en toe op haar selfoon gebel, maar daar was geen antwoord nie. Sy het daarna om die huis geloop en tot haar verdere verbasing gesien dat die agterste veiligheidshek en die een by die gastekamer, oopstaan. Iets was drasties verkeerd.

Sy het na Cloete se huis oorkant die pad gestap en die voordeurknoppie gedruk. Hulle is saam terug na die gastehuis. In die binnehof het Cloete haar gevra om te wag terwyl hy die kombuis deur die oop hek binnegaan. Die deur was op 'n skrefie oop. Hy het dit met sy elmboog verder oopgestoot. Die kombuis was netjies en skoon.

Cloete het in die gang afgestap wat na die voordeur lei, verby die ingang na die sitkamer. Hy het na links gekyk en in sy spore vasgesteek. Verwey het in haar stoel in die sitkamer gesit. Vars rooi bloed het van haar nek en bors geloop en haar skoot deurdrenk.

Cloete het versigtig nader gegaan. Op Verwey se voete met die pienk geverfde toonnaels was vars bloed. Om haar nek het haar noodknoppie gehang. Dit is nooit gedruk nie.

Cloete het vir Julius gevra om sy vrou, Deidre, te gaan vra om die polisie te ontbied. Hy is toe na buite om te gaan kyk of hy kon sien waar Verwey se aanvallers toegang tot die eiendom gekry het. Hy kon net 'n klein voetspoor sien, by die agterste muur langs die swembad.

Daarna het hy twee sekuriteitsvoertuie in die straat voorgekeer en ook 'n buurman gevra om weer saam met hom deur die huis te stap waar die eienaar in 'n poel bloed gesit het. Asof die duiwel self die gastehuis besoek het.

Die 81-jarige Verwey en haar man, Stephen, 'n afgetrede brigadier in die polisie, het die verblyfplek in 1995 geopen. Hy het later kanker ontwikkel en is deur 'n versorger bygestaan tot met sy dood in 2014, waarna hul een seun, Francois, in die groot huis by haar ingetrek het. Sy het self kanker gekry, maar het herstel.

Deur die dag het Verwey met 'n driewiellooppraam in die huis oor die weg gekom. Sy sou ure lank in haar gunstelingstoel in die sitkamer sit en lees en dit is waar sy op die dag van haar moord aangetref is.

Die toneel het ao. Alroy Julius naar gemaak toe hy daar aankom en hy moes eers buite gaan vars lug soek. Die gewelddadigheid was net te veel vir hom, het hy later gesê.

Cloete het Julius en 'n kollega deur die huis geneem en sekere goed aan hulle uitgewys, soos die oop agterhek.

Baie gou was die normaalweg stil straat in Paradyskloof 'n miernes van bedrywigheid. Van 'n afstand het die bure en ander nuuskieriges die ongewone gewoel by die gastehuis dopgehou. Die nuus dat 'n gastehuseienaar koelbloedig in haar huis vermoor is, het vinnig deur die Bolandse dorp versprei.

Verwey se seun Francois het by sy werk 'n ysingwekkende boodskap op die WhatsApp-groep vir die straat se inwoners gesien. 'n Bejaarde vrou is by nommer 6 vermoor. Hy het gegil en opgespring en hom na die huis gehaas. Hy het nog die oggend omstreeks elfuur met sy ma gepraat.

Daar aangekom, het hy nie ingegaan nie, maar buite op straat gestaan en toekyk hoe lede van die polisie se forensiese span sakke met bewysstukke uit die huis dra, elke item noukeurig aangeteken. Drie gaste wat by die

gastehuis ingeboek was, moes alternatiewe blyplek vir die nag vind, want die forensiese ondersoekers in hul ligblou oorpakke en rubberhandskoene sou uiteindelik tot ná middernag na leidrade op die toneel soek.

Sersant Stephen Adams, wat op bystand was, het vanaf die speurders se kantore in Adam Tasstraat na die toneel gejaag. Sy geoliede speurdersbrein was in rat lank voordat hy by die toneel aangekom het. Op pad daarheen het hy by 'n buurhuis sowat 80 m van die gastehuis twee sekuriteitskameras opgemerk.

Hy het op die toneel met Francois Verwey gepraat, wat vir hom gesê het die enigste mens wat hulle soms probleme verskaf het, was die bejaarde egpaar se voormalige tuisversorger.

Nicole Geldenhuys het 'n tyd lank ná haar man se dood nog vir Marie Verwey bygestaan. Sy moes smiddae Verwey se nagklere op haar bed uitsit, haar bed gereed kry en haar voor slapenstyd badkamer toe help. Verwey het daarvan gehou dat die versorger haar naels verf en vir haar uit die Bybel voorlees.

Geldenhuys het haar selfs “Ma” genoem, maar sy is desondanks deur ander versorgers vervang. Sy sou wel nog soms uithelp en het juis op 12 Februarie weer 'n skof by die Verwey-huis gewerk.

Adams is die dag ná die moord vroegoggend na Geldenhuys se woonadres in die Lovers Lane-township in die Paarl. Buite die huis het hy 'n wit Nissan Sentra met 'n swart enjinkap gesien.

Hy het Geldenhuys gevra waar sy die vorige dag was en of hulle met die motor gery het. Geldenhuys het geantwoord die motor is onklaar en kan nie ry nie. Haar alibi was dat sy en haar minnaar, Romeo Hendricks, met 'n ander motor Hanoverpark en Gouda toe was om sy ma te gaan aflaai. Hulle het laataand eers teruggekeer.

Adams is onverrigter sake terug Stellenbosch toe. Die volgende ding waarop hy gefokus het, was die beeldmateriaal van die buurhuis se kringtelevisie. Teen 15:00 het die buurman Adams laat weet hy kan na die materiaal kom kyk. Die speurder het dit gefynkam en op die vorige dag se beelde dieselfde wit Sentra met die swart enjinkap wat hy voor Geldenhuys se huis gesien het buite die gastehuis gesien. Dit was die skakel wat die tuisversorger met die moord verbind het.

Dit sou later uitkom die motor het aan 'n korporaal in die weermag behoort wat dit aan Romeo Hendricks geleen het.

'n Klopjag deur speurders en lede van die polisie se eenheid teen ernstige geweldsmisdaad is vroeg die Saterdagoggend op Geldenhuys se huis in die Paarl gedoen en die 33-jarige voormalige tuisversorger en haar 40-jarige minnaar is in hegtenis geneem. Sy was swanger met sy kind.

Adams het in die Sentra op 'n Karrimor-rugsak afgekom met 'n Vivitar-digitale kamera daarin. Francois Verwey sou dit later uitken as 'n geskenk wat hy vir sy ma gekoop het. Sy het dit in 'n kluis gebêre.

Geldenhuys het tydens intensiewe ondervraging deur die polisie geknak en haar aandeel aan die misdaad erken.

Die lykskouing op Verwey se oorskot is die Saterdag uitgevoer. By die provinsiale forensiese patologiedienste se lykshuis in die Paarl het dr. Deidre Abrahams met haar grusame taak begin.

Die oorledene was 1,68 m lank en teen 82 kg effe oorgewig, het sy aangeteken. Haar voete en enkels was geswel, dalk weens lang ure wat sy in 'n stoel gesit het.

Daar was meer as 50 steekwonde aan haar nek, torso en gesig. Van hulle het gelyk soos verdedigingswonde, 'n aanduiding dat die slagoffer haar sittend teen haar aanvaller probeer verdedig het. Die meeste wonde was diep en het die sagte weefsel en spiere diep geopenetreer. Groot bloedvate is in die proses afgesny met erge bloedverlies tot gevolg.

Daar was elf wonde aan die linkerkant van die nek. Een was agt sentimeter diep. Dié wond alleen kon weens die slagaar wat morsaf gesny is tot die slagoffer se dood gelei het. Die lugpyp en slukderm is ook raakgesny. Aan haar nek was 'n skraapmerk van 'n vingernael.

Die pienk naels van die vierde en vyfde vinger aan haar regterhand was beskadig en dit kon ook te wyte gewees het aan die feit dat sy haar teëgesit het, het Abrahams neergeskryf. Aan die oorledene se bloeddeurdrenkte pienk langbroek was daar 17 skeure, in albei bobene, en daar was ses steekmerke in die bebloede bra.

Abrahams het die oorsaak van dood aangestip as “diep penetrerende wonde en geweldige bloedverlies”.

Die twee moordverdagtes het op Maandag 20 Februarie 2017 op aanklagte van ontvoering, moord en roof in die landdroshof in Stellenbosch verskyn. Die staatsaanklaer, Licardo Davids, het die hof meegedeel dat die twee teregstaan op ernstige bylaag 6-misdade en dat die staat borgtog derhalwe sou teenstaan.

Davids het ook genoem dat Geldenhuys reeds 'n bekentenis by die polisie afgelê het waarin sy gesê het hoe hulle die misdaad beplan het en dat hulle Verwey net sou beroof. Sy was glo nie veronderstel om vermoor te word nie.

Volgens Geldenhuys se bekentenis, was Verwey se laaste woorde aan haar: “Nicole, kom help my!” Hendricks, wat langs Geldenhuys in die beskuldigdebank gestaan het, het haar heel verbaas aangekyk toe dit voorgelees word. Sy het net voor haar uitgestaar. Volgens Hendricks het hy nie van enige moord geweet nie.

Die hof het ook gehoor dat Verwey se selfoon en juweliersware gesteel en verpand is. Getuienis is later gelewer dat die buit sowat R700 000 werd was.

Opvolgwerk deur die polisie het tot die inhegtenisname van nog twee verdagtes gelei, Enrico (Darkie) Malherbe en André (Zibby) Coetzee. Die saak is daarna tot 27 Februarie vir 'n formele borgtogaansoek uitgestel. Borgtog is geweier en die saak is na die Kaapse hooggeregshof oorgeplaas. Geldenhuys se baba is tydens haar aanhouding in die Pollsmoor-gevangenis gebore.

Die hofsak sou weens verskeie redes, soos oorvol hofrolle, eers sowat 'n jaar later, in Augustus 2018, begin. Al vier beskuldigdes het van regshulp gebruik gemaak.

Geldenhuys en Hendricks het skuld op die aanklagte van moord en roof ontken, terwyl Coetzee net op die aanklag van roof skuld beken het. Malherbe het wel skuld beken op albei die aanklagte.

Geldenhuys se regsverteenvoerder, adv. Koos Smit, het haar pleitverduideliking in die hof voorgelees. Dit het verskil van die bekentenis wat sy vroeër voor die polisie afgelê het. Sy het nou ontken dat sy betrokke was by die steel van juweliersware en ander goedere van Verwey en dat sy eers later, toe haar medebeskuldigdes die juweliersware wou verkoop, agtergekom het dat hulle dit gesteel het.

Sy het steeds ontken dat sy beplan het om Verwey te vermoor. Volgens haar het Malherbe die moord gepleeg en sy het boonop nie geweet hy het 'n mes by hom nie.

Verwey se huishulp, Emily Julius, het getuig Geldenhuys het lank voor die moord reeds gesê sy sou graag haar werkgewer se juwele in die hande wou kry.

Julius het 23 jaar vir Verwey gewerk, maar was sedert die moord werkloos. Op die dag van die moord het Verwey haar winkel toe gestuur. Toe sy terugkom, het hulle Verwey dood in haar stoel aangetref, het sy getuig.

“Ek het Nicole sommer gebel, want sy het al baie lank *jokes* gemaak oor hoe sy die juwele kan steel,” het sy getuig.

Porsche September, Coetzee se meisie en ma van sy kind, het getuig hy het ná die moord met nuwe klere en skoene by haar opgedaag. Hy het teenoor haar erken hulle het iemand se “goud” gesteel.

Sy en Coetzee was die oggend van 16 Februarie by haar huis in die Paarl toe Geldenhuys en Hendricks daar aankom. Hendricks het ingekom en met Coetzee gepraat. Hulle het toe die huis verlaat en buite by die motor gaan staan en gesels. Coetzee het vir Malherbe gaan haal en die drie mans het verder buite by die voertuig kajuitraad gehou.

Intussen het Geldenhuys in die huis vir September gaan vra of sy nie druiwe het nie. Toe sê Geldenhuys vir haar: “As jou mannetjie weer huis toe kom, is hy uitgesort.” Geldenhuys het daarna saam met die mans in die motor vertrek.

September het Coetzee eers weer die volgende aand gesien toe hy daar aankom. “Hy het nuwe klere aangehad en winkelsakke met klere en skoene by hom gehad. Ek het gevra waar hy dit gekry het en hy het gesê hy sal my later vertel en dat ek moet gaan regmaak om uit te gaan die aand,” het September getuig.

Coetzee het haar later vertel van ’n wit vrou wat vermoor is en dat hy gehelp het om die goud na die motor te neem. Volgens September het hulle nie weer daaroor gepraat nie. Sy was ook nie teenwoordig toe die polisie Coetzee in hegtenis neem nie.

Malherbe, wat skuldig gepleit het, se pleitverduideliking het Geldenhuys se nuutste storie heeltemal omver gegooi. Hy het gesê Geldenhuys het aktief gehelp om Verwey te vermoor.

Hy het ook erken hy was saam met die ander drie tydens die rooftog en moord. Nadat hulle hom die Vrydagoggend opgelaai het, het die groep blou plastiekhandskoene by die daghospitaal in die Paarl gaan haal. Geldenhuys het aan hom gesê hulle gaan na die huis waar sy werk, want daar is twee kluse en sy wou die inhoud daarvan steel.

Coetzee het vir hom ’n mes gegee en Geldenhuys het hom gevra of hy

bereid sal wees om Verwey daarmee te steek, het Malherbe se pleitverduideliking gelui. Volgens hom is Geldenhuys eerste die huis in, nadat die deur vir haar oopgemaak is. Sy het voorgegee dat sy druiwe daar wou aflewer.

Die drie mans is later ook die huis in, waar Geldenhuys op en af gestap het totdat sy met haar hand oor haar keel vir hom (Malherbe) gewys het “maak klaar”. Dit was die teken.

Hy het opgestaan en Verwey, waar sy in ’n stoel in die sitkamer gesit het, met die mes begin steek. Die vrou het na Geldenhuys geroep, maar die versorger het self begin om Verwey met haar eie mes te steek. Dit het vir hom gelyk asof Geldenhuys kwaad was vir Verwey oor iets, het sy getuienis gelui.

Geldenhuys het daarna die juweliersware en ’n kamera uit die kluis in Verwey se kamer gehaal nadat sy dit met ’n sleutel wat die bejaarde vrou by haar gehad het oopgesluit het.

Die polisie het tydens hul ondersoek die spoor van die juweliersware tot by ’n onderneming in Kaapstad gevolg, wat dit van die rowers gekoop het. Hulle het beslag daarop gelê.

Die getuienis voor die hof was besig om al meer teen Geldenhuys op te stapel.

Staatsadvokaat Jacomiena Swart het aangevoer die lykskouing dui daarop dat Verwey van die linker- en regterkant gestee is, wat op die moontlikheid van twee aanvallers dui. Die wyse waarop Verwey vermoor is, kan as oordadig bestempel word. Dit hou gewoonlik verband met die woede van ’n aanvaller wat die slagoffer geken het.

Geldenhuys het bly ontken dat die moord op Verwey deel van die plan was. “Ek is die een wat [Hendricks] vertel het oor wat ek in die kluis gesien het. Ek aanvaar volle verantwoordelikheid daarvoor en ek is baie jammer,” het sy getuig.

Sy het wel toegegee dat tydens haar aansoek om oudbrig. Verwey te versorg sy gelieg het dat sy nie ’n misdadadgeskiedenis het nie, want sy wou werk as versorger hê.

Volgens ’n verslag wat die polisie se ondersoekende sielkundige-eenheid oor Geldenhuys saamgestel het, is sy meestal deur haar ouma grootgemaak. Sy het later as arbeider op ’n wynplaas gewerk, toe by die Spur-restaurant in Stellenbosch, by die St. Elmo’s Pizzeria en as skoonmaker by die Paarl

Medi-Clinic voordat sy 'n tuisversorger geword het. Sy het die misdaadrekord gekry terwyl sy by die pizzarestaurant gewerk het omdat sy geld verduister het. Sy was toe 29.

In die lente van 2018 het Geldenhuys aan regter Mushtak Parker gesê sy “wil nou die waarheid vertel”, sy wou haar gewete skoon kry.

Sy het getuig sy het Hendricks die Saterdag voor die voorval van die juwele by haar voormalige werkgewer se huis vertel. Sy het dit gesien toe Verwey se seun dit uit die kluis haal. Hulle het tydens 'n braai die fynere detail van 'n rooftog uitgewerk.

Op 16 Februarie het hulle die wit Sentra geleen en petrolgeld *geloaf* om hulle *hit* te gaan uitvoer. Hulle het 'n ander motor se nommerplate gesteel wat naby die Hugenote-stasie in die Paarl geparkeer was en dit op die Sentra gesit voordat hulle die rooftog uitgevoer het.

Sy het voorgegee dat sy druiwe wat die huishulp by haar bestel het, na die gastehuis wil bring en het die oggend van die moord daarheen gebel om te sê sy kom dit aflewer. In plaas van Julius het Verwey self die foon geantwoord. Sy het gesê Julius is winkels toe.

Daar aangekom, het sy die voordeurklokkie gelui en Verwey het vir haar oopgemaak, het Geldenhuys getuig. Sy het die bejaarde vrou met 'n drukkie gegroet. Die mans het buite gewag, maar Malherbe het kort daarna, soos afgespreek, die voordeurklokkie gelui en gemaak of hy water vra. Sy het hom ingelaat.

Hy het 'n mes by hom gehad waarmee hy Verwey herhaaldelik gesteeek het. “In 'n stadium het hy die mes na my gewys en gesê dat ek my bek moet hou omdat ek te veel geraas maak,” het Geldenhuys getuig.

Hulle almal is later die dag Hanoverpark toe, waar hulle by die huis van 'n “dik ding” (belangrike persoon) in die 26's-bende gedrink en dwelms gebruik het. Hulle het onder meer Amarula en Jack Daniel's gedrink.

Staatsadvokaat Swart het dit aan haar gestel die lykskouing het gewys Verwey is van twee kante af aangeval. Daar was dus twee aanvallers.

Geldenhuys het dit ontken en gesê daar is sonder haar medewete van die planne afgewyk, maar Swart het dit teengewerp dat sy nie om hulp gegil het nie, want sy wou nie hulp gehad het nie – sy wou die oorledene dood gehad het. Geldenhuys het begin huil en weer ontken dat sy enigsins iets met die moord te doen gehad het en gevra of sy Francois Verwey mag aanspreek.

“Ek is jammer oor my rol in dit. As gevolg van my keuses en besluite het

mense wat goed was vir my seergekry,” het sy aan hom gesê. “Ek weet jy was baie lief vir haar. Ek is jammer vir wat gebeur het. Ek moes haar beskerm het. Asseblief vergewe my. Dit is deur my dat Ma dood is. Ek het alles begin.”

Swart het gesê Geldenhuys lieg, dat sy reeds verskeie weergawes van die gebeure verskaf het en nou aan die hof wil kom vertel sy is kwansuis klaar met leuens en dat sy spyt is oor alles: “Jy is nie spyt nie. Jy bejammer jouself omdat jy uitgevang is.”

Swart het ook op krake in Geldenhuys se getuienis oor hul beplanning van die rooftog gewys. In haar hoofgetuienis het sy gesê Verwey en die huishulp, Emmy, sou vasgebind word. “Waar sou dit gebeur het? Sou hul oë toegemaak word? Hulle sou jou mos herken het,” wou Swart weet. Geldenhuys het nie geantwoord nie.

Malherbe se regsverteenvoerder, adv. Scanlyn Collins, het aangevoer sy kliënt sê ook Geldenhuys het die rooftog beplan en het self die oorledene verskeie kere en met aggressie gestee.

Hendricks se regsverteenvoerder, adv. Saleem Halday, het aan die hof gesê sy kliënt hou vol hy het in die motor buite die gastehuis bly sit terwyl die ander drie by die huis in is.

Die vierde beskuldigde, Coetzee, het getuig dat hy die dag van 16 Februarie 2017 hoog op dwelms was en dat sy geheue dalk sleg kon wees. Hy het ook ontken dat hy geweet het dat hulle op pad was na ’n rooftog, maar sy neef, Francois (Oog) Coetzee, het die teendeel getuig.

André Coetzee het bevestig dat Geldenhuys die huis binnegegaan en toe vir Malherbe laat inkom het. Sy het later die hekke oopgemaak en Hendricks het die motor in die oprit getrek sodat hulle die buit daarin kon laai. Geldenhuys en Malherbe het met twee sakke na die motor teruggekeer. Hul klere was vol bloedspatsels. Hy is later geroep om te kom help dra en is toe self die huis in. Daar het hy die “miesies” dood in die stoel gesien. Hy het Geldenhuys gehelp om waardevolle goedere te verwyder.

Vroeg in Februarie 2019 was al die getuienis gelewer en het dit tyd geword vir die uitspraak.

Regter Parker het gesê die beskuldigdes het “soos ’n trop hiënas” op ’n hulpelose en swak 81-jarige vrou toegesak en haar vermoor en beroof. Elkeen van die beskuldigdes wou sy rol verklein, maar dit is onbetwisbaar dat almal op die toneel was.

Dit het ook geblyk die moord was fyn beplan en dat Geldenhuys die baasbrein daaragter was.

Die viertal is ná die voorval na ene Franklin Demas se huis in Hanoverpark. Daar is die buit uitgepak en is besluit wie wat kry en hoe dit verkoop moet word. Dieselfde aand het hulle van die juweliersware vir R20 000 by Cash for Gold in die Kaapse middestad verkoop.

“Geldenhuys was sigbaar in ’n vrolike bui en het nie bang gelyk nie. Haar stemboodskap twee dae later aan Demas was ook nie soos een wat bang was nie, maar eerder soos een wat gespog het.”

Videomateriaal wat in Kaapstad verkry is, wys waar Geldenhuys na Cash for Gold stap. Sy lyk vrolik, wat nie strook met haar getuienis dat sy bekommerd was oor die verloop van sake daardie dag nie.

Parker het gesê bewyse is voor die hof gelê dat Geldenhuys die rooftog ten minste ses jaar lank beplan het.

Hy het ’n vyfde persoon wat die motor aan die beskuldigdes geleen het, immunitêit van vervolging verleen.

Ná die uitspraak het Geldenhuys diep asemgehaal en haar gesig vir die media weggesteek. Die mans was vrolik en het selfs onder mekaar gelag.

’n Bewoë Francois Verwey het gesê dat die beskuldigdes ’n “engel” vermoor het. Hy kan nog nie verstaan hoekom hulle dit gedoen het nie. Hy was diep geskok dat Geldenhuys, wat sy pa se versorger en ’n vertroueling van die familie was en wat altyd met die Bybel op haar skoot vir sy pa gelees het, sy ma kon beroof en vermoor.

Die vonnisverrigtinge is uitgestel tot Maandag 25 Maart 2019 in afwagting op verslae oor die vier skuldigdes se persoonlike omstandighede.

’n Maatskaplike werker, Katrina Moses, het in haar verslag oor Geldenhuys gesê sy het ongeliefd, onveilig en fisiek en emosioneel verwaarloos opgegroeï. Haar ma het daardie jare as hel op aarde beskryf. Toe haar pa sy vrou vir ’n ander vrou verlaat, het haar ma so min geld gehad dat sy Geldenhuys na die bure gestuur het om aartappels te gaan vra, net sodat sy haar kinders kon kos gee.

Sy was ’n slagoffer van misdaad en op die ouderdom van 14 het sy al gedragsprobleme getoon. Toe het sy van die huis gedros en eers op 16-jarige ouderdom teruggekeer. Dit het daarna gelyk of sy ’n nuwe begin wou maak. Sy het haar bekeer, was ’n vrywilliger in die buurtwag en ander gemeenskapskomitees. Sy het ook seisoenwerk op plase gedoen, as ’n

kelnerin en 'n skoonmaker gewerk en toe besluit om 'n versorger te word.

Geldenhuis het op aansoekvorms vir werk gelieg oor haar misdaadrekord, wetende dat sy nie die werk sou kry indien sy dit verklaar nie.

Toe sy Hendricks ontmoet, het haar lewe weer 'n slegte wending geneem. Dit was 'n stormagtige verhouding. Sy het met die idee vorendag gekom om Verwey te beroof en om met die opbrengs 'n "beter lewe" vir haar en Hendricks te bewerkstellig. Sy het reeds twee kinders gehad en het ook in die tronk geboorte aan Hendricks se kind gegee.

Geldenhuis het gereeld by gevegte in die tronk betrokke geraak en volgens die maatskaplike werker in die ma-en-baba-eenheid het sy tekens van 'n persoonlikheidsversteuring getoon. Sy was impulsief en uitdagend en gereeld by argumente en gevegte betrokke en het as 'n manipuleerder met 'n afwykende persoonlikheid voorgekom.

Die vier het in Junie 2019 hul lot aangehoor.

Parker het gesê hulle het 'n weerlose, bejaarde vrou nie minder nie as 68 keer met 'n mes gestek en vir dood agtergelaat. Ten spyte van die vertrouensverhouding tussen die twee vroue het Geldenhuis opgetree soos iemand wat nie 'n siel of 'n gewete het nie.

"Nadat die oorledene brutaal aangeval en beroof is, het sy eenvoudig weggestap. Sy het die oorledene soos 'n waardelose entiteit daar agtergelaat. Dis iets wat 'n mens nie eens aan jou troeteldier sal doen nie.

"Sy het niks gedoen om die wrede aanval in die huis op Verwey te keer nie en het heel vrolik die juweliersware agterna gaan verpand. Sy en haar medepligtiges het op Verwey toegesak soos 'n trop hiënas en haar agtergelaat om te sterf."

Parker het Geldenhuis lewenslange tronkstraf weens moord opgelê en 15 jaar weens roof met verswarende omstandighede.

Hy het gesê hoewel Hendricks probeer het om sy aandeel te versag, was hy en die ander twee beskuldigdes, Malherbe en Coetzee, net so skuldig aan die roof en die moord op Verwey. Hy het Hendricks 28 jaar en Malherbe en Coetzee elk 23 jaar weens moord opgelê. Al drie is ook 12 jaar tronkstraf weens roof met verswarende omstandighede opgelê. Die vonnisse sou samelopend uitgedien word.

Villa Merwe het sy deure op Vrydag 17 Februarie 2017 gesluit, net 'n dag nadat die eienaar wreed vermoor is.

Francois Verwey het sy ma tydens die ondersoek teenoor die polisie as 'n "ware dame" beskryf. Sy was altyd goed versorg, gesteld daarop om netjies aan te trek en het graag krale om haar nek gedra. Hy het haar Saterdag haarsalon toe geneem. Sy het genot geput uit die gastehuis en om met gaste te gesels. Sy was ook baie broos en moes vele siektes, soos hartprobleme en kanker, oorkom en het baie medikasie gebruik.

"Sy het 'n vrees gehad dat iemand haar kan seermaak en dat iemand haar met 'n mes sou aanval. Sy het dit baie keer gesê, voor mense ook. Sy het gesê sy sal sommer 'n hartaanval kry voordat hulle haar kan seermaak."

STEFAN SMIT:

Slinkse geldplan sit glo agter “plaasmoord”

Op die spogplaas Louiesenhof buite Stellenbosch het die wynboer Stefan Smit, sy vrou, Zurenah en een van hul vriendinne pas ’n rustige Sondagaandete van sop en brood gehad.

Die gas, Emilia Allemann (74), let die hele aand op dat Zurenah vreemd optree. Sy probeer gedurig redes bedink om haar man te kry om buitentoe te gaan.

Kort ná ses word die kombuisdeur van die plaashuis skielik oopgedruk. Drie gewapende mans met mombakkies storm die kombuis in. Alleman vind dit vreemd dat die veiligheidshek nie gesluit is nie aangesien Smit uiters veiligheidsbewus was.

Die vroue gil beangs. By die eetkamertafel kyk Smit verbaas op. Die aanvallers skiet hom trompop in die kop en bolyf. Hulle bind die vroue blitsvinnig vas voordat hulle met selfone, bankkaarte en ’n handsak vlug.

Louiesenhof is op die Koelenhofpad (R304) langs die bekende Beyerskloof-wingerdplaas geleë. Die plaas is met hakiesdraad en ’n elektriese heining omhein. Daar is veiligheidskameras op die perseel en om die huis.

In die boomryke area agter die hoofhuis met sy Kaaps-Hollandse gewel is drie kleiner woonstelle wat uitverhuur word. ’n Geëlektrifiseerde heining skei die plaaswerf en die werkershuise. Vanaf die werkershuise kan ’n mens met ’n grondpad ongehinderd tot by die R304 kom. Was dit dalk die moordenaars se toegang tot die gewelhuis?

Louiesenhof was deel van die geskiedkundige plaas Koopmanskloof wat in 1896 deur Stefan Smit se oupagrootjie gekoop is. Stefan se pa, wyle Stevie Smit, het in 1948 op die plaas begin boer en met 640 ha onder wingerd een van die grootste wynprodusente in die land geword. In 1993 het Stefan ’n

deel van Koopmanskloof by sy pa gekoop en dit Louiesenhof gedoop. Hy was jare lank met 'n skatryk Oosterse vrou in 'n verhouding en het 'n tyd lank by haar in Clifton, Kaapstad, gewoon.

Sy eerste vrou Esmé, van wie hy later geskei is, het op Swellendam in die Suid-Kaap gewoon. Hul dogters, Louie en Martine, het onderskeidelik in Taiwan en Viëtnam gewerk.

Smit het Zurenah, die vrou van die Kaapse sanger Toyer Abrahams, ontmoet toe sy in 2003 deur haar suster, wat sake met Smit gedoen het, aan hom voorgestel is. Die suster het Smit gevra of hy nog iemand soek wat vir sy restaurant kan kos maak.

Toe hy Zurenah ontmoet was die spreekwoordelike koeël deur die kerk. Hy was smoorverlief. Hy het Zurenah as hoof van Louiesenhof se restaurant aangestel en die twee is in 2005 buite gemeenskap van goedere getroud. Volgens vriende van Abrahams was Smit 'n “baie goeie man” vir Zurenah en baie goed vir haar eie twee dogters. Hy het glo vir haar egskeiding betaal.

Smit (62) is op 2 Junie 2019 vermoor. Vier maande voor sy dood het *Rapport* berig die boer sukkel om onwettige besetters van 'n stuk grond, Watergang, af te kry. Die 60 hektaar teen die Papegaaiberg en langs Kayamandi het van die beste terroir vir wynbou gehad.

Die besetters het hulle min gesteur aan 'n uitsettingsbevel wat die wynboer op 10 Januarie daardie jaar bekom het. Hulle het gedreig om die dorp te plunder. Volgens die besetters was daar 1 300 strukture op die grond, met vyf mense per struktuur. Ooggetuies het aan die koerant gesê van die strukture staan leeg. Die besetters het in die hof erken hulle was onwettig op die grond en dat hulle voorheen in huise in Kayamandi gebly het.

Die munisipaliteit het in Oktober die vorige jaar gevra dat regter Siraj Desai die behuisingsprobleem tussen plaasboere en agterplaasbewoners oplos. Intussen het die besetters Watergang tot Azania herdoop en die munisipaliteit het Watergang vir R45 miljoen gekoop.

“Wat ons gevrees het, het waar geword,” het 'n afgetrede ekonoom en huisvriend van die Smit-egpaar, Pieter Haasbroek, oor Smit se skietdood gesê.

Die moord was net 18 maande nadat 'n wynboer, Joubert Conradie, op sy plaas Uitkyk in Klapmuts, tussen Stellenbosch en die Paarl, deur vier aanvallers doodgeskiet is. Dit het die gesig van plaasaanvalle en -moorde in die Wes-Kaap geword. Die aanvallers is nooit gevang nie.

Die moord op Smit is wyd en luid veroordeel. Dokter Ivan Meyer, LUR vir landbou in die Wes-Kaap en Agri Wes-Kaap het gevra dat pres. Cyril Ramaphosa sy uitsprake op Dinsdag 9 April daardie jaar op Beyerskloof verduidelik. Ramaphosa het toe gesê wit landbouers het wel 'n toekoms in die land en hy wil keer dat hulle die land verlaat.

Die moord het selfs *The New York Times* gehaal onder die opskrif: “South African Wine Farmer in Land Dispute Is Shot Dead” (3 Junie 2019), verwysend na die drama om onwettige besetters van Watergang af te kry.

Die gewoonlik strydlustige Midas Wanana van die grondbesettersorganisasie Azania het die moord op die wynboer ten sterkste veroordeel: “Dit was beslis nie ons nie. Ons het geen rede gehad om mnr. Stefan seer te maak nie. Ons het dan geweet die munisipaliteit het die grond gekoop. Ons onderhandel met die munisipaliteit. Mnr. Stefan was nog altyd net ordentlik met ons.”

'n Vertroueling van Smit het vroeg reeds gesê dat dit nie 'n plaasaanval was nie, maar 'n beplande moord en dat Smit doodsdreigemente ontvang het. Hy het sy bedrywighede op Louiesenhof begin afskaal en nie baie wynvoorraad in die hoofhuis gehad nie. Hy was 'n Samaritaan wat net mense probeer help het. Hy wou net die besetters van sy grond af hê en moes reeds duisende rande aan regskoste betaal.

Baie dinge oor die moord het waarnemers reeds vroeg gepla. Die wynboer was baie veiligheidsbewus. Hy het altyd seker gemaak dat deure en hekke gesluit is. Hy sou byvoorbeeld nooit die kombuisdeur oop los nie. Die plaas is omring met elektriese heining en die huis het kringtelevisiekameras. Ná die doodsdreigemente was Smit ook fanaties oor sy eie veiligheid en het al tien maande voor die voorval lyfwagte gehad. Een het in die stoepkamer in die plaashuis gewoon.

Was die lyfwag dan nie in 'n aangrensende kamer toe Smit geskiet is nie, het hy dan niks gehoor nie, is dadelik gevra.

Die polisie se ondersoek is gelei deur die ervare sers. Stephen Adams. Saam met sy kollega sers. Marlon Appollis het hy die moordenaars Henri van Breda en Jason Rohde, en die moordenaars van die Matie Hannah

Cornelius aan die pen laat ry.

Adams en sy span het kop gekrap oor hoe Smit se aanvallers toegang tot die hoofhuis gekry het. Hulle was nie oortuig dat die motief vir die moord verband hou met die vroeëre besetting van Watergang nie. Waarom was daar dan geen sigbare aanduidings van gedwonge toegang tot die plaaswerf nie?

Die 47-jarige Bradley van Eyslend, wat aan die hoof van die plaas se veiligheidspan was, het vir Adams gesê hy het daardie aand niks gehoor nie.

Van Eyslend was 'n oudpolisiekaptein. Ná sy uittrede het hy gespesialiseer as sekuriteitskoördineerder vir filmmaatskappye, risikobeoordeling vir ondernemings en die beskerming van BBP's. Hy was ook die eienaar van Uluvo Holdings, 'n onderneming wat onder meer private veiligheidsdienste lewer. Sy kontrak met Smit het etlike duisende rande per week beloop.

Van Eyslend het in 'n buitekamer aan die voorkant van Louiesenhof se hoofhuis gebly, met 'n uitsig op die hoofingangshek by die R304/Koelenhofpad. Hy was in dié kamer toe hy 'n geraas by sy kamerdeur hoor, asof iemand wou inkom. Dit was Zurenah wat hom geroep het. Sy het hom gewys waar haar man in 'n plas bloed in die kombuis lê.

Zurenah het daardie week aan *Rapport* gesê sy weet dat mense oor haar skinder, maar sy wou nie daarop uitbrei nie. “Ons word oorstrom met aantygings wat lelik is en dit maak seer,” het sy gesê.

Dit het toe ook rugbaar geword dat twee lede van die plaas se veiligheidspan ten tyde van die skietvoorval saam met Van Eyslend in sy kamer was. Polisiebronne het gesê dis ongehoord dat nie een van hulle die skote meters vanaf die kamer gehoor het nie.

Smit se prokureur, Ernest van Staden, het gesê sy kliënt is oor maande per SMS gedreig. Van die boodskappe was in Xhosa. Een het gelui: “Jy sal doodgaan voor ons van hierdie grond afgesit word.”

Johanna (Sussa) Petersen, wat al 21 jaar vir Smit gewerk het, was ontsteld dat sy aanvallers “net kon instap”: “Stefan sou nooit daai agterdeur oopgelos het nie. Wie het die deur vir die moordenaars oopgehou? Die Here ken vandag my hart, as daai man ingekom het by 'n deur, dan sluit hy, as hy uitgegaan het, dan sluit hy.”

Van Eyslend het intussen 'n lae profiel gehandhaaf. Hy het Adams en sy

span op Louiesenhof rondgewys, gewys waar sekuriteitskameras was en hom ingelig wie ten tyde van die voorval in die gastehuse oornag het.

Adams het geworstel oor hoekom net Smit geskiet is en die aanvallers nie die plaashuis verder deursoek het vir enige waardevolle items nie. Smit het ten tyde van die moord kontant en die kluissleutels in sy broeksak gehad.

'n Ballistiese kenner en klankdeskundige het skote in die kombuis afgevuur om te kyk hoe ver die klank daarvan kon trek.

Intussen het die speurders hardnekkige gerugte opgevolg dat sowat 'n kwartmiljoen rand enkele maande voor die voorval uit Smit se kluis verdwyn het. Smit is glo 'n slaapmiddel ingegee en so kon die dief toegang tot die kluis kry. Toe Smit van die diefstal bewus raak, het hy die kluis se slot laat verander.

Die speurders se soeklig het gou na die weduwee en die lyfwag verskuif.

Wynand Stephanus Smit se roudiens is in die NG Moederkerk in Stellenbosch gehou. Zurenah het die rouklaers by die kerkdeur verwelkom. Esmé Smit en haar dogters, Martine en Louie, is by 'n ander ingang in.

'n Skoolvriend, Murray Burger, het in 'n huldeblyk vertel hoe Stefan op skool by Paul Roos Gimnasium met 'n motorfiets gery en karate as sport beoefen het. “Hy het ook 'n gawe gehad met 'n kitaar. Ek sal altyd onthou hoe Stefan Vrydae, as al die ander leeggelê het, Kaap toe gegaan het om straatwerk te doen. Hy het altyd mense gehelp en die evangelie versprei.”

Nie lank ná die begrafnis nie is die testament, gedateer 7 Desember 2018, gelees. Die verrassende nuus was dat die treurende weduwee byna niks erf nie. Louie en Martine erf 'n buitelandse belegging van etlike miljoene. Die res van Smit se boedel is aan die Ribbok Heuwels Trust bemaak. Die begunstigdes van die trust is die oorledene se suster en sy twee dogters. Esmé is een van die trustees.

Die 54-jarige Zurenah kry net verblyfreg in 'n aftreeoord in Stellenbosch en sy kan geskenke hou wat Stefan haar voor sy dood gegee het. Enige lenings wat sy voor sy dood aangegaan het, moet aan sy boedel terugbetaal word. Die aanwasbedeling het nie betrekking op Smit se testament nie, wat beteken Zurenah kan nie aanspraak maak op die winste van die verkoop van die plaas Watergang nie.

Toe duik 'n ander testament op van 12 Januarie 2019. Kort voor Kersdag

2019 het die nuus gebreek dat Stefan se dogters, Martine en Louie, hofstukke by die hooggeregshof ingedien het waarin hulle beweer dat hul pa se laaste testament, dié van Januarie 2019, vervals is. Die respondent in die hofaansoek was die susters se stiefma, Zurenah, wat volgens die 2019-testament ook die eksekuteur van haar man se boedel is.

Die dogters het die hof gevra dat hul stiefma as eksekuteur onthef word en dat die 2019-testament, wat die meester van die hof as hul pa se laaste testament aanvaar het, tersyde gestel word. Hulle het aangevoer dat hulle rede het om te glo dat hul pa se handtekening op dié testament vervals is.

Die susters het die verslag van 'n forensiese handskrifdeskundige van die polisie se forensiese laboratorium in Platteklouf, Kaapstad, ingedien. Daarvolgens is dit onwaarskynlik dat die handtekening op die testament Smit s'n is. Martine het aangevoer haar pa se laaste en wettige testament is op 7 Desember 2018 onderteken en luidens daardie testament erf sy dogters byna alles.

In die vermoedelik vervalste testament van Januarie 2019 word Zurenah aangewys as die eksekuteur en hooferfgenaar, waardeur sy kontant en bates ter waarde van sowat R7 miljoen sou kry. Sy sou ook Louiesenhof as “trougeskenk” kry en 'n kwartgedeelte van die plaas Nooitgedacht se inhoud en inkomste. Sy hoef nie geskenke wat sy voor Smit se dood van hom gekry het terug te gee nie.

Zurenah word in die testament in Esmé Smit se plek aangewys as trustee in die raad van trustees van die twee familietrusts. Daarby is 30% van die Watergang Trust ook “spesiaal” aan Zurenah bemaak.

Regter Elizabeth Baartman het die aansoek van Stefan se dogters gehandhaaf en 'n bevel uitgereik wat Zurenah verbied het om as eksekuteur op te tree.

Zurenah het aangevoer dat sy en 'n dominee die Januarie 2019-testament ná haar man se dood in die plaashuis ontdek het. Volgens haar was die handtekening op dié testament beslis haar man s'n. Sy het 'n afskrif van die testament gemaak en dit na 'n handskrifdeskundige geneem. Dis toe dat die oorspronklike dokument, wat maar 'n enkelblad was, weggeraak het.

Zurenah het aangevoer dat haar totale uitgawes, waarvoor haar oorlede man altyd betaal het, R156 233 per maand beloop en dat sy 'n maandelikse toelae van R10 000 kry. Ná haar man se dood was haar maandelikse uitgawes R19 400 en haar “dringende mediese uitgawes” R68 600. Sy moes

toe van spaargeld en die hulp van haar eie dogter en vriende leef. Boonop is niekwaadaardige gewasse drie jaar tevore aan haar lewer en galblaas ontdek. Sowat 50% van haar lewer is verwyder, maar 'n groeisel het in die lewer agtergebly.

Sedert haar man se dood is die versekering, mediese fonds en die paaielemente op die voertuie nie meer betaal nie.

Zurenah se stiefdogters het met beslistheid op haar verklaring gereageer. Hul pa sou nooit 'n testament só deurspek met foute onderteken het nie, het Martine gesê. Selfs die naam van Louiesenhof, sy geliefde wynplaas, is verkeerd gespél! Daar was ook tegniese foute wat haar pa, 'n “detail-georiënteerde, pedantiese en perfeksionistiese man”, nooit sou deurgelaat het nie.

Haar pa sou nooit 'n testament opgestel het sonder om sy finansiële adviseurs vooraf te raadpleeg nie. Hy het sy testamente professioneel laat opstel en tussen 2002 en 2014 het hy dit aangepas soos die omstandighede verander het. Benewens die spelfoute was die vorm en formaat van die 2019-testament anders as dié van haar pa se vorige testamente. Boonop het haar pa vir haar en haar suster gesê hulle sou die plase Steenveld en Louiesenhof erf. Volgens Martine het haar pa en stiefma se verhouding voor sy dood agteruitgegaan.

Op 4 Desember 2018 het haar pa aan een van sy adviseurs genoem dat R300 000 op 14 November 2018 uit sy kluis verdwyn het en hy het gevra om 'n polis van R7 miljoen, waarvan Zurenah 'n begunstigde was, te staak. Vroeg in Desember 2020 het die poppe begin dans.

Speurders het met 'n lasbrief vir inhegtenisname toegeslaan op 'n huis in Milnerton waar Zurenah gewoon het, maar sy het hulle ontglip. Die polisie het daarna twee swaers, beide in hul vyftigs, by hul onderskeie huise in Elsiesrivier en Bellville-Suid in hegtenis geneem. Een van die gearresterdes was 'n voormalige speurder. Die mans het die volgende dag in die landdroshof op Stellenbosch verskyn.

Een van die mans, Steven Damon (54), het 'n bekentenis afgelê en uitwysings aan die polisie gedoen. Damon en sy swaer, Derek Sait (50), het voorlopig op aanklagte van moord, roof, huisroof, intimidasie, die onwettige besit van vuurwapens en onwettige ammunisie en regsverdeling tereggestaan.

Op die dag van hul verskyning het die polisie drie vuurwapens – twee 9

mm-pistole en 'n .38-rewolwer – by die twee se huise gevind. Die .38-pistool was in Damon se kluis by sy huis in Bellville-Suid en die twee 9 mm-vuurwapens in 'n kluis by Sait se huis in Elsiesrivier.

Die twee 9 mm-pistole is vermoedelik uit Stefan se kluis by sy wynkelder gesteel. Een van die vuurwapens het glo aan Stefan se gewese vrou behoort en die ander aan sy oorlede ma.

Sait, van Leonsdale in Elsiesrivier, het 19 jaar lank veiligheidswerk vir koninklikes, hoë staatsamptenare en sportlui gedoen, het *Rapport* berig. Hy het as veiligheidskonsultant begin werk nadat hy in 2001 oneervol uit die polisie ontslaan is. Sy CV lui dat hy vir Authentic Intelligence werk, 'n veiligheidsmaatskappy wat plaasmoorde, rooftogte, bedrog en smokkelhandel in dwelms en perlemoen ondersoek. Die Britse prinse Harry en William, lede van die 2007- Engelse krieketspan, oorsese afgevaardigdes, lede van die Oprah Winfrey Angel-netwerk en 'n ANC-hoë se dogter het al onder sy kliënte getel. Sait het in sy 16 jaar as speurder onder meer by die eenheid teen ernstige misdaad gewerk en veral die smokkelhandel in sigarette ondersoek.

Sait en sy swaer Damon was deel van Sait se broer, Bradley van Eyslend, se veiligheidsplan wat Smit en sy plaas moes oppas toe plakkers die boer se eiendom beset.

Twee dae ná die swaers se hofverskyning, op Maandag 14 Desember 2020, het Zurenah haar aan die polisie in Stellenbosch oorgegee. Sy het die volgende dag in die landdroshof daar verskyn.

In die beskuldigdebank het sy 'n gebedeboekie vir gestorwenes styf vasgeklem. Aanklagte van sameswering om moord te pleeg, moord, huisroof, roof, intimidasie en regsverdeling is teen haar gebring. Zurenah was die baasbrein agter die moord op haar man, het die staat aangevoer.

Die media het intussen berig dat 'n vriend, 'n betrokke by die moord op die wynboer, in daardie stadium sy samewerking aan die polisie gegee het. Dié persoon kon nie geïdentifiseer word nie, aangesien hy 'n 204-getuie geword het. Dit beteken dat hy onderneem het om die waarheid te vertel in ruil daarvoor dat hy 'n mindere vonnis opgelê of selfs van vervolging vrygestel kon word. Sy naam het nietemin gou in die media uitgelek. Dit was Bradley van Eyslend, die hoof van Smit se veiligheidsplan.

Sait het in sy borgtogaansoek gesê dat hy 18 jaar tevore oneervol uit die polisie ontslaan is nadat die polisie nege stoppe dagga in sy huis gevind het.

Hy het erken dat hy en Damon op die dag van die moord op Smit saam in 'n aangrensende kamer was, maar nie die skote duidelik gehoor het nie. Die staatsaanklaer, Lecardo Davids, het dit aan Sait gestel dat dit 'n leuen is en dat al die inwoners van die kothuise op die plaas die skote gehoor het.

Volgens Sait is hy aanvanklik deur Smit aangestel om sy broer (Van Eyslend) te help om die veiligheid op Watergang en ook Louiesenhof te verskerp. Sy broer is deur Smit aangestel kort nadat inwoners van Kayamandi begin het om dele van Watergang te beset.

Twee weke later het Smit hom aangestel om 'n risiko-assessering van die veiligheidstelsels op die plaas te doen. Hy het toe self begin ondersoek instel na voorvalle soos die dreigboodskap dat Smit vir sy grond vermoor sou word. Buitebande is voor Louiesenhof aan die brand gestee en skote is op die landgoed geskiet.

Davids het dit aan Sait gestel dat die polisie die selfoon het van waar die dreigboodskappe aan Stefan gestuur is. Hulle het ook verklarings van mense wat sal getuig dat dit mense binne Smit se sekerheidspan is wat opdrag gegee het dat die boodskappe gestuur en die bande aan die brand gestee word.

Sait en Zurenah is van diefstal en die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie aangekla. Sait was glo 'n geregistreerde private speurder en het onder meer werk vir die Valke, misdaadintelligensie en private kliënte gedoen.

Die staat het aangevoer dat die boer se vermeende moordenaars R2 miljoen elk aangebied is om die misdaad te pleeg. Sait sou glo ook grond kry as die boer vermoor word. Dié bewerings, het Davids Sait ingelig, is vervat in 'n verklaring van 'n 204-getuie wat die staat het. Damon het ook reeds 'n bekentenis afgelê wat deur die bekentenis van die 204-getuie bevestig word.

Sait het geantwoord hy weet nie wat in die bekentenis staan nie en Davids het toe daaruit aangehaal: “Ek het twee keer geskiet. Hy het ook geskiet.”

'n Huisvriendin van Smit het aan *Rapport* vertel die boer het die aand voor sy dood sy veiligheidswagte se dienste beëindig. “Ek kan nie verstaan wat hulle die volgende aand dan nog daar gemaak het nie,” het sy gesê. “Toe daar vroeër goed uit die kluis weggeraak het, het Stefan vir my gesê hy was bedwelm tydens die diefstalle en dat die veiligheidskameras ook af was.”

Die vriendin het gesê dat Zurenah die EFF geblameer het vir dinge wat daar skeefgeloop het omdat plakkers destyds gedreig het om Smit se plase te beset. Smit het veiligheidswagte aangestel en telkens wanneer hy hul dienste beëindig het, het iets vreemds gebeur. “Soos skote wat op die huis geskiet is, dan word hulle weer aangestel, dan weer laat gaan en dan brand daar weer motorbande.

“Ons het Kersfees 2018 saam in die Montagu Country Hotel oorgebly. Zurenah het die hele tyd ’n vuurwapen in haar handsak gehad, want sy het gevrees vir haar lewe. Sy en Stefan is glo gedurig gedreig dat hulle uitgewis sou word. Stefan wou graag ’n dag langer saam met ons kuier, maar nee, *madame* was baie beslis dat sy moes terug. Sy het fout gevind met alles. Ek kon my ore nie glo nie.”

Sy het gesê Zurenah het gedurig met mense gebots, onder andere met dokters, tandartse en hospitale wat haar vir haar baie kwale behandel het. Sy wou glo al van dié mense dagvaar.

Die aand voor Smit se dood het die vriendin saam met ander gaste op Louiesenhof gekuier. Smit het toe gesê hy het sy ander plaas, Watergang, verkoop en daarom het hy die veiligheidspan se dienste beëindig. Net 24 uur later is hy op die einste Louiesenhof doodgeskiet. Die veiligheidspan was steeds op die plaas.

Zurenah het ná die moord vir ’n maand by die vriendin gebly. Dieselfde veiligheidswagte het haar huis in dié tyd beveilig omdat Zurenah geglo het haar lewe is in gevaar.

“Ses maande ná die moord het Zurenah ’n foto van haar ring vir haar vriende gestuur met die woorde: ‘Die pragtige diamantring wat ek van Stefan gekry het kort voor ons op ’n wrede manier moes afskeid neem van mekaar. Ek vertroos my met 18 jaar se liefde’.”

Op 25 Januarie 2021 is Zurenah en Sait op borgtog van R10 000 elk vrygelaat. Landdros Haroun Guendouz het gesê Sait is sy gesin se enigste broodwinner en Zurenah het ’n aantal onderliggende siektes. Die staat kon nie redelike gronde verskaf oor hoekom hulle in aanhouding moet bly nie. Ingevolge hul borgtogvoorwaardes was hulle 24 uur per dag, sewe dae per week in huisarres. Damon het eers later suksesvol om borgtog aansoek gedoen.

Laat in Februarie 2021 het die 204-getuie, Van Eysland, probeer om eers sy gewese vrou en toe homself om die lewe te bring. Hy het die

beskermingsprogram waarin hy geplaas was verlaat en sy gewese vrou by haar werkplek in Kaapstad se noordelike voorstede met 'n mes aangeval en haar in die maag, rug en nek gestee. Toe wetstoepassers op die toneel opdaag het die staatsgetuie sy eie keel met die mes oopgesny. Ná sy ontslag uit die hospitaal is hy van poging tot moord aangekla.

Vroeg in Augustus 2021 is nog klagte op Zurenah se klagstaat gevoeg. Sy het toe op altesaam nege tereggestaan: intimidasie, roof, drie aanklagte van vervalsing en uitgifte (die uitgee van 'n vervalste dokument), moord, roof met verswarende omstandighede, die onwettige besit van vuurwapens en die onwettige besit van ammunisie.

Die aanklagte van intimidasie het verband gehou met die dreigboodskappe wat Zurenah en Sait na bewering van een van Sait se selfone na die oorledene gestuur het. Hulle het Smit in die boodskappe gedreig dat hulle sy grond gaan afvat. Smit moes glo dink dat die dreigemente van grondbesetters kom.

Die aanklagte van roof en roof met verswarende omstandighede het verband gehou met die voorvalle waarin vuurwapens, ammunisie en geld uit Smit se kluis by sy huis en by die Louiesenhof-kelders gesteel is.

Volgens die staat het Zurenah nie net twee keer Smit se testament vervals nie, maar ook dié van sy oorlede ma.

Sait het tereg gestaan op nege aanklagte, waaronder moord en roof met verswarende omstandighede. Damon is aangekla van moord, roof met verswarende omstandighede, die onwettige besit van vuurwapens en die onwettige besit van ammunisie.

Volgens die staat is Smit drie keer met twee vuurwapens, 'n 9 mm-pistool en 'n .38-revolver, geskiet. Die eerste twee skote was terwyl hy nog aan die etenstafel gesit het – een keer deur die kop en een keer deur die keel. Die laaste skoot was deur sy bors. Smit het op die toneel in 'n plas bloed gesterf. Die 9 mm-pistool waarmee hy geskiet is, is vermoedelik tussen 9 en 14 November 2018 uit sy kluis gesteel.

Zurenah het Stefan in dié tyd slaappille gevoer en hom toe onder meer van die 9 mm-pistool, R235 000 in kontant, drie Krugerrande met 'n waarde van R20 650 elk, een Mandela-De Klerk-muntstuk met 'n waarde van R23 000 en 'n kleiner Krugerrand met 'n waarde van R9 200 beroof.

Die staat het aangevoer dat die gesteelde 9 mm-pistool, wat in November 2018 uit Smit se kluis gesteel is, asook ammunisie vir 'n haalgeweer, 'n 9

mm-pistool en 'n .38- rewolwer, op 10 Desember 2020, kort nadat Sait in hegtenis geneem is, in Sait se kluis by sy huis gevind is. Daar is ook nog 'n 9 mm-pistool in die kluis gevind.

Die saak teen die drie is vir verhoor na die hooggeregshof in Kaapstad oorgeplaas, maar eers moes die kwessie van Smit se testament afgehandel word.

In 'n virtuele verhoor waarin Zurenah aansoek doen om as eksekuteur van die laaste testament aangestel te word, het Van Eyslend, die 204-getuie wat intussen van sy keelbesering herstel het, 'n beëdigde verklaring by die hooggeregshof in Kaapstad ingedien. Daarin het hy aangevoer dat Zurenah hom vir sy aandeel in Smit se moord sou betaal het en dat sy wou hê dat die moord soos 'n plaasaanval of as deel van 'n huisbraak moes lyk. “Ek was by toe mnr. Smit vermoor is en bevestig dit was nie 'n huisbraak nie,” het sy verklaring gelui.

Volgens Van Eyslend het hy in die tyd wat hy vir Zurenah met die beplanning van haar man se moord gehelp het vir hulle gewerk: “My moeite sou goed beloon word, maar dit sou afhang of sy die meerderheid van Smit se boedel erf.” Hy het beweer dat hy Zurenah gehelp het om haar man se testament te vervals en dat hy kan getuig dat sy by verskeie geleenthede geoefen het hoe om haar man se handtekening na te maak.

'n Dokument wat Zurenah as deel van haar aansoek om as eksekuteur van haar man se boedel aangewys te word en wat sy by die hooggeregshof ingedien het, was volgens Van Eyslend ook vals. Volgens hom het Zurenah die dokument onderteken en was hy die persoon wat dit na die polisiekantoor geneem het om dit te laat sertifiseer.

“Dit was nie mnr. Smit wat by die Cloetesville-polisiekantoor was om die dokument te laat sertifiseer nie. Dit was ook nie hy wat die dokument geteken het nie.”

Zurenah het op 8 September 2021 in verband met 'n aansoek van haar stiefdogters, Martine en Louie, in 'n virtuele verhoor in die hooggeregshof voor regter Chantel Fortuin verskyn.

Die stiefdogters het die hof gevra dat hul stiefma onbevoeg verklaar word om enigsins enige voordeel uit hul pa se boedel te trek, ongeag die uitkoms van die strafsak teen haar. Die aansoek het gesteun op die regsbeginsel “de bloedige hand neemt geen erf”.

Die dogters se regspan het behalwe Van Eyslend se verklaring nog 'n

aanvullende verklaring by die hof ingedien ter staving van hul aansoek: Volgens Pieter Botha Steenkamp, hul pa se jare lange ouditeur, het Smit reeds in 2014, toe Zurenah haar oorlede skoonma, Smit se ma, se testament sou vervals het, gesê dat dit 'n saak vir die polisie is. Smit wou egter nie 'n saak teen sy vrou aanhangig maak nie. Sy het glo ook haar skoonma se handtekening op 'n testament vervals.

Hulle het 'n handskrifkundige ingekry om die handtekening na te gaan en die verslag het gelui dat die vervalste handtekening op Smit se ma se nuwe testament duidelik die werk van 'n leek is.

Fortuin het 'n tussentydse bevel gemaak waarvolgens Martine en Louie die kans kry om hul aansoek vir die afkeuring van hul stiefma se aansoek om as eksekuteur van hul pa se boedel aangewys te word met bykomende verklarings aan te vul.

Toe die saak oor die boedel einde Februarie 2022 hervat, het die weergawes van Zurenah en die lyfwagte oor wat die aand van die moord op Smit gebeur het, met die getuienis van Bradley van Eyslend, Emilia Allemann en sers. Stephen Adams skouspelagtig begin intuïmel.

As Zurenah se aansoek om as eksekuteur van die boedel aangestel te word misluk, sal dit vir haar en haar medebeskuldigdes se verdediging in die strafregtelike saak 'n gevoelige slag wees.

Adams het getuig die veiligheidsmaatreëls is op die betrokke aand glad nie versteur nie. Toe hy kort ná die skietery by die hoofhek opdaag, het 'n man met 'n geweer homself as Steven Damon geïdentifiseer. Adams het Bradley van Eyslend op pad na die hoofhuis teëgekom.

Adams het getuig Van Eyslend het hom by sy aankoms oor die moord ingelig en hom na die agterdeur van die huis geneem, waar hulle by die huis in is. Adams het Smit se leweloze liggaam op die grond aangetref. Emilia Allemann en Zurenah was huilend in 'n slaapkamer. Sait was in die gang. Hy wou nie die vroue verby Smit se liggaam neem nie.

Adams het 'n week ná die moord 'n slotmaker gekry om 'n kluis in die proelokaal oop te maak omdat die kluis se sleutels deur Smit se moordenaars gesteel is. In die kluis was R300 000, Krugerrande, ammunisie vir 'n haelgeweer, 'n 9 mm- en 'n .38-Special-rewolwer, Smit se oorspronklike testament, asook sy ouers se testamente.

Volgens Adams het Zurenah en Van Eyslend 'n tyd voor die moord vir Smit slaappille ingegee en toe die kluissleutels en R250 000, Krugerrande

en vuurwapens daaruit gesteel. Zurenah het Van Eyslend R150 000 gegee en die res vir haarself gehou.

Die twee vuurwapens wat in Desember 2020 in Sait se kluis by sy huis in Elsiesrivier gevind is, het aan onderskeidelik Smit se ma en sy gewese vrou behoort. Die vuurwapens is vermoedelik uit die kluis in die proelokaal gesteel.

Einde Februarie 2022 het Van Eyslend per digitale verbinding in die hof in die aansoek oor die testament getuig. Van Eyslend, wat 'n medebesku digde was totdat hy 'n 204-getuie geword het, het die hof meegedeel Zurenah het hom, Sait en Damon gevra om van haar man ontslae te raak. Sy sou hulle 'n groot som geld daarvoor betaal, sodra die boedel uitbetaal. Dit was toe sy nie by haar beloftes vir betaling gehou het nie dat hy besluit het om met alles vorendag te kom.

Zurenah het hom tydens 'n rit na Woolworths gevra of hy haar kan help om haar man te vermoor, omdat sy glo lank ongelukkig in haar huwelik was.

“Ek het haar nie geantwoord nie,” het Van Eyslend getuig. “ 'n Dag later het sy vir my R10 000 kontant gebring en gesê dit is 'n geskenk. Ek het die geld gevat omdat ek dit nodig gehad het. Ek het geweet die geld hou verband met die gesprek van die vorige dag maar ek het haar speletjie gespeel.”

Zurenah het hom daarna R20 000, klere en parfuum gegee en toe weer twee bedrae van R10 000 en toe R130 000, alles kontant wat hulle uit die kluis gesteel het.

Smit se dood moes soos 'n motorongeluk lyk.

“Ek het nie saamgestem nie, want dit sou te morsig wees. Daar sou ooggetuies wees en iemand anders sou kon seerkry. Ek het voorgestel dit moet op die wynlandgoed gebeur omdat daar nie mense in die omtrek is nie.”

Van Eyslend het toe vir Sait genader en dié was alte gewillig: “Derek het gesê as ons dit nie doen nie, sal iemand anders die geld daaruit maak.” Hy en Sait sou elk R2 miljoen, asook grond as beloning kry as Smit vermoor word.

Steven Damon is ook by die komplot betrek. Die moord is vir die aand beplan. Zurenah moes 'n ete reël saam met 'n onskuldige ooggetuie wat haar weergawe sou bevestig. Sy sou die mans 'n teken van binne die huis

gee wanneer die agterdeur oopgesluit en die hond in 'n kamer toegesluit is.

“Die teken was dat die kantoor se lig aangeskakel word. Ons moes dit laat lyk soos 'n rooftog wat skeefgeloop het.” Die drie mans het blou oorpakke, mombakkies van strokieskarakters en chirurgiese handskoene aangetrek. Elkeen het 'n wapen gehad, twee daarvan was Smit s'n.

“Ons het die teken gesien en Zurenah het vir my 'n WhatsApp-boodskap gestuur dat hulle reg is.” Zurenah het met haar oë toe en hande oor haar ore in die kombuis gestaan terwyl haar man doodgeskiet word.

Emilia Allemann, die gas by die ete op die moordand, het die bisarre legkaart wat Adams en Van Eysland met hul getuienis saamgestel het met ewe dramatiese getuienis voltooi.

Sy het vertel dat Zurenah ná ete drie keer probeer het om haar man na buite te stuur. Eers moes hy kyk wat glo fout is met die hond. Smit het geantwoord dat daar niks fout met die hond is nie. Toe kom Zurenah met 'n halfvol bottel wyn na die eetkamertafel en vra hom om wyn te gaan haal. Toe dié plan nie werk nie, het sy gevra dat hy 'n bottel port uit die kelder kry, want Allemann hou glo baie van port.

“Ek het gesê ek gaan nie lank kan bly nie en gaan nie drink nie. Ek het gesê dat ek nie drink wanneer ek moet bestuur nie. Ek het ook vir hulle gesê hulle gaan die volgende dag 'n besige dag hê en dat ek hulle nie wil ophou nie. Ek voel verskriklik om te dink dat sy my genooi het om by hulle te kom eet net sodat ek haar man se moord moet aanskou.” Allemann wou vroeër al loop, maar Zurenah het haar omgepraat om bietjie langer te bly.

Volgens Allemann het sy agterna aan die weduwee se verdagte optrede gedink en tot die besef gekom dat sy wou hê die aanvallers moes Smit buite die huis doodskiet.

Daar was nie baie toegeneentheid tussen Smit en Zurenah nie, het Allemann vertel. Hy het meestal alleen by sosiale geleenthede opgedaag. Hy het nie welkom in sy eie huis gevoel nie, omdat Zurenah se familie sommige naweke op Louiesenhof gekuier het.

Allemann het vertel hoedat 'n kort persoon, 'n langerige man en iemand 'n bietjie langer as die eerste man die betrokke aand die huis deur die oop kombuisdeur binnegekom het. Dit was vir haar vreemd dat die veiligheidshek oop was omdat Smit baie veiligheidsbewus was.

Smit het na die deur se kant gekyk, Zurenah was besig om tee te maak. Iemand het Smit geskiet. Sy kon nie sien wie nie, maar het gesien hoe hy op

die vloer val. Een van die mans het Allemann op die grond gedwing en haar hande met kabelbinders vasgebind. Sy kon nie sien waar Zurenah was nie.

Iemand het Allemann se Switserse horlosie, die handsak met haar voertuigsleutels in en haar selfoon gevat. Oomblikke daarna is Smit 'n derde keer geskiet. Daarna was dit doodstil. Allemann was vreesbevange dat die rowers haar ook sou skiet.

Sy kon steeds nie vir Zurenah sien nie. Sy het ná 'n paar sekondes opgestaan en aan die verbindingsdeur tussen die leefarea en Van Eyslend se woongedeelte gaan hamer. Hy het die deur ná 'n paar sekondes oopgemaak. “Ek het hom gevra waar was hy, het hy niks gehoor nie? Hy het gesê dat hy televisie gekyk het.” Van Eyslend het baie senuagtig gelyk.

Allemann is die volgende dag deur die polisie by haar huis, 'n paar kilometer vanaf Louiesenhof, gehaal en na die plaas geneem. Daar gekom het sy vir Zurenah 'n drukkie gegee en dié wou weet wat sy daar soek. Allemann het geantwoord dat die polisie met haar wil praat.

Zurenah het al Allemann se getuienis ontken, maar Allemann het gesê sy is bereid om 'n leuenverklikkertoets af te lê om te bewys dat sy wel die waarheid praat.

'n Jare lange familievriendin van Smit, Sophia Buys, het getuig hoe bekommerd hy oor die doodsdreigemente was, dat die dreigemente toegeneem het nadat Smit Van Eyslend se veiligheidsonderneming se kontrak gekanselleer het. “Hy het gesê hy is so bly hy is uiteindelik ontslae van hulle. Hy het hulle die Vrydag klaar betaal.”

Zurenah het ná die moord 'n maand lank by Buys gebly.

Smit se testament is ná die gedenkdienste gelees, maar Zurenah het geweier om daarheen te gaan omdat dit volgens haar “nie die regte testament” is nie. “Sy het gesê daar is 'n ander testament, maar sy moet dit nog vind.”

Die tweede testament, waarvoor Zurenah as eksekuteur aangewys wou word, het 'n week ná die begrafnisdiens na vore gekom, maar Buys sê Smit was 'n baie deeglike mens. Hy sou nie sy testament net in 'n laai los nie.

Haar vriend van 45 jaar se moord was beslis nie 'n plaasaanval nie. Dit was 'n teregstelling.

Op Dinsdag 26 April 2022 het regter Babalwa Mantame Zurenah onwaardig bevind om uit haar vermoorde man se boedel te erf. Sy mag ook nie enige onderhoud of enige ander voordeel uit sy boedel kry nie.

Mantame het ook bevind daar is geen gronde waarop Zurenah as

eksekuteur van sy testament of as trustee van enige van die twee familietrusts aangewys moet word nie.

Die regsbeginsel van “de bloedige hand neemt geen erf” word gewoonlik eers ná uitspraak in ’n strafregsaak gemaak. Mantame het egter gesê die hof is in dié geval gevra om so ’n bevinding te maak gegrond op die getuienis van getuies wat in die nabye toekoms in die strafregsaak gaan getuig.

Die hof het ook gelas dat Ernest van Staden (Louie en Martine se prokureur) as eksekuteur van Smit se boedel aangestel word.

Die uitslag van hierdie aansoek en die opspraakwekkende getuienis waarin Bradley van Eysland vir Zurenah by die moord van haar man betrek het, sou gebruik word in Zurenah se verdediging teen die kriminele klagte teen haar. Sy en haar medebeskuldigdes sou later daardie jaar in die strafsaak teregstaan op 15 kriminele aanklagte, waaronder moord, roof met verswarende omstandighede en bedrog.

FOTOSEKSIE



Die swart Golf van die vermoorde Dorian van Rensburg. Foto: SAPD



Audrey Myburg langs die lae muur by Jan Joubertgat in die Franschhoekpas. *Foto: SAPD*



Heinrico Petersen, een van die voorbokke in die Franschhoekpas-
moorde. *Foto: Son*



Die parkeerplek by Jan Joubertgat in die Franschhoek- pas. *Foto:*
SAPD



Die ornamentele hamer van Fred van der Vyver. *Foto: Clarence Muller/Foto24*



Fred van der Vyver se wit tekkie. *Foto: Mlandeli Puzi*



Erin van Rensburg se liggaam is op 'n sandduin naby Elandsbaai gevind. *Foto: Henk Kruger/Cape Argus*



Die uitgebrande motor van Klaas Jonkheid in 'n veld in Faure. *Foto:*
SAPD



Jerome Davids, die man en moordenaar van sy vrou, Charmelin. *Foto:*
Foto24



Mfundiso Yese, Simamkele Mralaza en Cedric Mphakathi is vir die moord op Alberto Costa tronk toe gestuur. *Foto: Lulama Zenzile*



Dié bebloede byl is op die trap van die Van Breda-gezin se huis gevind. *Foto: SAPD*



'n Bloedbad het polisielede begroet toe hulle na die Van Breda-gesin op die De Zalze-landgoed ontbied is. *Foto: SAPD*



Jason Rohde demonstreer op konst. Jaydene Florence hoe die elektriese koord om sy vrou Susan se nek gedraai was. *Foto: Jaco Marais*



Dié swaar klip is langs Hannah Cornelius se liggaam op 'n plaas buite Stellenbosch gevind. *Foto: Peter Abrahams*



Die liggaam van Hannah Cornelius is op die plaas Groenhof buite Stellenbosch gevind. *Foto: Maygene de Wee*



Die erg beseerde Cheslin Marsh kort na die wrede aanranding. *Foto:*
SAPD



Vernon Witbooi, Geraldo Parsons, Eben van Niekerk en Nashville Julius tydens hul moordverhoor in die Wes-Kaapse hooggeregshof.

Foto: Jaco Marais



Nicole Geldenhuys, Romeo Hendricks, Enrico Malherbe en André Coetzee het saam vir die moord op Marie Verwey verskyn. *Foto: Edrea du Toit*



Derek Sait en Steven Damon by die ingangshek van Louiesenhof dae
na Stefan Smit se moord. *Foto: Edrea du Toit*



Zurenah Smit by die gedenkdiens vir haar man Stefan. *Foto: Jaco Marais*

BRONNELYS

1. Die Franschhoekpas-moorde

- Dossier MAS 31/7/99
- Hofrekords SS77/2000
- *Die Burger*
- *Eikestadnuus*
- *Kaapse Son*
- *Cape Argus*

2. Inge Lotz

- Dossier 240/5/2005
- Hofrekords SS190/6/2007
- Suid-Afrikaanse Regsinligtinginstituut (Saflii)
- Pienaar, Barry. “*Freddie Boy*” *The Untold Story*. BJP Publishing, 2016.
- Mollett, Thomas en Mollett, Calvin. *Bloody Lies: Citizens open the Inge Lotz Murder case*. Johannesburg: Penquin Random House South Africa, 2014
- News24: Fred van der Vyver-onderhoud, September 2021
- *Rapport*
- *Die Burger*

3. Felicity Cilliers

- Dossier 889/5/2007
- Hofrekords: SS56/2018
- Suid-Afrikaanse Regsinligtinginstituut (Saflii)
- Inlexso Innovative Legal Solutions, Kaapstad
- *Rapport*
- *Die Burger*
- *Eikestadnuus*

4. Erin van Rensburg

- Dossier 42/06/2009
- Hofrekords SS03/10

- *Rapport*
- *Die Burger*

5. Klaas Jonkheid

- Dossier MAS 826/05/09
- Hofrekords SS22/2010
- *Die Burger*
- *Cape Argus*

6. Charmelin Davids

- Dossier MAS 204/5/09
- *Die Burger*
- *Eikestadnuus*
- *Kaapse Son*

7. Alberto Costa

- Dossier 288/02/11
- *Die Burger*
- *Eikestadnuus*

8. Die De Zalze-moorde

- Dossier 645/1/2015
- Suid-Afrikaanse Regsinligtinginstituut (Saflii)
- Jansen, Julian. *Die De Zalze-moorde*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 2017
- *Rapport*
- *Die Burger*
- *Eikestadnuus*

9. Susan Rohde

- Dossier 134/8/2016
- Hofrekords CC43/2017
- Suid-Afrikaanse Regsinligtinginstituut (Saflii)
- *Rapport*
- *Die Burger*

10. Hannah Cornelius

- Dossier 906/5/2017
- Hofrekords CC4/2018

- *Rapport*
- *Die Burger*

11. Marie Verwey

- Dossier 22/6/2019
- Hofrekords CC57/2017 by Wes-Kaapse hooggeregshof
- *Die Burger*
- *Cape Argus*

12. Stefan Smit

- Dossier 44/6/2009
- *Rapport*
- *Die Burger*
- *Eikestadanius*
- *Cape Argus*
- *New York Times*

Opsomming

Stellenbosch staan internasionaal bekend as 'n dorp van weelde en wyn, 'n plek van pragtige natuurskoon en mooi mense. Dit is die tuiste van Suid-Afrika se sake-adel, geleerde professore en studente bestem vir groot dinge.

Maar dié idilliese beeld versluier 'n skadukant. Tussen die ou eikebome, blou berge en geskiedkundige wynplase broei dieselfde boosheid wat Suid-Afrika een van die lande met die hoogste moordsyfers ter wêreld maak. Dink aan Inge Lotz, Hannah Cornelius, Susan Rohde, die Van Breda-gesin ...

Opspraakwekkende moorde uit die mooie Stellenbosch het die land oor die afgelope twee dekades geskok. Die gesoute joernalis Julian Jansen praat met familie en vriende van die slagoffers, kry toegang tot geslote polisie-dossiere en onthul nuwe inligting waarom daar nog nie vantevore berig is nie. Hier vertel hy die verhale, nie net van die bekende slagoffers nie, maar ook van iemand soos die plaaswerker Felicity Cilliers – 'n vrou van wie die wêreld byna vergeet het.

Jansen herskep die ware verhale van moordenaars en slagoffers uit alle dele van die samelewing pakkend en aangrypend.

Oor die skrywer



Fotograaf: Jaco Marais

JULIAN JANSEN is oorspronklik van Lusikisiki in die Oos-Kaap en het in die Strand in die Wes-Kaap grootgeword. Hy is 'n oudonderwyser en het 18 jaar lank Aardrykskunde en Geskiedenis aan twee Helderbergse skole gegee.

Die afgelope 12 jaar is hy 'n verslaggewer in *Rapport* se Kaapstadse kantoor – met 'n kort onderbreking in 2009, toe hy die Wes-Kaapse LUR vir gemeenskapsveiligheid se woordvoerder en toespraakskrywer was.

In 2010 kry hy en twee kollegas van *City Press* eervolle vermelding in die Mondi Shanduka-pryse se afdeling vir harde nuus. Dit was vir hul berigte oor die moord op die Britse bruid Anni Hindocha en die aanklagte teen haar man, Shrien Dewani. In 2013 ontvang hy *Rapport* se spesiale redakteursprys vir sy beriggewing.

Hy is die skrywer van die topverkoperboeke *Die De Zalze-moorde* en *Seuns sonder pa's*.

Tafelberg,
'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.,
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
www.tafelbergboeke.co.za

Teks © 2022 Julian Jansen

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp: Mike Cruywagen
Herskrywer: Albert Weideman
E-boekontwerp: Wouter Reinders

Ook beskikbaar in druk:
Eerste uitgawe in 2022
ISBN: 978-0-624-09174-5

Epub-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2022
ISBN: 978-0-624-09177-6 (epub)

Inhoudsopgawe

Titelblad

OPDRAG

INLEIDING: Wanneer die wynland bloedland word

1. DIE FRANSCHHOEKPAS-MOORDE: Die dag toe die hemel hel
geword het

2. INGE LOTZ: Die verkeerde spoor

3. FELICITY CILLIERS: Geregtigheid danksy 'n pa se vasbyt

4. ERIN VAN RENSBURG: Die bose bleeksiel

5. KLAAS JONKHEID: Moordbroers

6. CHARME LIN DAVIDS: Krokodiltrane rol verniet

7. ALBERTO COSTA: Dood kom deur die wingerd

8. DIE DE ZALZE-MOORDE: Wanneer boosheid onder jou eie dak
skuil

9. SUSAN ROHDE: Dodelike driehoek

10. HANNAH CORNELIUS: Nag van die wolwe

11. MARIE VERWEY: 'n Adder aan die boesem

12. STEFAN SMIT: 'n Slinkse geldplan sit glo agter "plaasmoord"

FOTOSEKSIE

BRONNELYS

Oor die boek

Opsomming

Oor die skrywer

Kolofonbladsy